

Die Eenheid vir Taalfasilitering en Bemagtiging (ETFB) konsentreer in sy fokusarea, Taalbestuur, op die ondersoek na die ontwikkeling van 'n taalbeleid en die implementering daarvan in Suid-Afrika. As deel van hierdie ondersoekterrein is dit belangrik om ook 'n historiese perspektief op taalbeleidsontwikkeling te bekom. Die projek wat hier in publikasievorm verskyn, is een so 'n ondersoek wat die ETFB geloods het na die historiese omstandighede rondom die inwerkingstelling van 'n taalbeleid in Suid-Afrika, veral met betrekking tot taalbeleid in die onderwys.

Aangesien die Suid-Afrikaanse taalbestel beweeg het van 'n voorskriftelike tweetalige bedeling (Afrikaans/Engels) na 'n nie-voorskriftelike tweetalige bedeling (minimum van twee tale, ongedefinieerd) en die huidige onderwysbeleid voorsiening maak vir toegevoegde tweetalige onderwys, het die ETFB dit goedgevind om die totstandkoming van die tweetalige bestel in die onderwys histories uit te stippel. Die publikasie gee 'n kort agtergrond van die verloop hiervan vóór die totstandkoming van die Unie, maar laat die klem dan veral val op die bestel wat onder die Uniebewind tot stand gekom het. Tweetalige onderwys het in hierdie tyd sy beslag gekry en is met relatiewe sukses geïmplementeer waarna wegbeweeg is van 'n sterk vorm van tweetalige onderwys na 'n swakker vorm daarvan wat tans steeds in Suid-Afrika die praktyk is.

Ofskoon daar tans onder die akademiese gemeenskap in Suid-Afrika die gedagte groei om terug te beweeg na 'n sterk tweetalige bestel, sal dit na alle waarskynlikheid moeilik geïmplementeer kan word. Nietemin gee hierdie publikasie 'n geskiedkundige oorsig van die verloop van die totstandkoming van Suid-Afrika se tweetalige bestel en lewer dit interessante insigte oor hierdie geskiedenis op. Die publikasie vul 'n belangrike leemte in die dokumentering van taalbeleidsontwikkeling in Suid-Afrika en behoort die grondslag te vorm vir voortgesette ondersoek op hierdie terrein.

Prof L T du Plessis

Direkteur: ETFB

Augustus 2004

Inleiding

Daar bestaan 'n leemte aan 'n objektiewe en relatief kort verslag oor die taalbeleid in Suid-Afrikaanse skole oor 'n tydperk van meer as driehonderd jaar in die algemeen, maar in die besonder onder die Unieregering.¹ Alhoewel die tema deeglik in wit onderwys nagevors is deur onder andere Coetzee (1958) Malherbe (1925) en (1977), en ander, en in swart onderwys deur onder andere Hartshorne (1986), bestaan daar 'n behoefte aan 'n geheelbeeld, gefokus op die Uniale taalwetgewing in wit en swart skole. Die oorgrote meerderheid bronne omvat hoofsaaklik die periode voor die Tweede Wêreldoorlog en is beperk tot enkele grepe uit temas of periodes, terwyl verwysings na taalsake, met uitsonderings, sporadies voorkom.

Die fragmentariese aard van navorsing oor dié tema blyk onder andere uit Cilliers (1953) en Du Toit (1970) wat hulle navorsing beperk tot 'n provinsie, terwyl ander, byvoorbeeld Beylefeld (1986) en Steenkamp (1941), hulle beperk tot 'n periode in die onderwys van swart of bruin leerlinge. Minder navorsers het egter prominensie aan taalaspekte *per se* in Suid-Afrikaanse skole verleen. Promovendi soos Du Plessis (1966) en Pienaar (1962) het temas soos die Christelik Nasionale Onderwys-beweging (CNO) of taalonderwyskommissies uitgelig. Enkele bronne, soos gepubliseerde referate van Behr (1980) en Crawhall (2000), en primêre bronne, byvoorbeeld gepubliseerde onderwysordonnansies, dek enkele aspekte van die tema en is nie altyd geredelik beskikbaar nie.

1 Met dank aan proff H J Lubbe en L T du Plessis vir insette en ondersteuning in die afhandeling van dié studie.

Verslagdoening geskied chronologies-tematies. Die geskiedkundige ontwikkeling langs hierdie weg het noodwendig gemanifesteer in die behandeling van die tema volgens die afsonderlike staatkundige gebiede in Suid-Afrika voor 1910, en daarna in provinsiale sisteme onder die Uniale stelsel tot 1961 toe Suid-Afrika 'n republiek geword het. Die rol van politiek en die ideologiese denkraamwerk wat uit kataklismiese gebeurtenisse soos die Anglo-Boereoorlog (ABO) in Suid-Afrika ontwikkel het, het noodwendig neerslag gevind in die besluite van die Nasionale Konvensie van 1909 en in die Uniale taalwetgewing vanaf 1910. Die toepassing van 'n taalbeleid op skoolvlak het in die vier provinsies elk op unieke wyse ontwikkel volgens die geskiedenis van die gebied, die etniese samestelling daarvan (in provinsies waar Afrikaans- of Engelssprekendes in die meerderheid was, sou die taalbesluite duidelik verskillend wees), die denkraamwerk (paradigma) en die toekomsvisie wat die betrokke provinsiale owerheid vir die leerlinge, wit en swart afsonderlik, gekoester het. "Onderliggend aan enige paradigma is die uiteindelige uitkoms wat die regering verwag", aldus Crawhall (2000: 16). Dit impliseer dat taalwetgewing aangewend kan word om 'n bepaalde (ideologiese) doel te bereik. "Language ideologies are omnipresent" beweer Blommaert (1997: 4), "they are an intrinsic part of the use of language, and linguistics itself, in all its various subdisciplines, cannot be free from it".² Volgens Lubbe (2003: 6) bestaan 'n raakpunt tussen taal en ideologie. Omdat taal aangewend word om die geskiedenis van 'n groep te verwoord, die spieëlbeeld is van die lewensuitkyk, van die norme en waardesisteme, en van die kultuur van 'n individu en groep, het dit in SA in die politieke arena beland. "Taal", volgens Degenaar (2000: 93), "is nie bloot 'n toevalligheid van menswees nie, maar sentraal tot ons daaglikse bestaan". Dit is ook so in Suid-Afrika.

Deurdadigheidsregte veld gewen het in die twintigste eeu, het ook diskriminasie teenoor minderheidstale wat implisiet daarby ingesluit is, toenemend in onguns verval. Dit is dus onnodig om tot 'n debat toe te tree oor die reg al dan nie om die moedertaal te mag gebruik en uit te bou. "It is a self-evident, fundamental, basic linguistic human right" (Skutnabb-Kangas 1995: 7). Die aantasting

2 Vir die verband tussen taal en politiek, vgl Blommaert (1997).

van taalregte, soos meermale in Suid-Afrika gebeur het, het ernstige gevolge vir verskillende bevolkingsgroepe ingehou.

Since language is so closely tied to group identity, language-based discrimination against the group is perceived as a threat to its very existence as recognizable entity and as an attack on its sacred objects and symbols. The issue is no longer merely a redistribution of power and resources, but it is self-preservation of the group and defence against genocide (Kelman 1972: 199, 200).

Die benadering tot veeltaligheid word beïnvloed deur die perspektief daarop, naamlik as 'n probleem, as 'n reg of as 'n hulpbron. In Suid-Afrika is meertaligheid hoofsaaklik as 'n probleem beskou (Crawhall 2000: 16). Hierdie perspektief van veeltaligheid as 'n probleem moedig die staat aan om verskille te onderdruk en om hulpbronne slegs aan een taal af te staan — die taal wat gebesig word deur diegene wat die politieke bestel oorheers. Taal is in Suid-Afrika eerder as 'n probleem beskou het uit die navorsing duidelik geblyk. Gedurende die twintigste eeu, binne die paradigma van “universele menseregte”, het veeltaligheid toenemend gemanifesteer as veeltaligheid as 'n reg. In die praktyk beteken dit dat slegs dié minderhede wat oor die nodige mag beskik daarin slaag om hulle taalregte te bekom en te beskerm (Crawhall 2000:16,17; vgl ook Ruiz 2000).

Die paradigma en standpunt van die onderskeie navorsers in dié politiekgelaaide atmosfeer het soms in die periode onder bespreking die bevindings van navorsingresultate “gekleur”. Vergelyk in hierdie verband uiteenlopende standpunte van vooraanstaande taalnavorsers soos onder andere Coetzee (1958) en Malherbe (1977).

In 'n uiteensetting van die gekose indeling is vyf ontwikkelingsstadiums van taalonderwys geïdentifiseer. Hoofstuk 2 neem ietwat kursories die aanvangstaalreëlins in die onderwys en die vestiging daarvan voor Uniewording in die vier afsonderlike staatkundige gebiede in Suid-Afrika in oënskou. In die periode 1910 tot 1961 (Hoofstukke 3 tot 6) is 'n oorsigtelike, geskiedkundige inleiding by elke hoofstuk ter illustrasie van die agtergrond waarin die verskillende politieke partye aan bewind gekom het, voorsien, en die onderskeie motiewe en ideologiese vertrekpunte/standpunte en denkraamwerke geskets wat noodwendig tot gereelde verandering in die taalbeleid van wit en swart skole gelei het. Die tydsindeling van Hoofstuk 3

(1910-1926) omvat die Unieregering se taalreëlings vir die skole en grondlegging van die vier provinsiale onderwyssteme. Die gevolge van die erkenning van Afrikaans as amptelike landstaal en as vak- en voertaal by laer-, middelbareskole en in die hoëronderrig word onder die loep geneem. Die daaropvolgende hoofstukke is volgens veranderings op politieke gebied ingedeel aangesien partypolitieke standpunte telkens wesentlike veranderinge in onderwys-taalwetgewing tot gevolg gehad het. Hoofstuk 4 (1926-1939) beskryf die toenemende Afrikaanse gees en rigting in die onderwysbeleid: die voorkeur aan meer Afrikaanssprekende skoolhoofde en inspekteurs, die ontstaan en uitbou van enkelmediumskole en die daadwerklike stappe tot praktiese handhawing en uitbreiding van die beleid van moedertaalonderwys wat kontrasteer met die afsydige, selfs vyandige houding en optredes teenoor Afrikaans van die vorige periode. Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog en genl J C Smuts se opneem van die premierskap het die taalkwessie in die skole, veral die medium van onderrig, as 'n bitter partypolitieke strydpoint na vore gebring (Hoofstuk 5). Die reg van die ouers om hul kind se medium van onderrig te kies, en die aanslag op aparte enkelmediumskole soos ervaar deur die Afrikaanssprekende ouer, het die veertigerjare oorheers. Hoofstuk 6 (1948-1961) omvat die bewindsoorname van die Nasionale Party-regering in 1948 wat sy eie stempel op veral die taalbeleid in die onderwys, in besonder swart onderwys tot en met die totstandkoming van die Republiek in 1961 afgedruk het. Taalwetgewing rakende onderwys van swart mense (wat bruin mense en Indiërs insluit) word apart bespreek aangesien dit, behalwe sporadies voor Uniewording, apart gefunksioneer het. Taalreëlings vir onderwysers word aan die einde van hoofstukke behandel, wit en swart apart.

Daar word duidelik onderskei tussen die onderrig van die taal as vak en as voertaal. Die taal as vak impliseer dat albei amptelike tale, Afrikaans en Engels, as vak onderrig word in staatskole en in die meeste privaatskole. Die regulasies ten opsigte van die uitvoering daarvan verskil onderling tussen provinsies soos later sal blyk. Die taal as medium impliseer die voertaal in staat- en privaatskole. Die uitvoering daarvan, asook die kwessie van die keuse van die ouer, verskil onderling in die provinsies. Daar was in daardie stadium nie 'n tweetalige land waar die moedertaalmedium ten opsigte van albei

tale sterker in die wet vasgelê is as in Suid-Afrika nie (Malherbe 1943: 30). Twee hoofstipes skole het gaandeweg in die Unie se onderwysstelsel ontwikkel:

- Die enkel- of eentalige mediumskool waar Afrikaans- en Engels-sprekende leerlinge afsonderlik van mekaar in aparte skole geplaas word, en waar slegs een taal deurgaans as medium gebruik word behalwe by die onderrig van die tweede taal as vak;
- Die tweetalige mediumskool waar Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge saam skoolgaan en waar voorsiening met betrekking tot die voertaal op drie maniere gemaak is:
 - die parallelklasstelsel, bestaande uit Engelsmediumklasse en Afrikaansmediumklasse in dieselfde skool;
 - die dubbelmediumstelsel waar albei voertale om die beurt gebruik word om een vak te doseer of waar sommige vakke deur een medium, en ander vakke deur 'n ander medium aan beide Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge saam in dieselfde klas onderrig word;
 - 'n samestelling van die parallel- en dubbelmediumstelsels, waar eersgenoemde meer algemeen in die laer klasse toegepas word en laasgenoemde meer algemeen in die gevorderde klasse (Malherbe 1943: 117).

Alhoewel die monografie oor taalwetgewing handel, is die benamings van die tale, “Hollands/Nederlands”, verwarrend. Alhoewel Hollands 'n dialek is en verwys na 'n provinsie van die Nederlande, is verkies om “Hollands” te gebruik bo “Nederlands/Nederlander”. Die populêre term “Hollandssprekendes” en “Hollands” (ook genoem “vroë Afrikaans” of “Kaaps-Hollands”) word in hierdie studie gebruik om, soos Zietsman (1992: 17) sê, “die eiesoortigheid van die Afrikaner se taal in onderskeid met ‘Nederlands’ — die taal van Nederland — aan te toon”. “Nederlands” is gereserveer vir Nederlanders wat die Algemeen-Beskaafde taal gebruik het (ook “Hoog-Hollands” genoem). Dié term word gebruik tot en met die Anglo-Boereoorlog (1899-1902) waarna 'n nuwe bewuswording van identiteit en taal vir die term “Afrikaanssprekendes” en “Afrikaans” aangewend word. Daar is voorkeur gegee aan “Afrikaanssprekende” bo Afrikaner omdat, soos Tim du Plessis dit stel, “Afrikaner’ se politieke bagasie [...] eenvoud-

dig te swaar [is], 'n nuwe inhoud en waardes kan dit nie doodleef nie. Jong en bruin Afrikaanspraters sal vir altyd gril vir 'Afrikaner'” (*Rapport* 11 Augustus 2002). Die bruin mense, hoofsaaklik Afrikaanssprekend, wil nie Afrikaner genoem word nie “daarvoor is die wonde van apartheid nog te rou”. Hulle beskou Afrikaans, volgens Leopold Scholtz (*Die Burger* 2 Julie 2002), minder as 'n eksistensiële saak en veel meer as 'n kommunikasiemiddel. Vir doeleindes van die monografie word “Hollandssprekendes” gebruik tot 1902; daarna (dus van 1903 af) “Afrikaanssprekendes”. Hollands as vak en voertaal (in die skole) is gebruik tot Afrikaans amptelike status in die skoolsisteem verwerf het.

Hierdie verskillende benamings in Suid-Afrika het tot ongeveer die dertigerjare verskillende betekenisvariante gehad. J H H de Waal skryf byvoorbeeld, volgens Steyn (1993: 26), in Januarie 1908 in *De Goede Hoop*:

Afrikaansch is wel geen Nederlandsch, maar 't is toch Hollandsch, in den ruijmeren zin. Zoo, bij voorbeeld, als men gewag maakt van Hollandsch-sprekende Afrikaners, dan bedoelt men daarmee Afrikaansch-sprekende Afrikaners, niet waar? De spreektaal van ons volk is dus Afrikaansch, of Afrikaansch-Hollandsch, zooals sommige bij voorkeur zeggen.

In die *Etimologiewoordeboek van Afrikaans* (EWA) (Van Wyk *et al* (reds) 2002: vii) word 'n onderskeid getref tussen Afrikaans van die sewentiende, agtiende en vroeë negentiende eeu enersyds en van vandag andersyds. Vir eersgenoemde periode word die term “vroeë Afrikaans” en vir laasgenoemde periode die term “Afrikaans” in die EWA gebruik. Die datum 1844, waarop die die eerste Afrikaanse woordelys deur A N E Changuion (Van der Merwe 1971) verskyn het, word in die EWA as die oorgangsdatum tussen vroeë Afrikaans en Afrikaans beskou. In die statute van die Zuid Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (1909), is onder Hollands verstaan: “de beide taalvormen gebruikelik in Zuid-Afrika”. Die taalkundige, J J Smith, het die benaming Hollands in Maart 1919 in *De Huisgenoot* verduidelik deur tussen hakies by te voeg: “d.w.s. Nederlands en Afrikaans” (Steyn 1993: 26).

Enkele ander terme verdien ook nadere toeligting. Alhoewel besluit is om die term “Afrikataal” te gebruik, kan dit probleme oplewer, aangesien dit tot misleidende interpretasies aanleiding kan gee en nie

onderskeidend genoeg is nie. Die betekenis waarin hierdie begrip in Suid-Afrika gebruik word, sluit byvoorbeeld nie die Koi- en Santale in nie. Die term word uitsluitlik gebruik om te verwys na wat ook bekend staan as die “swart tale”. Hierdie verwysing word egter met velkleur verbind en as gevolg van die apartheidbestel het dit ’n gevoelige saak geword. Die linguistiese korrekte term “Bantoetaal” is vanweë dieselfde rede polities sensitief (Ferreira 2002: 1) en is slegs gebruik as verwysing na onder andere ’n departement of minister. By gebreke aan ’n beter term word “Afrikatale” in die monografie gebruik om te verwys na die tale wat gewoonlik as “swart tale” bekend staan, inbegrepe die Koi- en Santale, maar Afrikaans en Engels uitgesluit. Terwyl bronne uit die aanvangsgeskiedenis van Suid-Afrika gebruik maak van terme soos byvoorbeeld “naturelle/blankes/nie-blanke/kleurlinge/Hottentotte” en ander, word volstaan met Koi, Indiër, swart, bruin en wit mense.

Die ontplooiing van die taalbeleid in die onderwys in die vier staatkundige gebiede van Suid-Afrika, 1652-1910

Taal was sedert die sewentiende en agtiende eeu sowel as daarna 'n omstrede saak in Suid-Afrika. Dit is egter eers in die negentiende eeu dat taalreëlings 'n politieke probleem geword het. Taal is oor die algemeen in Suid-Afrika as 'n probleem beskou. Sowel die Boererepublieke (Oranje-Vrystaat, Zuid-Afrikaanse Republiek) as die Britse kolonies (Kaapkolonie, Natal) was amptelik eentalig: Terwyl die Kaapkolonie en Natal Engels was, was die Boererepublieke amptelik "Hollands" (Steyn 1993: 26).

'n Land se onderwysstelsel kan beskou word as 'n spieëlbeeld van die volkseie. In Suid-Afrika het verskillende bevolkingsgroepe se lewensbeskouing en aspirasies in besonder deur die taalreëlings kenbaar geword, veral op opvoedkundige gebied. Dit het uitgeloop op 'n stryd wat parallel geloop het en ineengestremel geraak het met dié op politieke, sosiale, ekonomiese en kulturele gebied: kortom taalkwessies het die hele maatskappy intens geraak.

2.1 Taalwetgewing in die Kaapkolonie

2.1.1 Taalsake onder Nederlandse bewind, 1652-1806

Met die stigting van 'n verversingspos aan die Kaap deur die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie in 1652 en die vestiging van vryburgers vyf jaar later, het Hollands die amptelike (dit is van owerheidsweë) en kulturele taal aan die Kaap geword. Dit was ook die geval gedurende die sewentiende en agtiende eeu aan die Kaap (RGN 1981: 14).

Die eerste skool aan die Kaap is op 18 April 1658 geopen. Kommissaris Van Rheede het in 1685 bepaal dat 'n slaaf sy vryheid vir 100 gulde kon koop “spreekende prompt de Nederduytsche taal en doende of gedoen hebbende de beleydenisse van de Gereformeerde religie” (RGN 1981: 14). Die skool het tot niet gegaan aangesien die slawe nie die Nederlandse onderwyser kon verstaan nie. Voor die stigting van die slaweskool is daar ook gepoog om aan die Koi lees- en skryfvaardigheid deur medium van Hollands te onderrig. Dit was eweneens 'n mislukking.

In 1688 het 151 Franse vlugteling (Hugenate) aan die Kaap aangekom. Nederlands het egter die enigste amptelike taal aan die Kaap gebly en binne die volgende eeu het die Frans van die immigrante volkome uitgesterf (RGN 1981: 14-5; vgl ook Cilliers 1953: 17).

Die eerste skoolwet aan die Kaap in 1714 was dié van goewerneur Maurits P de Chavonnes wat gegeld het tot aan die einde van die agtiende eeu. In al die primêre skole het die leerplan onder meer voorsiening gemaak vir die lees en skrywe van Hollands. In die middelbare skole, en die eerste Latynse skool (1714-1729) is onderrig in Hollands gegee. Dié skool het doodgeloop en is in 1793 herstig (Cilliers 1953: 18, 19; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 86-8; Malherbe 1925: 35).

Gedurende die agt jaar nadat Brittanje die Kaap tydelik in September 1795 ingeneem het, is geen noemenswaardige veranderinge in die taalbeleid aangebring nie. Gedurende die Betaafse tydperk (1803-1806) is onder leiding van Kommissaris-generaal J A de Mist nuwe beginsels vir die onderwys daargestel. De Mist was die eerste in Suid-Afrika om die onderwys as 'n “nasionale” aangeleentheid te beskou. Hy het spesiale aandag aan die taalvraagstuk en aan die plaaslike opleiding van onderwysers gegee. Die moedertaal as vak en as voertaal is vir die eerste keer sterk beklemtoon en verpligtend gemaak vir alle onderwys in die Kolonie (RGN 1981: 14-5; vgl ook Cilliers, 1953: 24; Rose & Tunmer 1975: 90 ev).

De Mist se onderwysordonnansies het egter nie veel vrugte afgewerp nie, aangesien die Kaap in 1806 weer deur Brittanje geannekseer is. Die angliseringsproses het vanaf 1806 begin (RGN 1981: 15).

'n Kort vergelyking met die onderwysbeleid rondom taalkwessies in ander Nederlandse koloniale gebiede, in besonder Nederlands Oos-

Indië (1619-1949), toon dat die taalbeleid in die skole nie uniek aan die Kaap was nie. Die verdeling van die bevolking in vier verskillende bevolkingsgroepe, die Europeërs (Nederlanders), die Indo-Europeërs (Indiese Nederlanders), die Chinese (en ander Vreemde Oosterlinge) en die Indonesiërs, het 'n rol gespeel by die vasstelling van 'n onderwyspraktyk (Van Rheeden 1995: 32). In die loop van die negentiende eeu is Nederlands as prestigetaal en Maleis as *lingua franca* in die Indonesiese argipel gebruik (Van Rheeden 1995: 51; vgl ook Molewijk 1997: 219). Aanvanklik het die Nederlandse koloniale owerheid hul slegs bemoei met die onderrig van die Europese bevolkingsgroep (13.4% Nederlanders en 82.6% Indo-Europeërs). Aangesien die kwaliteit van onderwys daar destyds veel te wense oorgelaat het, is die meeste Nederlandse kinders na die moederland gestuur vir onderrig (Van Rheeden 1995: 32).

Die grootste probleem in die primêre en sekondêre skole was die leerlinge se gebrekkige kennis van Nederlands wat tuis Maleis of Javaans gepraat het. Alhoewel alle Nederlandse skole in teorie oop was vir leerlinge van alle rasse was die vereiste wat gestel is van 'n begripkennis van Nederlands, nogtans beperkend. Die koloniale bewind het eers in 1863 erken dat hy 'n onderwysverpligting teenoor die Indonesiese bevolking het. Die gevolg was dat teen die einde van die eeu ongeveer 12% leerlinge aan die Nederlandse skole Indonesies was. Dit was egter eers in 1907 dat inheemse leerlinge tot hul reg gekom het nadat die goewerneur-generaal, Van Heutsz, Maleis in die elementêre klasse ingevoer het (Van Rheeden 1995: 33, 34).

Kennis van Nederlands was noodsaaklik vir hoër Westerse opleiding en 'n posisie in die koloniale samelewing en administrasie (Van Rheeden 1995: 51). Die moontlikheid om Westers-georiënteerde primêre skoolonderwys te volg, het in 1908 'n hupstoot ontvang met die stigting van die eerste Hollands-Chinese skool met Nederlands as voertaal en in 1914 die Hollands-Inlandse Skool (HIS). In 1908 het kultuurbewuste Indonesiërs op die Budi Utomo-kongres [Verhewestrew] geëis dat toelatingsvereistes op Nederlandse skole toegankliker gemaak word (Van Rheeden 1995: 34, 35). Gedurende die jare dertig en veertig het tot ongeveer 45% kinders skool toe gegaan. Westerse hoëronderrig het 'n tiental aantal jare later tot stand gekom, maar was slegs vir 'n uitgelese kleiner groep beskore (Van Rheeden

1995: 35). Vandag is Maleis gestandaardiseer tot Bahasa Indonesia, die nasionale taal van Indonesië (Van Rheeden 1995: 51).

2.1.2 Taalsake in die Kaapkolonie, 1806-1910

Met die Britse besetting in 1806 is in die Artikels van Oorgawe sekere regte gewaarborg. Die burgers het aanvaar dat dit hul taalregte sou insluit (Aucamp 1926: 131).

Reeds van die aanvang van die Britse bestuur was die Britse bewindhebbers daarop gestel om voorsiening vir Engelse onderwys te maak (Coetzee 1958: 42, 43). Die eerste Engelse skool is in 1807 in die Kaapkolonie (vgl Kaapprovinsie na 1910) geopen (Cilliers 1953: 28). In 1812 en 1813 het sir John Cradock, die Goewerneur, bepaal dat Engels 'n vereiste moet wees vir aanstelling in die staatsdiens. Dieselfde Cradock het op 8 Desember 1812 aan die hoof van die Latynse Skool in Kaapstad instruksies gegee “[to] promote and establish the cultivation of the English language to the greatest extent among your pupils of the highest rank” (Steyn 1980: 127). Kennis van Engels sou 'n aanbeveling wees by die aanstelling van onderwysers (Cilliers 1953: 32). Die klem is deurgaans op die belangrikheid van Engels gelê. Hiermee is die voertaalvraagstuk in Suid-Afrika geskep.

Lord Charles Somerset, die volgende Goewerneur, het in die proses van reorganisasie van die regringstelsel Proklamasie nr 17 van 5 Julie 1822 uitgevaardig waarvolgens Engels die amptelike taal sou word, wat dit ook die amptelike taal van die skole sou maak (Aucamp 1926: 131; vgl ook Steyn 1980: 127).

Somerset het die voormalige kerkskole, onder die bevolking bekend as “Koster Scholen”, vervang met vrye staatskole waarin Hollands nooit amptelik 'n vak of medium van onderrig was nie (Malherbe 1925: 61). Die skole sou vry wees, dit wil sê die ouers sou nie betaal nie. Aanvanklik was die skole 'n sukses. Die gevolg was dat die aantal skole vanaf 1822 tot 1827 toegeneem het, om egter vanaf 1837 so te daal dat die getalle nikseggend geword het (McKerron 1934: 58). 'n Direkte oorsaak was die stigting van talle Hollandse privaatskole waarin Hollands onderrig is en die voertaal Hollands was. In 1828 is ses onderwysers van Skotland ingevoer. Alhoewel daar nooit meer as 28 Engelse regeringskole tussen die jare 1830 en 1839 was nie, het die privaatskole vermeerder van 39 in 1830 tot 94 in 1839. Die pro-

minentste van dié was “Tot Nut van ’t Algemeen” (McKerron 1934: 68; vgl ook Snyman 1951: 67, 68). As gevolg van die minagting van die taal van die meerderheid van die wit inwoners van die Kaapkolonie en die onsimpatieke regering het dié periode die begin gesien van ’n antagonisme teen Engels wat vooruitgang en veral die opvoeding gestrem het (McKerron 1934: 69).

In die laat dertigerjare van die negentiende eeu is die onderwys-sisteem in die Kaapkolonie op ’n vaste basis geplaas. Die skole is geklassifiseer en ’n departement van onderwys is geskep. Dit is die “Herschel System” genoem en het onder administrasie van die goewerneur, sir George Napier, gestaan (Malherbe 1925: 85). Met die mislukking van die vrye skole het die regering van taktiek verander. J Rose-Innes, as Superintendent-generaal van Onderwys, het met die invoering van die Herschel-skole ook in ’n beperkte mate voorsiening gemaak vir onderwys in Hollands. In 1843 het ’n verdere toegewing gekom. Aan Hollandse privaatskole is ’n regeringstoelaag beloof op voorwaarde dat Engels ook in sulke skole onderrig moes word. Hierdie skole het byval gevind sodat die Herschel-skole vanaf 1843 van 20 verminder het tot 9 in 1865, terwyl die staatsondersteunde skole vir dielfde tydperk van nul tot 140 gestyg het (Malherbe 1925: 82, 83). Teen 1850 het die oorheersing van Engels ’n voldonge feit geword. *De Zuid-Afrikaan*, die kampvegter vir die Hollandssprekende belange, het op 17 Oktober 1853 die volgende geskryf: “Dat mens op die scholen in de eerste plaats Engelsch leert keuren wij goed, maar daaruit volgt nog niet dat men het Hollandsch afschaffen moet” (Cilliers 1953: 61, 62).

In 1853 is Parlementêre Bestuur aan die Kaapkolonie toegestaan (Steyn 1980: 127). Artikel 89 het bepaal dat verrigtinge in Engels sou geskied. Teen die sestigerjare het die verengelsing so toegeneem dat met die toekenning van Verantwoordelike Bestuur in 1872 die uit-skakeling van Hollands sonder meer aanvaar is (Snyman 1951: 71).

Abu Bekir Effendi het in 1862 die Moslem Theological School in die Kaap gestig. Die voertaal daarvan was Afrikaans. Om in die behoefte aan ’n handboek in die leerlinge se taal te voorsien, het hy die Bajaanmoeddien (Openbaringe van die geloof), ’n rituele handleiding vir Moslems in Afrikaans, maar gedruk in Arabiese skrif, geskryf. Abu Bekir se seuns het in Port Elizabeth en Kimberley soortgelyke skole gestig (Steyn 1980: 136).

Daar moes geleidelik oorgegaan word tot die afskaffing van alle vrye staatsonderwys en dit moes vervang word deur staatsondersteunde onderwys, ooreenkomstig die waarborg van die pond-vir-pond-stelsel soos sedert 1841 in werking (Snyman 1951: 53). 'n Kommissie onder voorsitterskap van E B Watermeyer het in 1861 aanbeveel dat die medium van onderrig in plaasskole Hollands sou wees in areas deur die regering neergelê. In die geval van derde-, tweede- en eerste klas dorpskole, asook in tweedeklas meisieskole was daar geen voorsiening vir Hollands as vak en voertaal gemaak nie (Pienaar 1962: 8, 25). Die Kommissie het ook onder andere die geleidelike afskaffing van die "Established Schools" en die uitbreiding van staatsteun aan alle skole op 'n pond-vir-pond-beginsel aanbeveel. Die meeste van die aanbevelings is vasgelê in Onderwyswet nr 13 van 1865, wat tesame met 'n "Schedule of Regulation" die basis van die onderwysstelsel vir die volgende jare sou vorm. Die pond-vir-pond-stelsel is in werking gebring vir alle "Undenominational Public Schools" (Coetzee 1958: 64; vgl ook Malherbe 1925: 116; Du Toit 1975: 66; Pienaar 1962: 8). Dié Onderwyswet (nr 13 van 1865) het bepaal dat die staat op 'n pond-tot-pond-basis finansiële steun aan die privaatskole sou bydra (Malherbe 1925: 116). Dié wet het verder bepaal dat die onderrigmedium van eerste- (in die groter dorpe) en tweedeklasskole (in die kleiner dorpe) Engels moes wees en in die derdeklasskole (plaasskole) sover moontlik deur middel van Engels binne twaalf maande na oprigting van die skool. Die benadeling van Hollandssprekende kinders het die owerheid min geskeel (Steyn 1980: 128; vgl ook Aucamp 1926: 132; Cilliers 1953: 70, 71; McKerron 1934: 121; Snyman 1951: 53). Dit is amper seker dat die wet nie streng toegepas is nie. Of Hollands as vak op skool onderrig is, het egter geen verskil gemaak nie. Dat hierdie soort onderwys nie in die dringende behoefte aan Hollands voorsien het nie, getuig die stigting van 'n aantal privaatskole in die westelike distrikte (Cilliers 1953: 74, 75; vgl ook Coetzee 1958: 68). Voorsiening is gemaak vir beduidende finansiële steun aan dié privaatskole en die Hollandse Kerke het ruimskoots bygedra, sodat Hollands as taalmedium en as skoolvak na behoefte beskikbaar was. In die groot aantal een-persoon-plaasskole wat in die tagtigerjare met staatshulp tot stand gekom het (in 1887 was daar reeds 185), was die taalmedium hoofsaaklik Hollands (RGN 1981: 29).

Die Nederduitse Gereformeerde Kerk was een van die invloedrykste instansies wat die inwerkingstelling van die pond-vir-pond-stelsel verseker het. Dit het die belange van opvoeding aangemoedig deur onder andere die stigting van inrigtings van hoër opvoeding (veral vir meisies) te stig (Malherbe 1925: 117). Die gees en gesindheid van die skole in die Kaapkolonie was egter Engels. Buitendien was die gesindheid van die Victoria-kollege op Stellenbosch en ds Andrew Murray se Hugenate-seminarium vir meisies op Wellington Engels. Selfs die Gereformeerde kweekskool op Burgersdorp het meer Engels as Hollands onderrig (Steyn 1980: 157; vgl ook Cilliers 1953: 100; Du Toit 1975: 73).

Hierdie toestand het bly voortbestaan totdat daar in die jare sewentig-tagtig, as gevolg van die ontwaking van die Hollandse Idee of Gedagte, aangedring is op verbetering. Die gevolg van hierdie agitatie was dat die De Villiers-onderwyskommissie van 1879 aanbeveel het dat alle beperkings op die taal, wat as voertaal moet dien, opgehef moet word. Hieraan is uitvoering gegee deur Proklamasie nr 113 van 1882, wat die erkenning van Engels as enigste voertaal deur die Onderwyswet van 1865 herroep het en die keuse van die voertaal aan die plaaslike besture oorgelaat het. Hierdie proklamasie was ten opsigte van die medium van onderrig 'n belangrike wysiging van die regulasie, maar in die praktyk het dit weinig vooruitgang in die onderrig van Hollands meegebring (Du Preez Van Wyk 1947: 198). Die angliseringsbeleid het tot 1882 voortgeduur toe Hollands naas Engels in die Parlement erken is. Wetgewing is uitgevaardig dat Hollands ook in primêre skole gebruik kon word. Volgens aanbevelings van die De Villiers-rapport van 1883 is aan skole waar Hollands wenslik geag is, voorsiening gemaak vir die toekenning van 'n toelaag aan die onderwyser om onderrig in Hollands te verskaf. Alle beperkinge aangaande die medium is opgehef, maar in die praktyk het dit weinig tot gevolg gehad, aangesien die stelselmatige verwaarlosing van Hollands reeds ver gevorder was (Snyman 1951: 54). Teen 1880 is gemeen dat slegs vierduisend uit sestigduisend Hollandssprekende kinders hul onderrig deur medium van Hollands ontvang het (Giliomee 2003: 211). In 1884 is die gebruik van Hollands weer in die staatsdiens, die laerhof en parlementêre dokumente toegelaat. Teoreties het Hollands gelyke regte met Engels as amptelike taal verkry (RGN 1981: 16).

As uitvloeisel van die Taalbond- en sinodebesluite van 1890 insake Hollandse is 'n onderwyskommissie in 1892 onder sir Thomas Muir ingestel. Die kommissie beveel aan dat die voertaal in die skole aan die keuse van die ouers oorgelaat word. Alhoewel die kommissie op die opvoedkundige noodsaaklikheid van die aanvanklike gebruik van die moedertaal wys, is hulle ongeneë om die verpligte gebruik van die moedertaal in die skole aan te beveel. Wat die onbillike uitsluiting van Hollands by die Elementêre Eksamen betref, was die kommissie van oordeel dat dit 'n opsionele vak moet wees. Alle vrae moes egter in Engels opgestel en beantwoord word met 'n alternatiewe vraestel in Hollands. Prakties gesproke het Engels die eksamenvoertaal gebly. Kragtens die Matrikulasie-regulasies wat in 1898 in werking getree het, was dit heeltemal moontlik om 'n Matrikulasiesertifikaat te behaal sonder enige kennis van Hollands. In die praktyk het die vryheid van keuse ten opsigte van die voertaal alleen beteken dat Engels uit gewoonte of onkunde noodgedwonge verkies is en Hollands in die meeste gevalle verwaarloos is (Cilliers 1953: 128, 129; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 150 ev).

Verskeie faktore het bygedra tot die verwaarloosing van Hollands as vak en as medium op skool. Buiten die feit dat Engels reeds jare lank die enigste amptelike taal was, die taal van die staatsdiens en die handelstaal, het Hollandssprekende ouers meestal weens ekonomiese dwang daarop aangedring dat hulle kinders Engels moes leer, want "Hollands kom vanself". Die gebrek aan tweetalige onderwysers, onverskilligheid en openlike vyandigheid van onderwysers en inspekteurs, asook die houding van die Superintendent-generaal van Onderwys (SGO) en die regering het tot hierdie houding bygedra. Daarby moes die Hollandssprekende voortsukkel in twee tale (Cilliers 1953: 130-4).

Van die herhaalde besluite en versoeke van die NG Kerk en Gereformeerde Kerk het min gekom. Petisies is byvoorbeeld in 1896 aan die Parlement voorgelê waarvan niks gekom het nie. Die eerste praktiese uitvloeisel van die Sinodebesluit van 1904 rakende die stigting van aparte skole was die stigting in Molteno van 'n vrye Gimnasium en in Steynsburg van 'n eie Christelike-Nasionale Onderwys (CNO) skool (1905) en Gereformeerde Gimnasium (Cilliers 1953: 143, 147).

Ten gevolge van die oplewing van nasionalisme na die Anglo-Boereoorlog (ABO) en met die oog op die aanstaande vereniging van die vier provinsies, was daar groter taalbedrywigheid van binne en buite die Parlement om die regte van Hollands op skool en in die openbare lewe tot sy reg te laat kom. Ten gevolge van verskeie petisies het 'n Gekose Komitee in 1906 ondersoek ingestel na onder andere die posisie van Hollands op skool. Die Komitee onderskryf die beginsel van moedertaalonderwys, soos vervat in Proklamasie nr 113 van 1882 en waardeer die keuse oorgelaat is aan die keuse van die plaaslike besture. Hierdie aanbeveling was egter gedoem tot mislukking, tensy die saak van Hollands op groot skaal aangepak word en Hollandssprekendes bereid was om aan te dring op die handhawing van die Hollandse taalregte. Hierdie aanbeveling het egter geen daadwerklike verbetering in die bestaande toestand gebring nie, met die gevolg dat die posisie van Hollands as vak en as voertaal in die Kaapse skole eerder versleg het (Du Preez Van Wyk 1947: 165; vgl ook Cilliers 1953: 152).

Die jare net voor Unifikasie is gekenmerk deur volgehoue pogings van Afrikaanssprekende kant om die tweetaligheids- en die voertaalvraagstuk deur middel van parlementêre wetgewing opgelos te kry. In reaksie daarop wys die regering by monde van die 1906-kommissie daarop dat die Onderwyswet van 1882 bepaal dat die voertaal in die skole een van die twee tale kan wees volgens die besluit van die skoolkomitee wat deur die ouers self gekies word (kragtens artikel 41 van Wet nr 35 van 1905). Ook hierin sou geen verandering aangebring word nie. Verdere pogings, soos die onderwyskommissie van 1907 en die Gekose Komitee van 1908 het geen daadwerklike verbetering gebring nie (Cilliers 1953: 157, 158). Daar was ook aanbevelings van De Zuid-Afrikaanse Akademie voor Taal, Letteren en Kunst (tans die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns). Die gevolg was dat die regering veral met die oog op die aanstaande Unifikasie besluit het om die saak daar te laat. Die Kaapkolonie het dus na 'n eeu onder Engelse bewind Unifikasie binnegegaan sonder enige oplossing vir sy taalvraagstuk op skool en met die grootste prinsipiële verskille en geskille tussen die twee wit bevolkingsgroepe oor hierdie saak. Hoewel daar teen 1910 geen positiewe wetgewing met betrekking tot die verpligte onderwys van die twee tale as vak of die gebruik daarvan as voertaal was nie, nóg wat die gewone skole nóg wat die opleiding van

onderwysers betref, is Engels in die reël as vak onderrig en byna deurgaans as voertaal in nagenoeg alle skole gebruik terwyl Hollands aan die ander kant agtergestel is. “Dutch grammar” is byvoorbeeld in 1909 in slegs 398 uit die 2904 skole (dit wil sê 13.7%), aan 13 005 uit 77 647 kinders (dit wil sê 16.4%) onderrig, en selfs toe is daar maar gemiddeld 1.58 uur per week aan die vak gewy, terwyl dit as voertaal in die primêre onderwys selde en in die middelbare onderwys feitlik nooit gebruik is nie (Cilliers 1953: 153, 160, 162).

Dit is opmerklik dat onder die Engelse bewind Engels in weerwil van hewige en gegronde proteste van Hollandssprekende (later Afrikaanssprekende) kant, eenvoudig afgedwing was sonder inagneming van die regte van die oorgrote meerderheid van die wit bevolking. Tot aan die Unie het die stryd hoofsaaklik gegaan om die taal as vak en as medium. Die stryd om die skool self, naamlik tussen gesamentlike (parallel- en dubbelmedium-) en afsonderlike Hollands en Engelse (enkelmedium-) skole, sou eintlik eers na Unifikasie en as direkte uitvloeisel van die eerste Uniale onderwyswette ontstaan.

Binne die diglossiese taalsituasie (Shiffman 1997: 207) waar die twee tale, Engels en Nederlands, naas mekaar gebruik word in ’n hiërargiese posisie, het Hollands in die Kaapkolonie, behalwe vir die gebruik in die Hollandse Kerk, die L-variëteit of laer status bekleed. Engels, ten spyte daarvan dat dit ’n minderheidstaal was, het die H-variëteit (hoër status) bekleed vanweë die feit dat Engels die magstaal in die regering, skool en howe was. Afrikaans, die spreektaal, was in vergelyking met sowel Hollands as Engels die L-variëteit (vgl die Slot vir ’n meer oorsigtelike bespreking van die verskynsel).

2.2 Taalwetgewing in die Oranje-Vrystaat, 1852-1910

2.2.1 Vroeë tydperk

Die eerste regulasies vir regeringskole is in 1852 gedurende die Oranjerivier Soewereiniteit, toe die gebied onder Britse bestuur was, uitgevaardig. Daar is onder meer bepaal dat onderwysers bekwaam moet wees om die leerlinge in sowel Engels as Hollands te onderrig. Met die ondertekening van die Bloemfonteinse konvensie op 23 Februarie 1854 het die Oranje-Vrystaat sy soewereine onafhanklikheid verkry (Coetzee 1958: 124, 125).

In die republiek van die Oranje-Vrystaat (OVS) was praktiese oorwegings op die oog af verantwoordelik vir die keuse van 'n amptstaal. Die OVS het in 1854 'n wet gekry “ter bepaling en vasstelling van de Nederduitsche of Hollandsche taal as de wettige hoofdtal van den Oranjevrijstaat” (Steyn 1993: 32).

Die Vrystaatse Grondwet het 'n aantal artikels bevat wat verwys het na die gebruik van Hollands vir veral staatsdoeleindes. In 'n artikel in die *Wetboek van den Oranjevrijstaat* oor die openbare onderwys verskyn onder meer die volgende bepalings:

Op alle scholen ten plattelande, door het gouvernement ondersteund, zal het onderwijs door middel van het Hollandsch moeten gegeven worden zoodra de daartoe noodige boeken in die taal zullen zijn vervaardigd en gedrukt. Het onderwijs op dorpen zal gegeven worden door middel van ééne taal, Hollandsch of Engelsch, naar verkiezing deur ouders, tot en met standaard II, en daarna zullen beide talen kunnen gebezigd worden, met dien verstande, dat minstens de helft der vakken door middel van de Hollandsche taal worde geleerd.

Al het Hollands nie heeltemal tot sy reg in die OVS en Transvaal gekom nie, het die taal noord van die Oranjerivier nogtans funksies en 'n status verwerf wat dit nie in die Engelse kolonies ten suide geniet het nie (Steyn 1980: 133; vgl ook Aucamp 1926: 136). Vanweë die amptelike gebruik van Hollands in die regering, kerk en in die skool het dit in die Boererepublieke in vergelyking met Afrikaans, die spreektaal, die H-variëteit van die diglossiese taalsituasie bekleed.

Op die platteland was die onderwys beperk tot die elementêre beginsels van Hollands en Engels. In 1863 is 'n bepaling uitgevaardig wat in 'n sekere opsig as die eerste “skoolwet” van die Vrystaat beskou kan word. Die bepaling het onder meer die beginsel van moedertaalonderwys onderskryf, maar wou ook tweetaligheid bevorder deur die studie van Engels aan te moedig. Ook onderwysers moes tweetalig wees. Volgens Malherbe (1925: 358) was daar “[a] remarkable liberality towards English” in die Republiek. Omdat Engels so 'n oorheersende posisie in die handels- en sakewêreld beklee het, was ouers van Grey-kollege, 'n skool in die hoofstad, Bloemfontein, en ander skole teen moedertaalonderwys gekant. Hulle was van mening dat hulle die belange van die leerlinge die beste sou dien deur hul kinders deur medium van Engels te laat onderrig (Coetzee 1958: 129, 130).

Die vooruitgang van die algemene onderwysontwikkeling in die OVS is in verskeie opsigte gestrem deur die stryd wat vir verskeie jare tussen die staatskole en Engelse privaatskole geheers het. In die privaatskole het alle onderrig deur medium van Engels geskied, en omdat hul leerkrigte in die reël van 'n beter gehalte was, het hierdie skole in die meeste gevalle in 'n redelike bloeiende posisie teenoor die kwynende staatskole verkeer (Coetzee 1958: 131).

Wet nr 5 van 1872 het bepaal dat die oppertoesig oor onderwys by die Volksraad sou berus, maar dat die gesag by 'n Inspekteur van Onderwys sou setel. Die wet kan beskou word as 'n besliste mylpaal en fondament van die republikeinse onderwysstelsel ná 1872. Dit het onder meer bepaal dat aan elke skool minstens een onderwyser aangestel sou word wat vir die onderrig van Hollands en Engels verantwoordelik sou wees. Gedurende die tydperk van dr John Brebner, as Inspekteur van Onderwys en later Superintendent (1874-1899), is Wet nr 1 van 1874 met Wet nr 5 van 1872 as uitgangspunt, ingestel. Dit sou die grondslag uitmaak waarop die hele republikeinse onderwysstelsel en daaropvolgende onderwyswetgewing tot en met die uitbreek van die Anglo-Boereoorlog (ABO) berus (Coetzee 1958: 133, 136).

Deur te versuim om 'n ferm houding in te neem, het die Vrystaatse landsvaders self skuld daaraan gehad dat Hollands nie as landstaal be hoorlik tot sy reg gekom het nie. Hoewel Wet nr 1 van 1874 neergelê het dat sowel Hollands as Engels aan alle staatskole onderrig moet word, en dat ouers self kon besluit of hulle kinders Engels moet leer al dan nie, is Hollands dikwels verwaarloos, terwyl baie van die vakke uitsluitlik deur medium van Engels onderrig is. Om die klagtes oor die toename van Engels aan die skole die hoof te bied, het die Volksraad in 1875 besluit dat eweveel aandag aan die twee tale bestee moet word. Omdat dr Brebner nie 'n oortuigde voorstander van Hollands as uitsluitlike medium op skool was nie, het hy oogluikend toegelaat dat Engels steeds 'n groter houvas op die skole verkry. Hy het van die standpunt uitgegaan dat naas die twee taalvakke, Hollands en Engels, die ander vakke in enige van die twee tale onderrig kan word, mits die leerlinge die voertaal kan verstaan, met die gevolg dat al die vakke deur medium van Engels onderrig is (Coetzee 1958: 138). So was by Grey-kollege, ten spyte van 'n reglement van 1863 wat bepaal het dat Hollands die hooftaal van die inrigting moet wees, en by die

Dames-instituut (Eunice), die gees volkome Engels en die voertaal van die meeste vakke Engels. In die privaatskool, St Andrew's Diocesan College, is Hollands hoogstens as vak gedoseer (Coetzee 1958: 142).

Herhaaldelik is by die Volksraad gepleit dat Hollands as die amp- telike taal van die Republiek in die skole meer tot sy reg moet kom. In 1889 het die Volksraad versoek dat vakke in staatskole soveel as moontlik deur medium van Hollands onderrig moet word, maar toe dit blyk dat dit ook geen uitwerking het nie, is in 1891 besluit dat alle staatskole op die platteland Hollands as voertaal moet gebruik. Die Onderwyswet van 1891 maak moedertaalmedium verpligtend tot standerd twee; daarna kon Hollands sowel as Engels as medium ge- gebruik word met die bepaling egter dat minstens die helfte van die skoolvakke deur medium van Hollands onderrig moes word (Provin- sie Oranje-Vrystaat 1951: 64). Die gebrek aan geskikte handboeke in Hollands en aan leerkragte wat die taal behoorlik magtig was, het mee- gebring dat daar steeds op Engels as voertaal teruggeval moes word. Die Volksraad het die toestand probeer verhelp deur in die tagtiger- jare 'n kommissie aan te wys wat met die opstel van handboeke in Hollands, vir aardrykskunde, geskiedenis, Bybelgeskiedenis en Hol- landse taalkunde belas sou wees. Aan dr Brebner se sogenaamde "neu- trale" onderwys sou op aandrang van die ouers 'n einde gemaak word, en kort voor die uitbreek van die ABO is opdrag gegee dat die bepa- lings in verband met die voertaal streng nagekom moet word. Ander wysiginge is ook aangebring wat Hollands op skool sou versterk (Coetzee 1958: 139).

2.2.2 Oranjerivierkolonie (ORK), 1902-1910

Met die vredesluiting na die ABO is sekere regte, waaronder taalregte, in die Oranjerivierkolonie (ORK), soos die Oranje-Vrystaat bekend gestaan het onder Kroonkoloniebestuur, gewaarborg (Aucamp 1926: 136) Hoewel die vredestraktaat van Vereeniging (1902) bepaal het dat "the Dutch language will be taught in public schools in the Trans- vaal and the Orange River Colony where the parents of the children desire it", was die voertaal in die skole Engels. Twee klasse per week godsdiensonderrig in Hollands is toegelaat en drie klasse per week Hollands waar die ouers dit verlang het (Steyn 1993: 40; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 160 ev). Met die instelling van burgerlike be-

stuur, is S B Sargent, Superintendent van Onderwys van die Britse militêre administrasie in Suid-Afrika, se onderwyswet in Junie 1903 in die ORK aanvaar en het dit slegs in ondergeskikte punte van die Transvaalse wet van 1903 verskil, soos weldra aangetoon sal word (vgl 2.3.2). In sy rapport van 1901 skryf Sargent:

There can be no doubt that for purposes of modern life, English must be paramount, and, indeed the only language throughout South Africa [...] I have, therefore, determined to propose that English shall be the medium on instruction in all secular subjects” (Provinsie Oranje-Vrystaat 1951 1951: 64).

Dit het onder andere behels niesektariese godsdienstonderwys in die vorm van Bybelgeskiedenis deur onderwysers, en wel in Hollands — slegs twee uur per week — die onderrig van Hollands, slegs op versoek van die ouers, en net drie uur per week (Coetzee 1958: 150). Die gees, rigting, en inslag van die eertydse republikeinse onderwysstelsel moes plek maak vir vrye (liberale), niesektariese, nieverpligte Engelse staatskole (Coetzee 1958: 149). Die beginsel van ouerseggenskap in die onderwysbeleid en veral in die benoeming van onderwysers, is deur die nuwe bewindhebbers totaal negeer (Coetzee 1958: 149, 151).

Dat assilimilasie die oogmerk van die bewindhebbers was, blyk uit die uitsprake van lord Alfred Milner, die Britse Hoë-kommissaris vir Suid-Afrika, en S B Sargent. Op 13 Junie 1904 skryf Milner:

It is perfectly well known to be a fundamental principle of the educational policy of the Government that while the Dutch language is to be thoroughly well taught, the medium of instruction is, as a general rule, to be English. The principle of the equality of the two languages has been consistently rejected by us from the first (Headlam soos aangehaal deur Steyn 1993: 40).

In September 1903 is ’n petisie deur bemiddeling van die NG Kerk in die ORK gesirkuleer. Hierin is die owerheid versoek dat meer gesag aan die skoolkommissies toegeken word, dat minstens vyf uur per week aan Hollands bestee word, en dat geen leerstellige onderwys onderrig word nie (Coetzee 1958: 155; vgl ook McKerron 1934: 124, 125; Basson 1944: 52).

In Desember 1903 het die Departement ’n Onderwyskode vir alle primêre skole uitgevaardig. Die kode het onder meer voorgeskryf dat

Engels en Hollands onderrig moes word. Wat godsdiensonderwys betref, is die bepaling van Wet nr 7 van 1903 herbevestig, naamlik dat die onderwyser die onderrig self sou waarneem, en wel twee uur per week en in Hollands indien dit verlang word. Terwyl Engels die medium van onderwys sou wees, sou Hollands slegs drie uur per week onderrig word. Indien geen godsdiensonderrig verlang word nie, kon nog twee uur per week aan die studie van Hollands gewy word (Coetzee 1958: 152). In 1905 is die “Selborne Minute” (Memorandum) uitgevaardig waarvolgens die gebruik van die moedertaal as medium van onderrig in die laer grade aangebied is. Die meeste van die ter stigte Christelik-Nasionale Onderwys (CNO) skole het dit nie aanvaar nie (Aucamp 1926: 137).

Toe dit blyk dat die aanstelling van Engelsgesinde of “neutrale” onderwysers en die miskenning van Hollands op skool, dit wil sê die volharding van die denasionaliseringsproses, sou voortduur, is uit protes verskeie CNO-skole in die ORK gestig. Die beweging het uitgebrei en die owerheid moes deeglik daarmee rekening hou (Coetzee 1958: 155; vgl ook Steyn 1993: 40; Aucamp 1926: 137).¹

’n Ooreenkoms is in 1905 bereik waarvolgens die meeste van die CNO-skole weer met die regeringskole sou amalgameer. Die voorstanders van die CNO-skole was tot hierdie stap gedwing uit finansiële oorwegings. Die uitkoms van die ooreenkoms is beliggaam in ’n nuwe onderwysewet wat in 1905 gepromulgeer is. Wet nr 29 van 1905 het onder andere bepaal dat skole toegelaat sou word om ewe veel tyd aan die studie van Hollands en Engels te wy (Coetzee 1958: 156; vgl ook McKerron 1934: 124). Onderrig in die Hollandse taal kan gegee word indien die ouers dit verlang. Die beperking van “drie uur per week” in die taalklausule van die vorige wet is geskrap (Malherbe 1925: 380).

Met die instelling van Verantwoordelike bestuur in 1907 in die ORK is die Orangia-Unie aan bewind gestel met genl J B M Hertzog as Minister van Justisie en Onderwys. Die nuwe grondwet van die ORK het die beginsel van tweetaligheid (Hollands en Engels) erken en ooreenkomstig die partybeginsels van die Orangia-Unie, sou genl.

1 Vir ’n uiteensetting van die ontstaan en groei van die CNO-beweging, vgl Du Plessis 1966.

Hertzog dadelik 'n nuwe onderwyswet laat opstel en aanneem. Dit sou die ideaal van die Afrikaanssprekende op onderwysgebied veel meer as voorheen verwesenlik, maar terselfdertyd ook nie die regte van die Engelse minderheidsgroep misken nie (Coetzee 1958: 157).

Die nuwe wet, Wet nr 35 van 1908, het in verskeie opsigte radikaal van die Wet van 1905 verskil. Met die Hertzogwet sou, onder meer, die ouers van elke openbare skool 'n skoolkommissie kies, en hierdie kommissies sou so gegroeper word dat hulle uiteindelik vyf uit die nege lede van elke distrik se skoolraad sou verkies. Die taalklousule, wat 'n groot deel van die wet beslaan het, het op die beginsel van gelykstelling van die twee landstale oor die algemeen en die opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys in die besonder berus. Behoudens uitsonderlike gevalle en in bepaalde omstandighede, moes elke kind tot en met standerd vier in sy moedertaal onderrig word, maar terselfdertyd moes die tweede taal geleidelik ingevoer word. Vanaf standerd vyf moes minstens drie hoofvakke in elk van die twee landstale onderrig word. Vanaf standerd vier moes elke leerling ook onderrig in Hollands en Engels as vak ontvang. Tot standerd vier sou die onderrig in die tweede taal opsioneel wees (Coetzee 1958: 158; vgl ook Coetzee 1952: 81; RGN 1981: 31).

Hiermee het die beginsel van moedertaalonderwys nog nie volkome tot sy reg gekom nie. Die besondere konstitusionele posisie waarin die ORK in die Brise Ryk verkeer het, die aflegging van 'n matrikulasie-eksamen wat onder beheer van die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop met sy voorskrifte was, sowel as die gebrek aan opgeleide tweetalige onderwysers en inspekteurs, het die radikale deurvoering van moedertaalonderwys in daardie stadium nog nie moontlik gemaak nie (Coetzee 1958: 158). (Vir 'n volledige bespreking hiervan, vgl Coetzee 1952: 81-3.)

Namate die wet toegepas is, het dit al hoe feller teenkating van 'n klein, maar effektiewe Engelssprekende minderheidsgroep uitgelok. Een van die geslaagste metodes om die wet te probeer verongeluk, was om allerhande wanvoorstellings aan die wet te heg en die toepassing belaglik te maak. Hieraan het inspekteurs, skoolhoofde en onderwysers skuld gehad. Uiteindelik is drie inspekteurs deur Hertzog weens insubordinasie afgedank, en Hugh Gunn, Direkteur van Onderwys, het in April 1910 sy bedanking ingehandig. Hy is vervang deur

dr W J Viljoen (Coetzee 1958: 158, 159; vgl ook Malherbe 1925: 382, 383).

Hertzog het verder 'n leidende aandeel gehad in die samestelling van die Grondwet van die Unie van Suid-Afrika en hom beywer vir die invoeging van die taalkousule, te wete artikel 137 van die Suid-Afrika-wet, 1910 (vgl 3.1).

2.3 Taalwetgewing in Transvaal, 1858-1910

2.3.1 Vroeë tydperk

Alhoewel die Grondwet van 1858 van die Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal) in Hollands opgestel is, bevat dit geen bepalinge oor die amptelike taal nie (Steyn 1980: 133).

Artikel 24 van die Grondwet het die beheer van onderwys sake van plaaslike kerkrade in die vyftigerjare na die regering oorgeplaas (Coetzee 1958: 263). Die Onderwyswet van 1866 het bepaal dat sowel Hollands as Engels aan staatskole onderrig word (Steyn 1993: 31; vgl ook Snyman 1951: 83) en waar moontlik, 'n onderwyser uitsluitlik vir hierdie rede aangestel word. Voorkeur sou verleen word aan die onderwysers wat beide tale magtig is (Coetzee 1958: 264, 265; vgl ook Malherbe 1925: 231).

Die eerste volledige wetsbepaling van die onderwys in die Suid-Afrikaanse Republiek is die Burgerswet wat op 4 November as Wet nr 4 van 1874 gepubliseer is (Behr 1978: 12). Artikels 1-20 maak voorsiening vir Hollands ("Nederduits") vir laeronderwys en vir die lewende tale (veral Engels). Die hoëronderwys het onder meer Hollandse en Engelse vertaalkunde ingesluit, Frans, Hoogduits, Latyn, en Grieks (Coetzee 1958: 267, 268). Daar was verskeie Engelse skole in daardie stadium in Transvaal aangesien die wet van 1874 die ouers die reg verleen het om die medium van onderrig te kies, Engels of Hollands (Malherbe 1925: 255). Die Burgerswet het nie veel ondersteuning onder die bevolking ontvang nie omdat te veel klem op hoëronderwysaangeleenthede gelê is. Die taalvraagstuk is ook nie bevredigend opgelos nie, onder andere omdat daar onder die bevolking 'n antagonisme teenoor die "vrysinninge" onderwysers uit Nederland geheers het (Coetzee 1958: 268).

Op 4 Junie 1880 is 'n nuwe onderwyswet vir Transvaal deur die Engelse administrateur goedgekeur na die anneksasie deur Groot-Brittanje. Superintendent V Lyle het eerder aparte skole vir Hollands- en Engelssprekende leerlinge aanbeveel as die gelyktydige gebruik van die twee tale in een skool (parallelmedium). Die keuse van die medium van onderrig by 'n bepaalde skool moes volgens hom nie setel by die regering nie, maar "it should be, decided by those immediately interested, whose children are to be educated at the school they are founding". Van die nuwe wette en regulasies het niks tereg gekom nie, want op 8 Augustus 1881 het Transvaal weer 'n vrye Boererepubliek geword (Coetzee 1958: 269; vgl ook Malherbe 1925: 255, 256).

Die Onderwyswet van 1882, Wet nr 1, wat die Burgerswet vervang het, het Hollands die uitsluitlike medium van onderwys gemaak (Coetzee 1958: 270; vgl ook Snyman 1951: 95). In die laer onderwys is Engels glad nie erken nie, terwyl dit in die middelbare onderwys wel as vak kon geleer word, maar nie gebruik word as voertaal by ander vakke nie (Basson 1944: 30). Dié wet is egter nie streng toegepas nie. Veral die onderwysers uit die Kaapkolonie het Engels in die skool gebesig. In die Suid-Afrikaanse Republiek het Wet nr 10 van 1888 bepaal: "De Hollandsche taal is de officieele taal des lands. Alle andere talen zijn vreemde talen" (Steyn 1993: 31; vgl ook Malherbe 1925: 255; Behr 1978: 13; Aucamp 1926: 134).

Met die ontdekking van goud aan die Rand het Engelse immigrante toegeneem. In 1891 het N Mansvelt, vir ds S J du Toit as die Superintendent van Onderwys in Transvaal opgevolg. Dr Mansvelt het die Hollandse inslag van die openbare onderwys sterker gemaak, sodat meer Engelse privaatskole opgerig is. Aanvanklik het hulle geen staatsteun geniet nie. Die Onderwyswet van 1892, Wet nr 8, artikel 24, het onder meer die volgende bepaal: "Alle onderwijs moet gegeven worden in de Hollandsche taal" (Basson 1944: 32; Snyman 1951: 97-9). Vir die onderrig van Engels het die Superintendent gereël dat die onderrig tot standerd twee in die moedertaal moes geskied. Slegs in standerd drie kon, as dit deur die ouers begeer is, 'n begin gemaak word met die aanleer van 'n ander lewende taal en vir hoogstens drie ure per week (Snyman 1951: 99). Die kinders van nie-Hollandse ouers is nie verplig om hul kinders na Hollandsmediumskole te stuur nie. Skole wat nie Hollands gebruik nie, sou 'n staatstoelae ontvang, mits

die ander vereiste van die wet nagekom word en Hollands aan sulke skole onderrig word deur onderwysers wat die Superintendent van Onderwys goedkeur. Twintig uit die 25 uur per week sou in sulke skole in Engels en vyf in Hollands gedoseer word (Steyn 1980: 158; vgl ook Malherbe 1925: 280; Coetzee 1958: 273; Barnard 1979: 79). Die nuwe skole is “Besluit Scholen” genoem (Coetzee 1958: 275; vgl. ook Malherbe 1925: 282). Die Engelssprekende Uitlanderkinders moes, volgens ’n uittreksel uit die notule van die Volksraad, die geleentheid kry “zich zoo spoedig mogelijk de landstaal eigen te maken en daardoor in de voorrechten van het volgens Wet gesubsidiëerde onderwijs te kunnen delen” (Steyn 1993: 31; vgl ook Coetzee 1958: 273; Behr 1978: 13).

Die taalresolusies het konflik veroorsaak by die Uitlanders wat geweier het dat hulle kinders deur medium van Hollands onderrig ontvang. In 1896 het Engelssprekendes ’n finansiële onafhanklike “Council of Education” met ’n eie “Director of Education” op die Witwatersrand tot stand gebring wat ’n aantal skole met Engels as voertaal opgerig het (Aucamp 1926: 135; vgl ook Malherbe 1926: 296; Bot 1936: 49; Basson 1944: 45; Snyman 1951: 103). Gedurende die laaste jare van die Republiek het die Council ’n aantal skole opgerig, onderhou en beheer. In 1897 was daar reeds ses skole. Hierdie liggaam het voortbestaan tot lank na die ABO (Coetzee 1958: 275).

Waarskynlik in reaksie hierop het die regering kragtens Wet nr 15 van 1896 staatskole vir Engelssprekende leerlinge gestig waar hulle teen geringe of geen betaling in hul eie taal onderwys kon ontvang en gaandeweg die amptelike taal kon aanleer (Steyn 1993: 32; vgl ook Behr 1978: 13; Malherbe 1925: 296). Die regulasies het bepaal dat ’n leerling

during his first year was to devote one hour per day to instruction in Dutch (the Dutch of Holland); in the second, two hours; and in his third year, three hours; whilst in his fourth year he was expected to take the whole of his instruction through the medium of that language.

Deur die stigting van die Council is twee onderwysstelsels in Transvaal in die lewe geroep (Behr 1978: 13).

2.3.2 Transvaalse Kroonkolonie- en Verantwoordelike bestuur, 1902-1910

Na die ABO het die koloniale administrasie die Transvaalse onderwyswette herroep en die Openbare Onderwyswet van Transvaal aanvaar. Met Wet nr 7 van 1903, artikel 6, is die volgende taalbesluite neergelê:

Any scholar shall at the request of his parent [...] receive instruction in the Dutch language for 3 hours a week. The instruction under this section may be additional to instruction in Bible history and Religious instruction given in the Dutch language (if desired), under the provisions of the last preceding section, provided that the total time devoted to instruction given in the Dutch language, under this section and the last preceding shall not exceed 5 hours per week (Malherbe 1925: 317, 315).²

Die Onderwyswet van 1892 van die Suid-Afrikaanse Republiek het dus verdwyn. Die Hollandse gees, rigting en inslag is net soos in die voormalige Vrystaatse republiek, deur 'n Engelse stelsel vervang. Die ou stelsel van staatondersteunde CNO-skole moes plek maak vir 'n stelsel van vrye liberale, niesektariese, nieverpligte staatskole (Coetzee 1958: 278). 'n Petisie waarin geëis is dat ten minste vyf uur per week spandeer moes word aan die onderrig van Hollands, is geïgnoreer (Malherbe 1925: 318).

Soos in die ORK het die CNO-beweging ook in Transvaal aan die begin van 1903 momentum verkry. Dit was in gees, rigting en aard geskoei op die onderwys volgens die ou onderwyswette van die Boererepublieke en vry van beheer en inmenging van die kant van die Engels owerheid en Christelik-Nasionaal in gees en strekking. Hollands sou onder andere 'n verpligte vak wees, terwyl 'n grondige kennis van Engels onder toenmalige omstandighede noodsaaklik geag is. Die voertaal sou Hollands wees vir Bybelse geskiedenis, geskiedenis en sang (Coetzee 1958: 284). Die CNO-skole het aanvanklik ten koste van die regeringskole gegroei, maar teen 1906 het baie as gevolg van finansiële oorwegings en as gevolg van die verflouing van belangstelling gekwyn. Die CNO-skole het verdwyn en 115 skole is in die regeringskole geamalgameer toe Smuts beloof het dat hulle wens

2 Vgl ook Coetzee 1958: 278; Behr 1978: 16; Barnard 1979: 101, 106; Basson 1944: 51; Snyman 1951: 115; Rose & Tunmer 1975: 163 ev.

vervat sal word in die nuwe Smutswet van 1907 (Malherbe 1925: 315; vgl ook Coetzee 1958: 285).

In April 1905 is lord Milner deur lord Selborne opgevolg. Op 17 November het hy 'n belangrike memorandum, die sogenaamde Selborne-memorandum, uitgegee waarin hy onder andere die vraagstuk van taal as onderwysmedium en as leervak behandel. Selborne het die opvoedkundige beginsel van moedertaalonderwys erken. Elke kind moes sy aanvangsonderwys in sy moedertaal ontvang. Die tweede taal moes hy as 'n gewone vak deur middel van taallesse aanleer. Engels is vir die Afrikaanssprekende leerling van so groot belang gereken dat Selborne dit wenslik geag het om, sodra hulle Engels begin verstaan, dit as medium van onderwys by alle vakke te gebruik, behalwe in die Hollandse taallesse selfs nog voor standerd drie. Hollands as vak sou in alle staatskole onderrig word aan kinders van ouers wat dit verlang. Geen dwang sou egter op enige kind uitgeoefen word om Hollands se leer nie. Die memorandum is later deur die nodige regulasies opgevolg (Coetzee 1958: 279).³

Op 6 Desember 1906 is selfbestuur aan Transvaal toegestaan. Na die eerste verkiesing is genl J C Smuts tot Minister van Onderwys benoem. Hy het 'n nuwe wet vir die onderwys opgestel. Hierdie Wet, nr 25 van 1907, die sogenaamde Smutswet, was tot 1953 — met geringe wysigings van tyd tot tyd — die geldende wet op onderwysgebied. Dit het 'n dokument van groot historiese betekenis geword (Coetzee 1958: 280; vgl ook Basson 1944: 58, 59).⁴

Die Smutswet bou voort op die grondgedagtes van die Selborne-memorandum. Dit handhaaf die Britse beginsel van openbare onderwys as staatsonderneming. Dit verwerp die Afrikaanssprekende beginsel van staatsondersteunde onderwys en ouerseggenkap; dit aanvaar nie die grondreg van die ouers om die gees en rigting van die onderwys op skool te bepaal en om die onderwyser vir hul kinders aan te wys nie. Dit aanvaar ook nie die standpunt van die Afrikaanssprekendes betreffende hul taal en godsdiens nie. Die Smutswet het

3 Vgl ook Malherbe 1925: 341; Bot 1936: 85; Barnard 1979: 108; Basson 1944: 57; Snyman 1951: 201.

4 Vir 'n volledige uiteensetting van hoe die wet saamhang met Smuts se holistiese-filosofiese konsep, vgl Snyman 1951: 142-93; die inhoud van die wet: 221-385.

inderdaad 'n neutrale staatonderwysstelsel in die lewe geroep (Coetzee 1958: 280). Wat die taalkwessie betref, word neergelê: die voertaal in die laer klasse sal die moedertaal wees, terwyl Engels as tweede taal geleidelik ingevoer sal word; kennis van en vordering in Engels sal 'n voorwaarde vir vordering op skool wees; Hollands sal aan elke kind op skool onderwys word, tensy die ouers anders verlang; na standerd drie mag Hollands as voertaal in nie meer as twee vakke gebruik word nie, terwyl Engels voortaan verpligtend sal wees. Kennis van en vordering in Engels sou een van die voorwaardes vir promosie in openbare skole wees. Die taalbesluite kan opgesom word met: "Every child may learn Dutch, but every child must learn English" (Malherbe 1925: 341).⁵ Nog gedurende 1907 is 'n amptelike handboek opgestel en uitgegee bevattende die "Onderwyswet" en die "Instruksies betreffende die Wet en Regulasies daaronder" (Coetzee 1958: 281).

Die inwerkingtreding van die Onderwyswet het nuwe aanpassings en omvorming in die tydperk tussen 1907 en 1910 geverg. Die verslag van die Direkteur in 1907-1908 het vermeld dat die skole baie kon bydra om die taalvraagstuk op te los: "The efficiency of the school depends largely on the success with which the language difficulties can be overcome". Volgens die Algemene Omsendbrief nr 1 van 1908 van die Onderwysdepartement sou daar drie groepe skole in Transvaal wees. Daar sou plaasskole met Hollands as voertaal tot standerd drie wees waar Engels geleidelik ingevoer sou word. In die skole aan die Rand en Pretoria sou Engels weer oorwegend die voertaal wees en geleidelik sou die vak Hollands ingevoer word, net soos in die skole met Hollands as voertaal. Die derde groep skole was die op die dorpe met 'n gemengde bevolking, waar parallelklasse of dubbelmedium-onderrig ingestel sou word. Dié Algemene Omsendbrief (nr 1 van 1908) het onder andere die tyd wat aan Engels gewy moes word, bepaal as benede standerd vier waar Hollands die huistaal van die leerlinge was. Van standerd vier af was die medium deurgaans Engels. Volgens die inspekteursverlae het die onderrig van die twee tale veel te wense oorgelaat (Snyman 1951: 318, 319, 338).

5 Vgl ook Bot 1936: 88; Behr 1978: 16; Shingler 1973: 109; Barnard 1979: 114; Snyman 1951: 221 ev.

2.3.3 Vergelyking tussen ORK en Transvaal onderwyswette

Die onderwysreëlings en beleid in die ORK vertoon op die vooraand van Unifikasie in baie opsigte 'n sterk ooreenkomst met die Transvaalse Onderwyswet van 1907. Ook hier het die Britse onderwysbeginsel van openbare onderwys as staatsonderneming oorheers en is die Afrikaansspreekende se beginsel van staatsondersteunde onderwys en oersetenskap in die bepaling van onderwysbeleid en die aanstelling van onderwysers grootliks negeer. Slegs die beginsel van moedertaalonderwys het, vanweë genl. Hertzog se besliste houding, veel meer in die ORK as in Transvaal tot sy reg gekom (Coetzee 1958: 161).

Die Hertzogwet het van die Smutswet verskil hoofsaaklik in die voorsiening aangaande die medium van onderrig; deur albei tale die medium te maak, het Hertzog inderwaarheid Hollands verpligtend gemaak vir die minderheid Engelssprekende leerlinge. Die hoofeenskappe van die wetgewing was: tot en met standerd vier, 'n vorm van dubbelmediumonderrig waarin die onderwyser eers die taal van die meerderheid gebruik en dan herhaal in die taal van die minderheid; van standerd vyf tot matriek 'n vorm van parallelmediumonderrig waar uit die agt vakke, drie onderrig moet word in die moedertaal, drie in die tweede taal, terwyl die plaaslike skoolkomitee die mag het om te besluit oor die medium van die ander twee. Die hoofmedium van onderrig sal dus Hollands in die primêre skool wees. Hertzog se argument ten behoeve van moedertaalonderrig het hy in die Wetgewende Raad in 1908 uitgespreek:

[I]t was a healthy educational principle, recognized by the whole civilized world, that a child should be taught through the medium of his mother tongue, that language by means of which he expressed his everyday thoughts (Shingler 1973: 112).

Die twee wette was baie dieselfde, behalwe in die voorsiening vir die medium van onderrig. Hulle het albei 'n gesamentlike identiteit beklemtoon. Vir Smuts was daardie identiteit egter meer geïntegreer en inklusief as die meer komplekse dualiteit voorgestaan deur Hertzog. Waar die Smuts- en die Hertzogwet beide getrag het om 'n nuwe (Suid-Afrikaanse) nasie te skep, het Smuts swaarder geleun op die Engelse konneksie as Hertzog wat 'n gedeelde tog essensiële Afrikaansspreekende identiteit voorgestaan het wat beide Afrikaans en Engels ingesluit het (Shingler 1973: 115).

2.4 Taalwetgewing in Natal, 1835-1910

In die periode voor die Britse anneksie van Natal was sendelinge die eerste wit opvoeders van swart mense. Die eerste doelbewuste poging om onderwys op 'n vaste basis te plaas, was in 1835 toe 'n groepie Engelse by Port Natal 'n aantal regulasies uitgevaardig het. Die onderwysstelsel gedurende die laerstaantydperk van die Voortrekkers het op godsdienstige grondslag berus en was vanselfsprekend in Hollands. Met die anneksie van Natal deur Groot-Brittanje in 1845 het sowat twee-derdes van die Voortrekkers Natal verruil vir Transvaal en die OVS (Coetzee 1958: 203).

Britse immigrasie is aangemoedig en Natal het verengels. 'n Kommissie van ondersoek, die Skoolkommissie van 1849, het bepaal dat Engels die medium van onderrig moet wees, maar Hollands as vak sou alleen onderrig word indien ouers daarom gevra het. Aan Hollands is derhalwe nie 'n gelykwaardige plek in die leerplan toegesê nie, en moedertaalmedium vir die Hollandssprekende is tersyde gestel (Coetzee 1958: 203, 210).⁶ Hollands het in Natal volgens die diglossiese taalkonsep, die plek van L-variëteit beklee en Engels die H-variëteit.

Die Selekkomitee van 1856 wat deur die Goewerneur benoem is, het aanbeveel dat geldelike bydraes aan alle distrikte ingestel word. Minstens £25 moes aan elke distrik toegesê word om die rondgaande skole, meestal Hollands, aan te help op voorwaarde dat die onderwysers deel van die skooltyd aan die onderrig van Engels bestee. Die Selekkomitee het 'n Raad van Onderwys voorgestaan wat in 1858 benoem is. Onder andere is bepaal dat rondgaande skole regeringsteun sou kry mits hul Engels sou doseer en dat 'n Inspekteur van Onderwys, later Superintendent van Onderwys (SO), aangestel sou word. Hierdie maatreël is later só streng toegepas dat min skole hierdie voorreg kon geniet net omdat hulle nie Engels gedoseer het nie. Die SO was aan die Luitenant-goewerneur en die Wetgewende Raad verantwoordelik en is deur die Luitenant-goewerneur aangestel (Coetzee 1958: 211, 212, 214).⁷

6 Vgl ook Steenkamp 1941: 42, 51, 53; Beyliefeld 1986: 48, 50, 51.

7 Vgl ook Steenkamp 1941: 69; Beyliefeld 1986: 55.

Die Natalse skole was, behalwe die rondgaande skole, almal Engelsmediumskole. Om die rondgaande skole onder staatsteun te kry, het dr R J Mann, die SO, 'n skenking van £12/10/- aangebied, met die vooruitsig van verdere verhoging aan daardie onderwysers wat Engels sou onderrig. Op Hermannsburg is Duits as taal toegelaat (Beyliefeld 1986: 57, 59). Met die invoering van meer Engelse onderwysers van 1864 af het dié skole geleidelik gewone skole geword waarin Hollands ook mettertyd van die toneel verdwyn het. Ten gevolge hiervan het die sestien rondgaande skole, wat teen 1870 nog regeringsteun ontvang het, tot sewe in 1875 gedaal. Indien onderwysers sowel Engels as Hollands sou doseer, sou sodanige onderwysers teen redelike salarisse uit die Kaapkolonie besoldig word. Die versoek in 1875 van Hollandsprekende ouers in Natal om hul moedertaal ingevoer te kry, het op niks uitgeloop nie want Brooks, die destydse SO, het geweier. In staatskole was die medium vanselfsprekend Engels. Die onderwys was op Engelse lees geskoei: die leerboeke is in Engeland gekoop, die superintendente was self Engels, Engelse onderwysers is selfs na die Hollandsprekende distrikte en na rondgaande skole gestuur. Die bevolking van Natal was tewens oorwegend Engelssprekend. Ordonnansies nr 15 en nr 16 van 1877 het onder andere bepaal dat die skoolhoofde van al die vername skole "Home"-opleiding moes hê. 'n Ordonnansie van 1878 het die posisie van bywoning van skole verhoog deurdat Hollands op die platteland 'n opsionele vak gemaak is (Coetzee 1958: 215, 216, 219, 220; vgl ook Beyliefeld 1986: 61).

Voor 1878 het alle onderwys deur medium van Engels geskied, terwyl Hollands swak daaraan toe was en selfs sy plek in die leerplan verloor het. Duits is ook verwaarloos, maar is tog ten gevolge van 'n versoek in 1880 op Nieu-Duitsland in ere herstel (Steenkamp 1941: 167; vgl ook Beyliefeld 1986: 62). Na 'n petisie en versoekskrif dat Hollands dáár onderrig moes word, het die Sentrale Raad van Onderwys op 25 Julie 1883 die instelling van Hollandse klasse in die Greytownse skool toegestaan (Coetzee 1958: 224; vgl ook Beyliefeld 1986: 62).

In 1883 is ook Zoeloe op versoek op die leerplan geplaas en het die Raad voorsiening gemaak vir 'n onderwyser wat dit ten minste in een van die sekondêre skole sou doseer (Steenkamp 1941: 169; vgl ook Beyliefeld 1986: 63). Zoeloe is dus nog voor Hollands in die

leerplan van die hoërskole gevoeg. Hollands het geleidelik erkenning geniet. Teen 1885 het dit al in verskillende plattelandse skole ingang gevind. Die Raad het, ten gevolge van 'n versoek, op 25 Maart 1885, besluit dat Hollands ook in primêre staatskole onderrig sal word, op voorwaarde dat minstens ses leerlinge dit wil bestudeer en mits dit vir die Raad uitvoerbaar sou wees (Coetzee 1958: 224, 225; vgl ook Steenkamp 1941: 169).

Sover is versoeke insake Hollands aan die Raad van Onderwys gerig, maar in 1888 is die saak by die Natalse Parlement aanhangig gemaak. Die voorstel wat daar ingedien is, was dat Hollands in alle staatskole as deel van die leerplan onderrig moet word. Die luitenant-goewerneur het hierdie voorstel aan die Raad voorgelê, wat toe 'n komitee benoem het om op die saak in te gaan. Hierdie komitee het aanbeveel dat die onderwys van Hollands beperk moet word tot die handelsdorpe en tot daardie plattelandse dorpe waar daar 'n onderwyser beskikbaar is wat dit kan onderrig. Dit en ander aanbevelings is deur die Raad uitgevoer. Sekere wysigings is in hierdie verband in die onderwysordonnansies van 1877 aangebring en in Ordonnansie nr 2 van 1889 vervat (Coetzee 1958: 225; vgl ook Steenkamp 1941: 172; Beylefeld 1986: 67, 68).

Na hierdie geslaagde pogings is alle kennisgewings insake hoofdelike toelae aan die plattelandse skole in 1889 in sowel Hollands as Engels gedruk. 'n Tweetalige assistentinspekteur, C J Mudie, is aangestel, en in Januarie 1890 is die eerste twee Hollandse onderwysers in Natal aangestel. In dieselfde jaar is Engelse leesboeke deur Hollandse en Duitse vir standerd vier tot sewe vervang (Coetzee 1958: 225).

Die stryd om Hollands in die skole is bemoeilik deur S I Russel, die SO van 1878 tot 1893, wat 'n opsetlike beleid van verbritsing van die Hollandssprekende bevolking gevolg het. Hy was bevooroordeel en het in 1890 byvoorbeeld 'n bewering gemaak dat die Hollandssprekendes baie begerig was om Engels aan te leer en ook om die "Engelsman se weë" aan te kweek. In 1891 het hy in sy verslag die bewering gemaak dat die Hollands in die skole van 'n baie lae standaard was en dat dit die staat derhalwe nie sou baat om soveel onkoste in hierdie verband aan te gaan nie. Die komitee wat benoem is om op hierdie saak in te gaan, het egter die voortsetting van onderwys in Hollands aanbeveel (Coetzee 1958: 225, 226; vgl ook Beylefeld 1986: 69).

Die Hollandssprekendes het teen omstreeks 1890 daadwerklike verset begin toon. Die negentigerjare vorm dan vir Hollands in Natal die keerpunt, want hierna het sake geleidelik begin verbeter. Verskeie Boereliggame en die Hollandse Kerk het hulle van 1894 af in so 'n mate verset dat Hollands uiteindelik as opsionele vak toegelaat was. Hiervan het die Hollandssprekende leerlinge weinig gebruik gemaak, omdat Hollands net so moeilik as Engels was en ook deur diesulkes beskou is as van geen praktiese waarde nie (Steenkamp 1941: 190; vgl ook Beyliefeld 1986: 72). Uit 'n totaal van 17 000 leerlinge in 1910 het slegs 1 200 leerlinge Hollands as vak bestudeer. Die meeste Hollandssprekende ouers het hulle kinders elders heen gestuur of hulle het hul kinders self of met behulp van sogenaamde goewernantes opgevoed. Geen wonder dat die Natalse NG Kerk reeds in 1892 die Hugenote Hoërskool te Greytown gestig het nie. Hier is Hollands as vak onderrig nieteenstaande die feit dat die medium van onderrig Engels was. Daar was tewens ook min onderwysers wat Hollands kon doseer, en waar daar wel diesulkes was, moes Hollands aan al die klasse tegelyk onderrig word. In 1893 het Natal Verantwoordelike regering gekry en tot 1910 het die onderwys in Natal onder 'n Minister van Onderwys en die Wetgewende Raad gestaan (Coetzee 1958: 233, 226; vgl ook Steenkamp 1941: 172 ev, 191).

Gedurende en na die ABO was Hollands nog verder op die agtergrond geskuif. In die staatsondersteunde privaatskole was Engels 'n verpligte skoolvak en is dit ook oorwegend as medium gebruik. In die onafhanklike staatskole was alles Engels, selfs in Noord-Natal in veral die Hollandssprekende (Afrikaanssprekende) distrikte van die voormalige Suid-Afrikaanse Republiek, Vryheid, Paulpietersburg, en Utrecht. Die Afrikaanssprekendes in hierdie distrikte het in navolging van die Transvaal en die ORK, CNO- of kerkskole gestig. Die owerheid was derhalwe verplig om geleidelik meer toegewend te word. In 1908 byvoorbeeld, is selfs 'n spesiale inspekteur vir Hollands aangestel. Die CNO-skole het toe verdwyn of is deur die staat oorgeneem (Coetzee 1958: 226, 228; vgl ook Steenkamp 1941: 192; Beyliefeld 1986: 82).

Die Natalse Departement van Onderwys (NDO) het derhalwe meer toegewend geword, maar die stryd om die gebruik van Hollands was nog nie gewen nie. Dit was byvoorbeeld die beleid van die NDO

om Hollands as vak of as medium toe te laat as daar ouers van 50 leerlinge in 'n skool was wat dit verlang. Eers in 1916 het die Afrikaanssprekende ouers deur 'n taalordonnansie die reg ontvang om te kies of sy kind deur Hollands (Afrikaans) of Engels as voertaal onder- rig moet word (Coetzee 1958: 233) (vgl 3.5).

2.5 Swart onderwys, 1652-1910

Daar kan vier hoof tydperke in die swart onderwys geïdentifiseer word. Die voertaalreëlings in die eerste hoof tydperk in die oudste kolonies, die Kaapkolonie en Natal, tot 1910 was dat Engels in rege- ringsondersteunde swart skole die medium van onderrig van 'n vroeë ouderdom en desnoods in sy hele skoolopvoeding sou wees: “[I]n these Colonies the teaching of English as a subject was regarded by all concerned as a most important, probably the most important, part of a teacher’s work” (Hartshorne 1986: 85). In die twee Boererepublieke, die OVS en Suid-Afrikaanse Republiek (Transvaal), “English was given the same prominent position both as a subject and medium” en min aandag is aan die moedertaal as 'n vak gegee. Dit was net in Natal dat die moedertaal, Zoeloe, vanaf 1885 voorgeskryf is aan swart leerlinge (vgl 2.4) (Hartshorne 1986: 85, 86; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 189). Die tweede hoof tydperk in swart onderwys was die tydperk vanaf 1910 tot 1954, toe die gesamentlike beheer deur die Departement van Naturellesake, die provinsiale regerings en kerklike organisasies die beleid bepaal het. In hierdie tyd is ten minste 90% van die koste van swart onderwys deur sendinggenootskappe gedra (Malherbe 1977: 540). Die derde hoofmoment was die jare van 1954 tot 1973, toe die Departement van Onderwys en Opleiding (destyds bekend as die Departement van Bantoe-onderwys) die onderwysbeleid van die swart mense in wit gebiede, dit is gebiede gereserveer vir die uitsluitlike behoeftes vir wit mense, en in sommige van die Suid-Afrikaanse sogenaamde “onafhanklike” swart state — die “Bantustans” — voorgeskryf het; vierdens, die tydperk na 1973 toe hierdie swart state hul eie voertaalreëlings getref het (Helm 1979: 166; vgl ook Van der Mescht 1965: 5).

Gedurende die eerste 150 jaar van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie is daar min voorsiening vir onderwys vir inheemse bevolkings- groepe gemaak. Alhoewel openbare skole later oop was vir almal, het

min inheemse leerlinge daarheen gegaan (RGN 1981: 29). Gedurende die negentiende eeu was daar in Suid-Afrika geen amptelike beleid wat die voertaal in die onderwys van die swart mense betref nie. Die koloniale (Kaapkolonie, Natal) en republikeinse regerings (OVS, Transvaal), het formele onderwys in die hande van die sendinggenootskappe gelaat en hulle nie met die voertaalreëlings bemoei nie (Helm 1979: 167).

Die kinders van slawe, die Koi (Hottentotte) en ander “nie-blankes” is gedurende die tydperk aanvanklik toegelaat om sommige van die openbare skole in Kaapstad en die omliggende gebiede by te woon waar Hollands die medium van onderrig was. Sendelinge het gevind dat ’n mate van basiese “onderwys” ’n noodsaaklike onderdeel van hul bediening van die Woord was en sendingskole is oor ’n uitgebreide gebied gestig. Die taal wat gebruik is, was hoofsaaklik Hollands (RGN-onderzoek na die onderwys 1981: 38).

Na die Britse besetting in 1806 is meer aandag aan die onderwys van slawe en ander inheemse mense gegee. In die jare daarna het wit leerlinge meestal Engelse skole bygewoon (vgl 2.1). Aan die ander kant het swart mense skole bygewoon waar Hollands as medium van onderrig gebruik is. Die onderwys van die swart mense het steeds ’n belangrike funksie van sendinggenootskappe en hul sendingskole geword, met Hollands wat hoofsaaklik as die taalmedium gebruik is. In die plattelandse distrikte van die Kaapkolonie het sommige Kaapse boere hul slawe of werknemers toegelaat om deel te hê aan die onderrig wat aan hul eie gesinne deur rondgaande onderwysers gegee is — hoofsaaklik in Hollands (RGN-onderzoek na die onderwys 1981: 38, 39).

Aanvanklik het die sendelinge gebruik gemaak van die swart moedertaal vir die onderrig van die laer standerds in die primêre skool. Vir die meeste sendelinge, veral die Engelssprekendes, was dit egter moeilik om deur medium van ’n Afrikataal te onderrig en ’n Wes-Europse taal is vir die doel gebruik (Helm 1979: 167-9). Die kurrikulum van sendingskole was uiters beperk, soos die Watermeyer-kommissie van 1863 dan ook bevind het. Wat die taalmedium betref, het sendelinge ondervind dat die gebruik van Hollands en Engels, waar hierdie tale nie as omgangstaal in die omgewing gebruik is nie, hulle onderrig bemoeilik het. Na 1892 het sir Thomas Muir in die

Kaapkolonie 'n beleid van afsonderlike skole vir swart leerlinge versnel (RGN-ondersoek na die onderwys 1981: 29).

Namate die koloniale en republikeinse regerings meer en groter bydraes ten behoeve van die onderwys vir swart mense gelewer het, het die owerheid sekere vereistes by die opstel van leerplanne en die formulering van die voertaalbeleid begin stel. 'n Kursoriese oorsig van die voertaalbeleidsrigtings en -praktyke van die koloniale en republikeinse regerings toon aan dat teen 1900 in al die gebiede aan Engels as vak en as voertaal 'n prominente posisie toegeken is, en dat behalwe Natal (waar onderrig in Zoeloe vanaf 1885 vir alle leerlinge soos reeds aangedui, voorgeskryf is) betreklik weinig aandag aan die onderrig van die moedertaal as vak gewy is.

It was the aim of the teachers to use English as the medium of instruction as early and as fully as possible, and to devote a great part of their energies to the instruction of English as a subject (Helm 1979: 167-9; vgl ook Hartshorne 1986: 86; Rose & Tunmer 1975: 189).

Die Skoolraadwet van 1905 het wetlike diskriminasie op grond van kleur in die onderwys van die Kaapkolonie ingevoer. Die wetgewing het verreikende belemmeringe vir die voortgesette onderwys van gekleurde leerlinge (bruin mense) ingehou. "Consequently, demands for equal education with whites formed a prominent and enduring feature of organised Coloured political agitation" (G Lewis soos aangehaal deur Willemse 1994: 156).

In 1908 het 'n Gekose Komitee op Naturelle Onderwys in die Kaapkolonie onder andere voorgestel dat "the language of the pupils" in ag geneem word. Daar is voorgestel dat die moedertaal tot en met stander vier gebruik moet word, met Engels en Hollands as die medium van onderrig in die vroeë stadia van onderrig (Horrel 1963: 14, 15).

Sommige sendelinge het, in hulle poging om evangelisasiewerk te bevorder, die Bybel of dele daarvan en ander boeke in die moedertaal, dit wil sê die Afrikataal, vertaal en in die skool gebruik (Helm 1979: 167-9). Begrypklikerwys het die sendelinge dikwels pionierswerk gedoen met die vertaling van elementêre spelreëls en woorde-lyste. Dit het daartoe bygedra dat die moedertaal van etlike swart volke tot skryftaal ontwikkel het (RGN-ondersoek na die onderwys 1981: 28). Die grootste bydrae tot die opvoeding van swart mense in hierdie periode voor die ABO was die skepping van 'n skryftaal vir

byvoorbeeld Noord-Sotho, ook foutiewelik bekend as Pedi (Pedi is een van die dialekte van Noord-Sotho), en vir Wes-Sotho, naamlik Tswana. 'n Begin is ook met Venda gemaak. Die NG en Engelse sendinggenootskappe het gebruik gemaak van die boeke deur Franse sendelinge in die destydse Basoetoland (Lesotho) uitgegee, en het dus geen bydrae tot die ontwikkeling van die noordelike dialekte as literêre taal gelewer nie (Bot 1951: 155).

Die eerste onderwyswet in Transvaal in 1903 maak onder andere voorsiening vir die onderwys van swart en bruin leerlinge. Die regering het 'n "Skema" vir swart onderwys uitgevaardig. Die doel van die "Skema" was onder andere

[t]o give instruction in the ordinary mission school in the elements of speaking, reading and writing the English language, [...] up to the stage corresponding to Standard III.

Sendinggenootskappe wat hierdie "Skema" aanvaar het en buitendien onderneem het om die pligte wat die sending-superintendente van skole neergelê het na te kom, het toelaes ontvang (Bot 1951: 158; vgl ook Steyn 1993: 40). Die NG Kerk (wat in die republikeinse tyd heelwat sendingwerk in Transvaal gedoen het) en die Duitse sendinggenootskappe, het die regeringsplan teengestaan, hoofsaaklik omdat die Afrikatale as vak en onderrigmedium weggelaat is. Die Departement het egter beslis dat daar in die vroeë stadium van die swart leerling se skoolloopbaan 'n mate van vryheid ten opsigte van die onderrigmedium toegestaan kan word, maar dat

for the sake of uniformity and 'to meet the desires of the Natives', English should be the medium of instruction as soon as the pupils could follow instruction in it (Behr 1971: 387).

Die toestand in die gewese republieke was, samevattend: "English was given the same prominent position both as subject and as medium as it had in the older Colonies" (Behr 1971: 387). Die Hermannsburg Lutheraanse sendinggenootskap het in dieselfde periode geweier om 'n regeringsubsidie te ontvang omdat die moedertaal as vak en as medium uit die amptelike kurrikulum weggelaat is. Die Berlynse Lutheraanse sending by Botshabelo (naby Middelburg in Transvaal) het byvoorbeeld gedurende die Milner-periode in Transvaal 'n driejaar-kursus ingestel (waarvoor hul geen subsidie ontvang het nie) wat

gevolg het na die standaard tweejaaronderwys-opleidingskursus waarin die moedertaal (in hierdie geval Noord-Sotho) 'n medium van onderrig was (Hartshorne 1986: 85) Die NG Kerk het oor die algemeen dieselfde gedoen (Steyn 1993: 40). Onder die Kroonkolonieregering in 1903 is die beginsel van aparte skole vir wit en swart leerlinge verskans. Om toelig te kon uitoefen op die werk van die sendingskole het die Kroonkolonie van Transvaal in 1904 'n subsidieskema in werking gestel. Engels sou die verpligte medium van onderrig wees. Versoeke van die Duitse en die NG sendinggenootskappe om die moedertaal van die swart leerlinge as medium toe te staan, is deur die Onderwysdepartement van Transvaal geweier, omdat uniformiteit wenslik geag is en ook omdat die swart mense Engels verkies het. Genoemde sendinggenootskappe het besluit om die skooldag te verleng om tyd te vind vir onderwys in die moedertaal (Bot 1936: 161).

Na Transvaal Verantwoordelike regering ontvang het, is die skeiding tussen swart en wit leerlinge in skole verskans in Onderwyswet nr 25 van 1907 (Behr 1971: 387). Die leerplan van swart mense na 1907 in Transvaal was Engels-georiënteerd. Die voertaal moes tot standaard twee die moedertaal wees en geleidelik moes die amptelike taal van die omgewing ingevoer word. Die gevolg was dat in die sendingskole Engels as voertaal verkies is (Snyman 1951: 346, 383; vgl ook Bot 1936: 161).

Dit is moeilik om vas te stel hoeveel aandag daar in die OVS en Transvaal aan die Afrikatale gewy is. Dr J Brebner, Inspekteur van Onderwys in die Vrystaat, het in 1893 na besoeke aan die swart skole van Witsieshoek en Thaba 'nchu (wat soos 'n sendingskool by Bethanie 'n geringe bydrae ontvang het van 'n regering wat oor min fondse beskik het) soos volg berig: "In 't algemeen wordt weinig aan Hollandsch gedaan. Op al de Zendingscholen wordt te veel aan Engelsch gedaan, en te weining of niets aan Hollandsch" (Steyn 1993: 37). In 1896 het 'n ander inspekteur soos volg oor Witsieshoek berig: "Lezen, Sesuto, tamelijk. Andere vakken onvoldoende. Hollandsch lezen tamelijk" en oor Thaba 'nchu: "Hollandsch lezen gebrekkig. Engelsch lezen beter" (Steyn 1993: 37). Na die ABO het skole onder sendinggenootskappe in die ORK onder andere Engels, Hollands en Afrika-tale ingesluit (Behr 1971: 388).

Dit is onduidelik wat die voertaal en medium van onderrig was by die twee skole vir bruin mense (Philippolis (1823) en Bethanie) wat in die vroeë Transoranje (die periode voor die Oranjerivier Soewereiniteit) gestig is. Gedurende die ORK na die ABO was Engels waarskynlik die voertaal en medium van onderrig by die “kleurlingskool” in Bloemfontein wat onder die beheer van die Anglikaanse Kerk gestaan het. Bruin leerlinge het tot in die twintigerjare dieselfde skole as swart leerlinge besoek en was onderhewig aan dieselfde wette (Provinsie Oranje-Vrystaat 1951: 355.)

Die eerste skole vir Indiërs in Suid-Afrika wat ook deur die beoëienis van Christelike sendinggenootskappe begin is, het in 1869 geopen, en het Engels as onderrigmedium en voertaal gehad (Behr 1978: 233; vgl ook Malherbe 1977: 566).

Die swart moedertaal het dus voor 1910 nie ’n belangrike rol as onderwysmedium en skoolvak in die onderwys van die swart volke in Suid-Afrika gespeel nie. In teenstelling met die toegevoegde (additive) tweetaligheidbenadering waar die onderrig in die moedertaal begin en ’n tweede taal later toegevoeg word, het swart skole oor die algemeen die afnemende (subtractive) tweetaligheidsbenadering gevolg deurdat daar ook begin is met die onderrig in die moedertaal, maar mettertyd is die Afrikataal deur Engels as enigste medium van onderrig vervang (*Informa* 2001; vgl ook Skuttnabb-Kangas 1995: 102).

2.6 Opleiding van onderwysers, 1652-1910

2.6.1 Wit onderwysers

Die opleiding van wit onderwysers in die Kaapkolonie in die vroeë veertigerjare van die negentiende eeu het aan ’n opleidingskool (normaalskool) vir onderwysers, Normal Seminary, in Engels geskied (Cilliers 1953: 59). Engels is as vereiste gestel, terwyl daar geen melding van Hollands gemaak is in die bepaling vir kwekelingonderwysers in 1866 nie. Oor die jare is onderwysers van Brittanje ingevoer (Cilliers 1953: 84). Die Elementary Teachers Diploma (Elementêre Onderwysdiploma) wat in 1873 ingestel is, het onder andere aan onderwysers die reg verleen tot die gee van onderwys in plaas- en sendingskole waar Engels verpligtend gemaak is, terwyl Hollands nieverpligtend met ’n Afrikataal gelykgestel is (Du Toit 1979: 88; vgl ook Malherbe 1925:

147). L Dale, Superintendent van Onderwys, het ook in 1874 heelwat ontevredenheid verwek toe hy 'n program vir eksamens vir skoolsertifikate opgestel het waaruit Hollands uitgesluit was, terwyl Engels 'n verpligte vak gemaak is. Die leerplan is deur Muir hersien en die vierjarige kursus het nou ook Hollands ingesluit (Coetzee 1958: 81).

'n Regulasie van 1863 in die OVS het onder andere bepaal dat onderwysers tweetalig (Hollands en Engels) moes wees (Malherbe 1925: 358). 'n Stelsel vir 'n driejarige opleiding van kwekelingonderwysers aan die Grey-kollege en die Dames-instituut (Eunice) is in 1872 in die lewe geroep. Die vakke hier sou onder andere Hollands en Engels wees (Coetzee 1958: 133; vgl Provinsie Oranje-Vrystaat 1951: 269). Om die ernstige tekort aan leerkragte in die OVS die hoof te bied, het pogings om onderwysers uit Europa te trek vanweë taalmoeilikhede, op niks uitgeloop nie. Die Vrystaat was dus genoodsaak om deurentyd op Engels-opgeleide en -georiënteerde onderwysers uit die Kaapkolonie terug te val. Dit het Hollands in die onderwys ondermyn (Coetzee 1958: 140).

Na die ABO was die beleid van die Kroonkolonieregering in die ORK om die bevolking te verengels. Dit was dus te verwagte dat die medium van onderrig by die onderwyskollege (Normaalkollege) uitsluitlik deur medium van Engels sou wees (Provinsie Oranje Vrystaat 1951: 270; vgl ook Behr 1978: 276; Behr 1988: 159). Mej E M Firks, hoof van die inrigting, het opgemerk: "By their own choice the students speak nothing but English, even in their hours of recreation" (Coetzee 1958: 153). Engelse onderwysers is uit alle dele van die Britse Ryk ingevoer en meestal is die hoofskap van 'n skool aan sodanige persoon toegeken. By die inwoners van die ORK het dit heftige teenkanting uitgelok, maar vir 'n hele aantal jare is daarmee in die praktyk volhard. Tussen 1903 en 1906 is 76 onderwysers van oorsee ingevoer (Coetzee 1958: 149, 152). Die Rangskikking van Skole en Onderwyswet van 1910 het onder andere vereis dat 'n streng tweetaligheid-toets by die eksamens afgelê word (Coetzee 1958: 153).

Al was die Suid-Afrikaanse Republiek 'n Boererepubliek met heelwat Engelse inwoners, soos reeds vermeld, is die nodige aandag aan die onderwys van Engelse gegee. Reeds in die Reglement vir die Algemene Skoolkommissie (1866) is voorsiening gemaak dat by die aanstelling of rangtoekenning van onderwysers voorkeur gegee sou

word aan tweetalige onderwysers, en dat op regeringskole waar reeds 'n Hollandse onderwyser was, ook nog 'n tweede benoem sou word vir Engels. Onder president Burgers het die Engelse onderwys voortgeduur om sy hoogtepunt gedurende die jare van die eerste anneksasie te bereik (Coetzee 1958: 274; vgl ook Malherbe 1925: 231; Barnard 1979: 66). Wet nr 14 van 1896 het Mansvelt, die Superintendent van Onderwys in Transvaal, in staat gestel om 'n groot aantal onderwysers van Nederland af in te voer wat hulle in kompetisie geplaas het met die Hollands- (Suid-Afrikaans-)gebore onderwysers (Aucamp 1926: 134; Malherbe 1925: 273; Basson 1944: 32). In 1899 is van Transvaalse onderwysers verwag dat hulle 'n deeglike kennis sou hê van Engels en 'n sertifikaat nadat hulle 'n tweetaligheidseksamen deurgekomp het (Malherbe 1925: 284). Soos in die ORK is van 1902 meer as 200 onderwysers(esse) uit Groot-Brittanje en ander dele van die Britse Ryk ingevoer (Coetzee 1958: 276). Hierdie onderwysers se doel was onder andere "to win over the young generation of Dutch Afrianders to the English way of thought and speech" en moes hulle onder die indruk bring van "the greatness of the English Imperial Idea". Toelating tot die eerste onderwyskollege in Pretoria het onder andere "a fair standard of proficiency" in English vereis (Behr 1988: 156, 157).

In Natal is daar in 1853 van onderwysers verwag om behalwe die klassieke tale ook 'n kennis van Hollands en Frans te hê terwyl Engels nie genoem word nie. Die eksamen is waarskynlik deur medium van Engels gedoen (Steenkamp 1941: 45). Later, in die laat vyftigerjare, is van onderwysers by die rondgaande skole verwag dat hulle kennis moet hê van beide Hollands en Engels (Steenkamp 1941: 94). Geleidelik is eentalige Engelse onderwysers ook in rondgaande skole aangestel (Steenkamp 1941: 119). Ordonnansie nr 2 van 1889 het geld beskikbaar gestel vir die doseer van Hollands en daar is in die Kaapkolonie geadverteer vir onderwysers wat Hollands kon doseer (Steenkamp 1941: 172). Die probleem in Natal in die jare negentig en daarvoor was dat daar nie alleen 'n gebrek aan onderwysers was wat Hollands kon doseer nie, maar dat sodanige onderwysers, indien hulle wel gevind kon word, al die kinders, dit wil sê beginners en gevorderde leerlinge wat Hollands as vak gekies het, in een klas moes onderrig (Steenkamp 1941: 191). Tot 1904 het die meeste onderwysers vir Natal uit Engeland en Skotland gekom (Coetzee 1958: 231;

vgl ook Steenkamp 1941: 104, 105; Behr 1988: 159). Die opleiding van die onderwysers was uit die aard van die saak deur medium van Engels en die kandidate Engelssprekend (Beylefeld 1986: 78).

2.6.2 Swart onderwysers

Teen die einde van die negentiende eeu het Lovedale, Healdtown, Zonnebloem en die Wesleyaanse Kollege swart onderwysers in die Kaapkolonie opgelei. Hulle het onder meer Engels geleer en 'n Afrikataal wat aan hulle 'n Derdeklassertifikaat besorg het (Pells 1954: 133). In 1906 het die meeste van die onderwysers in die Kaapkolonie Engels as medium van onderrig gebruik terwyl baie nie in staat was om dié taal te besig nie. Ds J Henderson wat dr Stewart as hoof van Lovedale-kollege opgevolg het, was van mening dat kennis van Engels essensieel was, maar dat indien dit nie goed begryp is nie, dit nie gebruik moes word as medium van onderrig in vakke wat 'n opvoedkundige waarde het of wat ingestel is om die redeneervermoë van leerlinge te bevorder nie (Horrel 1963: 14, 15).

Ten einde die vergunning betreffende die onderrig van Bybelgeskiedenis en die Afrikatale, wat so 'n taai stryd in Transvaal ontketen het, ten volle te benut, het die Berlynse sendinggenootskap die kursus in Botshabelo met 'n jaar verleng en studente verplig om in die Afrikatale te spesialiseer. Terselfdertyd is aandag aan die opleiding van die onderwysers gegee om dié nuwe uitdaging die hoof te bied (Bot 1951: 160). In 'n regeringskennisgewing van 1 Desember 1905 onder die Kroonkolonie regering in Transvaal het die sillabus vir swart onderwysers onder andere bepaal dat Engelse spraak, grammatika, lees, komposisie en spelling ingesluit word (Behr 1971: 386). Deel van die "Skema" wat die Kroonkolonie regering van Transvaal uitgevaardig het vir swart onderwysers in Transvaal het onder meer ingesluit "instruction in English and other elementary subjects up to a stage corresponding to Standard VI". Die Duitse en NG sendinggenootskappe het besliste teenstand teen hierdie regeringskema gebied, hoofsaaklik omdat geen voorsiening vir die onderrig in Afrikatale gemaak is nie. Hulle het gemeen dat hierdie versuim nie alleen nadelig vir die Afrikatale was nie, maar ook vir godsdiensonderrig omdat die moedertaalmedium hiervoor onontbeerlik was (Bot 1951: 159).

2.7 Slotsom

In die Hollandse tyd was daar aanvanklik slegs Hollandse enkelmediumskole aan die Kaap, met Hollands as enigste voertaal volgens 'n VOC-Besluit (Seksie 46). In 1806 met Engelse okkupasie is getrag om Engels as enigste amptelike taal in te stel. Die enkelmedium Hollandstalige skole is met hoofsaaklik Engels enkelmediumskole vervang. In reaksie is Hollandse privaat skole gestig. Aanvanklik het die stryd in die Kaapkolonie in die skole gegaan oor die erkenning en insluiting van Hollands as vak aan die Engelse skole. Die reg van ouers om die medium van onderrig te kies, is gevestig. Inmiddels is die stryd by die primêre skole om toelating van Hollands as voertaal gevoer en die erkenning daarvan in die middelbare onderwys. Deurdat die Hollandssprekende meerderheidsgroep aktief opgetree het teen beperkende maatreëls onder Engelse koloniale regering, het 'n tradisie van taalaktiwisme en -agitasie ontwikkel. Dit het geleidelik vrugte afgewerp en in 1882 kon Hollands naas Engels in primêre skole gebruik word. Nogtans is Hollands as vak en as medium verwaarloos. In 1892 het ouers die reg verkry om die medium van onderrig vir hul kinders te kies. Eers as gevolg van die oplewing van nasionalisme na die Anglo-Boereoorlog was daar groot bedrywigheid om Hollands op skool tot sy reg te laat kom.

Ten spyte daarvan dat Hollands die enigste amptelike taal in die twee Boererepublieke was, het dit nooit werklik tot sy reg gekom nie en het Engels dominant in die skoolwese gebly. As teenreaksie op angliseringspogings na die ABO is CNO-skole gestig wat mettertyd verdwyn het. Alhoewel die Hertzog- (1908) en Smutswet (1907), onderskeidelik van die Oranjerivierkolonie (ORK) en Transvaal, heelwat ooreenkomste toon, het die beginsel van moedertaalonderrig vanweë generaal Hertzog se besliste houding meer tot sy reg in die ORK gekom. Die kern van die twee wette het grootliks bly voortbestaan tot 1953. In Natal is Hollands as vak en medium van onderrig grootliks geïgnoreer deur sowel die owerheid as die ouers wat min praktiese waarde in die aanleer van dié taal gesien het.

Dieselfde tradisie van aktiwisme teen beperkende taalmaatreëls wat gaandeweg onder die wit mense ontwikkel het, het eers in die vroeë dertigerjare van die twintigste eeu onder die swart bevolking ontwikkel.

Grondlegging van uniale en provinsiale onderwyswetgewing, 1910-1926

Die Nasionale Konvensie, die liggaam wat in 1908 en 1909 byeengeroep is om die staatkundige besonderhede van die amalgamasie van die vier staatkundige gebiede onder Britse beheer in Suid-Afrika uit te pluus, het onder andere besin oor taalbeleid. Vanweë die belangrikheid van die taalvraagstuk in Suid-Afrika, omdat dit tot die eerste Uniale wetgewing gelei en die grondslag gelê het van alle latere bepalinge in verband met die taal- en die mediumkwessie en ook omdat die eerste taaldebat in die Unie Parlement die houding van die Engelssprekende, en die weerstand van die Afrikaanssprekende van destyds weerspieël, word dit, tesame met die besluite van die Gekose Komitee van 1911 breedvoeriger onder die loep geneem. Die Kaapprovinsie (voormalige Kaapkolonie), Vrystaat (voormalige ORK) en Transvaal en later Natal het in die volgende paar jaar nuwe ordonnansies aangeneem wat hul taalreëlins vir die primêre en middelbare onderwys gegrond het op die verslag van dié 1911-Komitee. Die vervanging van Hollands met Afrikaans in wetgewing en die gevolge daarvan in die onderwys word gedek.

3.1 Nasionale Konvensie en Gekose Komitee

Na vertoë van beide genl J B M Hertzog en pres M T Steyn het die Nasionale Konvensie wat die grondwet vir die beoogde Unie van Suid-Afrika moes opstel (in 1908 en 1909) die twee tale, Engels en Hollands, as gelyk en gelykwaardig in artikel 137 van die Zuid-Afrika-wet (Suid-Afrika-wet) van 1909 erken (Cilliers 1953 172; vgl ook Steyn 1993: 45; Steyn 1980: 188). Daar is gedurende die Nasionale

Konvensie ooreengekom dat die term “Hollands” gebruik sou word “omdat daaronder sowel Afrikaans as Nederlands verstaan word”, soos generaal Hertzog dit (in 1925) in die Parlement gestel het (Steyn 1993: 49). In die Wet (nr 53) van 1909 lui artikel 137 so:

De engelse alsmede de hollandse talen zijn officiële talen van de Unie. Zij worden op een voet van gelijkheid behandeld en bezitten en genieten gelijke vrijheid, rechten en voorrechten. Alle akten, verslagen en verrichtingen van 't Parlement worden in beide talen gehouden en alle wetontwerpen, wette en kennisgevingen van algemeen publiek gewicht of belang door de Regering van die Unie uitgegeven, zijn en geschieden in beide talen (*Buitengewone Staatskoerant* 31 Mei 1910; Coetzee 1952: 83).

Daarmee was die eerste fase van die taalstryd as 'n Uniale aangeleentheid, naamlik die erkenning van taalgelykheid en tweetaligheid afge-loop. Die tweede fase, naamlik die praktiese toepassing van hierdie reg, het toe gevolg.

Die Unie van Suid-Afrika-wet (1909) het die voormalige vier kolonies in provinsies onder 'n sentrale regering, die Parlement van die Unie van Suid-Afrika, verander. Die provinsies het gedeeltelike plaaslike kontrole in sekere sake gehad. Hierdie kontrole was gesentreer in die Provinsiale Rade. Volgens artikel 85(iii) van die Suid-Afrika-wet sou die provinsiale owerheid die onderwys — hoër onderwys uitgesonder — vir 'n tydperk van vyf jaar beheer en so lank daarna as wat die Parlement besluit. Hierdie mag aan die provinsies verleen, is nooit teruggetrek nie en is verskans in die Republiek van Suid-Afrika-wet (nr 32 van 1961) (Behr 1978: 21; vgl ook Coetzee 1952: 83). Die geskeide kontrole het daartoe gelei dat elke provinsie sy eie besluite geneem het en dat na Uniewording die vier provinsies betreklik vrye seggenskap oor primêre en middelbare onderwys behou het. In een opsig moes die provinsies egter hul onderwyswetgewing in ooreenstemming bring met die Suid-Afrika-wet, naamlik taal (Steyn 1993: 65). Die provinsies moes aanvanklik ook die verantwoordelikheid dra vir die onderwys van die swart mense tot 1954, bruin mense tot 1963 en die Indiërs tot 1965. Vir al vier hoofgroepe is sover moontlik afsonderlike onderwys en eie skole voorsien (Heyns 1984: 331).

Die Engelssprekendes was oor die algemeen nie gediend met besluite van die Konvensie in taalverband nie, en by die eerste Volksraadsverkiesing was die taalvraagstuk op skool 'n ernstige geskilpunt.

Op grond van die ontevredenheid van Engelssprekendes teen die taalbesluite van die Nasionale Konvensie, het die Minister van Onderwys, F S Malan, op 2 November 1910 die vier administrateurs van die provinsies genader in verband met die provinsiale onderwyswetgewing om vas te stel wat die posisie in elke provinsie is, in hoeverre dit in ooreenstemming met die beginsel van artikel 137 van die Grondwet is, en hoe dit in geval van afwyking verbeter kan word. Daar is ooreengekom op die volgende fundamentele beginsels: absolute gelykheid van die twee tale volgens artikel 137, wat in die onderwys beteken dieselfde geleentheid om albei as vak te leer en as medium te gebruik; die algemene begeerte by ouers dat hulle kinders albei tale goed sal leer; regstreekse nóg onregstreekse verpligting vir enige leerling ten opsigte van die taal óf die medium; sover moontlik onderwys deur middel van die taal wat die kind die beste praat en verstaan. Oor die beginsel van nieverpligting was hulle dit dus eens (Cilliers 1953: 172).

Ter praktiese uitvoering van hierdie beginsels is op 'n onderwyskonferensie van onderwyshoofde van 15-22 November 1910 die volgende aanbeveel:¹

- Voertaal
 - Om die belemmering van opvoedkundige vordering en ontwikkeling te voorkom, moet die taal wat die kind die beste praat en verstaan, indien prakties uitvoerbaar, die voertaal wees en bly;
 - die tweede taal mag egter op aanbeveling van die plaaslike bestuur en met die goedkeuring van die Departement geleidelik as bykomende voertaal ingevoer word, mits die betrokke ouers daarmee tevrede is;
 - die standerd waarin die tweede voertaal ingevoer word en die verskillende vakke wat daardeur in elke standerd onderwys moet word, sal deur Departementele regulasies vasgestel word op voorwaarde dat dit sover moontlik in ooreenstemming met die ouers se begeertes sal wees;
 - minderheidsgroepe moet sover moontlik tegeroet gekom word.

1 Daar is onderskei tussen die taal as voertaal en as vak.

- Taal as vak:

In elke openbare skool moet daar voldoende voorsiening gemaak word vir die onderwys van albei tale as vak, en elke kind moet albei leer, behalwe dat 'n leerling van een van die twee vrystelling kan verkry op skriftelike versoek van die ouers.

- Onderwysers:

Geen onderwyser sal gepenaliseer word weens gebrek aan kennis van die tweede taal nie mits die leerkrag andersins sy pligte bevredigend nakom (Cilliers 1953: 172).

Twee dae na afloop van hierdie Onderwyskonferensie is die saak in die Parlement te berde gebring deur kolonel C P Crewe, Unioniste-lid van Oos-Londen. Hy het 'n aanval op generaal Hertzog se dubbelmedium-onderwyswet (van 1908) geloods en so aanleiding gegee tot die eerste belangrike taalstryd in die Volksraad (Steyn 1993: 65; vgl ook Cilliers 1953: 173). Die Eerste Minister het daarop 'n Gekose Komitee benoem onder voorsitterskap van Minister F S Malan om die onderwysstelsel van die vier provinsies te ondersoek: 1) Of hulle in ooreenstemming met artikel 137 van die Suid-Afrika-wet is, 2) of hulle enige verpligting het ten opsigte van die twee tale as vak en as voertaal, en 3) om in geval van afwyking die nodige aanbevelings te maak, met volle inagneming van die regte van die Provinsiale Rade kragtens die Grondwet (Cilliers 1953: 172, 174).²

Aangesien die Gekose Komitee nie eenstemmigheid kon bereik nie, is uiteindelik 'n minderheids- en 'n meerderheidsverslag uitgebring (Basson 1944: 63). Die verslag van die Komitee bestaan uit twee dele bevindings en aanbevelings. Generaals Hertzog en Beyers het hul respektiewelik by die meerderheids- en minderheidsverslag geskaar.³ Die aanbevelings van die meerderheidsverslag behandel die leerlinge en die onderwysers apart. Wat die opvoedkundige belange van die kinders betref, lê die Komitee die volgende beginsels neer vir die gebruik van die twee tale: In die substanderds en laer standerds sal die moedertaal in die reël as voertaal geld, maar die ouers mag

2 Vgl ook Coetzee 1952: 83; Steyn 1993: 65; Basson 1944: 62, 63; Botes 1941: 58.

3 Vir meer besonderhede oor die minderheidsverslag vgl Basson 1944: 64; vir 'n volledige uiteensetting van die Gekose Komitee, vgl Cilliers 1953: 174-82.

versoek dat die ander taal onderrig word en geleidelik as voertaal ingevoer word om dan die tweede voertaal te word; bo standerd vier moet voorsiening gemaak word vir die onderrig van albei tale sodat die ouers een van die twee as vak en die ander een as die enigste voertaal mag kies, of albei as vakke en as medium. Indien die ouers geen keuse uitoefen nie, sal die kind deur sy moedertaal onderrig word en sal die tweede taal sover doenlik onderrig word as vak en gebruik word as voertaal (Coetzee 1952: 92).

Die Komitee onderskei tussen drie tipes skole, naamlik: die gemengde primêre skool tot standerd vier, en bokant standerd vier moet voorsiening gemaak word vir oorwegend Engelsmediumskole; oorwegend Hollandsmediumskole; en dubbelmediumskole.

Vir die gemengde primêre skool tot standerd vier beveel die Komitee aan:

- parallelklasse waar die skoolorganisasie dit toelaat;
- verpligte parallelklasse in alle gevalle waar die minderheidsgroep minstens 15 beloop; en eers dan, as laaste alternatief;
- onderwys deur tweetalige onderwysers, dit wil sê gesamentlike dubbelmediumklasse, in gevalle waar ander voorsiening nie moontlik is nie.

Met ander woorde tot standerd vier sou die reël gesamentlike skole wees, maar aparte klasse sover moontlik, om moedertaalmedium vir elke taalgroep te verseker.

Bokant standerd vier moes daar vir drie soort skole voorsiening gemaak word:

- oorwegend Engelsmediumskole;
- oorwegend Hollandsmediumskole; en
- dubbelmediumskole waar Engels die voertaal in party vakke en Hollands die medium in ander vakke sou wees.

In hierdie aparte enkelmediumskole bokant standerd vier moes vir minderheidsgroepe wat moedertaalonderwys eis en vir wie daar glad geen ander skool bekombaar was nie, voorsiening gemaak word deur middel van parallel- of dubbelmediumklasse soos by skole tot by standerd vier, behalwe dat die minimum hier tien leerlinge sou wees in plaas van vyftien.

In die geval van dubbelmediumskole sou die plaaslike bestuur, met inagneming van die wense van die ouers en die leerling se opvoedkundige belange, en onderworpe aan die goedkeuring van die Departement, bepaal watter en hoeveel vakke deur Engels en Hollands onderskeidelik onderrig sou word. Vir moontlike minderhede wat uitsluitlik moedertaalonderwys wou hê, moes op dieselfde manier as in 3) voorsiening gemaak word.

'n Redelike oorgangstyd van drie jaar is toegelaat waarin die veranderinge geleidelik ingevoer kon word in ooreenstemming met die opvoedkundige belange van die kind.

Waar daar enige twyfel bestaan omtrent die kind se moedertaal, moes die hoofonderwyser die ouers raadpleeg wie se beslissing finaal sou wees.

Die Departement moes toesien dat hierdie bepalings oral uitgevoer word en sou die mag hê om uitspraak te gee by geskilpunte. Verder sou Engels en Hollands die voertaal onderskeidelik in dié twee vakke wees, behalwe dat die leerling se moedertaal om opvoedkundige redes as hulpmedium gebruik kon word, en die skoolinspeksie en -eksamens moes in ooreenstemming met hierdie aanbevelings plaasvind en sodanig wees dat hulle dieselfde peil van albei tale verseker (Cilliers 1953: 181; vgl ook Coetzee 1952: 92, 94; Shingler 1973: 121).

Op voorstel van die Minister van Onderwys is die meerderheidsverslag van die Gekose Komitee op 24 April 1911 deur die Parlement aanvaar. In die ontwerpverslag was daar sprake van die aanname van die wetsontwerp deur die Parlement om die provinsies te verplig om die aanbevelings uit te voer. In die finale verslag is egter hiervan afgesien grotendeels op grond van genl. Hertzog se standpunt, gegrond op artikel 85(iii) van die Grondwet. Genl Hertzog se standpunt was dat die Parlement geen onderwyswette vir die provinsies mag maak nie. Die Parlement het dus besluit om die Provinsiale Rade se aandag te vestig op die aanbevelings van die meerderheidsverslag soos aanvaar deur die Parlement en om die provinsies te vra om die wenslikheid te oorweeg om hulle onderwysordonnansies in ooreenstemming met die aanbevelings te bring (Coetzee 1952: 94). Elke provinsie het op unieke wyse aan die aanbevelings van die Unieregering gestalte gegee. Oor die algemeen was die taalbenadering in die onderrig dié van toegevoegde (additive) tweetaligheid. Daardeur is die moedertaal

as basis vir die leerling se skoolloopbaan gebruik en die tweede taal so spoedig as moontlik op verskillende stadia van die primêre skoolloopbaan in die onderskeie provinsies ingevoer (*Informa* 2001; vgl ook Skutnabb-Kangas 1995: 102; Garcia 1997: 408).

Die Vrystaat (die voormalige Oranjerivierkolonie), Transvaal en Kaapprovinsie (Kaapkolonie) het spoedig gereageer op die versoek van die Unieregering en het met onbeduidende byvoegings die aanbevelings van die Gekose Komitee se meerderheidsverslag in hulle ordonnansies vertolk (Coetzee 1952: 94; vgl ook Aucamp 1926: 152). Met Natal buite rekening, het die taalordonnansies van die ander drie provinsies in beginsel in een essensiële opsig van genl Hertzog se ideaal afgewyk. Genl Hertzog was beslis ten gunste van die gemengde skool en van dubbelmediumonderwys bo standerd vier. Die provinsiale ordonnansies spreek hulle uit vir die enkelmediumskole, en gevolglik teen die sogenaamde gemengde skool. Die gevolg was dan ook dat eerlandk orals Hollands- (later Afrikaans-), en Engelsmediumskole ontstaan het met, volgens genl. Hertzog, die noodlottige gevolg dat Engels- en Afrikaanssprekende (vgl p 4 vir Afrikaanssprekende/Hollandssprekende) kinders in twee kampe geskei is (Coetzee 1952: 95).

3.2 Kaapprovinsie

Die Kaapprovinsie het die aanbevelings van die verslag van die Gekose Komitee geïmplementeer. Op 16 September 1911 is die nuwe ordonnansie, die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie, nr 11 van 1912 — “[t]o provide for the Teaching and Use of the English and Dutch Languages in Public Schools” — deur die Kaapprovinsie bekragtig (Cilliers 1953: 183; vgl ook Coetzee 1952: 94; Aucamp 1926: 152; Du Toit 1975: 100). Artikels 2 en 3 daarvan behandel die taal as medium, artikels 4 en 5 die taal as vak, artikels 11 en 12 die taalkwalifikasies van onderwysers, en artikels 6-10 organisatoriese sake in verband met die toepassing van die bepalings by eksamens, inspeksie, en so meer (Cilliers 1953: 183).

Die Taalordonnansie van 1912 was die eerste onderwyswetgewing van die Kaapprovinsie wat vir die positiewe gelykheid tussen die twee tale voorsiening gemaak het en Hollands nie alleen toegelaat het nie, maar ook verpligtend gemaak het in die onderwys. In die praktyk het dit van Departementsweë af uitgeloop op die instelling

van veral parallelmediumskole, maar die ordonnansie het tegelykertyd ook positiewe voorsiening gemaak vir die latere stigting van enkelmediumskole (Cilliers 1953: 219).

Die Onderwyskommissie van 1915 (die verslag is eers in 1917 uitgebring) onder voorsitterskap van professor Moorrees om die invoering en handhawing van Taalordonnansie nr 11 van 1912 in die Kaapse skole te ondersoek, het bevind dat daar nie sprake was van 'n daadwerklike poging tot stelselmatige invoering van die wetgewing na die grasietydperk van drie jaar nie. Die posisie van moedertaalmedium vir Hollandssprekende (Afrikaanssprekende) leerlinge was veral ongunstig in die hoër klasse, want in substanderd A was dit 45% en in standerd ses maar 15% (Du Preez Van Wyk 1947: 168, 169). Slegs een-derde van die skoolrade het die Ordonnansie uitgevoer, en dan slegs gedeeltelik. Dit was duidelik dat die Ordonnansie wat Engels betref feitlik uitgevoer was, aangesien slegs 0.61% Engelssprekendes deur Hollandmedium onderrig is, terwyl die Afrikaanssprekende leerlinge daarenteen tot standerd vier beswaarlik een-derde uitsluitlik moedertaalonderwys geniet het nie. Wat die posisie bokant standerd vier betref, verklaar die Kommissie dat

[i]n the great majority of our schools English has remained the sole medium for those children in all subjects, except in the teaching of the Dutch language itself, in which case — if we include certain purely English centres — the language that is being taught is, generally speaking, used as medium (Cilliers 1953: 188, 189, 191).

Die Kommissie noem dan onder andere van die volgende redes wat die in- en uitvoering van die Ordonnansie bemoeilik en vertraag het: onverskilligheid en selfs positiewe teenkanting van Afrikaanssprekende ouers; gebrek aan tweetalige onderwysers; gebrek aan Hollandse skoolboeke; gebrek aan simpatie by onderwysers en inspekteurs; die algemene houding van minagting en openlike veragting van die kant van een gedeelte van die bevolking, van die staat en sy amptenare, die sake-wêreld en professies (Cilliers 1953: 191; vgl ook Steyn 1993: 66; Du Preez Van Wyk 1947: 168, 169). Die geskiedkundige feit was dat die Engelssprekende hierdie maatreëls tot verpligte tweetaligheid en moedertaalonderwys konsekwent heftig bestry het (Cilliers 1953: 183).

Die 1915-Kommissie wys voorts op die opvoedkundige gesonde beleid van moedertaalonderwys in die aanvang- en selfs latere stadiums

van onderwys, en het aangetoon dat Engels nie sal ly deur die toepassing van die Ordonnansie nie, maar eerder bevorder sal word. Omtrent aparte enkelmediumskole is die Kommissie van mening dat "from a purely educational point of view this is perhaps the ideal solution" aangesien dit die saak van sowel die onderwysers as die leerlinge vergemaklik (Cilliers 1953: 191). Tog is die Kommissie huiwerig om aparte enkelmediumskole aan te beveel. Die stelsel van parallelklasse is goedkoper en meer prakties alhoewel dit ook probleme oplewer omdat dit lei tot ongesonde groeperinge. Die Kommissie is egter ook beslis teen dubbelmediumonderwys omdat dit lei tot vertraging, verspilling van tyd, verlies van belangstelling weens herhaling, verwarring, en dit belemmer die deeglikheid van die onderwys (Cilliers 1953: 191).

Die 1915-kommissie het verskeie aanbevelings aan die hand gedoen vir die verbetering van die toestand, soos byvoorbeeld die benoeming van tweetalige inspekteurs, die opleiding van tweetalige onderwysers en die invoering van 'n beperkte aantal leerkragte uit Nederland. Al die pogings was egter te oppervlakkig om 'n wesentlike verandering te weeg te bring. 'n Fundamentele verandering was gebiedend en hiertoe was die kunsmatig-volgehoue Hollands aan die Kaapse skole nie opgewasse nie. Een aanbeveling was dié van C J Langenhoven, lid van die Kaapse Provinsiale Raad, wat die Ordonnansie beskou het as 'n struikelblok. In 1914 het die Provinsiale Rade in die Kaapprovinsie op voorstel van Langenhoven (en daarna Transvaal en die Vrystaat) besluit dat Afrikaans in plaas van Hollands as medium van onderwys tot en met standerd vier gebruik word (Steyn 1993: 49, 50; vgl ook Steyn 1980: 193; Cilliers 1953: 190-2). Hoewel die Taalkommissie van 1915-1916 geen aanbeveling in hierdie verband gemaak het nie, het die Administrateur, sir Frederic de Waal, binne agtien maande na die verskyning van die Rapport 'n ordonnansie by die Raad ingedien waardeur Afrikaans in plaas van Hollands tot die vierde standerd ten volle toegelaat is (Du Preez Van Wyk 1947: 172, 176). Die Langenhoven-voorstel het aanvanklik geen praktiese uitwerking gehad nie, maar na die ineenstorting van Hollands sedert 1914 het Afrikaans sy invloed laat geld.

In 1917 het 'n verdere kommissie wat deur die Kaapse Provinsiale Raad aangestel is, bevind dat die gebrek aan toepassing van die taal-

ordonnansie te wyte is aan die Departement van Onderwys. Daar is bevind dat alhoewel 35.83% van die leerlinge Engelssprekend is en 64.18% Hollandssprekend [*sic!*], 94.86% van die Engelsspreekende leerlinge hul onderrig deur middel van hul moedertaal ontvang terwyl 0.61% van die Hollands- (Afrikaans-) spreekende leerlinge tot die vierde standerd algeheel onderrig deur hul moedertaal ontvang het. Van die klasse bo die vierde standerd het 1 300 skole Engels as medium en slegs 627 skole was een of meer klasse deur medium van Hollands (Afrikaans) (Aucamp 1926: 154, 155).

Deurdar dr W J Viljoen dr Muir in 1918 as superintendent-generaal van Onderwys opgevolg het, is daar geleidelik weg beweeg van die hoofsaaklik Engelse gees en inslag in die opvoeding van die Kaapprovinsie. Daar is onder andere meer Afrikaansspreekende inspekteurs aangestel (Cilliers 1953: 219). In dieselfde jaar is die eerste stap gedoen om Afrikaans Uniaal 'n amptelike taal te maak. Die stroom ten gunste van Afrikaans in plaas van Hollands as vak en as voertaal op skool het, ondanks aanvanklike teenstand, teen die tyd al sterker geword en geleidelik wyer steun gekry. In Julie 1918 het die Matrikulasieraad in Pretoria besluit om Afrikaans as voertaal by die matrikulasie-eksamen te erken en ook 'n kommissie te benoem om oor die taal as vak te rapporteer (Coetzee 1941: 135). Dieselfde jaar het ook die Onderwysdepartement sy goedkeuring tot Afrikaans as voertaal verleen by alle onderwyseksamens, terwyl die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns besluit het tot "die instelling van openbare eksamen in die Afrikaanse taal en lettere" en die saak aan die Taalbond opgedra het (Cilliers 1953: 199).

In 1918 is die gebruik van Afrikaans in plaas van Hollands as voertaal in die Kaapprovinsie tot en met standerd vier deur die Onderwijs (Afrikaans) Ordonnantie, nr 14 van 1918 erken, mits twee-derdes van die plaaslike bestuur daartoe besluit en sodanige besluit later weer op dergelyke wyse herroep kon word. Hierdie bepaling is 'n jaar later herroep en deur die Education (Dutch Language) Ordinance, nr 25 van 1919 vervang, waardeur Afrikaans op gelyke voet te staan gekom het met Hollands as vak in enige of alle klasse of standerds en as voertaal in een of alle vakke waar die plaaslike bestuur met raadpleging van die skoolhoof daartoe besluit, met inagneming van die opvoedkundige doeltreffendheid en kontinuïteit. In die praktyk het Afrikaans

dan ook spoedig Hollands heeltemal as voertaal by die onderwys vervang, hoewel Hollands as vak (naamlik as moderne taal) vir eers in die middelbare skool behoue gebly het (Cilliers 1953: 199; vgl ook Aucamp 1926: 153).

Volgens sommige opvoedkundiges het die Afrikaanssprekende leerling tot omstreeks 1920 opvoedkundig skade gely omdat hy al die tyd met twee vreemde tale moes worstel. Die nadeel van die stelsel blyk onder andere uit die swak eksamenuitslae in Hollands. So was die geslaagdes vir eerste-, tweede- en derdejaar studente aan opleidingskole in 1919 in die Kaapprovinsie slegs 35.31%, 41.68% en 46.92% onderskeidelik, dit wil sê nie eens die helfte het deurgekom nie. Waar Afrikaans ingevoer is, het dit onmiddellik 'n groot verbetering teweeggebring. Uit inspeksieverslae van 1922 blyk dit dat die onderwys aanmerklik verbeter het, die vordering van die leerlinge sneller, hulle belangstelling, uitdrukkings- en redeneervermoë veel groter was, dat Engels as taal nie daardeur benadeel is nie en dat ook Engelssprekende leerlinge daar geweldig baat by gevind het (Cilliers 1953: 218, 219).

In 1921 is alle vorige onderwyswetgewing in Kaapprovinsie herroep en vervang deur die Gekonsolideerde Onderwijs Ordonnantie, nr 5 van 1921. Dit het geen noemenswaardige verandering van die 1912-Taalordonnansie meegebring nie, behalwe dat dit die verantwoordelikheid vir die praktiese uitvoering van die taalbepalings nou definitief op die skouers van die Departement geplaas het. Ordonnansie nr 5 van 1921 het die moedertaal (of huistaal) nader omskryf het as die taal “die het best gekend en verstaan word deur de leerling”, en Afrikaans in plaas van Hollands as vak en as voertaal gemagtig het, mits die plaaslike bestuur daartoe besluit na raadpleging met die skoolhoof (Cilliers 1953: 219, 220).

Na die oorwinning van die “Pakt” (Nasionale Party en Arbeidersparty-alliansie) in die verkiesing van 1924 het die aandrang op die amptelike erkenning van Afrikaans sterker geword. Die Minister van Onderwys, dr D F Malan, het 'n gekose komitee en 'n derglike kommissie benoem om die status van Afrikaans te ondersoek (Steyn 1993: 50). Op 8 Mei 1925 is die voorstel ingedien wat aanbeveel het dat Afrikaans wel die toekomstige taalvorm sal wees. Dit is deur die gesamentlike sitting van die Volksraad en die Senaat goedgekeur en be-

liggaam in Wet nr 8 van 27 Mei 1925. Dit het terugwerkende krag vanaf 31 Mei 1910 gehad (Buitengewone Staatskoerant nr 1477, van 27 Mei 1925; Cilliers 1953: 219, 222, 223). Laasgenoemde Wet het naamlik gepaal dat

[h]et woord 'hollandse' in artikel honderd zeven en dertig van de Zuid-Afrika Wet, 1909, en elders in de Wet waar dat woord voorkomt, wordt hierbij verklaard het Afrikaans in te sluiten (*Buitengewone Staatskoerant* nr 1477 van 27 Mei 1925; Steyn 1993: 50).

Kort hierna is verpligte moedertaalonderwys deur artikel 13 van Ordonnansie nr 23 van 3 Julie 1925 in die Kaapprovinsie uitgebrei van standerd vier tot ses. Hiermee het die gedeeltelike toelaatbaarheid van 'n tweede voertaal tot by standerd ses en die volle gebruik daarvan bokant standerd ses, soos vervat in die oorspronklike Taalordonnansie van 1912, verval, en is die opvoedkundige tweeslagtigheid, naamlik dat die boonste deel van die primêre skool prinsipieel heeltemal 'n ander taalbeleid as die onderste deel gevolg het, uit die weg geruim, het daar groter eenheid gekom, en is die organisasie van parallelklasse daardeur aansienlik vergemaklik (Cilliers 1953: 223; vgl ook Behr 1978: 24). Twee Omsendbriewe in 1925, nr 139 van 10 Julie en nr 149 van 21 Oktober is aan alle inspekteurs gestuur om hul aandag op die verandering te vestig en hulle in kennis te stel dat die nuwe bepaling vanaf 1926 in werking tree. Veral die tweede omsendbrief het versoek dat daar gelet word op gevalle waar die bepaling van moedertaalonderwys ontduik word. As enigste doeltreffende metode vir die uitvoering van die Taalordonnansie is parallelklasse vir minderhede aan die hand gedoen (Cilliers 1953: 223).

Waar al die leerlinge se huistaal Engels of Afrikaans was, was daar geen probleme nie. Waar beide taalgroeperinge egter teenwoordig was, is twee moontlike metodes gevolg: Engels- en Afrikaanssprekende leerlinge word in hul moedertaal in aparte groepe onderrig (die parallelklasmethode), of sekeres kom in dieselfde klas bymekaar waar hulle deur 'n tweetalige onderwyser onderrig word (parallelonderwys). Uit 'n opvoedkundige oogpunt sou die parallelklasmethode die voorkeur geniet en het die Departement die beleid probeer bevorder. 'n Verdere ontwikkeling hiervan is die beleid om, waar moontlik, die kinders in enkelmediumskole te sentraliseer (Coetzee 1958: 90).

Teen 1926 was Afrikaans en Hollands in teorie in skole in al die provinsies op gelykwaardige vlak erken as volwaardige taal. Dit het groot byval gevind. Aucamp (1926: 126) wat in daardie tyd geskryf het, beweer: "It is sweeping the country like a tidal wave". Die reël was dat Afrikaans ingevoer is vanaf die laagste standerds en elke jaar hoër op geneem is. In sommige gevalle is Hollands behou in die hoër klasse tesame met Engels, of Engels is gebruik in die skriftelike werk en Afrikaans in die mondelinge (Aucamp 1926: 162, 163).

Teen die einde van 1926 is 'n Adviserende Komitee insake onderwys benoem wat 'n ondersoek ingestel het omtrent die taalvraagstuk. Dit het veral wat die praktiese uitvoering van moedertaalonderwys betref, verder gegaan as enige ander kommissie voor die tyd. Die verslag is egter eers in 1927 uitgebring waaroor in Hoofstuk 4 breedvoerig uitgebrei sal word (Cilliers 1953: 224).

3.3 Vrystaat

Met die totstandkoming van die Unie is alle onderwys, behalwe hoër onderwys, ook aan die provinsiale owerhede van die Vrystaat oorgedra. Die nuwe grondwetlike posisie het in die bestaande onderwysstelsel van die Vrystaat geen ingrypende verandering meegebring nie. Op die Onderwyswet wat in 1908 deur genl J B M Hertzog ingedien is, is steeds voortgebou, naamlik op die grondslag van niesekteriese, neutrale staatsonderwys. Naas die administratiewe beheer wat deur die Administrateur-in-rade oor die onderwys uitgeoefen is, was die Direkteur van Onderwys die hoogste verantwoordelike amptenaar (Coetzee 1958: 162, 163).

Met die aanstelling van dr W J Viljoen as Direkteur het die verantwoordelikheid van die toepassing van die taalklousules van die Hertzogwet van 1908, tot tevredenheid van almal, op sy skouers gerus. Intussen het diegene wat hul deur die taalklousules verontreg gevoel het, daartoe oorgegaan om 'n Council of Education in die lewe te roep en Council Schools in Bloemfontein en verskeie ander dorpe op te rig. Ook in die staatskole was daar nog steeds onsekerheid omtrent die wyse waarop die taalklousules toegepas moes word (Coetzee 1952: 83). Vir dr Viljoen was dit duidelik dat die bestaande toepassing van die klousules wysiging sou moes ondergaan as hy vertrou wou herstel en die samewerking van alle bevolkingsgroepe in die Vrystaat wou verkry.

In Augustus 1910 het dr Viljoen 'n memorandum met betrekking tot die vertolking van die klousules uitgereik wat algemene byval gevind het (Coetzee 1958: 163). Ordonnansie nr 13 van 1910 het naamlik bepaal dat leerlinge, wat die voertaal betref, tot en met standerd vier in hul moedertaal onderrig word. In die geval van gemengde klasse, waar omstandighede dit vereis, is aan die hand gedoen dat waar onderwysers nie volkome op hoogte van albei tale is nie, die hulp van 'n eentalige onderwyser ingeroep word om die les te onderrig. Hierdie vergunning is ook verleen aan gemengde klasse bo standerd vier waar die ses hoofvakke om die helfte in die twee amptelike tale onderrig moes word. Wat Engels en Hollands as taal betref, sou kinders benede standerd vier informele onderrig ontvang in die taal wat nie hul moedertaal is nie. Vanaf standerd vier opwaarts moes formele onderrig vir alle leerlinge in albei tale voorsien word, behalwe waar vrystelling verkry is. Die wenslikheid om met die tweede taal reeds vroeër as standerd vier 'n begin te maak, is deur dr Viljoen sterk beklemtoon (Coetzee 1958: 163; vgl ook Botes 1941: 58; Malherbe 1925: 386).

Vrystelling van die een of ander taal as vak kon volgens sekere voorwaardes van die Ordonnansie geskied. Wat vrystelling van die een of ander taal as voertaal betref, kon die ouers beswaar maak daarteen dat die tweede taal tot en met standerd vier geleidelik ingevoer word. Tot op 31 Oktober 1911 kon ouers toestemming verkry dat hul kinders na standerd vier nie deur medium van die tweede taal onderrig word nie, selfs al word geen besondere rede vir die versoek aangevoer nie. Na bogenoemde datum kon vrystelling verkry word om dieselfde redes as vir die vrystelling van die een of ander taal as vak (Coetzee 1958: 164).

Ooreenkomstig die Gekose Komitee Rapport van die Unie Parlement is die Vrystaat ook nou verplig om hul onderwysordonnansies met betrekking tot taalreëlings te wysig. Die taalvraagstuk in die Vrystaat was minder ingewikkeld, deels vanweë sy bykans wit homogene bevolking (in 1918 was 66.03% van die bevolking Afrikaanssprekend) en deels omdat die provinsie hom sedert die aanname van Ordonnansie nr 2 van 1912 konsekwent vir die beginsel van moedertaal beywer het (Coetzee 1958: 178; vgl ook Provinsie Oranje-Vrystaat 1951: 65; Aucamp 1926: 152, 157). Die Vrystaatse Provinsiale Raad het Ordonnansie nr 2 van 1912 wat op 14 Junie 1912 in werking ge-

tree het, aanvaar (Coetzee 1958: 164; vgl ook Coetzee 1952: 83; Scholtz 1979a: 54). Soos later sal blyk, het dit grootliks met die Transvaalse Ordonnansie nr 5 van 1911 ooreengestem en nie verskil van die beginsels van die Hertzogwet van 1908 soos deur dr Viljoen uitgelê nie. Dit het daarop neergekom dat die medium van onderwys in alle openbare skole tot en met standerd vier in die moedertaal van die kind moet wees, maar dat die tweede taal geleidelik ingevoer word en gereeld gebruik sou word as tweede medium van onderwys, indien die ouers nie daarteen beswaar maak nie. Dit moet geskied deur middel van parallelklasse, maar waar die minderheid uit minder as vyftien leerlinge bestaan het, was parallelklasse verpligtend (Coetzee 1958: 164; vgl ook Coetzee 1952: 83).

Die aanname van Ordonnansie nr 2 van 1912 het die Engelssprekendes ook tevrede gestel, met die gevolg dat die Council Schools op 30 Junie 1912 ontbind en by die staatskole ingelyf is (Coetzee 1958: 164). Die Vrystaatse Provinsiale Raad het hom in 1916 ten gunste van aparte skole vir Hollands- (Afrikaans-) en Engelssprekendes uitgespreek (Steyn 1993: 67).

In 1917 is Afrikaans met goeie gevolg naas Hollands op skool ingevoer, maar omdat die naas-mekaar-dosering van die twee tale inbreuk op die tyd gemaak het, het Ordonnansie nr 9 van 1920 Afrikaans Hollands finaal op elke openbare en ondersteunde privaat-skool vervang (Steyn 1993: 66; vgl ook Coetzee 1952: 96). In 1921 het 'n onderwyskommissie met die heelhartige ondersteuning van die Direkteur aanbeveel dat die moedertaal as medium vir alle vakke, behalwe die tweede taal, op skool aanvaar moet word. Verder is aanbeveel dat informele onderrig in die tweede taal reeds vanaf die kind se tweede skooljaar ingevoer word en dat formele onderrig vanaf standerd twee begin (Coetzee 1958: 164).

Statistiek het teen 1926 getoon dat die Vrystaat met die grootste plattelandse bevolking, die grootste persentasie leerlinge op skool gehad het, asook die grootste persentasie middelbare leerlinge. Daarby het die provinsie in die openbare eksamens die beste resultate in die Unie as geheel gelewer (Coetzee 1958: 171).

3.4 Transvaal

Transvaal het in 1910 soos die Vrystaat sy selfbesturende status as kolonie verruil vir deelgenootskap aan die Unie. Ook hier was die Afrikaanssprekendes in die meerderheid en het hulle aangedring op die regte van Hollands (later Afrikaans) (Coetzee 1952: 83,97).

Ten gevolge van die Suid-Afrika-wet en as 'n logiese gevolg van die volkome gelykstelling van die twee amptelike tale was 'n verandering in die Smutswet van 1907 in Transvaal noodsaaklik. Hier het Engels reeds sedert die aanname van dié Wet 'n bevoorregte posisie bo Hollands verkry. Daarvolgens was die voertaal in die laer klasse die moedertaal, terwyl Engels as tweede taal geleidelik ingevoer is. Kennis van en vordering in Engels sou die voorwaarde vir vordering op skool wees: na standerd drie mag Hollands in nie meer as twee vakke as voertaal gebruik word nie, terwyl Engels verpligtend sou wees (Coetzee 1952: 97).

Die gelykstelling in taalwetgewing is teweeggebring deur die eerste Provinsiale Raad van Transvaal onder leiding van Administrateur J Rissik ingevolge die besluite van die Gekose Komitee van 1911 en staan bekend as die Rissik-ordonnansie.⁴ Die gelykstelling het geskied deur Ordonnansie nr 5 van 1911 wat op 1 Januarie 1912 in werking getree het. Die nuwe ordonnansie lui so: Die moedertaal sal die verpligte voertaal van die aanvangsonderwys op skool wees; die ander taal kan as voertaal ingevoer word as die ouers dit verlang; vanaf standerd vyf kan die tweede voertaal ingevoer word; onderrig in die moedertaal is verpligtend en onderrig in die ander taal sal gegee word aan alle kinders wat nie deur ouers aan sodanige onderrig onttrek word nie; na standerd vier kan die ouers die voertaal — Engels of Hollands of albei — kies; as albei gekies word, sal die skoolraad bepaal in watter vakke die een of die ander taal as voertaal gebruik sal word. In gevalle van twyfel oor die moedertaal kon die ouer 'n besluit maak.⁵

Die bepalings van Ordonnansie nr 5 van 1911 kom in die meeste gevalle ooreen met Ordonnansie n 2 van 1912 van die Vrystaat wat trouens ook hoofsaaklik die Gekose Komitee se rapport as grondslag

4 Bot 1936: 101; vgl ook Botes 1941: 70; Steyn 1993: 66.

5 Coetzee 1952: 83; vgl ook Botes 1941: 70; Coetzee 1958: 288; Scholtz 1979a: 55.

het. Die Rissik-ordonnansie maak, waar geen vrystelling deur ouers gevra word nie, Hollands sowel as Engels verpligtend. Hierdie Ordonnansie het die aantal parallelklasse in skole aansienlik vermeerder. Om aan die Rissik-ordonnansie uitvoering te gee, is die mediumvraagstuk in Johannesburg en Pretoria opgelos deur afsonderlike Hollands- en Engelsmediumskole (Botes 1941: 71). Word Natal buite rekening gelaat, dan het die taalordonnansie van die ander drie provinsies in beginsel in een essensiële opsig afgewyk van genl Hertzog se ideaal. Genl Hertzog was ten gunste van die gemengde skool en van dubbelmediumonderwys bo standerd vier. Die Provinsiale ordonnansies spreek hulle as 'n reël uit vir die enkelmediumskool en gevolglik teen die sogenaamde gemengde skool. Die gevolg was ook dat die Hollandsmedium- (later Afrikaansmedium) en Engelsmediumskole eerlank orals ontstaan het, met die ernstige gevolg, volgens genl Hertzog, dat die twee wit taalgroepe apart van mekaar hul opvoeding ontvang het (Coetzee 1952: 93).

Die werking van die Rissik-ordonnansie het vir baie jare tevredenheid gegee. In 1915 was daar altesaam 696 skole; van dié aantal het 89 net Engels, 50 net Hollands, 194 Engels en Hollands en 363 Hollands, met Engels ondergeskik, as medium gebruik; byna 50% van alle leerlinge ontvang hulle onderrig deur medium van Engels, die ander 50% begin altans in Hollands, maar word deels ook deur Engels onderrig (Coetzee 1952: 97; vgl ook Aucamp 1926: 155; Steyn 1993: 66). Die skole met uitsluitend Hollandsmedium was heeltmaal 'n nuwe tipe, want onder die Smutswet was die vernaamste medium vir alle skole bo standerd drie net Engels. Ook die skole waar altwee mediums gebruik word, het verskil van die vroeëre dubbelmediumskole omdat die meeste oorwegend Hollands geword het, waar dit voorheen oorwegend Engels was. Omtrent die helfte van die skoolbevolking het regte verkry wat hulle tevore nie in daardie mate gehad het nie (Bot 1936: 101).

Volgens Cilliers (1953: 210) het die 1911-kompromis egter geen een van die wit bevolkingsgroepe tevrede gestel nie: vir die Engelsprekende was die verpligte tweetaligheid 'n "grave infringement on the rights of the English section of the people"; vir die Afrikaanssprekende element het dit nie ver genoeg gegaan nie. Terwyl die Engelsprekende dubbelmediumonderrig verwerp het, is dit deur die Afri-

kaansspreekende aanvaar hoofsaaklik omdat daar van moedertaalonderwys destyds geen sprake was nie. Die 1911-onderwysverslag, wat die grondslag van taalwetgewing gevorm het, het vir primêre skole beoog dat tot stander vier parallelklasse die reël sou wees en dat dubbelmediumonderwys slegs gebruik word in gevalle waar eersgenoemde nie moontlik was nie. In gevalle bokant stander vier sou aparte enkelmediumskole die reël wees en dubbelmediumskole alleen as noodhulp beskou word waar eersgenoemde nie uitvoerbaar was nie (Cilliers 1953: 209, 210).

In 1916 is besluit, na 'n deputasie aan die Adminstrateur en Uitvoerende Komitee, dat Afrikaans in al die primêre skole onderrig sou word, behalwe waar die skoolkommissies by voorkeur Hollands verkies. Die volgende bepaling sou in werking tree: 1) Vir stander een vanaf Januarie 1917; en 2) vir elkeen van die volgende standers die jaar daarna sodat die bepaling in 1922 vir al die ses standers van krag sal wees (Basson 1944: 69,70). Die Transvaal Education Commission in 1917 het die probleem van geskrewe Hollands en gesproke Afrikaans in oënskou geneem en aanbeveel dat die twee amptelike tale in skole Afrikaans (in plaas van Hollands) en Engels moet wees (Rose & Tunmer 1975: 177). Teen 1918 het Afrikaans Hollands grotendeels vervang (Steyn 1993: 66).

Die stryd ten behoeve van aparte Afrikaanse skole sou vroeg in 1920 gewen word nadat 'n onderwyskommissie 'n gunstige aanbeveling daarvoor uitgebring het (Scholtz 1979a: 57). Die invoering van Afrikaans in die plek van Hollands het 'n geweldige invloed op die onderwys in Transvaal uitgeoefen. 1922 kan beskou word as die jaar waarin Afrikaans finaal die Hollandse taalvesting in die Transvaalse skoolwese verower het. Die vyf jaar na 1918 het die toestand byna onherkenbaar verander. Die syfers in die onderstaande tabel dui die aantal leerlinge aan wat deur die taal as medium onderrig ontvang het: (Coetzee 1958: 288; vgl ook Basson 1944: 70; Coetzee 1952: 97).

	1918	1923
Net Engels	45 508	52 300
Net Afrikaans	21 654	60 484
Net Hollands	12 231	429
Engels en Afrikaans	12 425	12 408
Engels en Hollands	10 650	7

Die groei van Afrikaans sou dinamies wees in die volgende dekade. Uit die syfers blyk dit dat waar die verhouding van Afrikaans tot Engels in 1917 45.9% tot 54.1% was, Afrikaans in 1927 met 57.1% tot 42.9% voor was. In die daaropvolgende tien jaar was die vooruitgang nog treffender, aangesien die verhouding in 1937 63.3% tot 36.7% was. Teen 1935 verdwyn Hollands heeltemal as medium van onderwys (Basson 1944: 74, 76; vgl ook Scholtz 1979a: 58).

Die oorskakeling van Hollands na Afrikaans het die Afrikaanse skool van Transvaal meegebring. Terwyl die getalle vir die Afrikaanssprekende leerling gunstiger geword het, het die werklike toestand opvoedkundig ongesond gebly. Aangesien die taalordonnansie van 1911 die ouers die taalkeuse na standerd vier toegelaat het, het heelwat Afrikaanssprekende ouers die geleentheid gebruik terwyl Engelssprekende ouers dit nie gedoen het nie (Coetzee 1952: 97; vgl ook Basson 1944: 72). Die bevinding van die Transvaal Education Commission (1917) na die meriete van parallelklasse en aparte skole het bevind dat leerlinge in enkelmediumskole 'n beter opleiding kry:

Experiences has shown that parallel classes do not break down, but in fact tend to accentuate racial differences [...] It is not possible or desirable to put the children of the two races [...] into one mould.

Die poging van Harm Oost, lid van die Transvaalse Provinsiale Raad, om die voorstel in wetgewing vervat te kry, het egter misluk toe die Administrateur die voorstel geveto het (Shingler 1973: 128; vgl ook Malherbe 1925: 416).

Taalbepalings van 1924 was grootliks in ooreenstemming met dié van die Rissik-ordonnansie van 1911. Die moedertaal is tot voertaal verklaar tot en met standerd ses. Die ouers kon die voertaal kies. Baie Afrikaanssprekende ouers het hulle kinders se moedertaal as Engels aangegee met die hoop dat hul na voltooiing van hul skool, beter loopbaangeleenthede sou bekom. Vanaf 1927 moes die ouers die moedertaal op 'n geskrewe vorm aandui (Barnard 1979: 154).

Die kernpunt van die taalordonnansies in die Kaapprovinsie, Vrystaat en Transvaal was dat die medium van onderrig moedertaalonderrig is tot die vierde graad met die geleidelike infasering van die ander taal. Voorsiening is gemaak vir die minderheid deur middel van parallelklasse indien die minderheid meer as vyftien is en indien

die organisasie van die skool dit toelaat. Bo die vierde standerd het ouers die reg om die medium te kies, een van die amptelike tale of beide, sekere vakke in die een en sekere in die ander. Aparte enkel-medium skole is voorsien om hierdie besluite uit te voer. Met betrekking tot die tweede taal as medium van onderrig kan dit aan elke leerling in elke graad onderrig word tensy ouers die teendeel verlang (Aucamp 1926: 152, 153).

3.5 Natal

Sedert Unifikasie is onderwys (uitgesonderd hoëronderrig) onder die beheer van die Natalse Provinsiale Administrasie en sy Uitvoerende Komitee geplaas. Die Superintendent van Onderwys (SO) wat sedert 1939 die Direkteur van Onderwys genoem is, was die hoof van die Natalse Onderwysdepartement (NOD) (Coetzee 1952: 83).

Natal het hom min gesteun aan die wense van die Parlement na Uniewording. Ten spyte van die feit dat daar ongeveer 1 450 leerlinge in Natal was wat deur medium van Hollands onderrig is, verwerp die Provinsiale Raad op 27 Maart 1912 met veertien stemme teen agt die memorandum van die Unieregering oor gelyke beregtiging van albei amptelike tale op skool. Die vordering na moedertaalonderrig vir die Afrikaanssprekende kind was vir 'n lang tyd stadig, veral omdat Hollands toe nog die erkende taal was (en nog nie Afrikaans nie). Daarby het die groot tekort aan onderwysers wat Hollands magtig was, 'n rol gespeel en was Engels die voertaal in die skole (Beyleveld 1986: 87). Dit het alles daartoe bygedra dat baie Afrikaanssprekende ouers koud teenoor Hollands as medium gestaan het. Hierby het die Onderwysdepartement slegs voorsiening vir Hollands as medium gemaak indien die ouers van vyftien leerlinge daarom gevra het (Steenkamp 1941: 193).

Die versoekskrifte van Afrikaanssprekende ouers om moedertaalonderrig (Hollands) aan die Superintendent in 1914 het op niks uitgeloop nie as gevolg van die Rebelle in dieselfde jaar. Die spesiale kommissie aangestel deur die Provinsiale Raad wat die taalkwessie moes ondersoek, is belas met die opstel van 'n konseponderwysordonnansie. Uiteindelik het Ordonnansie nr 13 van 1916 — die “Natal Language Ordinance”, ook bekend as die “Bilingual Ordinance” — van krag geword (Beyleveld 1986: 89; vgl ook Aucamp 1926: 153, 154).

Die reëling was hier anders as in die ander provinsies. Die medium van onderrig van elke leerling in alle vorms of standerds van 'n openbare skool sal die taal wees wat deur die ouers (of voog) gekies word. Hieraan kan die ouers self geen verandering aanbring tot die einde van die skooljaar nie; die ouers van elke kind het die reg om te eis dat die ander taal as vak onderrig sal word en voldoende voorsiening moet in elke openbare skool daarvoor gemaak word; indien die ouers geen keuse uitoefen nie, sal die leerling deur middel van die taal wat hy die beste ken en verstaan, onderrig word, terwyl die ander taal as vak onderrig sal word; die Departement moet sorg vir die algemene doeltreffendheid in elke openbare skool (Coetzee 1952: 95).

'n Ontleding van antwoorde wat aan ouers gestuur is om sekerheid oor die ouerkeuse te verkry, het getoon dat 2.8% Hollands as medium en 53,3% Hollands as taal gekies het. Hollands is dus deur 56.1% in een of ander vorm gekies (Beylefeld 1986: 89). In die noordelike distrikte in die gebiede wat voormalig aan die Suid-Afrikaanse Republiek behoort het, was die medium van onderrig in die meeste plattelandse skole Hollands (Aucamp 1926: 157; vgl ook Shingler 1973: 124).

Verskeie Waaksamheidskomitees is gestig en op 'n taalkongres in 1917 is besluit om 'n komitee te benoem om die besluite van die kongres voor die owerheid te lê. Die belangrikste besluit was dat by die Provinsiale Raad aangedring sou word dat die ordonnansie insake taal in ooreenstemming met die ander provinsies gebring word, dat tweetalige onderwysers behoorlik opgelei word en dat Hollandssprekende inspekteurs aangestel word. Die aanvraag vir Hollands het so toegeneem dat die owerheid in 1921 verplig was om onderwysers uit Nederland in te voer (Beylefeld 1986: 90; vgl ook Coetzee 1958: 234; Steenkamp 1941: 193).

Opvoedkundiges in Natal het besef dat die Afrikaanssprekende kind Hollands net so moeilik vind om te bemeester as Engels (Steenkamp 1941: 194). Die stryd om Afrikaans is op sowel kulturele as politieke terrein (dit is in die Natalse Provinsiale Raad) aangeknop. Inspekteur F D Hugo het in 1919 in 'n verslag geskryf: "The mother tongue of Dutch speaking pupils is Afrikaans, yet our schools refuse to teach them this language." Die Provinsiale Raad het ten gunste van Afrikaans gestem en as gevolg van teenstemme wat daar was, is be-

sluit om 'n referendum te hou. Die ouers van leerlinge wat Hollands leer en die onderwysers wat Hollands doseer, moes tussen Afrikaans en Hollands kies. Tagtig persent van die Afrikaanssprekende ouers en 78% van die onderwysers was ten gunste van Afrikaans (Beylefeld 1985: 95-8).

Vanaf 1923 het Afrikaans volle erkenning in Natalse skole geniet (Steenkamp 1941: 194). Dit het egter nie die einde van die stryd om Afrikaans beteken nie, want op Utrecht byvoorbeeld, waar 80% van die leerlinge Afrikaanssprekend was, het slegs 16% hulle onderrig deur middel van Afrikaans as voertaal ontvang. In Pietermaritzburg was daar soortgelyke voorbeelde. In die hele Natal het slegs 7,1% Afrikaanssprekende leerlinge hul onderrig deur middel van Afrikaans ontvang. Ten spyte daarvan dat Afrikaanssprekende leerlinge veronderstel was om tot en met die Junior Sertifikaat deur medium van Afrikaans onderrig te ontvang, het die Departement nie sy weg oopgesien om aan hierdie versoek te voldoen nie. Daar was versoekskrifte en 'n onderhoud met die Administrateur. Selfs teen 1926 het Afrikaanssprekende leerlinge onder swak omstandighede skoolgegaan en in 1927 is 'n nuwe Afrikaansmediumskool betrek. Dit is in 1937 tot die Voortrekkerskool herdoop en het in 1940 hoërskoolstatus verwerf (Beylefeld 1986: 95-8; vgl ook Coetzee 1958: 234).⁶ In die kleiner dorpe is parallelmediumskole gestig, onder andere op Vryheid en Newcastle, of dubbelmediumskole, soos op Greytown en Utrecht (Coetzee 1952: 83).

3.6 Swart onderwys

Vanaf 1910 het die taalbeleid in swart onderwys nie net die relatiewe posisie en status van die twee amptelike tale en die agt Afrikatale erken vir opvoedingsdoeleindes gereflekteer nie, maar ook die relatiewe politieke en ekonomiese mag van die onderskeie sektore weerspieël. Vir die grootste gedeelte van die Uniale wetgewing rakende swart onderwys is die belange en wense van die betrokkenes (ouers, onderwysers, leerlinge) by swart onderwys ondergeskik gestel aan die politieke oogmerke en ideologieë van die wit maghebbers. Die konflikte

6 Vir die stryd om die verkryging van die eerste Afrikaanse sekondêre skole in Durban, Hoërskool Port Natal en ander Afrikaansmediumskole in en om Durban, en in ander dele van Natal, vgl Beylefeld 1986: 111-34.

tussen die wit taalgroepe het na die swart onderwys oorgespoel en het in besonder uitdrukking gevind in die taalbesluite wat van tyd tot tyd namens die swart mense geneem is. By die Nasionale Konvensie, byvoorbeeld, is die taalbelange van die groot meerderheid van die bevolking (lees: swart mense) nie in berekening gebring nie. Dit het groot implikasies vir swart onderwys ingehou. Die rol van die twee amptelike tale het vir die volgende 30 jaar die oorheersende faktor in swart onderwys geword, alhoewel Afrikaans eers vanaf die dertigerjare 'n betekenisvolle faktor geword het en toe hoofsaaklik in die Vrystaat en Transvaal (Hartshorne 1986: 83, 84).

Omdat swart mense uitgesluit was in die besluite wat in 1908 en 1909 geneem is, het die onderwys van swart mense onmiddellik na Uniewording 'n brandende vraagstuk geword. Na 1910 het die vier Provinsiale Rade as wetgewende owerhede met betrekking tot “Bantoe-onderwys” opgetree en afsonderlik die administrasie daarvan beheer sonder om mekaar onderling te raadpleeg. Die Minister van Naturelle-sake het oor geen mag of masjinerie beskik wat 'n algemene onderwysbeleid kon formuleer en toesien dat dit uitgevoer word nie (Malherbe 1925: 459; vgl ook Van Zyl 1972: 61; Coetzee 1941: 202). Die inisiatiewe en uitbouing van swart onderwysaangeleenthede was steeds in die hande van die sendingkerke. Terwyl die provinsies die fondse wat beskikbaar gestel is van die sentrale regering geadministreer het, is die taaltradisie wat in die negentiende eeu in swart skole ingestel is, toegelaat om voort te gaan. Aanvanklik het taaldebate hoofsaaklik sentreer om die relatiewe posisies van Engels en die moedertaal (Hartshorne 1986: 84).

In die jare na Uniewording (soos aangetoon in die Welsh-verslag van 1936) het veral drie veranderinge in die taalbeleid van swart mense in die onderwys gemanifesteer. Eerstens is erkenning verleen aan die belang van die moedertaal as medium van onderrig, veral in die vroeë jare van skoolonderrig. Tweedens, is die onderrig van albei amptelike tale vir die swart leerlinge as onontbeerlik beskou — “an asset of great potential value” — en dat die hersiening in die kurrikula van swart onderwys hierdie beginsel moes weerspieël. Laastens, is die besluit dat 'n Afrikataal ingesluit sal word in die kurrikula van al die provinsies, geneem om die regte gesindheid van die swart mense jeens hul moedertaal te kweek (Rose & Tunmer 1975: 190).

Twee amptelike verslae, een in 1908 en die ander in 1919, het die belangrikheid onderstreep van die instelling van die moedertaal (Hartshorne 1986: 86). In 1922 is die onderrig van die moedertaal verpligtend gemaak in die primêre skole. Die moedertaal moes die medium van onderrig wees in die vroeë stadia, maar die amptelike tale moes die medium van onderrig word sodat die leerling instruksies kon volg in daardie taal (Behr 1988: 168; vgl ook Behr & MacMillan 1971: 389; Van Zyl 1972: 54; Hartshorne 1986: 86). In die Oos-Kaap, in die Transkei, is in 1921 bepaal dat die moedertaal in die primêre skool as medium van onderrig gebruik word tot en met stander twee. Die kurrikulum het onder andere moedertaalonderrig en een amptelike taal ingesluit (Behr 1988: 231).

Reeds in 1912 is 'n nuwe skema vir "naturelle-onderwys" ontwerp deur 'n spesiale kommissie van inspekteurs wat in 1915 ingevoer is. Dit is net so oorgeneem van wit onderwys: moedertaalonderrig gedurende die eerste drie jaar en daarna die gebruik van Hollands of Engels, minder tyd aan blote taalstudie, en formele oefeninge soos lees en skryf tot een taal (Hollands of Engels) beperk (Coetzee 1941: 155). Op 'n konferensie in 1915 is die vernaamste sendinggenootskappe die eerste keer geraadpleeg ingevolge 'n taalbeleid vir swart skole. Toe is bevind dat inspekteurs van swart skole nie voldoende vir die taak opgelei is nie (Van Zyl 1972: 57). Na 'n Departementele ondersoek in dieselfde jaar is die moedertaal as medium van onderrig in die vroeë stadia van onderrig ingestel (Behr & MacMillan 1971: 390). In 1924 is die primêre leerplan uitgebrei tot standerd vyf en in 1928 tot standerd ses (Van Zyl 1972: 57)

Die oorheersende posisie van Engels as medium van onderrig in swart skole (en nie Hollands nie) kan toegeskryf word aan enkele faktore. Eerstens die feit dat die onderwys van sendinggenootskappe in die twee oudste kolonies (Kaapkolonie, Natal) amper uitsluitlik deur medium van Engels geskied het. Daarby was die Nederlandse vorm van Hollands wat onderrig is en gebruik is as medium in die wit skole van die twee voormalige Boererepublieke en soms in die Kaapkolonie, nie die algemene spreektaal van enige bevolkingsgroep in Suid-Afrika nie. Derdens het Afrikaans as medium van onderwys eers later algemene ingang in sekere kringe in wit onderwys gevind (Welshkomitee 1936: 80, soos aangehaal deur Hartshorne 1986: 85; vgl ook

Rose & Tunme 1975: 190). Die sterk invloed van Britse regeringsbeleid van die negentiende en begin van die twintigste eeu wat vir politieke en ekonomiese redes Engels as *sine qua non* vir staats hulp in onderwys neergelê het, moet nie onderskat word nie. Alhoewel daar in die jare na Uniewording nie 'n werklike teenvoeter vir Engels in swart onderwys was nie, was daar toenemend druk op die erkenning, veral in die vroeë jare van sy skoling, van die swart moedertaal as “the natural vehicle by means of which to reach a child’s mind” (Hartshorne 1986: 85). Alhoewel die sendinggenootskappe gereeld onder skoot gekom het vir hul aandrang op Engels, moet dit nie uit gedagte verloor word dat dit ook hulle was wat vir die ontwikkeling van die moedertaal (vertalings van die Bybel, woordeboeke, skoolleesboeke en ander) verantwoordelik was nie. Dit was ook hulle, veral die Duitse en Switserse sendinggenootskappe, wat op die gebruik van die swart moedertaal in die vroeë jare van die primêre skool aangedring het (Hartshorne 1986: 85).

Volgens die bevindinge van 'n organiserende inspekteur in 1924 was “Bantoe-onderwys” in 'n chaotiese toestand. Daar was byvoorbeeld bevind dat daar net soveel leerplanne was as wat daar skole was. Terwyl Engels en rekenkunde oorbeklemtoon is, is Afrikaans wat eers in die twintigerjare en later ter sprake gekom het en die swart moedertaal verwaarloos. Die medium van onderrig was nog hoofsaaklik Engels (Behr 1978: 162).

Gaandeweg het daar 'n merkbare verandering in die houding van die owerhede teenoor die Afrikatale as vak en as medium gekom. Die besef het mettertyd al sterker geword dat die moedertaal as onderrigmedium, veral gedurende die eerste skooljare, 'n belangrike rol in die onderrig van die kind speel. In al die provinsies het dit geleidelik 'n aanvaarde beginsel geword dat die swart leerling die eerste paar skooljare onderrig deur medium van sy moedertaal sou ontvang. Deur die bemoeienis van inspekteurs is die moedertaal in 1928 as medium van onderrig tot en met standerd twee verpligtend gemaak. Afrikaans het 'n verpligte vak geword in alle eksamens. Terwyl die inhoud van leerplanne in die swart skool feitlik dieselfde was as vir wit skole, het Engels steeds in die praktyk die medium van onderrig gebly (Van Zyl 1972: 66, 59). Die beginsel van moedertaalonderrig is sedert 1928 in al die provinsies konsekwent toegepas (Helm 1979:

170). Die sterkste tradisie vir moedertaalonderrig egter, in besonder Zoeloe, was in Natal waar wit inspekteurs byvoorbeeld in die eerste sowat drie dekades na Uniewording “native education” beskou het as tweetalig indien hulle Engels en Zoeloe magtig was (nie Hollands of Afrikaans nie) (Hartshorne 1986: 86). In die jare tussen 1920 en 1925 is inspekteurs van Zoeloe aangestel terwyl die leerplanne hersien is om die klem op Zoeloe as moedertaal te laat val (Van Zyl 1972: 55).

Die primêre skoolkursus in swart skole in Transvaal was agt jaar en het onder andere ’n Afrikataal en een van die amptelike tale ingesluit. Die sekondêre skoolkursus was dieselfde as vir wit onderwys en het uitgeloop op die Junior en Senior Sertifikaat (Bot 1936: 162).

As gevolg van hulle relatief klein getalle is die Indiërs in die Kaap-provinsie saam met die bruin mense gegroepeer. Vanaf 1918 egter is ’n aparte sisteem vir die bruin mense geskep (Behr & MacMillan 1971: 419, 418).

In Transvaal is die bruin, Indiër, Chinese en Maleierkinders in dieselfde bruin skole gegroepeer, behalwe waar noemenswaardige getalle aparte skole genoodsaak het (Behr & MacMillan 1971: 420; vgl ook Coetzee 1941: 206). Na vertoë is die eerste aparte skool vir Indiërs in 1913 in Johannesburg gestig (Naude 1950: 243). In hierdie en die swart skole is die swart moedertaal “as far as practicable” gebruik (Loram 1917: 97). Daar is bepaal dat na die eerste drie jaar òf Hollands òf Engels gebruik sou word, afhangende van die geografiese posisie en die omgewing waarin die skool geleë is (Loram 1917: 98).

In die Vrystaat is bruin onderwys dieselfde as “Bantoe onderwys” behandel (Behr & MacMillan, 1971: 41822). Die taalregulasie vir swart skole het hier bepaal dat die formele onderrig van een van die amptelike tale van die derde jaar ’n aanvang neem en dat dié taal gebruik kan word as medium van onderrig gedurende die vyfde en sesde skooljare. Die tweede amptelike taal mag in die vyfde jaar gebruik word (Lora 1917: 98). ’n Inspekteur van “Naturelle onderwys” het in 1924 in sy verslag vermeld dat daar ’n oorbeklemtoning was van Engels terwyl die swart moedertaal en Afrikaans bykans geen aandag geniet het nie (Behr 1988: 168; vgl ook Coetzee 1952: 83; Behr 1978: 162).

3.7 Opleiding van onderwysers

3.7.1 Wit onderwysers

In die Suid-Afrika-wet is ooreengekom dat die opleiding van derde- en tweedeklas onderwysers by die provinsies en die eerste klas by die Unieregering sou berus (Coetzee 1958: 286; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 281, 282). Onderwysers word opgelei deur die Provinsiale normaal- of onderwyskolleges en deur die fakulteite aan universiteite. Die Jagger-kommissie het in 1916 aanbeveel dat alle onderwys (en dus die opleiding van onderwysers) onder die Unieregering sou ressorteer. Agt jaar later het die J H Hofmeyr-kommissie dié status quo herbevestig (Rose & Tunmer 1975: 287).

Sedert Julie 1910 het die “Classification of Schools and Teachers Act” van 1910 (seksie 62) onderwysers geklassifiseer volgens hul tweetaligheidsvaardigheid. Die Wet wat gehandel het oor die taalmedium van eksamens het groot teenstand by Engels onderwysers ontlok. Daar is vereis dat alle eksamens in Engels en Hollands uitsluitlik in die taal waarin die vraestel opgestel is, beantwoord word. In alle ander vakke sal die vrae van elke vraestel in beide amptelike tale wees, en die kandidaat het die reg om die helfte van die vraestel òf in Engels òf in Hollands te beantwoord, of uitsluitlik in een van die twee tale. Indien die kandidaat die vraestel uitsluitlik in een van die tale beantwoord, moet hy ’n bykomende vraestel skryf waarin hy kan aantoon dat hy onderleg is om in die ander taal onderrig te kan gee (Malherbe 1925: 384, 385).

Na aanleiding van die bevindings van die Gekose Komitee in 1911 het die vier Departementshoofde van die provinsies die volgende aanbevelings gemaak ten opsigte van die opleiding van onderwysers:

- Albei amptelike tale moet in die opleidingskursus en eksamens vir alle onderwysertifikate ingesluit word, behalwe in die geval van die hoogste sertifikaat waar die eksamen van suiwer professionele aard sou wees;
- in elke eksamen sal daar ’n hoër en ’n laer toets wees, mondeling sowel as skriftelik;
- sover moontlik sal die twee hoër en die laer toetse onderskeidelik op diesefde peil wees en ewe veel punte tel;

- 'n kandidaat moet in minstens een van die hoër toetse slaag;
- 'n kandidaat kan sy eksamenvoertaal kies;
- op die sertifikaat sal aangedui word of die kandidaat die hoër of die laer graad behaal het;
- bostaande bepalinge sal alleen geld vir nuwe kandidate, en
- onderwysers in diens word beskerm: geen onderwysers sal weens gebrek aan kennis van die taal benadeel word nie. Die verslag is op 24 April 1911 deur die Minister van Onderwys ter tafel gelê wat voorgestel het dat dit as leidraad vir die provinsies aangeneem word (Cilliers 1953: 179; vgl ook Coetzee 1952: 95). Die Gekose Komitee van 1911 het bevestig dat Engels verpligtend is en Hollands opsioneel in eksamens vir die Tweedeklas Sertifikaat vir onderwysers. Daarby is Engels verpligtend vir onderwysers wat van buite die Britse Ryk kom, maar nie Hollands nie (Basson 1944: 63).

In 1916 het 'n kommissie deur die Minister van Onderwys in die Kaaprovinsie aangestel om die Eersteklas-onderwyseksamen af te neem, eenparig besluit:

dat bij die mondelinge, sowel as bij die skriftelike deel van die Eersteklas Onderwijzerseksamen Afrikaans naas Hollands en Engels sal toegelaat word als medium bij al die vakke,

terwyl party kandidate op versoek reeds by die vorige Junie-eksamen toegelaat is om deur middel van Afrikaans les te gee (Cilliers, 1953: 194). Dié verslag wat die uitvoering van die taalordonnansie vir onderwysers in die provinsie moes ondersoek, het uit navrae aan skoolhoofde bevind dat uit 4 868 onderwysers net 65.4% bekwaam was om tweetalige onderwys te gee. Daar was ook nog geen tweetaligheidstoets nie. Daar is voorgestel dat eentalige (Engels) kindertuinonderwysers verplig moes word om Hollands te leer. In die geval van ander onderwysers was die voertaal, met enkele uitsonderings, deurgaans Engels (Cilliers 1953: 191, 192). Ter uitvoering van die aanbevelings van die Taalordonnansie van 1912 in die Kaaprovinsie (vgl 3.2 hierbo), het die "Education (Language Certificate) Ordinance" nr 3 van 1916 voorsiening gemaak vir 'n ekstra laer- (bekwaamheid om in albei tale onderwys te gee in alle vakke tot standerd vier) en hoër- (tot standerd sewe) Tweetaligheidsertifikaat vir student- en diensdoende onderwysers bo en behalwe die gewone professionele eksamens. Vir albei

sertifikate sou daar 'n skriftelike en 'n praktiese toets in albei tale wees, asook 'n mondelinge vir die hoër sertifikaat. Toekomstige onderwysers moes binne vyf jaar na sy eerste aanstelling voortaan aan die vereistes vir die hoër sertifikaat voldoen, of hy sou geen verhoging van pos en salaris ontvang nie, behoudens sekere uitsonderinge. Diensdoende onderwysers is egter beskerm (Cilliers 1953: 193, 194; vgl ook Malherbe 1925: 416; McKerron 1934: 128).

Die werking van die Taalordonnansie is in 1917 deur die SGO soos volg beskryf:

The Language Ordinance in practice, therefore, gives mother-tongue instruction up to and including Standard IV, and equality of opportunity thereafter. It also provides for parallel classes in certain cases, for bilingual instruction through teachers in the vast majority of primary, and percentage of secondary schools, and it does not separate the races into different camps but breaks down entirely the theory of separate schools for English and Dutch-speaking children respectively (Cilliers 1953: 194).

Sedert 1920 is Afrikaans as alternatief vir die Hollandse taal- en literatuurgeskiedenis vir onderwysers in die Kaapprovinsie toegelaat, en is die taal- en die geskiedenisvraestelle ook in Afrikaans opgestel (Cilliers 1953: 219). In 1921 is vorige wetgewing in die Kaapprovinsie herroep en vervang met die Gekonsolideerde Onderwijs Ordonnantie, nr 5 van 1921. Die taalvereistes vir onderwysers in dié ordonnansie bevat niks nuuts nie. Die kursus en eksamens moes naamlik albei tale insluit, met 'n hoër en laer praktiese toets in elkeen, en kandidate moes in minstens een taal in die hoër graad slaag. Dit sou kandidate vry staan om hulle eie voertaal by die eksamens te kies. Na 2 Julie 1921 sou die laer toets egter verval vir diensdoende onderwysers en slegs die hoër tweetaligheidsertifikaat erken word, terwyl vir diegene wat ná 12 Mei 1916 in diens getree en vyf jaar daarna (dit wil sê in 1921) nog nie die hoër tweetaligheidsertifikaat behaal het nie, alle verdere salarisverhogings of bevorderings stopgesit sou word behoudens sekere beskermingsbepalings (Cilliers 1953: 221).

In die Vrystaat het Wysigingsordonnansie nr 2 van 1912 bepaal dat beide amptelike tale ingesluit moet word vir die onderwysers se algemene sertikaat; dat een amptelike taal in die hoër graad en een in die laer graad geslaag moes word met sekere minimumvereistes. Die Wysigingsordonnansie het verder bepaal dat die taalkeuse van

die eksamen aan die kandidaat oorgelaat word (Malherbe 1925: 386, 397; vgl ook Provinsie Oranje-Vrystaat 1951: 270).

In Transvaal is by die opleiding van onderwysers, behalwe vir die hoogste sertifikaat, beide amptelike tale vereis — 'n hoër en 'n laer toets, beide mondeling en skriftelik. Die studente kon aan die onderwyskolleges egter die medium van onderrig kies. Sekere toegewings is gemaak om onderwysers wat reeds in diens was in die uitvoering van die ordonnansies tegemoet te kom (Aucamp 1926: 157, 153).

Vanaf 1926 is voorkeur aan Suid-Afrikaanse onderwysers verleen (met ander woorde nie meer eentalige buitelanders nie) (Cilliers 1953: 223).

3.7.2 Swart onderwysers

Wat opleiding van bruin onderwysers in die Kaapprovinsie betref, het die Primêre Sertifikaat (wat dieselfde was as vir swartes) in die eerste jaar op die twee amptelike tale klem gelê (Behr 1988: 170).

In Transvaal (soos in die Kaapprovinsie) is geen aparte voorsiening vir bruin en Indiër onderwysers gemaak nie. Gedurende die Unieregering (tot 1963) het die bruin en Indiër onderwysers dieselfde kursus as wit studente gevolg (Behr 1988: 171). Die bepalings in 1915 vir swart onderwysers in die provinsie was dat Engels of Hollands as medium van onderrig gebruik moet word, maar nie beide nie, dat die studie van die taal, formele oefeninge in taal soos lees en skryf beperk moet word tot een amptelike taal en dat die keuse van daardie taal deur die Departement goedgekeur moet word. In die praktyk het dit beteken dat Engels steeds die enigste medium van onderrig was. In die Vrystaat waar dieselfde instruksie gegeld het, het 'n dubbelmediumbenadering ontwikkel (Hartshorne 1986: 87).

3.8 Slotsom

Die amalgamasie van die vier staatkundige gebiede in 'n Unie in 1910 het 'n nuwe eenvormige taalbeleid gebiedend gemaak. Taal, in besonder die taal in die onderwys, het na 1910 midde-in die beoogde nasiebouproses gestaan. Daar is getrag om weg te beweeg van 'n relatief beperkende beleid in die voormalige koloniale gebiede na 'n meer linguïsties akkommoderende beleid, maar met dieselfde stel vooroor-

dele jeens die ander taalgroepe intakt. Tot 1961 met die totstandkoming van die Republiek van Suid-Afrika, het elke politieke party wat die regeringsleisels oorgeneem het, sy unieke stempel op die taalbeleid soos dit veral gestalte gevind het in die skole, afgedruk. Gedurende die Unie periode was die taalbeleid akkommoderend teenoor die Afrikaanssprekende ten spyte van sy minderheidstatus binne 'n swart meerderheid. Daar was tegemoetkomend teenoor die Afrikatale opgetree deur die amptelike gebruik daarvan aan te moedig in die swart gebiede en die latere "tuislande".

Die verslag van die Gekose Komitee (1911) wat deur die eerste Eerste Minister van die Unie benoem is om 'n eenvormige provinsiale en taalbeleid vir die provinsies te ondersoek, het moedertaalonderrig verskans. Gesamentlike parallelmedium- en dubbelmediumskole het uit bestaande enkelmedium Engelse skole ontwikkel. Die ontwikkeling van veral parallelmedium en later enkelmedium Afrikaanse skole is hoofsaaklik deur Engelssprekende ouers teengestaan. Ouerseggenkap is deur sowel Afrikaans- as Engelssprekende ouers aangewend om sekere politieke doelwitte te verwesenlik.

Die meerderheidsverslag van die Gekose Komitee is met geringe verskille in provinsiale wetgewing in die Kaapprovinsie, die Vrystaat en Transvaal vertolk. In Natal het die keuse van die medium van onderrig wat deur die ouer bepaal is, tot gevolg gehad dat Hollands aanvanklik (tot 1923) en later Afrikaans, met moeite tot sy reg gekom het. Behalwe Natal, het die ander provinsies hulle uitgespreek ten gunste van enkelmediumskole. Dit het afgewyk van generaal Hertzog se ideaal van gemengde skole vir wit leerlinge en dubbelmediumonderrig bo standerd vier. Die groei van aparte enkelmediumskole het die wit bevolkingsgroepe geskei.

Die invoering van Afrikaans in die skoolwese reeds voor die twintigerjare en die amptelike erkenning daarvan in 1926, het 'n geweldige invloed op die skoolwese uitgeoefen. Die swak eksamenuitslae van die Afrikaanssprekende leerling wat vroeër sy onderwys in 'n "vreemde medium" onrvang het, het iets van die verlede geword. Die Afrikaanssprekende leerling het byna onmiddellik tot sy reg gekom, 'n tendens wat in die jare daarna sou voortduur.

In die jare na Uniewording het taalbeleidsveranderinge in swart onderwys geskied wat 'n dinamiese invloed sou uitoefen. Nie alleen

is erkenning aan moedertaalonderrig verleen nie (Welsh-kommissie van 1935 en ander), die onontbeerlikheid van die amptelike tale is vir die swart leerling uitgespel, en is die besluit geneem dat 'n Afrikaans in die kurrikula van die provinsies ingesluit sou word.

Die uitbreiding van moedertaal- onderwys in uniale onderwyswet- gewing, 1926-1939

Die groei en ontwikkeling van die onderwys in hierdie periode is deur wisselende landsomstandighede beïnvloed, soos die ekonomiese depressie van die vroeë dertigerjare met sy gepaardgaande finansiële druk en armoede, die landsdroogte van 1933, en die diepgaande politieke geskille (met toenemende provinsialisme), oorlogsgerugte en werklike oorlog wat 'n merkbare en nadelige invloed op die onderwys gehad het veral in verband met die taalvraagstuk (Coetzee 1958: 295, 172). Daarby het die verstedeliking en beroepsverskuiwing van veral die Afrikaanssprekende in hierdie jare, belangrike opvoedkundige gevolge en implikasies meegebring.

In die twintiger- en dertigerjare kry Afrikaans (in plaas van Nederlands) sy beslag as amptelike landstaal en as vak en voertaal by laer-, middelbare en die hoërsonderwys, selfs oorsee, en word verpligte moedertaalonderwys in wit onderwys uitgebrei van standerd vier tot standerd ses. Gepaard hiermee volg 'n verbod op onderwys deur 'n vreemdetaalmedium, veral by die aanvangsonderwys, en kom daar verpligte parallelklasse vir minderheidsgroepe (van 15 en meer) tot stand, waaruit later, as logiese uitvloeisel, ook parallelskole ontstaan. Van die drie stelsels (enkel-, parallel- en dubbelmediumskole) het die stryd in hierdie jare hoofsaaklik tussen eersgenoemde twee gegaan. Dubbelmediumonderwys is allerweë, selfs van Engelse kant, as die onwenslikste van die drie beskou en is feitlik geheel op die agtergrond geskuif. Dit was voordat die saak (veral sedert 1939) in die partypolitek beland het (Cilliers 1953: 256).

Moedertaalonderrig het in hierdie dekade of wat aansienlik veld gewen deur die uitbreiding van verpligte moedertaalonderwys tot en met standerd ses (wat 'n einde gemaak het aan die dualistiese taalbeleid: een vir laer en een vir hoër klasse van die primêre skool) in die Kaapprovinsie (1925) en die Vrystaat (1930). In Transvaal en Natal is die *status quo* egter voorlopig gehandhaaf. Hierdie ontwikkelinge wat tydens die periode van koalisieregering in 1924, waarin genl J B M Hertzog se Nasionale Party (NP) die senior vennoot was, plaasgevind het, sou egter nie lank op die steun van die sentrale regering (wat enkelmediumskole voorgestaan het) kon staatmaak nie. Met die koalisie en samesmelting tussen Hertzog se NP en J C Smuts se Suid-Afrikaanse Party (SAP) in 1933-1934, wat uitgeloop het op die stigting van die Verenigde Party (VP), het die atmosfeer grootliks verander. Veral na die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog in 1939, Hertzog se bedanking en Smuts se opneem van die premierskap, het die taalkwessie, veral die medium van onderrig, as 'n bitter partypolitieke strydpunt na vore gebring (Broodryk 1994: 140), 'n aspek wat uitgebreid in die volgende hoofstuk aan die bod sal kom.

In 'n ondersoek wat 18 000 kinders in 1938 betrek het, het die opvoedkundige, dr E G Malherbe, tot die slotsom gekom dat die tweetalige skool voordele het bo 'n eentalige skool en beskryf kan word as:

a type of school where English and Afrikaans-speaking children associate freely together so that they learn to know each other as well as each other's languages; and where the method of instruction is such that every child, no matter what the language of his home or his school-mates, is guaranteed to become an educated, bilingual South African,

Malherbe se bevindinge het sterk teenkanting ontvang van diegene wat die eentalige skool voorgestaan het (Behr & MacMillan 1971: 65).

Afgesien van reeds gemelde faktore was die opkoms van die Afrikaansmediumskool gedurende hierdie tydperk, die logiese uitvloeisel van die aanbevelings van die Uniale onderwysverslag van 1911 en die provinsiale onderwyswetgewing in die jaar of twee daarna. Daar is uitdruklik voorsiening gemaak vir die reg van die ouers om die voertaal van sy kind bokant standerd vier (later standerd ses) te kies. Verder kon ouers ook kies vir uitsluitlike Afrikaans- en Engelsmediumonderwys en dus ook vir aparte enkelmediumskole, asook parallel- en dubbelmediumonderrig waar eersgenoemde nie moontlik is nie. Die Afrikaans-

mediumskool het dieselfde wettige reg van bestaan wat die Engels-mediumskool voorheen geniet het, verkry (Cilliers 1953: 261).

4.1 Kaapprovinsie

Teen die einde van 1926 is 'n Adviserende Komitee insake Onderwys in die Kaapprovinsie benoem wat veral wat die praktiese uitvoering van moedertaalonderwys betref, verder gegaan het as enige ander kommissie voor die tyd. Die verslag is op 24 Maart 1927 bekend gemaak en was onder voorsitterskap van dr G G Cillié (Cilliers 1953: 224; vir 'n volledige uiteensetting vgl ook Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1927: 1-81).

Die Cillié-komitee het eerstens die voertaalvraagstuk by die primêre onderwys behandel. Uit die voertaalsensus van alle leerlinge tot en met standerd ses blyk dit dat 97.3% Engels- teenoor 91.4% Afrikaanssprekende leerlinge onderrig deur medium van hulle moedertaal ontvang het, 0.9% teenoor 3.6% onderskeidelik deur die tweede taal, en 1.8% teenoor 5% respektiewelik deur albei taalmediums. In vergelyking met toestande tydens die totstandkoming van die Unie toe byna alle leerlinge nog deur medium van Engels onderrig is, was dit 'n groot verbetering. Tog toon hierdie syfers dat die Afrikaanssprekende kind teen 1927 nog nie dieselfde taalvoorregte as sy Engelssprekende medeleerlinge geniet het nie (Cilliers 1953: 224).

Die Komitee het groot verskille in die vertolking en praktiese toepassing van die bepalings insake moedertaalonderwys aangetref, en die volgende groepe skole is onderskei.

Skole met uitsluitlike moedertaalonderwys ("huistaal" word gebruik). Hieronder het enkelmedium- en parallelmediumskole (met aparte Engelse en Afrikaanse groepe waar die twee wit taalgroepe gemeng is) geressorteer en skole met parallelmediumonderwys maar sonder parallelmediumklasse (twee taalgroepe in dieselfde klas en onderrig in eie taal).

By skole met dubbelmediumonderwys word ses groepe onderskei, elk met sy eie probleme. Dit was naamlik:

- dat in skole waar die (tweetalige) onderwyser onderrig gee in die taal van die meerderheid en dit in die taal van die minderheid herhaal, dit in stryd was met die gees en letter van die wet wat aparte parallelklasse in sulke gevalle voorskryf;

- in skole waar die (tweetalige) onderwyser onderrig gee in die taal van die meerderheid en net probleme vir die minderheid (vyftien of meer) in hul eie taal herhaal, is bevind dat die ouers meer tevrede met hierdie reëling was as byvoorbeeld die saamgroepering van alle klasse vanaf substanderd A tot standerd ses onder een onderwyser;
- in skole waar minderhede deur middel van hul tweede taal onderrig word, is bevind dat dit ook in stryd met die wet is wat in sulke gevalle gegroepeerde parallelklasse voorskryf, maar die argument is dat die uitvoering van die ordonnansie die belange van die meerderheid sal opoffer aan die van sulke minderhede;
- in skole waar albei voertale of gedeeltelik die “verkeerde” voertaal (meestal Engels) gebruik word (alhoewel die minderhede die instelling van parallelklasse regverdig), is bevind dat parallelklasse wel in ’n paar van die skole bestaan, maar nêrens hoër as standerd twee nie; verder is daar gewoonlik dubbelmediumonderwys wat in stryd met die wet is;
- in skole waar ’n groot aantal (Afrikaanssprekende) ouers beweer dat beide amptelike tale hul moedertaal is en dan Engels vir hul kinders kies, is bevind dat die wet onduidelik is op die punt van twyfelagtige gevalle, en
- in skole waar Engels en Afrikaans om die beurt as voertaal gebruik word, is bevind dat van die wet afgewyk word (Cilliers 1953: 224, 225).

Die Cillié-komitee stel verder voor dat artikel 300 (wat handel oor twyfel insake die moedertaal van ’n leerling) geskrap word, hoofsaaklik omdat ouers daarvan misbruik maak. Daar is voorgestel dat die Departement bepalings opstel om twyfelagtige gevalle te ondersoek. Aangesien moedertaalonderwys na standerd ses nie verpligtend was nie, besef die Cillié-komitee die probleme van leerlinge wat in die middelbare afdeling verplig is om hulle onderrig in die tweede taal te ontvang. Hulle beveel in dié geval aan dat skole desnoods toegelaat word om die leerlinge in standerd ses enigsins vertrou te maak met die terminologie wat hulle in sekere vakke na standerd ses nodig mag vind, maar dat die bepaling van moedertaalonderwys verder ongeskonde sal bly en dat geen verandering van die voertaal in die primêre skool wenslik is nie. Die Komitee stel voor dat artikel 294(a)

so gewysig word dat die moedertaal die voertaal bly tot standerd ses, met dien verstande dat die plaaslike bestuur (behoudens die goedkeuring van die Departement) die reg sal hê om te bepaal dat die ander taal as tweede voertaal ingevoer sal word in standerd ses. Die Komitee stel ook voor dat die definisie van “huistaal” (moedertaal) verander word, naamlik tot “de taal die de leerling het best verstaat en spreek” (in plaas van “de taal, die het best gekend en verstaan word by de leerling”) (Cilliers 1953: 225, 226).

Vraag 2 van die Cillié-komitee behandel die uitwerking wat moedertaalonderwys tot standerd ses het op die grondige onderrig in die vakke van die leergang en op die praktiese kennis van die tweede taal by leerlinge wat die skool verlaat na standerd ses, aangaan met hul studies. Die Komitee beveel aan dat moedertaalonderrig die onderwys veel grondiger en deegliker sal maak en dat die verandering van die voertaal in enige vak ’n uiters nadelige uitwerking het (Cilliers 1953: 226).

Die Cillié-komitee bespreek in vraag 3 die stappe wat van owerheidsweë gedoen is om toesig te hou oor die uitvoering van die ordonansie. In vraag 4 word die praktiese uitvoering van artikel 294 (b) van die ordonansie wat voorsiening maak vir moedertaalonderwys aan minderhede (van vyftien of meer) in gemengde skole deur parallel-medium- of dubbelmediumonderwys behandel. Aangesien albei metodes, parallelmedium- sowel as tweetalige onderwys, aan die wet voldoen, behandel die Komitee die voor- en nadele van die twee stelsels. As norm stel hulle twee oorwegings, naamlik watter metode die doeltreffendheid van die skool as geheel die meeste bevorder en watter metode moedertaalonderwys aan albei groepe die beste verseker. Op albei gronde is hulle uitspraak eenparig ten gunste van parallelteenoor dubbelmediumklasse. Die Komitee beveel aan dat ondanks (veral organisatoriese) moeilikhede, parallelklasse vir minderhede van vyftien of meer verpligtend moet wees (Cilliers 1953: 227, 228). Wat minderhede (minder as vyftien) betref, is dit die Komitee se bevinding dat parallelklasse onuitvoerbaar is en as praktiese alternatief beveel hulle dubbelmediumonderwys aan. Die Komitee is nie ten gunste van die verlaging van die minimum van vyftien vir parallelklasse nie, en beveel aan dat veral in stedelike gebiede minderhede wat te klein is om in hul eie skole parallelklasse te regverdig, in parallelklasse gesentraliseer sal word in sekere skole en dat sekere om-

liggende skole dan tot enkelmediumskole verklaar word. Sodanige gesentraliseerde parallelklasse vir minderheidsgroepe kan dan tot enkelmediumskole ontwikkel (Cilliers 1953: 227, 228).

Vraag 5 van die Cillié-komitee behandel die praktiese toepassing van artikel 295 van die ordonnansie (wat handel oor die voertaal by middelbare onderwys). Die Komitee beveel aan dat moedertaalonderwys (met die voorbehoud dat ook die tweede taal sover moontlik as voertaal gebruik word) die norm in alle middelbare skole behoort te wees. Die Komitee bevind egter dat hierdie verpligting van albei tale as voertaal nie nagekom word nie, aangesien in die praktyk óf uitsluitlik moedertaal- óf dubbelmediumonderwys die gebruik is. Vraag 6 handel oor die vertolking van die benaming “heersende voertaal” waaroor die Komitee self nie tot eenstemmigheid kon kom nie. Dieselfde vraag het gehandel oor die verkieslikheid van moedertaal- of tweetalige onderwys in die middelbare afdeling. Ook in hierdie geval verklaar die Komitee hom ten gunste van moedertaalonderwys. Die Cillié-komitee beskou dit egter onwenslik om die keuse van die ouers weg te neem, en beveel aan dat die laaste deel van artikel 295(a), wat bepaal dat die tweede taal ook as voertaal gebruik sal word, geskrap word, omdat die wet hier onduidelik is en ook nie in die praktyk uitgevoer word nie. Met ander woorde, indien die ouers nie self anders kies nie, moet die moedertaal die voertaal bly bokant standerd ses. Dit vereis dan in die praktyk enersyds die stigting van aparte Afrikaanse en Engelse enkelmediumskole. Waar daar deur die keuse van die ouers of andersins wel vir albei voertale voorsien word, sal dit in die praktyk andersins dubbelmediumskole vereis. Die Komitee het Vraag 7 wat gehandel het oor die die taal as vak bespreek en aanbeveel dat die vryheid wat ouers kragtens artikels 296 en 297 van die ordonnansie besit om beswaar te maak teen die onderwys van die tweede taal aan die kinders, so gelaat word (Cilliers 1953: 227-9; vgl Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1927: 3-23).

Die verskyning van dié Adviserende Komitee insake Onderwys in Maart 1927 het ’n diep indruk gemaak. Na die deeglike verslag van hierdie Komitee, wat alle aspekte van die taalvraagstuk op skool onder oë gehad het, het sowel die beginsel as die praktyk van aparte Afrikaansmediumskole ’n groot hupstoot gekry. Na aanleiding van hierdie verslag het die Superintendent-generaal van Onderwys (SGO) dit in

sy daaropvolgende jaarverslag gerade geag om die Departement se sienswyse omtrent die vraagstuk uiteen te sit. Hy wys daarop dat die hoofdoel in die primêre skool glad nie is om alle kinders tweetalig te maak nie. Nog minder het die ouers die reg om een van die twee amptelike tale as voertaal vir sy kind tot standerd ses te kies; al reg wat hy besit, is om te besluit of die voertaal uitsluitlik of hoofsaaklik die huistaal (moedertaal) sal wees (Cilliers 1953: 231, 256).

Wat parallel- en dubbelmediumonderwys betref, wys die SGO verder daarop dat die algemene opinie oorweldigend ten gunste van parallelmediumonderwys is. Die SGO het verder sy heelhartige ondersteuning verleen aan die Komitee se aanbevelings insake verpligte paralleleklasse vir alle minderhede van vyftien of meer, die sentralisering in stedelike gebiede van alle minderhede en die verklaring van sekere skole tot enkelmediuminrigtings wat deur die Skoolraadskonferensie van Desember 1927 bekragtig is. Dit was nog 'n positief uitgesproke beleidsverklaring van Departementsweë ten gunste van aparte enkelmediumskole. 'n Kennisgewing in *The Education Gazette* van 22 November 1928 het parallelklasse in primêre skole verpligtend gemaak en is bepaal dat hulle nie weer sal verval tensy die minderhede benede tien daal nie. Skoolhoofde sal van die begin van 1929 verplig word om toe te sien dat hierdie bepalings uitgevoer word (Cilliers 1953: 231, 232).

Met betrekking tot middelbare onderwys wys die SGO verder daarop dat die ordonnansie voorsiening maak vir aparte Engels- en Afrikaansmedium skole wat in die groter dorpe aangetref word en waarin ook deur die ordonnansie voorsiening gemaak is vir parallelklasse en vir gesamentlike dubbelmediumskole, waar die plaaslike bestuur besluit oor die voertaal van die verskillende vakke. Parallelklasse is onprakties gevind. Waar dit nie moontlike was nie moet aparte skole dus as oplossing beskou word (Cilliers 1953: 232). In 1934 het die Departement by monde van die nuwe SGO, dr W de V Malan, weer sy seën oor die ontstaan en bestaan van aparte Afrikaansmediumskole uitgespreek (Cilliers 1953: 232).

Die opening deur die Ordonnansie sedert 1912 daartoe verleen en veral die veranderde en meer simpatieke houding van die Departement en regering het spoedig gelei tot die instelling van heelwat meer afsonderlike Afrikaansmedium primêre en sekondêre skole. Tot dusver

is daar elke jaar tyd en ruimte in die SGO-jaarverslae afgestaan vir die behandeling van die taalvraagstuk in die drie soort skole (enkel-, parallel- en dubbelmediumskole). Met die verslag van die Cillie-komitee van 1927 en die amptelike verklaring van die twee SGO's, doktors Viljoen (in sy jaarverslag van 1927-1928) en Malan (in 1934), is die taalvraagstuk op skool skynbaar opgelos en ontstaan daar 'n tydperk van natuurlike ontwikkeling langs die ingeslane weg van aparte enkelmediumskole. Hierdie groei is egter versteur met die koms van 'n koalisie-regering (1932) en die samesmelting op politieke gebied en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog (1939), waar die taal-, die medium- en die skoolvraagstuk opnuut 'n onverkwiklike partypolitieke fase betree het (Cilliers 1953: 234).

4.2 Vrystaat

Die besondere pretasies wat die Vrystaat reeds sedert 1910 op onderwysgebied behaal het, was grootliks te danke aan die buitengewone belangstelling van die publiek in dié provinsie in die opvoeding van die jeug. Vir die volgende sowat dertig jaar sou hierdie belangstelling steeds toeneem en op eie inisiatief sou reuse insamelingspogings vir onderwysdoeleindes van stapel gestuur word. Daarby het die Vrystaat, naas sy reëlmatige verwisseling van administrateurs, oor 'n tydperk van een-en-twintig jaar een onderwyshoof, S H Pelissier, gehad, wat veel tot die bestendigheid bygedra het (Coetzee 1958: 172).

Op grond van die bevindinge van die onderwyskommissie se verslag van 1926, is in 1929 weer eens 'n kommissie benoem om alle onderwyswetgewing in die Vrystaat te konsolideer. In 1930 is Ordonnansie nr 15 van 1930 aanvaar wat alle onderwys tot 1954 beheer het. Volgens hierdie Ordonnansie (artikel 49(i)) is die standaard van verpligte moedertaalmedium van vier tot ses verhoog (Coetzee 1958: 178; vgl Provinsie Oranje-Vrystaat 1951: 65; Coetzee 1952: 96; Rose & Tunmer 1975: 188). Vanaf standaard vyf is voorsiening gemaak vir onderwys in albei die amptelike tale en kon die ouers van leerlinge kies tussen een van die tale as enigste voertaal of albei tale as voertaal. Volgens Ordonnansie nr 15 van 1930 is skole in die volgende klasse verdeel: openbare skole, privaatondersteunde skole met hul eie beheerrade en privaatskole, meestal Engelse kerkskole. By die openbare skole was daar te onderskei tussen middelbare of sekondêre skole,

voortsettingskole of junior sekondêre skole en volks- of primêre skole. Die Kommissie was verder van mening dat tweetaligheid belangrik was, maar gesonde opvoedkundige norme toon aan dat tweetaligheid

may never be an ultimate aim in education and that the solution is not to be found in double or parallel medium schools [...] The Commission feels convinced that the highest aim in education can be realised only through the educationally sound single medium school organisation (Rose & Tunmer 1975: 189).

Alhoewel die Kommissie die enkelmediumskool aanbeveel het, is daar volgens artikel 49(5) vir enkel-, parallel-, en dubbelmediumskole voorsiening gemaak (Coetzee 1958: 178; vgl ook Provinsie Oranje-Vrystaat 1951: 65, 66; Rose & Tunmer 1975: 188).

In die Direkteursverslag van 1932 is die bewering dat Afrikaanssprekende leerlinge toenemend eentalig en Engelssprekende leerlinge al hoe meer tweetalig word, ernstig bevraagteken. Die eksamenuitslae van die verlede het hierdie bewering geloënstaaf. In die Engelse pers sou hierdie aanklag dikwels herhaal word, maar hoewel die standaard van Engels soms veel te wense oorgelaat het, was daar eerder 'n aanduiding van toename in tweetaligheid by Afrikaanssprekende leerlinge (Coetzee 1958: 178).

Terwyl die sensussyfers van die tyd voorgemelde stelling skynbaar bevestig het, deurdat die persentasie van persone wat beide Afrikaans en Engels kon praat van 43% in 1918 tot 66% in 1936 vermeerder het, was daar terselfdertyd duidelike bewys in verskeie ondersoeke dat die kwaliteit en die standaad van tweetaligheid in beroepe waar dit eintlik essensieel beskou kon word, afgeneem het. As voorbeeld dien matrikulante wat universiteitsvrystellings verwerf het of gekeur is vir opleidingskolleges (Malherbe 1977: 91).

Die Vrystaatse Hooggeregshof het in 1939 beslis dat Vrystaatse leerlinge volgens die onderwysordonnansie (Ordonnansie nr 15 van 1930) in hierdie provinsie in die moedertaal onderrig moes word (Steyn 1993: 67).

4.3 Transvaal

Die taalklousule van die Smutswet, soos gewysig deur die Rissikordonnansie, het in die praktyk steeds moeilikheid opgelewer, veral vir die Afrikaanssprekendes. Die bedoeling was egter “die taal wat die

kind die beste praat en verstaan” die onderwysmedium moet wees. In die Vrystaat het genl Hertzog in 1908 daarvoor gesorg dat “huistaal” beteken: die taal wat die kind die beste praat en verstaan (Botes 1941: 90). Die regulasies van 1924 het steeds die gebruik gehandhaaf soos neergelê in die taalordonnansie van 1911: die huistaal (moedertaal) as die enigste voertaal tot en met standerd vier, die tweede taal kan geleidelik ingevoer word; die wet laat die keuse aan die ouers oor. Baie Afrikaanssprekende ouers het egter hul moedertaal as Engels aangegee om hul kinders op ’n Engelse skool te kry met die oog op beter kanse vir plasing in ’n bedryf, beroep of diens (Coetzee 1952: 97).

In 1927 het die Uitvoerende Komitee van Transvaal besluit om die keuse te beperk deur van die hoofonderwyser te eis dat die voorgeskrewe vorm, waarin die ouers of voog die moedertaal moes verklaar, behoorlik deur die ouers ingevul moes word. Moeilikhede is egter nie uitgeskakel nie. Op ’n Inspekteurskonferensie in 1929 is die Onderwysdepartement versoek om regsadvies in te win ten opsigte van die interpretasie van die wetsbelange. Eers in 1932 kon die nodige regulasies deur die Uitvoerende Komitee uitgevaardig word (Coetzee 1952: 97). Twee ondersoeke na tweetaligheid in 1928, een vir stedelike gebiede deur inspekteur A M Robb, en op die platteland deur inspekteur D Linney, het bevind dat tweetaligheid veral in stedelike gebiede aanmerklik verbeter het (Coetzee 1958: 198).

Die nuwe regulasies het in November (by wyse van Resolusie nr 36060) per Departementele Omsendbrief nr 89 van 1932 van krag geword. Dit lui só: By die eerste toelating van ’n kind moet die skoolhoof in oorleg met die klasonderwyser oortuig wees deur middel van ’n mondelinge (en/of skriftelike) toets watter van die amptelike tale die leerling die beste verstaan en gemaklik gebruik — dit sal dan die huistaal (moedertaal), wetlik gesien wees: indien daar twyfel bestaan, sal die inspekteur beslis, en as hy nie kan nie, sal die ouerverklaring finaal wees (Basson 1944: 76, 79, vgl ook Botes 1941: 79, 90; Barnard 1979: 154). Die enigste funksie van die ouers is om oortuigend bewys te lewer wat die moedertaal is indien daar twyfel bestaan. Verder het die ouers geen keuse in die saak nie. Die nuwe reëling het die gemoedere gaande gemaak: dit is deur sommige mense as ’n aantasting van die reg van die ouer beskou (Coetzee 1952: 97; vgl ook Botes 1941: 77, 79).

In 1933 is die nuwe interpretasie van moedertaal in die hof getoets deur 'n sekere De Bruyn. Uitspraak is gegee ten gunste van die ouer-verklaring. Daarmee was die onderwysowerheid in Transvaal weer waar dit vantevore was: die ouer kon self die metode van onderwys bepaal en deurgaans was dit gewoonlik die Afrikaanssprekende ouer wat 'n foutiewe verklaring twv toegang tot Engels gemaak het. Die Transvaalse Departementele owerheid wat verantwoordelik was vir die doeltreffende uitvoering van die onderwys vir die skoolpligtige kind, kon die toestand nie laat voortduur nie (Coetzee 1958: 298, 299).¹

Van die aanvang van 1933 af is hierdie regulasie in werking gestel en is toegesien dat dit in die praktyk strenger toegepas is. As die 1932-syfers vergelyk word met dié van 1933, is daar 2 269 skoliere meer as in 1932 wat hul onderrig deur medium van Afrikaans ontvang het, terwyl Engelsmediumsyfers met 260 verminder het. Die 1934-syfers toon dat die Afrikaansmediumonderwys met 4 373 skoliere vermeerder het en die Engelsmedium met 1 004 verminder het. In hierdie jaar is daar nog 42 leerlinge wat deur medium van Hollands onderrig is; in 1935 verdwyn Hollands heeltemal as medium van onderwys. Die syfers toon aan dat Afrikaansmediumonderwys aansienlik toegeneem het as gevolg van die strenger toepassing van die regulasies (Basson 1944: 76; vgl ook Coetzee 1958: 298, 299).

Daarop is in 1934, in Ordonnansie nr 17 (volgens Coetzee 1952: 98 egter Ordonnansie nr 9), die sogenaamde Bekker-ordonnansie na aanleiding van die nuwe adminstrateur, ter wysiging van die "Onderwys (Taal) Amendement Ordonnantie" van 1911, 'n nuwe wetgewing neergelê (Coetzee 1958: 299; vgl ook Coetzee 1941: 178; Botes 1941: 82; McKerron 1934: 127). 'n Subartikel is toegevoeg waarby die woord "huistaal" nader omskryf is. Huistaal (moedertaal) word nou bepaal as die taal wat die kind die beste verstaan. Die onderwyser moet nou vasstel watter taal die leerling die beste verstaan en dit sal dan sy huistaal (moedertaal) en onderwystaal wees. As sy beslissing betwis word, moet die Inspekteur van Onderwys, as amptenaar van die Departement, finaal beslis. Daarna is die ouerkeuse uitgeskakel. In nie-Afrikaanssprekende kringe het groot ontevredenheid ontstaan omdat die nuwe

1 Vgl ook Coetzee 1952: 97, 98; Coetzee 1941: 178; Botes 1941: 79; Basson 1944: 76; Scholtz 1979b: 74.

reëling artikel 137 van die Grondwet stip gehandhaaf het, en artikel 85(iii) na die beste van sy vermoë uitgevoer het. Albei tale is gelyk behandel en die beste metode van onderrig is gehandhaaf (Coetzee 1952: 98; vgl ook Botes 1941: 90; McKerron 1934: 127).

As gevolg van die strenger toepassing van die voertaalbepalings in Transvaal het die Afrikaanssprekende skole aansienlik op die Engels-mediumskole gewen. Die toestand van die voertaal in sekondêre skole was nog onbevredigend. Uit die syfers van die 1937-verslag kan afgelei word dat 'n groter aantal leerlinge hul onderwys tot standerd vier deur medium van Afrikaans as Engels ontvang: hiervandaan gaan Engelsmediumonderwys voor, en in standerd tien is die getal leerlinge wat deur medium van Engels onderrig word, byna tweemaal soveel as die wat deur middel van Afrikaans onderrig word. As 'n vergelyk getref word wat net sekondêre skoolleerlinge in ag neem, blyk dit duidelik dat Engelsmedium deurgaans meer verkies is as Afrikaans-mediumonderwys. Aangesien die Afrikaanssprekende bevolking nog aansienlik meer as die Engelssprekende deel was, moet afgelei word dat baie Afrikaanssprekende leerlinge hul onderwys deur medium van Engels ontvang het. Die meeste Afrikaanse sekondêre skole het albei tale as medium gebruik. Wat die sekondêre skoolonderwys betref, staan Afrikaans dus in hierdie opsig nog agter Engels. Die gunstige posisie van Engels moet hoofsaaklik aan die keuse van ouers toegeskryf word. Die bepalings van die voertaalreëlings is van tyd tot tyd nog onduidelik. Die Onderwysdepartement het die saak deurgaans in 'n ernstige lig beskou en in Algemene Omsendbrief nr 5 van 1939 is dié saak weer eens onder die aandag van skoolhoofde gebring (Basson 1944: 81-3).

4.4 Natal

Daar is reeds aangetoon dat die Taalordonnansie van 1923 die keuse van die voertaal in Natal aan die ouers oorgelaat het. Hierdie beginsel is weer eens in 1937 deur die Onderwyskommissie onder voorsitterskap van F N Broome in 'n meerderheidsverslag aanvaar. Die beginsel om die keuse van die voertaal aan die ouer oor te laat, is herhaal, nieteenstaande die feit dat 'n aantal Afrikaanssprekende lede van die Kommissie sterk daarop aangedring het dat die keuse van die voertaal nie aan die ouers oorgelaat behoort te word nie, omdat 'n groot deel van die Afrikaanssprekendes nie die waarde van die moedertaal

begryp nie; hulle nie weet wat die onderskeid is tussen voertaal en as vak nie; hulle onverskillig is en die keuse aan die kind of aan die skoolhoof oorlaat; hulle meen die kind groter kans het om 'n werk te bekom indien hulle die onderwys deur middel van Engels ontvang; sommige ouers van oordeel is dat die kind Engels beter aanleer deur sy onderrig deur daardie medium te ontvang (Steenkamp 1941: 219; vgl ook RGN 1981: 33; Shingler 1973: 125; Behr 1988: 24; Rose & Tunmer 1975: 239-42).

'n Groot persentasie Afrikaanssprekende leerlinge het in Natal hul onderrig deur medium van Engels ontvang (Steenkamp 1941: 210). Ten spyte van die sterk aandrang op die uitskakeling van die keuse van die ouer en op verpligte moedertaalonderrig in Natal om dit teen te werk, het die Broome-kommissie geweier om veranderinge aan te bring en wel op twee gronde: Eerstens, hulle het skepties gestaan teenoor die praktiese moontlikheid van die onderrig van die moedertaal. Skoolhoofde sou verplig wees om die ouers se verklaring van die moedertaal te aanvaar.

So long as parents persist in their mistaken belief that proficiency in the English language is only possible by education through that medium, the commission has no doubt that in many cases a correct statement as to the home language would be given (Shingler 1973: 125).

Tweedens, getuienis voor die Kommissie het aangedui dat die meer intelligente leerling nie benadeel word deur onderrig in die tweede amptelike taal nie. Om sulke leerlinge hulle regte te ontsê, was nie regverdig nie. Die Kommissie het voorgestel dat ouers leiding moet kry in die wenslike weg wat in hierdie omstandighede gevolg moet word. Die Broome-kommissie het die belangrikheid van die parallel-mediumskool benadruk om groter taalvaardigheid in die onderskeie tale te verkry, en om groter onderlinge begrip en respek tussen die twee taalgroepe te bevorder (Shingler 1973: 125; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 185 ev).

4.5 Swart onderwys

Gedurende die twintigerjare het 'n inspekteur van swart onderwys bevind dat die toestand in swart onderwys nog "chaoties" was (vgl 3.6 hierbo). In 1928 is primêre skoolleergange in Transvaal vir swart skole hersien en uitgebrei om die volle primêre skoolkursus te dek.

Leerplanne oor Afrikatale, godsdiensleer en naaldwerk is bygevoeg, maar die voertaalvraagstuk is nie werklik aangedurf nie (Bot 1951: 164, 165). Op versoek van die Adviserende Raad van Transvaal is Afrikaans in 1930 as deel van die gewone leergang erken (Coetzee 1941: 205). Dit is oor die algemeen in beginsel goedgekeur en aanvaar dat in streke waar Afrikaans oorwegend gepraat is, Afrikaans as eerste amptelike taal in die skole ingevoer word, en waar Engels oorwegend die omgangstaal is, dieselfde beginsel sou geld (Bot 1951: 166). Dit was eers in die middel van die dertigerjare dat Afrikaans (wat in 1925 'n amptelike taal geword het) 'n invloed in swart onderwys begin uitoefen het, en dan slegs in die Vrystaat en Transvaal. Dieselfde instruksies, dit is dat Engels of Hollands maar nie albei nie, gebruik moet word as medium van onderrig, en dat taalstudie, formele oefeninge in die taal (soos lees en skryf) hoofsaaklik toegespits moet word tot een amptelike taal, en dié verkose taal deur die Departement goedgekeur moet word, is gevolg (Hartshorne 1986: 87). In die praktyk het dit beteken dat Engels steeds die enigste medium was, maar in die Vrystaat is dieselfde bepalinge neergelê vir die primêre skole, sodat slegs een van die amptelike tale, meestal Engels, gebruik en onderrig is (Hartshorne 1986: 87). In Transvaal is voor die einde van die dertigerjare bepaal dat die Afrikatale as voertale by die onderrig gedurende die eerste vier jaar van die primêre skole sal dien. Verder is vryheid verleen om met die gebruik van die tale te eksperimenteer en nuwe metodes van onderrig te ondersoek. Afrikatale is op die A-graad saam met Engels en Afrikaans in die middelbare kursusse en eksamens toegelaat (Bot 1951: 165).

Die posisie teen 1935 (toe die Welsh-komitee sy ondersoek na "Bantoe-onderwys" begin het, daarvoor in die volgende paragraaf meer), was dat in al die provinsies 'n moedertaal in die primêre skole en by die onderwyskolleges 'n verpligte studievak moes wees. Op sekondêre vlak het amper al die leerlinge 'n moedertaal geneem, maar dit was nie verpligtend of 'n voorvereiste vir slaag in die Junior Sertifikaat (standerd agt) of die Senior Sertifikaat (standerd tien) nie. Dit was wel verpligtend dat elke leerling Engels of Afrikaans (hoër graad) neem (Rose & Tunmer 1975: 190,191; vgl ook Van Zyl 1972: 59).

Opsommenderwys was die beleid vir die medium van onderrig soos volg: die leerling se moedertaal moet gebruik word vir die eerste

ses jaar (tot en met standerd vier) in Natal, vir die eerste vier jaar (standerd twee) in die Kaapprovinsie en Vrystaat, en vir die eerste twee jaar (die substanderds) in Transvaal; daarna die amptelike taal. Die keuse van watter amptelike taal in die primêre skool onderrig is voor 1936, is oorgelaat aan die verskillende Provinsiale Rade (in praktyk die sendinggenootskappe). Engels is in die praktyk in die Kaapprovinsie, Natal en Transvaal gebruik, terwyl Afrikaans nie as vak of medium van onderrig gebruik is nie. In die Vrystaat is Engels eweneens die taal wat aanvanklik gebruik is terwyl Afrikaans vanaf standerd drie ingevoer is. Dit het die beleid tot 1955 gebly behalwe dat in Transvaal, in die lig van die voorstelle van die Welsh-kommissie, die moedertaal gebruik moet word vir ten minste vier jaar, moedertaal-medium tot en met standerd twee uitgebrei is (Hartshorne 1986: 87; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 190).

Die dualisme in staatsbeheer van Bantoe-onderwys het onhoudbaar geword en die Interdepartementele Kommissie van Ondersoek oor Bantoe-onderwys, die sogenaamde *Welsh Report* (onder voorsitterskap van 'n lid van die Provinsiale Raad, W T Welsh) is deur die Minister van Onderwys in die Hertzog-Smuts Verenigde Party-regering aangestel. Die Kommissie (aangestel onder Regeringskennisgewing nr 978 van 12 Julie 1935, UG 29-1936) moes ondersoek instel onder andere na die verskillende provinsiale beleide ten opsigte van swart onderwys. Die Kommissie moes dienoorenskomstig voorstelle hieromtrent doen, insluitende die kwessie van die medium van onderrig en die rol van die moedertaal.²

Die Verslag van die Welsh-kommissie het aanbeveel dat die beheer van Bantoe-onderwys van die Provinsiale Rade na die Unieregering oorgedra moes word en dat die Unie-onderwysdepartement die verantwoordelikheid vir die administrasie en finansiering van Bantoe-onderwys (soos dit destyds bekend gestaan het) behoort te dra (Coetzee 1958: 429; vgl ook Van Zyl 1972: 66; Rose & Tunmer 1975: 238). Die Kommissie het aanbeveel dat die sendinggenootskappe aktiewe vennote van die regering in die onderrigtaak bly, maar dat dit geleidelik 'n algehele staatsverpligting sou word (Coetzee 1958: 430; vgl ook Van Zyl 1972: 69).

2 Shingler 1973: 269-72; vgl ook Behr & MacMillan 1971: 395; Van Zyl 1972: 66; Rose & Tunmer 1975: 189.

Die Kommissie het verder onder meer aanbeveel dat 'n Afrikataal, asook Engels en Afrikaans, deel van die kurrikulum in die primêre skole van die vier provinsies moet wees (Behr & MacMillan 1971: 392; vgl ook Helm 1979: 184). Die Kommissie was van mening dat die "kind se moedertaal die beste voertaal vir sy skoolonderwys is" en het aanbeveel "dat die moedertaal van die leerlinge vir die teenswoordige as 'n algemene reël die voertaal van onderrig in alle natuurle-skole behoort te wees" (Helm 1979: 184; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 190 ev). Dit het aanvaarde praktyk in Bantoe-onderwys in die provinsies geword dat die moedertaal aangewend moet word as medium van onderrig gedurende die eerste paar jaar (vier) van die skool-onderrig (Behr 1988: 29). Soos reeds aangetoon, het die periode egter verskil in die verskillende provinsies. (In Natal was die moedertaal gebruik as medium van onderrig gedurende die eerste ses jaar van die kursus (dit is tot en met standerd vier); in die Kaapprovinsie en in die Vrystaat vir die eerste vier jaar (dit is tot en met standerd twee); in Transvaal vir die eerste twee jaar (dit is die substanderd jare). Daarna is een van die amptelike tale ingefasseer as 'n hoofmedium van onderrig so spoedig as wat die leerling in staat was om voordeel te trek uit die medium van onderrig. In die dorpe en sommige van die stede was dit dikwels onmoontlik om onderrig deur middel van die moedertaal te ontvang omdat daar soveel verskillende taalgroepe in een skool was. In sulke gevalle, is die volgende prosedure volgens die Transvaal Education Departement (TED) (soos aangehaal deur Hartshorne 1986: 87) neergelê:

Of the two official languages the one which is more generally spoken by the Europeans living in or near the area from which the pupils of the school are drawn must be studied as the first official language. Oral instruction in the language is begun in the first school year. Formal teaching of the second official language must be introduced in the fourth year but this should be preceded by oral exercises in the lower classes (Hartshorne 1986: 87, 88).

In die praktyk is in die meeste van die provinsies daarna na Engels oorgeskakel, behalwe vir Bybelonderrig, gesondheidsleer, musiek en sang (Behr & MacMillan 1971: 395; vgl ook Coetzee 1958: 431; Behr 1988: 29; Helm 1979: 170, 171; Rose & Tunmer 1975: 191). Om die probleem van die baie moedertale verteenwoordig op een skool op te los, het die Kommissie aanbeveel dat daar 'n amalgamasie van

gesubsidieerde skole moet plaasvind en dat skole nie op 'n sektariese basis nie, maar wel op 'n taalbasis ingedeel behoort te word. Waar die voorsiening van aparte skole vir elke Afrikataal onprakties was, beveel die Kommissie aan dat 'n taalgebaseerde klassifikasie soos byvoorbeeld Zoeloe-Xhosa of Sotho-Tswanaskole oorweeg word. In nie een van die provinsies was daar enige Departementele regulasies in verband met die moedertaal vir die sekondêre skole nie (Behr & MacMillan 1971: 395; vgl ook Helm 1979: 170, 171; Rose & Tunmer 1975: 193).

Wat die toekomstige uitbreiding van moedertaalmedium betref, was die Welsh-kommissie van mening dat

sodanige uitbreiding grotendeels afhanklik moet wees van die ontwikkeling van beskikbare literatuur in elke taal en van die voorsiening van geskikte handboeke en van vaste terminologie in elke taal soos vir die onderrig van skoolvakke vereis word (Helm 1979: 183).

In die lig daarvan het die Kommissie aanbeveel dat die owerheid die ontwikkeling van die literatuur van die verskillende Afrikatale (dit is swarttale) en veral die produksie van boeke, sowel handboeke as algemene literatuur, wat vir skoolgebruik geskik sou wees, moes aanmoedig. Die Kommissie het verder aanbeveel dat komitees in die lewe geroep moet word om voorlopige terminologieë te formuleer wat in die vakke van skoolonderwys vir die verskillende Afrikatale vereis is (Helm 1979: 183; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 192, 193).

In 'n jaarverslag van 1937 in Transvaal gee die hoofinspekteur 'n oorsig van Departementele beleid: volle gebruik is van die leerlinge se moedertaal en ondervinding in die opvoedingsproses gemaak (Coetzee 1941: 205). Toe die nuwe Transvaalse kurrukulom ingestel is in 1938, het sowel Engels as Afrikaans verpligte vakke vir die swart leerling geword (Hartshorne 1986: 87).

Volgens Hartshorne (1986: 88) het die verpligting en uitbreiding van die swart moedertaal (volgens die aanbevelings van die Welsh-kommissie) asook die erkenning en opheffing van Afrikaans in swart onderwys (ook wit onderwys) veral vanaf die dertigerjare en daarna sy oorsprong in 'n politieke wil gehad, volgens hom "a mission' to control and rule over South Africa". In die onderwys het dié missie gemanifesteer in 'n rigiede onderwys apartheidsbeleid en 'n Nasionale Christelike ideologie. In die verslag van die Transvaalse Onderwys-

departement vir 1938, word een van die doelstellings om Afrikaans te leer soos volg uiteengesit:

c) Met die nodige liefde en toewyding moet die leerling gelei word tot daardie stadium waar hy die *Afrikaanse gedagte*, die *Afrikaanse kultuur* wat aan hierdie taal ten grondslag lê, sal intiem aanvoel, begryp, waardeer. Hierdeur sal die verhouding tussen hom en die draers van hierdie kultuur verruim en veredel word. En hierdeur sal die naturel self 'n beter kultuurmens word" (TED 1938: 14) [Oorspronklike beklemtoning] (Hartshorne 1986: 87, 88).

In skole vir bruin leerlinge was die vroeë beleid om Engels as medium van onderrig te gebruik, maar vanaf die twintigerjare het dit verander na Afrikaans (Bot 1936: 160). Dieselfde afname van leerlinge met Engels as medium wat by wit leerlinge aangetref is, het vanaf 1936 tot die sestigerjare en daarna ook in bruin leerlingetalle in die Kaaprovinsie voorgekom. In 1936, het 16 500 bruin leerlinge onderrig grootliks of hoofsaaklik deur medium van Engels ontvang, en 42 000 in Afrikaans en ongeveer 20 000 deur middel van beide Engels en Afrikaans (Malherbe 1977: 111). Vir beheerdoeleindes was die skole vir bruin mense in die Vrystaat apart van dié van swart skole. Ook in Transvaal was daar aparte skole vir Indiërs en bruin mense (Behr & MacMillan 1971: 423, 426).

Alhoewel daar sterk besware vanaf Indiërkant geopper is teen Engels as voertaal op die Indiër primêre skole, was Engels nogtans die voertaal in die Natalse skole. 'n Onderwyskommissie van 1922 het dit nie as die staat se plig beskou om onderrig deur middel van 'n voertaal wat vreemd is aan die land te verskaf nie. 'n Gekose Komitee van 1926 het hulself as onbekwaam beskou om enige aanbevelings in verband met moedertaalonderwys te doen; veral oor die veelheid van Indiërtale (Naudé 1950: 195). Die Departement het die feit dat Engels die voertaal was nie beskou as belemmerend op die vordering van die Indiërkind nie. Die gehalte van die Indiërskole in Transvaal en Natal was nogtans laer as die van wit skole as gevolg van "die vreemde voertaal" (Indiërtale) (Naudé 1950: 254).

In die Jaarverslag van 1929 het die Departement nogtans erken dat "no educationist would sanely advocate any but mother-tongue as medium in principle" (Naudé 1950: 254). As dié beginsel van moedertaalonderwys egter toegepas sou word, moes ten minste vyf Indiërtale ingevoer word in Indiërskole. Nogtans was daar nog in die

dertigerjare op feitlik elke dorp in Natal moedertaalskole. Daar was geen uniforme leerplan nie en moedertaalonderwys is hier gegee deur onderwysers met onvoldoende kwalifikasies. Omdat die meeste Indiërkinders wat die moedertaalskole besoek het ook die staatskole besoek het, is daar veel van die Indiërkind verwag (Naudé 1950: 194, 195, 198).

Soos aangetoon deur Naudé (1950: 239) is die insluiting van Indiërgodsdienste en -tale in die gewone skoolleerplan sterk deur K P Kichlu, 'n opvoedkundige uit Indië wat Transvaal in 1928 besoek het, in sy *Memorandum on Indian Education in the Transvaal* (1928), veroordeel. Kichlu het sy standpunt teenoor die voertaal soos volg gestel:

The primary education of a country can only be organised on the basis of the official language or languages of the country concerned and not on the basis of the languages, supposed or real of the country or countries from which the persons living in the country originally came (soos aangehaal deur Naudé 1950: 239).

Kort na Kichlu se memorandum is die Indiërgodsdienste en -tale dan ook in die gewone skole afgeskaf. Dit was ook die einde van die stelsel van sektariese staatskole (Naudé 1950: 239). Bykans tien jaar later het die verslag van 'n onderwyskommissie van 1937 steeds getoon dat die ondoeltreffende toestand in Indiëronderwys in Natal te wyte is aan die voertaal (Engels) (Naudé 1950: 221). Afrikaans is slegs op beperkte skaal in Natal aangebied (Behr & MacMillan 1971: 425).

Alhoewel 'n paar wit skoolhoofde Afrikaans as voertaal in Indiërskole in Transvaal ingevoer het, was Indiërs daarteen gekant, hoofsaaklik omdat Engels nodig is vir handelsdoeleindes en Afrikaans as voertaal die leerlinge se kennis van Engels, volgens diesulkes, sou verswak. In 1932 het daar 'n nuwe indeling van skole plaasgevind. Skole wat vir sowel Indiër- as bruin kinders voorsiening gemaak het, is voortaan as "kleurlingskole" geklassifiseer. Die gevolg was dat daar net 11 suiwer Indiërskole oorgebly het. Vanaf 1934 is die volgende twee indelings ingevoer: skole vir bruin leerlinge en Indiërs, en tweedens skole slegs vir Indiër leerlinge (Naudé 1950: 239, 240, 245).

4.6 Opleiding van onderwysers

4.6.1 Wit onderwysers

Die Cillié-komitee (Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys) het in die Kaapprovinsie in 1927 die noodsaaklikheid beklemtoon van tweetaligheid onder wit onderwysers. Om die gebruik van die voertaal te verbeter, het hulle aanbeveel dat moedertaalonderwys by die gewone akademiese vakke wat betrekking het op die student se persoonlike ontwikkeling ingevoer word, maar dat verpligte dubbelmediumonderwys in alle professionele vakke later gedoseer word. Daar is bevind dat tweetalige opgeleide onderwysers onontbeerlik vir die middelbare skool is, maar dit behoort geen verpligting te wees nie aangesien daar nie verpligte moedertaalonderwys bokant standerd ses is nie. Weens die aspirantstudente se gebrekkige kennis van die tweede taal, het die Komitee aanbeveel dat die opleiding van onderwysers in albei tale onderrig behoort te word. Die Komitee het ook aanbeveel dat slegs tweetalige skoolhoofde en assistente in skole met albei voertale aangestel mag word. In onderwyskolleges is die keuse van die taal aan die student oorgelaat, want dit was prakties onmoontlik om albei voertale in elke inrigting in te stel (Cilliers 1953: 232; vgl Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1927: 26-37).

Uit 'n opname van 1926 is bevind dat die tweetaligheidsprestasies van Afrikaanse onderwyskolleges bokant die peil was, terwyl die peil by die Engelse inrigtings onderkant die gemiddelde was (Cilliers 1953: 230). Die vermeerdering van aparte enkelmediumskole waaruit die meeste van die aspirantonderwyserskorps gekom het, het die kwaliteit van tweetaligheid by onderwyskolleges in die vier provinsies in die gedrang geplaas. Die kwaliteit van tweetaligheid in die skool was afhanklik van die onderwyser, die belangrikste faktor in die opvoedkundige proses veral wat betref die uitbouing van tweetaligheid in eentalige gebiede. Onderwyskolleges in Pretoria, Heidelberg en Potchefstroom in Transvaal en die in die Vrystaat was vanaf 1932 eentalig Afrikaansmedium en in Johannesburg Engelsmedium (Bot 1936: 134; vgl ook Malherbe 1977: 91, 92).

In die dertigerjare is bepaal dat studente-onderwysers feitlik almal 'n sertifikaat van tweetaligheid moet verwerf, anders sou hulle kanse op 'n aanstelling gering wees (Rykstentoonstelling 1936: 13).

4.6.2 Swart onderwysers

In die Kaapprovinsie, Natal en tot 'n mindere mate in Transvaal het dit geblyk dat min swart onderwysers in staat was om onderrig in Afrikaans te kon gee (Rose & Tunmer 1975: 192). Ten einde swart onderwysers van primêre skole Afrikaans te leer, is reeds in 1933 bepaal dat dit as 'n verpligte vak in onderwyskolleges in Transvaal ingestel sal word (Bot 1951: 166). Twee jaar later het die Minister van Naturellesake instruksies gegee dat Afrikaans as vak in Uniale onderwyskolleges ingevoer moet word (Van der Mescht 1965: 15). In 1936 is 'n swart onderwyskollege in Transvaal gestig met Afrikaans as medium (Hartshorne 1986: 88).

Die Welsh-kommissie (1936) het aanbeveel dat die studie van 'n Afrikataal ("Native language") verpligtend sal wees op nasionale basis vir alle studente aan swart onderwyskolleges (Rose & Tunmer 1975: 190). Hierdie regulasies vir onderwysers het reeds vanaf 1925 in Transvaal gegeld na die invoering van die moedertaal in die skole aldaar (Coetzee 1941: 205).

Die Welsh-kommissie (1936) het verder aanbeveel dat albei amptelike tale in die opleidingkurrikulum van swart onderwysers ingesluit word; een taal kon egter 'n opsionele vak wees. Indien 'n student hiertoe besluit, moet die betrokke Departement alle moontlike hulp aan die opleidinginstansies verleen om dit prakties uit te voer (Rose & Tunmer 1975: 192).

Teen die helfte van die dertigerjare was die invloed van die NG Kerk uiters beperk op swart onderwys, behalwe in die Vrystaat waar die Stofbergse Gedenkskool (vanaf 1908) steeds onderwysers opgelei het (Hartshorne 1986: 88).

Afrikaans en Engels is in die bruin (voorheen Kleurling) en Indiër onderwysertifikaat in die dertigerjare in Transvaal en Natal vir sowel die laer as hoër graad ingesluit (Naudé 1950: 254). Gedurende dieselfde tydperk het ook die bruin primêre Onderwysertifikaat in die Kaapprovinsie spesiale klem op die amptelike tale gelê (Behr & MacMillan 1971: 428).

4.7 Slotsom

Afrikaans is in dié periode as amptelike taal in die primêre- sekondêre en hoër onderwys as vak en voertaal gevestig. Dit het die posisie van Afrikaans byna onmiddellik in die primêre skool verbeter. Dié posisie is egter nie in die sekondêre skool gehandhaaf nie, hoofsaaklik omdat groot getalle ouers eerder 'n keuse ten gunste van Engels uitgeoefen het. Departemente van onderwys het getrag om 'n stokkie te steek voor wat hulle beskou het as die misbruik van die ouer, deur middel van wetgewing en hofsake.

Verpligte moedertaalonderrig is van standerd vier tot standerd ses in die Kaapprovinsie (1925) en die Vrystaat (1930) uitgebrei. In Transvaal en Natal is die status quo gehandhaaf. Die ouer het die reg gehad om sowel die voertaal van sy kind bokant standerd vier (later standerd ses) te kies, as die skool waarna sy kind sou gaan, dus enkel-medium Afrikaans of Engels, parallel- en dubbelmedium. Die koalisie en samesmelting in die vroeë dertigerjare van Hertzog se NP en Smuts se Suid-Afrikaanse Party (SAP) in die Verenigde Party Regering, het 'n wesentlike invloed op die skoolwese uitgeoefen. Die politieke verskille wat geskille geword het, het 'n negatiewe invloed op die taalvraagstuk, in besonder die medium van onderrig uitgeoefen.

Stryd om moedertaalonderrig gedurende die oorlogsjare en daarna, 1939-1948

Dat die politisering in die wit onderwys wat veral vanaf die dertigerjare 'n kenmerk van taalwetgewing geword het, in die veertigerjare momentum gekry het, was gedeeltelik as gevolg van die woelinge gegeneer deur die Tweede Wêreldoorlog en die nagevolge daarvan en die uiteenlopende standpunte van die twee hoof politieke partye. Die uitbreek van dié oorlog in 1939, Hertzog se bedanking en Smuts se opneem van die premierskap, het die taalkwessie, veral die medium van onderrig, as 'n bittere partypolitieke strydpunt na vore gebring. Omdat die kwessie van deelname aan die oorlog al dan nie die groot strydpunt was, het die voertaalkwessie aanvanklik weinig aandag gekry.

Verskeie ondersoeke is in die laat dertigerjare en die vroeë veertigerjare na onderskeidelik die voordeel al dan nie van die een- en tweetalige skool deur opvoedkundiges gedoen waarvan E G Malherbe die vernaamste was. Dié ondersoek wat in 1938 'n aanvang geneem het, is in 1943 as *Die tweetalige skool* gepubliseer. In die ondersoek waarin sowat 18 000 leerlinge betrek is, het Malherbe tot die slotsom gekom dat die voordele van dubbelmediumonderwys met Afrikaans- en Engelsprekende leerlinge in dieselfde skool die opvoedkundige nadele oortref het (Malherbe 1977: 60). Hy het ook bevind dat die tweetalige skool

a type of school [was] where English and Afrikaans speaking children [could] associate freely together so that they learn to know each other as well as each other's language; and where the method of instruction is such that every child, no matter what the language of his home or his schoolmates, is guaranteed to become an educated, bilingual South African.

Malherbe se bevindinge het sterk teenkanting ontvang van diegene wat die eentalige skool voorgestaan het (Behr & MacMillan 1971: 65). Dat Malherbe politiek bygesleep het in sy navorsingsbevindings het sy beeld as wetenskaplike navorser aangetas (Kapp 2002: 21).

Verdere ondersoek het gevolg: In 1941 het die Nasionale Buro vir Opvoedkundige en Maatskaplike Navorsing (NBOMN) 'n empiriese proefneming in 'n aantal skole gedoen om die beste stadium vir die aanvang van die tweede taal vas te stel. Die resultate van die ondersoek is later saamgevat in 'n pamflet van die TOD oor die onderrig van die tweede taal. Die wetenskaplike ondersoek na die medium van ondersoek in skole deur die National Bureau for Educational and Social Research in 1944 het getoon dat die vermeende nadelige gebruik van die tweede taal as medium van onderrig, vergroot is en die voordele van dubbelmedium, die problematiese opvoedkundige nadele oortref het (Malherbe 1977: 90).

Die Afrikaanssprekendes het gedurende die twintiger- en veral dertigerjare soveel bereik deur die groei van aparte enkelmediumskole, in besonder die Afrikaansmediumskole, en die verskansing daarvan in provinsiale onderwyswetgewing waarin uitdruklik voorsiening gemaak is vir die reg van die ouers om die voertaal van sy kind bokant standerd vier (later standerd ses) te kies, dat hulle nie die verandering in die *status quo* geredelik sou aanvaar nie. Die Afrikaanssprekendes het veral die mening gehuldig dat “[v]ir die behoud van 'n volk se identiteit en die uitbouing van sy nasionale aspirasies is moedertaalopvoeding en -onderwys [...] 'n vereiste” (soos aangehaal deur Beylefeld 1986: 20). Die kwessie was dus nie net pedagogies van aard nie. En nou, in die periode van ontwrigtende veranderings meegebring deur die oorlog, word

[...] language [...] a culture's most potent symbol. Particularly in periods of rapid [...] change when traditional norms and institutions are threatened and wide differences in people's values and aspirations arise (soos aangehaal deur Beylefeld 1986: 18).

Afrikaanssprekendes het gevolglik op kultuur- en politieke gebied georganiseer om te verseker dat reeds verworwe voorregte nie van hulle ontnem word nie. In Julie 1939 het die Federasie van Afrikaanse Kultuurvereniginge (FAK) 'n groot kongres oor CNO in Bloemfontein gereël, waartydens die kongres hom opnuut ten gunste van CNO en

enkelmediumskole uitgespreek het (Broodryk 1994: 140, 141; vgl ook Basson 1944: 108).

Die Smuts VP-regering wat een nasieskap (Afrikaans- en Engelsprekend) nagestreef het deur middel van die promovering van tweetalige skole, was egter ewe vasberade. Volgens die VP se amptelike standpunt was dit die taak van die onderwysstelsel om van kinders goeie Suid-Afrikaners te maak en nie goeie Nasionaliste nie; hulle moet naamlik opgevoed word om mekaar se taal en gevoelens te verstaan. Dit was nie die VP se beleid om bestaande Afrikaans- en Engelsmediumskole te verenig of om parallelemediumskole te stig nie. Die beginsel van moedertaalonderwys is aanvaar, maar om tweetaligheid te bevorder, was die VP-regering ten gunste van die invoer van die tweede taal as onderrigmedium op 'n tydstip wat opvoedkundig meer aanvaarbaar was (Broodryk 1994: 144, 145). Gemotiveer deur simpatieke gevoelens teenoor Brittanje gedurende die oorlog het die VP gedurende die veertigerjare heftige aanvalle op enkelmediumskole geloods. Die VP-kongres het dus reeds in 1941 besluit dat stappe geneem moes word vir die totale afskaffing van enkelmediumskole, veral Afrikaansmediumskole. Hoewel die owerheid aanvanklik niks gedoen het om dubbelmediumskole daadwerklik in te voer nie, het Afrikaanssprekendes die houding uiters negatief beleef en geïnterpreteer (Broodryk 1994: 145).

Dat die bevindinge van Malherbe se ondersoek in 1943 gepubliseer is, het dit besonder relevant gemaak omdat dié data aangewend is deur die onderskeie politieke partye in die provinsiale verkiesing van 1943 vir hul eie gewin (Malherbe 1977: 56). Die aanvang van die propagandastryd met die oog op dié provinsiale verkiesing, het die kwessie van enkel- of dubbelmediumskole weer na die oppervlakte gebring as 'n voortvloeiende verpolitiserings van die onderwys. Die stryd, dit is vir enkel- of tweetalige skole, is ook in die Parlement gevoer ten spyte daarvan dat primêre en sekondêre skoolopvoeding eintlik onder die jurisdiksie van die provinsiale administrasies geressorsteer het. Die uitslag van die parlementêre en later ook die provinsiale verkiesing in daardie jaar was 'n oorwinning vir die VP, dus 'n oorwinning vir die beginsel van die tweetalige skool.

Aan die begin van 1944 het die leier van die Herenigde Nasionale Party (HNP) in die Vrystaat, advokaat C R Swart, die volgende mosie in die Parlement ter tafel gelê:

That this House declares itself unequivocally in favour of the educationally-sound principle of the mother-language medium in primary, secondary and higher education, and emphasizes the fact that the single-medium school in which sound training in the second official language is also given is the most suitable for South African conditions (Malherbe 1977: 82).

Daarop het genl Smuts, die Eerste Minister, die volgende wysiging voorgestel:

This house taking account of the fact that the South Africa Act enshrines as its fundamental principal the conception of a united country and South African people, and to that end provided for a Legislative Union of South Africa and equal rights of both official languages, considers it necessary that everything should be done to foster national unity and to provide equal opportunities for all citizens to learn both official languages. It therefore, with a view of serving these objects, expresses the advisability that the Government in consultation with the Provincial Authorities, considers the amendment where necessary of the educational laws and regulations and the revision of the educational machinery of the provinces so as to give effect within a period of five years to the following principles:

- 1) That the child should be instructed through its home language in the early stages of its educational career;
- 2) that the second language should be introduced gradually as a supplementary medium of instruction from the stage at which it is on educational grounds appropriate to do so; and
- 3) that such changes should be introduced in the system of training of teachers as are necessary to make ideals of bilingualism and of national unity in the schools fully effective (Malherbe 1977: 83; vgl ook RGN 1981: 32, 33; Scholtz 1984: 298).

In die Parlement is dus twee standpunte uiteengesit. Die motief agter dubbelmediumskole, aldus die HNP (by monde van hul leier, dr D F Malan) was dat die VP besef het dat die wit Suid-Afrikaanse jeug al hoe meer nasionaalgesind geword het en dat die VP die skool wou gebruik om dié neiging te keer. Die voordele van die moedertaal is benadruk. Die VP het by monde van sy Minister van Onderwys, J H Hofmeyr, enige bedekte politieke motiewe ontken en die voordele vir die vorming van tweetalige burgers en die skepping van een nasieskap deur dubbelmediumonderwys geloof. Kinders moes volgens dié VP-sentiment besiel word met 'n tweetalige beskouing. Volgens dié VP-beskouing, moes daar ten alle koste verhoed word dat die Nasionaliste beheer oor die onderwys kry om dit te gebruik ter bevoor-

dering van die totstandkoming van 'n eksklusiewe minderheidsrepubliek wat oorheers sou word deur wat hulle beskou het as die "Afrikaner-Herrenvolk". Die VP het die beginsel van moedertaalonderwys aanvaar, maar om tweetaligheid te bevorder, was dié party ten gunste van die invoer van die tweede taal as onderrigmedium op 'n tydstip wat opvoedkundig aanvaarbaar is (Broodryk 1994: 141-5; vgl ook Malherbe 1977: 82-92; Basson 1944: 102-7).

Voorstanders van moedertaalonderrig het gesteun op opvoedkundiges volgens wie 'n kind se kognitiewe vermoë in sy moedertaal neergelê word. Slegs wanneer 'n kind 'n gesonde grondslag daarin het, kan hy begin om 'n tweede of derde taal, asook wiskunde of ander begrippe aan te leer. Die twee partye het dus dieselfde ideaal nagestreef: hoe die ideaal gerealiseer sou word, is in 'n groot mate deur hul ideologiese paradigma eerder as opvoedkundige beginsels bepaal. Dit sou die keuse bepaal tussen die enkel- en dubbelmediumonderwys.

'n Aansienlike gedeelte van die 1944 parlementêre debat is aan die kwessie van een- of tweetalige skole afgestaan. Die bevindinge van die ondersoek van die National Bureau for Educational and Social Research is op 24 Mei 1944 in die Parlement te berde gebring. Na langgerekte besprekings is die mosie van adv C R Swart, afgekeur waarin hy sy afkeuring uitgespreek het oor die pogings om die natuurlike "ontwikkeling en uitbouing van moedertaal-onderwys en Afrikaansmediumskole te dwarsboom" en is genl Smuts se wysigingsvoorstel met 'n meerderheidstem aanvaar. Dit was onomwonde ten gunste van dubbelmediumonderwys (Broodryk 1994: 143, 149, 150; vgl ook Basson 1944: 115, 116; Malherbe 1977: 90).

Die Provinsiale Rade is genoop om die leiding van die Unie Parlement te volg. Die provinsies het daarop gereageer en het gekontroleerde eksperimente ingestel wat die metodes van onderrig van die tweede taal ondersoek het asook die invoering daarvan op verskillende stadia van die leerling se skoolloopbaan (Behr & MacMillan 1971: 64). Daar is besluit dat die regering in oorleg met die provinsiale owerhede oorweging sou skenk aan die wysiging van provinsiale onderwysordonnansies sodat die tweetaligheidsideaal binne vyf jaar verwesenlik sou word. Die provinsiale owerhede is onder druk geplaas en elkeen het gestalte daaraan gegee op sy eie wyse (vgl 5.2-2.5). Aangesien die Natalse stelsel in wese dubbelmediumonderwys was,

is daar eintlik net van die ander drie provinsies aanpassings verwag. In die Kaapprovinsie is pogings aangewend om dubbelmediumonderwys in te voer. Die saak is omsigtig hanteer en tussen die jare 1945 en 1949 het die provinsie 'n beheerde proefneming gedoen en geen beduidende voordeel in die gebruik van die tweede taal as medium ingesien nie. Omdat die HNP die Vrystaatse Provinsiale Raad beheer het, kon dié provinsie die druk weerstaan. Met die VP in beheer ook in Transvaal, was dit anders gesteld (Broodryk 1994: 143, 149, 150; vgl ook Basson 1944: 117).

Hierdie besluite het van krag gebly tot die verkiesing van 1948 toe die HNP as regerende party met nuwe beleidsvoorstelle gekom het (Hoofstuk 6).

5.1 Kaapprovinsie

Die kwessie van die gebruik van leerlinge se tweede taal as medium van onderrig het so 'n kontensieuse kwessie in die Kaapprovinsie geword dat die Administrateur aan die begin van 1944 'n empiriese ondersoek daarna geloods het. Die opdrag was dieselfde as genl. Smuts se wysigingsvoorstel in die Parlement aan die begin van 1944. Daar is toe bevind dat die standaard van tweetaligheid die laaste twintig jaar aanmerklik verbeter het.¹

Die Provinsiale Administrasie in die Kaapprovinsie het die opdrag betreffende die dubbelmedium kwessie omsigtig hanteer en dit eerder beskou as 'n opvoedkundige as 'n politieke kwessie. Seksie 71 van Ordonnansie nr 18 van 1944 het die Superintendent-generaal van Onderwys opdrag gegee om empiries drie sake vas te stel: Watter effek die gebruik van die tweede taal as onderrigmedium sou hê op die leerlinge se eerste taal en ander vakke; op watter stadium die tweede taal tot die grootste voordeel van die leerling ingevoer kan word en tot watter mate die tweede taal ten beste en met die minste skade as 'n medium van onderrig in elke klas aangewend kan word. In die ondersoek het opvoedkundiges die meeste gebruik gemaak van leerlinge van standerd vier tot standerd ses. In die geheel is bevind dat die

1 Vir meer inligting hieromtrent vgl Report on the Experiment involving the use of the second official language as a medium of instruction. 1951. Department of Public Education, Cape of Good Hope: 7.

grootste voordeel in die kennis van die tweede taal verkry is in omgewings wat eentalig was. Die toets was egter nie beslissend nie as gevolg van die kort periode waarin dit geskied het aangesien die eksperiment in 1949 met die bewindsoorname van die NP die vorige jaar gestaak is. Dit is gedoen in 'n stadium dat die hele mediumkwaliteit hoog gepolitiseerd geraak het (Malherbe 1977: 93-100). Met die publisering van die resultate in 1952, is tot die gevolgtrekking gekom dat kinders voordeel daaruit getrek het mits die houding van die onderwyser positief daaromtrent ingestel was. As gevolg van die politieke agitatie het mense geglo dat die moedertaal in gedrang was as die tweede taal gebruik is as 'n aanvullende medium in die hoër klasse (Malherbe 1977: 99).

Met die instelling van die nuwe Onderwysordonnansie (nr 18 van 1944) wat dit verpligtend maak dat elke leerling vanaf standerd ses tot by standerd tien in albei landstale as vak moet slaag om die jaar deur te kom (soos dit in die Vrystaat lankal die geval was) (en wat ook dieselfde eise aan studentonderwysers aan opleidingskolleges stel benewens nog dubbelmediumonderwys in sekere vakke), is gehoop dat die tweetaligheidsyfer in Suid-Afrika noodwendig sou styg. Op 'n spesiale konferensie van inspekteurs wat in April 1944 belê is ten einde die peil van tweetaligheid wat in skole in die Kaapprovinsie bereik is, te bespreek, is besluit dat om in die eksamen as geheel te slaag ook in die tweede amptelike taal geslaag moet word: by die standerd ses-eksamen vanaf 1946, die standerd sewe-eksamen vanaf 1947; die Junior Sertifikaateksamen vanaf 1948, die standerd nege-eksamen vanaf 1949 en die Senior Sertifikaateksamen vanaf 1950. Slegs by uitsondering kan 'n kandidaat van die Departement vrystelling hiervan ontvang. Bykomend hiermee is verder gehoop dat met die toepassing van tweetaligheidsvereistes in alle vertakkinge van die staatsdiens, die verstedeliking van die Afrikaanssprekende waardeur hy op meer as maatskaplike, ekonomiese en ander gebiede met sy Engelse medeburger meng, en ander tweetaligheidsvereistes, tweetaligheid 'n aansienlike hupstoot sou kry (Coetzee 1958: 108, 109; vgl ook Malherbe 1977: 91, 92; Du Toit 1970: 128; Cilliers 1953: 261).

5.2 Vrystaat

Die Vrystaat het geen stryd op die gebied van die onderwys in hierdie tyd beleef nie. Dit was onder andere as gevolg van 'n beslissing van regter F P van den Heever van die Vrystaatse afdeling van die Hooggeregshof voor die einde van 1939 in 'n saak waaarin beslis is dat volgens Ordonnansie nr 15 van 1930 onderrig in die moedertaal van die kind verpligtend sou wees (Scholtz 1984: 291).

Van 1940 af is alle klasse in die moedertaalmedium gevoer, deur middel van parallelklasse by dieselfde skool of in aparte enkelmediumskole. In die meeste skole is Engels slegs as vak in die taalklasse gehoor. Buitendien was Afrikaans die enigste medium wat gebruik is in die opleiding van onderwysers, terwyl Engels net as 'n vak onderrig is (Malherbe 1977: 96).

Die verhewigde aksie in die ander drie provinsies ten gunste van dubbelmediumonderwys wat vroeg in die veertigerjare gewoed het, maar veral ná die VP-oorwinning in 1943, is die Vrystaat gespaar hoofsaaklik omdat die NP hier die meerderheid van die setels in die Provinsiale Raad verower het (Scholtz 1984: 292, 302). Dié provinsie kon dus die druk weerstaan wat vereis het dat taalwetgewing van die provinsiale regering in ooreenstemming met dié van die nasionale regering gebring word.

5.3 Transvaal

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het op die taalvraagstuk in Transvaal sy invloed laat geld. In die nuwe gees van "volkseenheid" wat deur die Wêreldoorlog op die voorgrond gebring is, het 'n meerderheidsverslag van 'n Transvaalse Onderwyskommissie van 1939 aanbeveel dat die provinsie hom nie net daarvoor sou beywer dat albei tale as voertaal gebruik word nie, maar ook dat voorkeur verleen sou word aan die oprigting van parallelmedium- of dubbelmediumskole omdat sodanige skole "volksverdeeldheid" sou teenwerk, en tweetaligheid en wedersydse begrip bevorder. Die minderheidsverslag het egter sterk gestaan by die bestaande reëling van enkelmediumskole. Afrikaanssprekendes het dit oor die algemeen beskou as 'n "aanslag" op hul taalregte en het hulle georganiseer op 'n breë nasionale grondslag (Broodryk 1994: 140, 141).

Teen die helfte van 1941 het enkelmedium onderwys in die Transvaalse Provinsiale Raad ter sprake gekom. In Desember 1941 het die Minister van Binnelandse Sake, H Lawrence, die enkelmediumskool veroordeel en verklaar dat 'n kommissie aangestel is om dit te ondersoek. Die voertaalvraagstuk het in die Transvaalse Provinsiale Raad na die VP-oorwinning by die stembus in 1943 aan die bod gekom. Die VP het gemeen dat die kiesers aan hom 'n mandaat verleen het om 'n nuwe taalbeleid in dié provinsie in te voer, aangesien die verkiesing hoofsaaklik geveg is oor die taalmediumvraagstuk (Basson 1944: 102-8; vgl ook Shingler 1973: 130).

Na 1944 is die voorgestelde verandering in die voertaalbeleid in die Transvaalse Provinsiale Raad uiteindelik goedgekeur in weerwil van die teenstand van hoofsaaklik Afrikaanssprekendes teen die dubbelmediumbeleid. Die voorstel het gelui:

- 1 Dat in die besonder hierdie Raad van mening is dat die funksie van ons skole is om tweetalige burgers vir hierdie tweetalige land op te lei;
- 2 dat hierdie Raad die onderwysbeginsel aanvaar dat die opleiding van leerlinge in die vroeë stadia van hul skoolloopbaan deur middel van hul moedertaal moet geskied;
- 3 dat hierdie Raad ten gunste daarvan is met die oog daarop om die ideaal van tweetaligheid in die skole te bevorder,
 - i dat die nodige stappe gedoen sal word vir die geleidelike invoering van die tweede taal as medium wanneer dit uit 'n opvoedkundige oogpunt toepaslik is,
 - ii dat sodanige verandering in die opleidingstelsel van onderwysers aangebring moet word as wat nodig mag wees om hierdie ideaal ten uitvoer te bring (Basson 1944: 126).

Die Taalkomitee wat in 1945 in Transvaal aangestel is, moes metodes ontwikkel om die standaard van onderrig van die tweede taal as vak te verhoog. Daarvoor is inspekteurs aangestel om toe te sien dat die besluite wat betref die vasstelling van die moedertaal van die leerling ook in privaatskole geïmplementeer word en dat die onderrig deur medium van die tweede taal van standerd ses opwaarts nagekom word (Malherbe 1977: 98).

Ten uitvoering van die voorgestelde veranderings waarop in 1944 besluit is, het die Transvaalse Provinsiale owerheid in 1945 die reëlings in verband met die taalvraagstuk radikaal gewysig. Die hoofbe-

ginsel van die nuwe taalordonnansie, naamlik Ordonnansie nr 5 van 1945, is: 1) Die voertaal van elke leerling in alle standerds tot en met die vyfde in 'n openbare of privaatskool sal die moedertaal van die kind wees, behoudens sekere uitsonderings; 2) bo standerd vyf moet albei tale as voertale gebruik word. Die tweede voertaal sal geleidelik ingevoer word, tot in die jaar 1951 wanneer die twee tale op 'n so na moontlik gelyke grondslag as voertale in elke openbare en privaat-skool gebruik sou word. Onmiddellik moet die tweede taal net deur dié taal onderrig word; in 1946 moet elke addisionele vak deur medium van die ander taal aan elke leerling in standerd ses geleer word; in 1947 moet weer een addisionele vak deur medium van 'n ander taal aan elke leerling in standerd sewe geleer word en voort tot en met 1951 die hele skool aan dubbelmedium onderwerp sou wees (Coetzee 1958: 318; vgl ook Pells 1954: 106).

In een opsig was dit 'n terugkeer na die ideale van genl. Hertzog in die ORK in 1908-1911, te wete die invoering van dubbelmedium-onderwys (met die doel om die twee nasionaliteite saam te bind). Die ander ideaal van die generaal, naamlik die gemengde skool, is nie weer verwesenlik nie: die "tweetalige skool" sou nie 'n "tweenasionale skool" wees nie; en tog het 'n derde ideaal in die gedagte van almal gebly, te wete algemene tweetaligheid. Volgens Coetzee (1952: 98) wat 'n diametrale teenoorgestelde standpunt as Malherbe gehuldig het, het die taalgeskiedenis na Uniewording egter getoon dat die gemengde skool geen lewensvatbaarheid het nie, dat dubbelmedium deur min vakkundiges onderskryf word, maar dat tweetaligheid die ideaal van die meeste kenners gebly het. Tweetaligheid moet volgens dié standpunt verseker word, nie in 'n gemengde skool nie, en ook nie deur dubbelmediumonderwys nie, maar wel deur grondige onderrig op die enkelmediumskool in die eerste maar ook en veral in die tweede taal (Coetzee 1952: 98).

Die taalregulasie, die New Consolidated Education Ordinance (Ordonnansie nr 5 van 1945) het op 1 Januarie 1946 in werking getree. Die belangrikste verskille tussen die nuwe en die ou ordonnansie (Ordonnansie nr 17 van 1934, 'n wysiging van die 1911 Rissik-ordonnansie) kan opgesom word met:

- Alle leerlinge moet albei tale leer terwyl daar voorheen ouers was wat kon eis dat sy kind kwytgeskeld word van een van die tale.

- Beide tale was verpligte eksamenvakke in die sekondêre skool. Met Ordonnansie nr 17 van 1934 was nie een taal 'n verpligte eksamenvak nie.
- Die tweede taal moes geleidelik ingevoer word as 'n medium in alle klasse van standerd ses sodat teen 1951 beide tale gebruik kan word as medium van onderrig op gelyke vlak in die sekondêre skool. Voorheen was dubbelmedium op sekondêre skoolvlak, maar dit was na die keuse van die ouers.
- Die keuse van die vakke wat onderrig moet word deur die medium van die tweede taal is bepaal deur die Direkteur van Onderwys op aanbeveling van die skoolhoof (in die ou ordonnansie het 'n komitee van ouers daaroor besluit). Vanaf 1947 moet ten minste een vak 'n eksamenvak wees.
- So ver as taal en medium betref was privaatskole onderhewig aan dieselfde vereistes as publieke skole. (Die ou ordonnansie was net van toepassing op regeringskole).
- wat betref die opleiding van onderwysers: voorheen was 'n hoë standaard vereis in net een taal. Nou het dit vereis dat onderwysers so ver as moontlik tweetalig moet word.
- Strafklousules is ingestel vir oortreders terwyl dit voorheen nie deur vorige wetgewing vereis is nie (Malherbe 1977: 97; vgl ook Behr 1978: 26; Coetzee 1958: 318).

Hierdie taalordonnansie is uitgevaardig deur mense wat vroeër sterk beswaar gemaak het teen die sogenaamde aantasting van die ouerreg. Daar is geen erkenning aan die reg van die ouers verleen om 'n keuse uit te oefen nie. Daarby is dié dwang ook geldig gemaak vir privaat-skole. Hierdie ordonnansie impliseer 'n verhoging van verpligte moedertaalmedium van standerd vier na standerd vyf en 'n verpligting van dubbelmedium na standerd vyf in alle skole (Coetzee 1952: 99; vgl ook Bot 1951: 120, 122).

Die Smuts-voorstelle van dubbelmediumonderwys in Transvaal op post-primêre vlak, het die persentasie leerlinge wat onderrig deur sowel Engels as Afrikaans ontvang het in die sekondêre skole, laat toeneem van 0.8% in 1945 to 4% in 1948 (Malherbe 1977: 109).

Die Departement het die deurvoering van die Ordonnansie met mening aangepak: deur omsendbriewe; deur aanbevelings van skool-

hoofde en inspekteurs aan te vra; deur benoeming van spesiale komitees; deur advies van die Gemeenskaplike Matrikulasieraad aan te vra; deur besprekings met die hoofde van onderwyskolleges en deur regulasies uit te vaardig (Coetzee 1958: 318). Die reaksie teen hierdie Ordonnansie was baie hewiger as selfs teen Ordonnansie nr 17 van 1934. Sowel Engels- as Afrikaanssprekende onderwyskundiges en ouers het beswaar ingebring teen die dubbelmedium na standerd vyf (Coetzee 1958: 319).

Die volgende tabel gee 'n oorsigtelike aanduiding van die groei van die Engels- en Afrikaanssprekende medium van onderwys in Transvaal. Daaruit kan aangetoon word dat politieke omstandighede 'n bepaalde impak op die groei of vermindering in leerlinggetalle van die onderskeie wit taalgroepe gehad het oor 'n tydperk van bykans 'n kwart eeu. Alhoewel dit dui op leerlinggetalle in Transvaal tussen 1924 tot 1948 kan die neiging *mutatis mutandis* op die ander provinsies van toepassing gemaak word:

Jaartal	1924	1929	1934	1939	1944	1948
E-leerlinge	50 829	54 184	54 172	58 196	58 918	56 467
A-leerlinge	60 247	74 101	85 313	106 183	121 308	139 840

(Coetzee 1958: 299, 319)

Uit 'n ontleding van die gegewens is dit duidelik dat die gebruik van Afrikaans as medium in skole oor 'n tydperk van twee dekades (1924 tot 1944) werklik opvallend was en dat dié van Engelssprekende leerlinggetalle nie dieselfde groei getoon het nie. Die Superintendent-generaal van Onderwys (in die Kaapprovinsie waar die omstandighede wat Afrikaans as medium betref, dieselfde was) het dit tewens in sy verslag van 1926, een jaar nadat Afrikaans amptelike status verkry het, soos volg beskryf:

The fact that now 914 out of every thousand Dutch- (Afrikaans-) speaking pupils receive instruction chiefly through the medium of Dutch (Afrikaans) indicates that a revolution of the first magnitude has taken place in our educational system (Malherbe 1977: 31).

In die eerste twee dekades nadat Afrikaans amptelike status verwerf het, van ongeveer 1924 tot 1944, het die Afrikaanssprekende leerlinggetalle meer as verdubbel. Van die totale groei in leerlinggetalle van

62.2%, was die groei onder Afrikaanssprekende leerlinge 101.4%, terwyl die Engelssprekende leerlinge in die ooreenstemmende tydperk met 15.9% gegroei het. Die verkiesing van die NP in 1924 het impetus aan dié neiging verleen. In slegs vyf jaar van die twintigerjare (1924 tot 1929) was uit 'n totale groei van 7.7%, 20.3% Afrikaanssprekendes en 6.6% Engelssprekendes. In die gees van die tyd het G D Scholtz (1979b: 70, 76) daaroor geskryf:

In die jare 1924 en 1939 kon die Afrikaners van oorwinning tot oorwinning voortgaan in hul strewe om skole te kry waar die medium van onderrig die moedertaal van die kind sou wees en waar daar 'n Christelik-nasionale gees sou heers", en "[ouerkeuse] het tot gevolg gehad dat die oorgrote meerderheid van sy kinders vir die Afrikaanse volk behoue gebly het.

Daar is reeds aangetoon (hoofstuk 4) dat verpligte moedertaalonderwys ná 1924 in die skole van byna al die provinsies van standerd vier tot ses verhoog is en dat die ouer eers na standerd ses kon kies in watter taalmedium sy kind onderwys sou ontvang. Dit kan as 'n belangrike faktor beskou word om die groei in veral die Afrikaanssprekende leerlinggetalle te beskryf.

In die volgende vyf jaar, dit is tussen die jare 1934 en 1939, blyk dit dat uit 'n totale groei van 17.9%, Afrikaanssprekende leerlinggetalle 'n groei getoon het van 27.5%, en dié van Engelssprekendes 7.3%. Twee standpunte sedert Uniewording wat diametraal teenoor mekaar gestel is, het veral in hierdie periode in 'n verbete politieke stryd ontwikkel. Die een standpunt het geëis dat elke kind die reg moes geniet om in sy moedertaal op skool onderrig te ontvang. Die ander het geëis dat die ouer die reg moes geniet om te bepaal in welke taalmedium sy kind op skool onderrig moes word. Dit was duidelik dat die politieke ideologie van die onderskeie partye 'n rol gespeel het in die bepaling van 'n taalbeleid op nasionale en provinsiale vlak en dat dit die leerlinggetalle van die onderskeie wit taalgroepe wesenlik beïnvloed het. Die reg van die ouer om 'n keuse te maak, het 'n belangrike rol gespeel in die leerlinggetalle van die twee taalgroepe.

Gedurende die volgende vyf jaar periode (die periode wat aan die bod kom in hierdie hoofstuk), die oorlogsjare (1939 tot 1944), het die groei in leerlinggetalle oor die algemeen afgeneem. Afrikaanssprekende leerlinggetalle het in vergelyking met die vorige vyf jaar

periode (1934 tot 1939) 'n kleiner groei getoon. Uit 'n totale groei van 9.6% uit die oorlogsjare (in vergelyking met 17.9% van die vorige vyf jaar), was 14.2% Afrikaanssprekend (in vergelyking met 27.5% die vorige vyf jaar), en 1.2% Engelssprekend (in vergelyking met 7.3% die vorige vyf jaar). Die propagandastryd voor die provinsiale verkiesings in 1943 het die kwessie van enkel- of dubbelmediumskole in die onderwys in dié tydperk verder verpolitiseer. Dat die VP-standpunt (dubbelmediumskole) geseëvier het in die algemene verkiesing en in die Provinsiale Rade wat die besluite moes deurvoer, het nie in die praktyk noodwendig beteken dat dit geïmplementeer is nie (byvoorbeeld in die Vrystaat onder NP-beheer), of dat dit onmiddellik in ordonnansies gestalte gevind het in elke provinsie nie, soos die fluktuasie in leerlinggetalle duidelik blyk uit die volgende vier jaar (1944 tot 1948) met 'n VP-regering steeds in beheer.

Die tydperk 1944 tot 1948, die laaste vier jaar van VP-regering, toon 'n interessante tendens. In vergelyking met ander periodes het die totale toename in leerlinggetalle kleiner geword, naamlik 3.9%. Die groei in Afrikaanssprekende leerlinggetalle het ook verminder tot 7.9%, terwyl die Engelssprekende leerlinggetalle 'n negatiewe groei toon met minus 4.2%. Die wye keuse van vakke by skole terwyl weinig skole meer as agt kon aanbied, het die implementering van die ordonnansie vertraag. Daarby was weinig onderwysers werklik tweetalig en het die keuse van die vak wat in die tweede taal onderrig moes word, probleme opgelewer. Hoe moeilik dit was om die nuwe Ordonnansie te implementeer, kan gepeil word uit die feit dat voor 1945 0.5% van die totale skoolbevolking hul onderrig in albei mediums ontvang het en twee jaar later het die persentasie gestyg tot slegs 2% (Pells 1954: 107). In sekondêre skole het die persentasie gestyg van 0.8% to 2.9%. Die meerderheid leerlinge het dus hul onderrig in Transvaal nog steeds in hul moedertaal ontvang (Malherbe 1977: 98). 'n Verdere rede waarom die styging van leerlinggetalle in eentalige skole minder was, was dat die aard van genl Smuts se voorstelle vir dubbelmediumonderrig nie outoritêr was nie omdat hy besef het dat onderwys op primêre en sekondêre skoolvlak 'n provinsiale aangeleentheid was. Terwyl hy die belang van die algemene beginsels uitgestippel het, dit is die belang van moedertaal in die vroeë stadia, die bevordering van tweetaligheid en 'n kultivering van 'n Suid-

Afrikanisme, “he did not lay down the law as to exactly how and at what standard the provinces should carry out these concepts in practice” (Malherbe 1977: 96). ’n Periode van vyf jaar (1951) is ingestel waarin Ordonnansie nr 5 van 1945, geleidelik geïmplementeer kon word.

Die politieke agitatie in die veertigerjare teen dubbelmediumskole het nooit verflou nie. ’n Verdere rede vir die stadige implementering van die taalbesluite is volgens Malherbe (1977: 98) die invloed van die Broederbond en sy “subsidiaries”, die FAK en die NIOO (Nasionale Instituut vir Opvoeding en Onderwys), wat alles in die stryd gewerp het om die NP-beginsels in verband met moedertaalonderrig in die Transvaalse Provinsiale Raad in ere herstel. In 1948 is ’n verdere departementele kommissie benoem om in te gaan op die werking van Ordonnansie nr 5 van 1945 in die twee voorafgaande jare. Die kommissie het sekere wysigings voorgestel wat nie uitgevoer is nie (Coetzee 1958: 319). Die provinsiale verkiesings van 1948 is grotendeels gevoer oor hiërdie Ordonnansie. Die NP van Transvaal het hom skerp uitgelaat teen dié Ordonnansie, en na sy oorwinning in die verkiesing van 1948 het hy byna onmiddellik ’n nuwe taalordonnansie (nr 19 van 1949) geldig gemaak (Coetzee 1952: 99).

5.4 Natal

Die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog het die Natalse gemeenskap in ’n pro-oorlog en ’n anti-oorlog faksie verdeel. Die Engelse meerderheidsposisie in Natal het hoofsaaklik onsimpatiek teenoor die Afrikaanssprekende se taalaspirasies gestaan, ’n feit wat direkte neerslag gevind het in wetgewing in die onderwys.

Teen 1941 was daar byna geen wit leerling wat nie onderrig in die tweede amptelike taal in Natal ontvang het nie. Die aantal en soort skole was soos volg: Engelsmediumskole: 86 primêre en 16 sekondêre skole met 26 991 leerlinge; Afrikaansmediumskole: 14 primêre en 2 sekondêre skole met 4 900 leerlinge; parallel- en dubbelmediumskole: 28 primêre en 10 sekondêre skole met 326 leerlinge (Coetzee 1958: 237). Die Administrasie het in hierdie jaar die beleid voorgeskryf dat geen verder gewaarborgde enkelmediumskole in die groter dorpe in die toekoms gestig sal word nie en dat oral waar die minderheid dit verlang, onderrig gegee sal word in die taal wat nie die voertaal van die skool is nie. Daar moes voorsiening vir die stigting van parallel-

mediumklasse gemaak word (Coetzee 1958: 236,237). Die voortbestaan van die Afrikaansmediumskool het dus in gedrang gekom, terwyl die Engelssprekende leerling die reg gehad het om na die Engelse enkelmediumskool te gaan (Beylefeld 1986: 102).

Teen 1942 was die Natalse onderwysstelsel steeds op die beginsels van die onderwyswette van 1877 gebaseer. Dit was in daardie stadium duidelik dat ná 'n driekwart eeu daardie wette lankal by veranderde toestande aangepas en hersien moes word. Die nuwe wetgewing is in die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie nr 23 van 1942 vervat (Hauptfleisch 1975: 21; vgl ook Behr 1978: 25). Die volgende bepalinge uit die Onderwysordonnansie van 1942 is die vernaamste:

- Vry sekondêre onderwys vir wit en bruin skole.
- Verpligte bestudering van albei amptelike tale vanaf standerd een deur leerlinge in wit en bruin skole.
- Verpligte onderrig deur medium van die leerling se tweede amptelike taal in een of ander deel van die leergang vir nie minder as 'n halfuur per dag nie — hierdie bepaling is van krag in standerd twee en elke jaar daarna in een standerd hoër (artikel 12 (2)) tot dat die hele skool in nege jaar so ingerig is; die keuse van die vak wat in die vreemde medium gedoseer word, is die prerogatief van die skoolhoof.
- Die reg van die ouer om die voertaal van sy kinders te kies (dit was 'n herbevestiging van die taalordonnansie van 1916) (Coetzee 1958: 239; vgl ook Botha 1945: 11, 13; Behr & MacMillan 1971: 60).

Die promulgasie van dié Ordonnansie het verreikende gevolge vir die groter vraag aan tweetalige onderwysers in die primêre skool in Natal gehad (vgl 5.5.1). (Coetzee 1958: 239). Daarby het die Afrikaanssprekende die reg van die ouer (volgens die nuwe Ordonnansie) om die voertaal van die kind te kies, beskou as die geleidelike vernietiging van moedertaalmediumskole in Natal aangesien die ouer eerder geneig was om Engels as medium vir sy kind te kies. Die Afrikaanssprekende ouers het in hierdie tyd beswaar gemaak teen die owerheid se poging om die primêre klasse van die Pietermaritzburgse Voortrekker Hoërskool te verskuif na die Boomstraatse Engelsmediumskool waar hulle met die stigting van parelmediumklasse wou begin (die Pietermaritzburgse Voortrekker Hoërskool was een van slegs twee sekondêre

skole met Afrikaans as voertaal). Ten spyte van die teenkanting van Afrikaanssprekendes het die Onderwysdepartement en die Uivoerende Komitee volhard met die beleid. Die Afrikaanssprekendes het by monde van instansies soos die Pietermaritzburgse Taalmediumkomitee en die NG Kerk sterk op die vermeende bedreiging gereageer. Selfs 'n afvaardiging na die Eerste Minister het onverrigtiger sake teruggekeer. Die Natalse Onderwys Adminstrasie het gepoog om die sekondêre klasse van die Voortrekker Hoërskool te verwyder en dit by ander skole in te lyf.²

Daar is toe besluit om 'n CNO-skool in 1943 in Pietermaritzburg te stig. Beylefeld 1986: 106 meld dat die skool in 1944 gestig is. Dit is in 1948 deur die Natalse Onderwysdepartement oorgeneem (Coetzee 1958: 239; vgl ook Botha 1945: 49; Beylefeld 1986: 106 ev; Malherbe 1977: 53 ev).

Beide die Broome- (1937) en Wilks-(1946) kommissies van ondersoek na die onderwys in Natal het aandag gegee aan die probleme wat ondervind is met die medium van onderrig. Wat die Broome-kommissie betref (vgl 4.5 hierbo), was daar nie eenstemmingheid ten opsigte van die vraag of die keuse van medium van onderrig aan die ouers oorgelaat moet word en of daar bepaal moet word dat die medium van onderrig die taal moet wees wat die kind die beste verstaan, dit wil sê sy moedertaal. Die Broome-kommissie het (volgens die Wilks-verslag) so besluit weens die feit dat eersgenoemde Kommissie nie met die reg van ouers wou inmeng nie. 'n Minderheidsverslag van dié Kommissie het egter 'n sterk pleidooi vir moedertaalonderrig gelewer (RGN 1981: 33; vgl ook Behr 1988: 24).

Toe die Wilks-kommissie met sy ondersoek in 1944 begin het, het die keuse van onderrigmedium geheel by die ouers berus soos in die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie nr 23 van 1942 bevestig. Die Kommissie kon hom nie hiermee vereenselwig nie en spreek hom soos volg hieroor uit:

It is a fundamental principle of educational procedure that a child should, on first going to school, be taught through the medium of the language he understands best. This will be the language spoken in the home (RGN 1981: 33).

2 Vir 'n volledige uiteensetting van die agitatie van Afrikaanssprekendes, vgl Botha 1945: 13-49; Beylefeld 1986: 102 ev; Malherbe 1977: 52 ev.

Hierdie beginsel is nie uit enige oord ernstig uitgedaag nie. Die Kommissie voel nie die noodsaak om die argumente ten gunste van die moedertaal as medium weer te herhaal nie aangesien dit herhaaldelik in opvoedkundige literatuur onder die loep geneem is. Hoewel die Kommissie waardering gehad het vir die demokratiese reg van elke ouer om te besluit oor die welsyn van sy kind, het hulle desnieteenstaande bevind dat:

The parent does not always possess the technical knowledge to act with wisdom in the interest of his child, and where matters arise which involve knowledge and understanding which lie outside what can be expected from the ordinary citizen, the State has wisely intervened and compelled parents to act according to its direction (RGN 1981: 34; vgl ook Rose & Tunmer 1975: 186, 187).

Uit die getuienis voor die Kommissie was dit duidelik dat ouers nie voldoende insig in die aangeleentheid gehad het nie, en dat skoolhoofde nie daarin kon slaag om ouers so voor te lig dat hulle in die beste belang van hulle kinders sou handel nie. Ordonnansie nr 23 van 1942 wat die keuse in ouerhande gelaat het, het dus na die mening van die Kommissie veroorsaak dat baie kinders onnodig benadeel is. Hulle het aanbeveel dat dié Ordonnansie só gewysig word sodat elke kind tot en met standerd vyf onderrig ontvang deur medium van die amptelike taal wat hy die beste verstaan. Hoewel die Wilks-kommissie so aanbeveel het, was hy nietemin van mening dat regulasies in die verband so ontwerp moet word dat dit voorsiening maak vir gevalle waar twyfel oor die werklike huistaal (moedertaal) van die leerling bestaan en ook vir gevalle waar die kind ewe taalbevoeg in albei tale is. In dié verband het die Kommissie soos volg aanbeveel:

- 1 Die skoolhoof sal besluit watter van die amptelike tale die leerling die beste verstaan;
- 2 waar twyfel daaroor bestaan, sal die inspekteur geraadpleeg word met dien verstande dat indien dié besluit deur die ouers in twyfel getrek word, laasgenoemde 'n appèl aan die Administrateur kan rig;
- 3 indien die skoolhoof oortuig is dat die leerling volledig tweetalig (Afrikaans en Engels) is, sal die keuse van die medium van onderrig berus by die ouer;
- 4 indien die ouer op enige stadium verlang dat sy kind na die ander medium van onderrig oorgeplaas word, sal die skoolhoof, indien hy hom vergewis het van die wenslikheid hiervan, dit toelaat met dien verstande dat dit aan die begin van die skooljaar geskied (RGN 1981: 33, 34, 35).

5.5 Swart onderwys

Vanaf 1940 was die sillabus in die swart sekondêre skole in die Oos-Kaap (later Transkei) dieselfde as vir wit leerlinge in die Kaapprovinsie, behalwe dat swart leerlinge bykomend tot die amptelike taal hul moedertaal aangebied het as eksamenvak (Behr 1988: 230). In die Cingo-kommissie (1962) wat aangestel is deur die Transkeise regering, en wat ondersoek moes instel na die kwessie van 'n Afrikataal in die skole, is terugskouend bevind dat die amptelike taal wat deurgaans in die skole gebruik is Engels was, en dat dit van 'n swak gehalte was (Rose & Tunmer 1975: 194).

Die Kaapprovinsie het teen hierdie stadium net gemengde skole vir Indiër en bruin leerlinge gehad. Natal het afsonderlike skole vir bruin en Indiër leerlinge, hoofsaaklik omdat die bruin mense oor die algemeen Afrikaans-, en Indiërs oor die algemeen Engelssprekend was. 69.9% van skoolhoofde, studente in onderwyskolleges en die Indiërpubliek het 'n beslissing teen gemengde skole in Transvaal gevel. In hierdie provinsie was dus albei skole, naamlik suiwer Indiërskole, en gemengde Indiër- en bruin skole (Naudé 1950: 314) (vgl 4.6).

Die Provinsiale Raad van die Kaapprovinsie se Ordonnansie op Kleurlingonderwys (nr 11 van 1945) het onder meer voorsiening gemaak vir die stigting van staatskole vir bruin leerlinge, waarin een van die amptelike tale, Afrikaans of Engels, as die onderrigmedium sou dien. Die dubbelmediumstelsel van onderwys wat in sommige Kaapse skole vir wit leerlinge gebruik is, is ook toegelaat (RGN 1981: 39). Tot 93.9% bruin mense in Transvaal was Afrikaanssprekend. En tog was Afrikaans in net 33.3% van die gemengde skole (Indiër en bruin) die voertaal in dié provinsie. Waar albei amptelike tale as voertaal gebesig is in die skole, is Afrikaans in die meeste gevalle in die grade gebruik en Engels in die ander standerds (Naudé 1950: 305, 314, 325). Van 1945 af het "Kleurlingonderwys" nie meer as 'n onderafdeling van "Naturelle-onderwys" in die Vrystaat geressorteer nie en is dit by die onderwys van die wit leerlinge onder andere vanweë die taalpek ingeskakel. Dit het meegebring dat die Regulasies vir die Kleurlingonderwys van 1926 verval het en dit is onder die Regulasies vir Blanke Skole geadministrateer is met dieselfde leerplanne en eksamens (Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 356, 365).

Dit was feitlik onmoontlik om moedertaalonderwys in Transvaal in Indiërskole in te voer as gevolg van die groot aantal Indiërtale. Die groot meerderheid Indiërleerlinge was Gujerati- en Tamilsprekend, maar dit was geen uitsondering dat tot vyf verskillende Indiërtale deur leerlinge van dieselfde skool gepraat is nie. 'n Groot aantal Indiërkinders het ook van Indië gekom. Hierdie leerlinge wat wel onderwys in Indië ontvang het, het dit daar in moedertaalskole ontvang. Gujerati, Urdu, Arabies en Parsee was onder die tale wat verskillende leerlinge bestudeer het. In 'n paar gevalle het leerlinge Engels geneem. Veral in die laer klasse was die taalprobleme verantwoordelik vir swak skoolbywoning onder leerlinge (Naudé 1950: 293, 286). Om hierdie probleme te bowe te kom, is Engels toenemend as voertaal in Transvaalse Indiërskole aangewend sodat teen 1940 byna al die Indiërskole in Transvaal Engels as voertaal gehad het. In Transvaal het 66.6% van Indiërleerlinge in primêre skole deur medium van Engels onderwys ontvang. In 75% van die skole was Engels die voertaal in die hoër standerds. Die een skool wat in die laer klasse albei die amp-telike tale gebruik, het in standerd twee na Engels as voertaal oorgeskakel. Net een skool het Afrikaans dwarsdeur as voertaal gebruik. Waar Engels en Afrikaans die voertale in skole was, is sekere vakke slegs in Engels onderrig, terwyl ander in Afrikaans aangebied is, dus dubbelmediumonderrig (Naudé 1950: 267, 280, 304).

In Natal is feitlik dieselfde sillabus in Indiërskole gebruik (as vir wit skole) behalwe vir sekere vakke soos onder andere Afrikaans wat gebruik is op 'n beperkte skaal of glad nie. Ook in die sekondêre skool was Engels deel van die kurrikulum (Behr 1978: 236, 237).

5.6 Opleiding van onderwysers

5.6.1 Wit onderwysers

Daar was op nasionale vlak 'n algehele gebrek aan onderwysers wat bekwaam was om in albei tale as medium, onderrig te kon gee. Op 'n spesiale konferensie van inspekteurs in die Kaapprovinsie wat in 1944 belê is ten einde die peil van tweetaligheid in skole te bespreek, is 'n aantal besluite oor die onderwysprofessie geneem. Ten einde 'n hoër mate van tweetaligheid by die onderwysprofessie te verseker, is bepaal dat vanaf 1947 niemand in die finale onderwyseksamen sal

slaag nie tensy hy ook die tweede amptelike taal sou slaag nie (Coetzee 1958: 108, 109; vgl ook Malherbe 1977: 91, 92; Du Toit 1975: 118). Om 'n gewenste graad van tweetaligheid in die Kaapprovinsie te bereik, is dit noodsaaklik dat die grondoorsaak, naamlik die taalopleiding van onderwysers, aandag ontvang. Die volgende is in die Kaapprovinsie voorgestel:

- As voorvereiste vir die toelating tot 'n onderwyskollege, moet in albei amptelike tale in die Senior Sertifikaateksamen geslaag word. Verder, die vlak van taalvaardigheid van die tweede taal sou by die keuring van studente vir toelating tot gemelde kolleges, die beslissende faktor wees.
- Dat die onderwysersertifikaat nie uitgereik word alvorens elke kandidaat nie beide tale van die primêre onderwyseksamen geslaag het nie.
- Dat die taalvaardigheid wat op die laagste vlak (die Laer Tweetaligheidsertifikaat van die primêre onderwyseksamen vereis word), stelselmatig verhoog word.
- Dat voorsiening gemaak word vir die gebruik van die tweede taal as medium van onderrig by onderwyskolleges, met die uiteinde-like doel om die gelykwaardige gebruik van die twee tale te bereik (*Report on the experiment involving the second language as a medium of instruction* 1951: 8). Om die kwaliteit van tweetaligheid onder onderwysers te verbeter, het die Kaapse Departement van Onderwys deur die Superintendent-generaal van Onderwys-rapport van 1946 bepaal dat dubbelmediumonderrig in die onderwyskolleges in hierdie provinsie ingestel sal word (Malherbe 1977: 107).

Die graad van tweetaligheid van wit onderwysers op nasionale vlak en in die besonder in Transvaal en die Vrystaat was in die stadium nie na wense nie, hoofsaaklik, volgens Malherbe, as gevolg van kandidaatonderwysstudente uit eentalige skole wat aan eentalige onderwyskolleges (wat onder andere sedert 1932 in Transvaal gegeld het en in die Vrystaat met Afrikaans die enigste medium aan onderwyskolleges) en waar Engels slegs as vak onderrig is (Malherbe 1977: 37, 91, 92, 96). Ordonnansie nr 5 van 1945 van Transvaal het vereis dat onderwysers so ver as moontlik tweetalig word.³

3 Die Ordonnansie van 1934 (nr 17) het van onderwysers verwag om 'n hoë standaard te bereik in een taal (Malherbe 1977: 97; vgl ook Behr 1978: 26).

Na 'n driekwart eeu waarin Natalse onderwyswetgewing betreklik onveranderd gelaat is, is Ordonnansie nr 23 van 1942 (art 12(2)) bekragtig. Dit het bepaal (vgl 5.5) dat verpligte onderwys deur medium van die leerling se tweede amptelike taal in een of ander deel van die leergang vir nie minder as 'n halfuur per dag vereis is nie en dat hierdie bepaling van krag is in stander twee en elke jaar daarna in een stander hoër. Die bepaling het gelei tot 'n groter vraag na tweetalige onderwysers. Die Natalse Administrasie se beleid was veral sedert 1944 daarop gemik om tweetaligheid te bevorder. Wit onderwysers wat na 31 Desember 1943 aangestel is, is verplig om binne vyf jaar na hul aanstelling, bekwaam te wees om die tweede amptelike taal in die primêre skool te kan onderrig. By gebreke hieraan sou geen salarisverhoging aan die einde van die vyfde jaar aan hulle toegeken word nie. Natal wat die eerste provinsie was wat 'n spesiale bonus aangebied het met die doel om tweetaligheid aan te moedig, het nou ook besluit om die betaling daarvan vanaf die einde van 1948 te staak (Coetzee 1958: 239). Om die vraag na tweetalige onderwysers na aanleiding van voorgaande wetgewing die hoof te bied, is vanaf 1944 twee vakke aan die Natalse Opleidingskollege (wat tot dusver net Engelsmedium gebruik het) deur medium van Afrikaans te doseer. 'n Soort dubbelmediumstelsel is met ander woorde toegepas ten opsigte van sekere vakke (Coetzee 1958: 245). Teen 1944 was die mate van tweetaligheid in hierdie provinsie onder onderwysers soos volg: 40% onderwysers kon vakke van die primêre skool deur medium van albei tale onderrig; 20% kon primêre skoolvakke nie deur medium van hul tweede taal onderrig nie en 40% onderwysers was nie in staat om hul tweede taal te onderrig nie (Coetzee 1958: 246; vgl ook Malherbe 1977: 107). Ten einde die peil van tweetaligheid onder die Natalse onderwysers te verbeter, het die Onderwysdepartement deur die Direkteur van Onderwys-rapport van 1943 en 1951 bepaal dat dubbelmediumonderrig op onderwyskolleges in hierdie provinsie ingestel sal word (Malherbe 1977: 107).

5.6.2 Swart onderwysers

Wit onderwysers het vanaf die beginjare onderrig in bruin en Indiërskole gegee, maar vanaf die vyftigerjare is slegs van bruin onderwysers in bruin skole en Indiëronderwysers vir Indiërskole in Transvaal

gebruik gemaak. In die groter sentra is die wit skoolhoofde gaandeweg deur bruin mense en Indiërs vervang. Vanaf die twintigerjare is dieselfde kursus met onder andere die twee amptelike tale in die Kaapprovinsie en Transvaal vir onderwysers gevolg. Na 1934 het die Transvaalse Onderwysdepartement die opleidingkursus waarin beide amptelike tale gefigureer het, verander en is aparte “Kleurling-” en Indiëronderwyserssertifikate ingestel (Coetzee 1958: 446, 450, 453). Die post-senior sertifikaat vir bruin onderwysers wat in 1943 in die Kaapprovinsie ingestel is, het bepaal dat die twee amptelike tale deel van die kurrikulum sal wees. Voorheen was die amptelike tale net deel van die kurrikulum van die bruin Primêre Onderwyserssertifikaat (Behr & MacMillan 1971: 428).

Die relatief klein bruin bevolking in die Vrystaat het ’n aparte onderwyskollege onnodig gemaak. In 1951 het die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie aanbeveel dat ’n opleidingskursus vir onderwysers ingestel word by ’n skool in Heatherdale in Bloemfontein (Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 358, 359).

Wat die amptelike tale betref, was 90.3% van die Indiëronderwysers in Transvaal in die veertigerjare tweetalig. Die eentaliges was Indiërs en wit mense. Ondersoeke van die moedertaal het getoon dat 37.5% van dié onderwysers Engelssprekend was, 26.25% Afrikaanssprekend en 21.25% Tamilsprekend (Naudé 1950: 292).

5.7 Slotsom

Die politisering van die taalkwessie in die onderwys wat veral momentum verkry het in die dertigerjare, het tydens die Tweede Wêreldoorlog en daarna in ’n venynige partypolitieke stryd ontwikkel. Die groei van ideologies gedrewe Afrikanernasionalisme het in direkte verhouding met die agteruitgang van die tweetalige skool in dié tyd gestaan.

Die Afrikaanssprekende wat oorwegend ’n politieke tuiste in die HNP gevind het, het die enkelmedium skool (wat hulle met soveel moeite uitgebou het in die vorige era) voorgestaan. Om een nasieskap tydens die oorlogsjare aan te moedig, het die VP-regering egter die tweetalige skool bevorder. Die bevindinge van empiriese navorsing oor die voordele al dan nie, van een- of tweetalige onderrig is deur beide partye aangewend om politieke munt te slaan.

Volgens Parlementêre opdrag moes die provinsiale taalordonnansies vanaf 1943 in ooreenstemming met dié van die sentrale regering gebring word. Natal het in wese reeds dubbelmediumonderwys gehad. Die HNP-meerderheid het dit vir die Vrystaatse Provinsiale Raad moontlik gemaak om moedertaalonderrig onveranderd te implementeer (of deur middel van parallelklasse in dieselfde skool of aparte enkelmediumskole). Vanaf 1944 moes beide amptelike tale in die Kaapprovinsie geslaag word van standerd ses af, die volgende jaar vanaf standerd sewe en voort tot die senior sertifikaat in 1950. Die nuwe Transvaalse taalordonnansie het die amptelike tale verpligte eksamenvakke in openbare en privaat sekondêre skole gemaak. Vanaf 1946 is verpligte moedertaalmedium van standerd vier na standerd vyf verhoog en 'n verpligting van dubbelmedium na standerd ses. Na die bewindsaanvaarding van die NP in 1948 is die voorgestelde taalveranderinge wat dubbelmediumonderwys tot sy reg sou laat kom, nie deurgevoer nie.

Uniale onderwyswetgewing onder Nasionale Partyregerings, 1948-1961

In die loop van die dertiger- en veertigerjare het faktore soos die depressie, die invloed van die Duitse romantiese nasionalisme en die uitbreek van die Tweede Wêreldoorlog 'n radikalisering in die politiek teweeg gebring en toe die ou NP (HNP) in 1948 onder leiding van dr D F Malan aan bewind kom, het die ideologiese onderbou aansienlik anders daaruit gesien as dié van 1924. Terselfdertyd het die party ook die bewind in verskeie provinsies oorgeneem, onder andere in die Transvaalse Provinsiale Raad na 'n verkiesing wat grootliks oor die taalmediumkwessie gegaan het. So het die nuwe Transvaalse Provinsiale Raad onverwyld 'n nuwe taalordonnansie (nr 19 van 1949) aanvaar, wat in werklikheid die situasie van vóór 1945 herstel het (vgl 6.4 hieronder). Enkelmediumskole het amptelike NP-beleid geword. Met die NP in die saal kon die Afrikaanssprekende sy stryd ter wille van moedertaalonderwys in alle provinsies behalwe Natal wen en voortgaan met die stigting van enkelmediumskole. Die konsolidering van die provinsies se onderwysordonnansies gedurende die vyftigerjare het hierdie beginsel opnuut vasgelê. Die oorwegend Engelssprekende Natal sou egter nog vir jare lank weerstand bied en het eers in 1969 moedertaalonderwys gemagtig. En daarmee is die stryd ten behoeve van moedertaalonderwys en enkelmediumskole (ten spyte van die terugslae met die provinsiale verkiesing van 1943) finaal gewen (Broodryk 1994: 141-51).

Uit inspekteursverslae het dit geblyk dat die gebruik van die tweede taal van sowel Afrikaans- as Engelssprekende leerlinge as bykomende medium in die jare ná die bewindsaanvaarding van die NP in al die

provinsies gaandeweg afgeneem het. Vanaf 1948 is die verpligte gebruik van die moedertaal as eksklusiewe medium tot stander agt in al die provinsies, buiten Natal (waar die ouers steeds die reg gehad het om die medium te kies) versnel. Uit 'n vergelyking van persentasies van leerlinge in 1932 en in 1958 het dit geblyk dat die neiging tot eentalige medium (veral ten opsigte van Afrikaans) op die sekondêre vlak vergroot het (Malherbe 1977: 108, 109, 110, 114; vgl ook Coetzee 1958: 319).

Verskeie ondersoeke na die stand van Engels as eentalige medium in skole het bogenoemde neiging bevestig, soos dié in 1953 van die Public Service Commission en in 1956 van die Education Research Bureau van die Transvaalse Onderwysdepartement (Malherbe 1977: 114). Die volgende tabel toon die verskuiwing in mediumgebruik op sekondêre skoolvlak aan (Malherbe 1977: 110):

Jaartal	Slegs Engels	Slegs Afrikaans	Engels en Afrikaans	Totaal
1932	51,2%	28,2%	20,6%	100%
1958	34,8%	62,4%	2,8%	100%

Terwyl Engels in die verlede die toonaangewende medium op sekondêre skoolvlak was, het Afrikaans ná 1948 toonaangewend geword, grootliks ten koste van die tweetalige medium. Vanaf 1958 het die neiging voortgeduur. Die gebruik van die tweetalige medium het gaandeweg verminder sodat dit teen 1970 as gevolg van regeringsregulasies grootliks uitgeskakel is. Dat die persentasie leerlinge wat Afrikaans as medium van onderrig ontvang het op sekondêre skoolvlak (62.4%) in 1958 groter was as die persentasie (58.1%) van die bevolking wat Afrikaans as moedertaal gehad het volgens die 1960-sensus, moet toegeskryf word aan die feit dat teen daardie stadium die gemiddelde Afrikaanssprekende gesin groter was as dié van die gemiddelde Engelssprekende gesin (Malherbe 1977: 110).

Vanaf 1948 is dit duidelik dat die skoolstruktuur van wit onderwys verander het en dat:

- die aparte eentalige skool waarin die enigste medium van onderrig die moedertaal van die leerling was die basis van die Suid-Afrikaanse skoolstruktuur geword het;

- die grootste groep Afrikaanssprekendes hul kinders na Afrikaans-medium skole gestuur het en dat daar 'n geleidelike vermeerdering was van die groepering leerlinge wie se medium van onderrig Afrikaans was; (vgl bv ook leerlinggetalle in Transvaal volgens Coetzee 1958: 319);
- daar 'n geleidelik vermeerdering was van leerlinge wat Engels as medium van onderrig gehad het, was en dat die Engelssprekende gemeenskap hul kinders na Engelse skole gestuur het;
- die groepering ouers wat hulle kinders laat onderrig het deur beide media betreklik klein was;
- daardie groepering leerlinge wat hul onderrig ontvang het deur medium van Afrikaans, 'n neiging getoon het om te verminder in die sekondêre skool, terwyl diegene wat hul onderrig ontvang deur medium van Engels 'n neiging getoon het om te verminder na standerd vier (Behr & MacMillan 1971: 63).

6.1 Kaapprovinsie

In die Kaapprovinsie is daar volgens wet en regulasies geen verskil tussen die twee amptelike tale gemaak nie, maar die praktiese deurvoering van die gelykheid is nie so sterk omlyn nie. In hierdie provinsie was daar dwang tot standerd ses wat die voertaal betref, naamlik die moedertaal, en daarna kon die ouers verlang dat die ander taal as medium geleidelik as tweede voertaal ingevoer word in ooreenstemming met die leerling se intelligensie (Coetzee 1952: 100).

Daar is reeds aangetoon (vgl 5.2 hierbo) dat op 'n inspekteurskonferensie in 1944 in die Kaapprovinsie besluit is dat, ten einde die peil van tweetaligheid in skole te verhoog en om in enige eksamen as geheel te slaag, ook in die tweede amptelike taal geslaag moet word: in die standerd ses-eksamen vanaf 1946 en tot die Junior Sertifikaat-eksamen vanaf 1948, die standerd nege-eksamen vanaf 1949 en die Senior Sertifikaat vanaf 1950. Slegs by uitsondering sou 'n kandidaat vrystelling hiervan ontvang (Coetzee 1958: 108, 109). Die resultate van die eksperiment wat die Superintendent-generaal van Onderwys (SGO) destyds volgens Ordonnansie nr 18 van 1944 gelas het, is afgelas met die instelling van die nuwe regering 'n jaar nadat die NP-regering in 1948 aan bewind gekom het. Die eksperiment moes bepaal

het wat die effek is op die eerste taal (die moedertaal) van die gebruik van die tweede taal as medium van onderrig, tweedens op watter stadium die tweede taal ingevoer moes word en laastens tot watter mate die tweede taal as medium van onderrig met die minste nadeel in elke klas gebruik kon word (Malherbe 1977: 99).

Agt jaar na die bewindsaanvaarding van die NP in die Provinsiale Adminstrasie het 'n nuwe taalordonnansie die lig gesien, naamlik Ordonnansie nr 20 van 1956. Artikel 182(1) bepaal dat die medium van onderrig tot en met die agste standerd en daarna (artikel 183(1)) Afrikaans of Engels moet wees na gelang van watter een die leerling die beste ken. Indien die leerling ewe taalbevoeg is in albei tale, kan die ouer 'n keuse uitofen. Indien die ouer in gebreke daartoe bly, moet die hoofonderwyser 'n keuse maak; en voorts met dien verstande dat, by toelating van 'n leerling tot die sesde standerd, die ouer kan eis dat die medium van onderrig verander word as hy 'n sertifikaat voorlê wat verstrekk is deur die hoofonderwyser waar sodanige leerling in die vyfde standerd geslaag het, en mede-onderteken is deur 'n inspekteur van skole. Daar is voorsiening gemaak vir skole met parallelklasse (artikel 182(2)(a) en (b)) tot en met die vyfde standerd as in sodanige standers die leerlingtal minstens vyftien is en in die sesde, sewende en agste standers indien die leerlinggetalle minstens tien is. Andersins word taalbevoegde onderwysers by wyse van parallelklasse (waar die organisasie van die skool dit toelaat) aangestel. Volgens artikel 183(2)-(a) en (b) van dieselfde Ordonnansie word voorsiening gemaak vir parallelklasse bo die agste standerd (dit wil sê in die negende en tiende standers van 'n skool) as die totale leerlingtalle in elk van die twee taalgroepe minstens tien is; andersins by wyse van parallelklasse (as die organisasie van die skool dit toelaat) en anders by wyse van taalbevoegde onderwysers. Volgens artikel 184 kon die Departement ten opsigte van enige skool besluit dat net leerlinge wie se medium van onderrig Afrikaans of net Engels moet wees, daar ingeskryf word. Volgens artikel 185 word beide amptelike tale ingesluit onder die leer-vakke van elke leerling in elke standerd van 'n skool, tensy die Departement anders gelas. Ordonnansie nr 20 van 1956 het in Januarie 1957 in werking getree (Provinsie Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Raad 1956: 167, 168).

Vanaf 1957 het die twee amptelike tale asook wetenskap die enigste verpligte vakke vir die Junior Sertifikaat-eksamen gebly. In dieselfde jaar is 'n komitee aangestel om die probleme voortspruitend hieruit te ondersoek. Die aanbevelings van die komitee het as grondslag gedien vir 'n inspekteurskonferensie die volgende jaar. Op die Inspekteurskonferensie in 1958 is oor die gebruik van die eerste amptelike taal by die junior sekondêre kursus besin. In 1959 het die Primêreleerplan-komitee besluit dat ekstra tyd hieraan toegeken word. Dit is uiteengesit in die pamflet, *Inleiding tot die leerplanne en wenke by die onderwys (Deel I)*, wat in 1960 verskyn het (Du Toit 1970: 142, 143).

6.2 Vrystaat

Daar is reeds aangetoon dat die taalvraagstuk minder ingewikkeld in die Vrystaat was, deels vanweë die wit bevolking wat hoofsaaklik uit Afrikaanssprekendes bestaan het, en deels omdat die provinsie hom sedert die aanname van Ordonnansie nr 2 van 1912 konsekwent vir die beginsel van moedertaalonderwys beywer het. Dié Ordonnansie het moedertaalonderwys tot en met standerd vier verpligtend gemaak en daarna die keuse van die medium aan die ouers oorgelaat, hoewel die wenslikheid van moedertaalonderwys na standerd ses sterk beklemtoon is. Met Ordonnansie nr 15 van 1930 is verpligte moedertaalonderwys tot standerd ses verhoog. Vanaf standerd vyf is voorsiening gemaak vir onderwysers in albei amptelike tale en kon ouers van 'n leerling kies tussen een van die tale as enigste voertaal, of albei tale as voertaal. Dienooreenkomstig is vir enkel-, parallel- en dubbelmediumskole voorsiening gemaak. Hierdie Ordonnansie (nr 15 van 1930) wat onderwyswetgewing gekonsolideer het, het alle onderwys tot aan die einde van 1954 beheer (Coetzee 1958: 178). In die Direkteursverslag van 1932 is die bewering, ernstig bestry. Die eksamenuitslae van die dertigerjare het die bewering dat Afrikaanssprekende leerlinge al meer eentalig en Engelssprekende leerlinge al meer tweetalig word, geloënstraf. Hoogstens kon beweer word dat die standaard van Engels in die Vrystaat miskien nie altyd op peil was nie (Coetzee 1958: 178).

Van 1948 af, met die bewindsaanvaarding van die NP-regering, is tweetaligheid, hoewel wenslik geag deur die nuwe bewindhebbers, nie meer as die primêre doel van die onderwys beskou nie (Rose &

Tunmer 1975: 187). Die Vrystaatse Provinsiale Raad het aan 'n onderwyskommissie, onder voorsitterskap van W J Pretorius, opdrag gegee om alle aspekte van die onderwys in die Vrystaat te ondersoek en verbeterings aan te beveel om die doelmatigheid van die onderwysstelsel in veranderde landsomstandighede te verhoog. *Die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie* is in dieselfde jaar uitgebring (Coetzee 1958: 174; vgl ook Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951). Die filosofies-opvoedkundige mandaat (grondslag) van die Pretorius-kommissie was tweërlei van aard: dat “die Christelike beginsel in onderwys en opvoeding erken, openbaar en gekweek moet word, ten einde by die leerlinge 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing te ontwikkel”, en tweedens, “[d]at die handhawing van [...] die nasionale beginsel [...] die uitgesproke beleid van die Vrystaatse Provinsiale owerheid moet wees” (Coetzee 1958: 187; vgl ook Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 15-28).

Hoewel die Pretorius-kommissie in sy verslag van die beginsel uitgegaan het dat tweetaligheid nooit 'n einddoel van die opvoeding kan wees nie, is die deeglike kennis van die tweede taal vir elke leerling en dus elke toekomstige burger in 'n tweetalige land sterk beklemtoon. Voor 1954 het onderwysordonnansies bepaal dat voldoende voorsiening in die tweede amptelike taal gemaak moet word en dat dit aan 'n leerling onderrig moet word, tensy die ouers van leerlinge dit anders verlang. In die praktyk het ouers van leerlinge in die Vrystaat nooit versoek dat hul kinders in die tweede taal onderrig moet word nie. Buitendien het die regulasies vir die Junior Sertifikaat- en Senior Sertifikaat-eksamens hier bepaal dat kandidate albei amptelike tale vir die eksamen moet aanbied. Op grond van die praktyk, soos veral uit eksamenuitslae geblyk het, en op grond van die uitsprake van opvoedkundiges, het die Pretorius-kommissie aanbeveel dat: 1) enkelmediumskole die beleid van die provinsie sal wees; 2) die voertaal van elke leerling vir al die standerds van 'n openbare of privaat ondersteunde skool tot en met standerd ses, die moedertaal van die leerling sal wees. Die Pretorius-kommissie, oortuig van die belangrikheid van “'n natuurlike taal”, het aanbeveel dat die Departement planne beraam om die grootste moontlike getal leerlinge te oorreed om 'n derde taal (ook die Klassieke tale en Duits) in hul studiekur-

susse in te sluit (Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 85, 86, 243; vgl ook Coetzee 1958: 179).

Die Vrystaatse Provinsiale Raad het egter verder gegaan en deur middel van Ordonnansie nr 16 van 1954 vasgelê dat die voertaal vir 'n leerling in al die standerds tot en met standerd agt die moedertaal moet wees. Volgens artikel 50(1) en (2) was die moedertaal van die leerling die amptelike taal wat die hoofonderwyser bepaal het en wat die leerling die beste praat en verstaan; met dien verstande dat indien na die mening van die hoofonderwyser, die leerling ewe bekwaam is in albei amptelike tale of nie een van die amptelike tale kan praat of verstaan nie, die ouer kan bepaal welke amptelike taal die huistaal (moedertaal) van die leerling moet wees. Die Direkteur kon vrystelling hiervan volgens artikel 50(2) verleen. Voldoende voorsiening vir onderrig deur middel van albei tale sou volgens artikel 19(2)(a) en (b) geskied by wyse van enkelmediumskole waarin een van die amptelike tale die enigste voertaal is en parallelklasse in volks- en middelbare skole waar die getalle in die skool dit regverdig. Parallelmediumskole sou volgens artikel 49(3) ook voortbestaan net solank as wat die skoolrol dit regverdig en dit kon selfs deur die Administrateur na raadpleging met die betrokke kommissie en raad of met die betrokke beheerraad, in enkelmediumskole geskied. Artikel 51 het bepaal dat voldoende voorsiening aan openbare en privaatskole vir die onderrig van beide amptelike tale gemaak word en dat elke leerling aan sodanige skool, tensy die Direkteur vrystelling verleen het, onderrig in albei tale ontvang (Oranje-Vrystaat Provinsiale Raad 1954: 41-3; vgl ook Coetzee 1958: 178, 179).

6.3 Transvaal

Daar is reeds aangedui (vgl 5.3) dat die instelling van Ordonnansie nr 5 in 1945 negatiewe reaksie van onderwyskundiges, politici en ouers ontlok het. Deur genoemde Ordonnansie is die reg van ouers om 'n keuse uit te oefen, nie in die Transvaalse skoolsisteem erken nie, is die moedertaalmedium van standerd vier na standerd vyf verhoog, en is 'n verpligting van dubbelmedium na standerd vyf in alle skole ingestel. Die wysigings wat twee departementele kommissies van 1946 en 1947 voorgestel het, is nie deurgevoer nie. Reeds ses jaar vantevore het die Nicol Onderwys-kommissie bevind dat indien twee taalgroe-

perings in een skool saamgevoeg word, een kultuur oorheers sal word deur die ander. 'n Minderheidsverslag het toe aparte skole vir die onderskeie taalgroepe aanbeveel (Behr 1978: 26; vgl ook Heyns 1984: 332). 'n Ad hoc-komitee wat in 1948 aan die Transvaalse Provinsiale Raad verslag moes doen oor die instelling van dubbelmediumonderwys, het verder bevind dat die kennis van die tweede taal van leerlinge onvoldoende was vir eksamengebruik teen die einde van die primêre periode. Die standaard van die aanleer in daardie vakke wat deur medium van die tweede taal onderrig word, het afgeneem, terwyl daar 'n verlies van belangstelling was in vakke wat bestudeer word en 'n antipatie ontstaan het teenoor die tweede taal.

These are crystal clear findings which confirm the apprehensions of the Afrikaner. The dual-medium Ordinance [...] did not attain its goal, namely bilingualism: even worse, it worked against its own purpose. It lowered the educational standard in the other language and its subjects (Shingler 1973: 131; vgl ook Pells 1954: 107, 108).

Die Provinsiale verkiesings van 1948 in Transvaal het grotendeels op Ordonnansie nr 5 van 1945 gefokus. Na die oorwinning van die NP is hierdie ordonnansie byna onmiddellik verander. Die aanstelling van dr William Nicol as Adminstrateur en die invloed van politieke gebeurtenisse in Transvaal, soos onder andere die onthulling van die Voortrekkermonument in 1949, het veranderinge in die skoolwese, veral die besluite oor taal, meegebring (Coetzee 1952: 99; vgl ook Coetzee 1958: 314-5). Die beginsel van aparte Afrikaans- en Engels-mediumskole het amptelike NP-beleid geword (Behr 1978: 26).

Ordonnansie nr 19 van 1949, die nuwe ordonnansie, het die volgende wysigings tot gevolg gehad ten opsigte van taalbesluite:

- Behoudens sekere uitsonderings sal die voertaal van elke leerling in alle standerds tot en met standerd agt die moedertaal van die kind wees (daar rus dus 'n verpligting op ouers van kinders in openbare en privaatskole om hulle te skik na regeringsbeleid).
- Die moedertaal van 'n kind word vasgestel deur die skoolhoof wat deur die Inspekteur gekontroleer word: die Direkteur kan die moedertaalmedium alleen wysig as die kind werklik tweetalig is, terwyl die Adminstrateur dit op ander gronde ook kan doen. Die ouers kan teen die beslissing van die hoofonderwyser 'n beroep doen op die Inspekteur en daarna op die Direkteur van Onderwys.

Die beslissing van die Direkteur is finaal.

- Daar is geen mediumverpligting by die opleiding van onderwysers nie, maar tweetalige onderwysers sal by indienstreding 'n geldelike bonus toegeken word. Daarby sal leerlinge wat in hul Senior Sertifikaat-eksamen in altwee tale presteer 'n beurs ontvang vir verdere studie aan 'n opleidingskollege. Die kardinale verskil tussen die Ordonnansies van 1945 en 1949 is dat die 1945-Ordonnansie verpligte dubbelmedium vereis en die 1949-Ordonnansie verpligte enkelmedium (Coetzee 1952: 99; vgl ook Coetzee 1958: 318, 319; Malherbe 1977: 109; Pells 1954: 128).

Reeds met die vasstel van die moedertaal het onduidelikheid bestaan, veral by privaatskole wat die bepalings ontduik het. 'n Saak is aanhangig gemaak en die hofuitspraak in 1950 het die reg van die skole gehandhaaf. Daar is geappelleer teen die uitspraak. In Junie 1952 het die Appèlhof egter beslis dat hierdie Ordonnansie nie in stryd is met artikels 85(iii) en 137 van die Unie Grondwet nie wat die sorg van primêre en middelbare onderwys aan die provinsies opgedra het. Indien die provinsiale owerheid volgens artikel 85(iii) beslis dat die moedertaalmedium die doeltreffendste is, dan moet sowel privaat as openbare skole vir leerpligtige kinders hulle daaraan onderwerp. Die prosedure betreffende die vasstelling van die moedertaalmedium is deur middel van die Onderwysordonnansie van 1953 vereenvoudig en die gevalle waaroor besluit moes word, het drasties verminder (Coetzee 1952: 99; vgl ook Coetzee 1958: 319; Pells 1954: 108; Malherbe 1977: 113).

Ter ondersteuning van die hofuitspraak wys Coetzee (1958: 319) daarop dat die peil van onderrig in die tweede taal op standaard was. Hy wend 'n inspektorsverslag van 1952 aan wat na die kwaliteit van onderrig in die twee tale ondersoek moes instel en oor die metodes aangewend om die regte peil in die tweede taal te behaal. Die verslag was gunstig, asook die twee verdere verslae, in 1953 en 1954, wat van vooruitgang in die tweede taal getuig het (Coetzee 1958: 319).

Indien die totale leerlinggetalle van die wit taalgroepe vergelyk word in Transvaal met die instelling van die onderskeie ordonnansies (in 1946 en in 1949) was daar opmerklike verskille. Daar is reeds aangetoon (vgl 5.4 hierbo) dat in die laaste vier jaar van VP-regering in Transvaal met die inwerkingtreeding van Ordonnansie nr 5 in 1946

(tot 1948) daar 'n gemiddelde styging van die totale aantal leerlinge met 7.9% was. Hiervan verteenwoordig die Afrikaanssprekende leerlinge 'n styging van 3.9% terwyl daar 'n verlies van 4.2% vir Engelsprekende leerlinge was. Met die instelling van Ordonnansie nr 19 van 1949 (dus vir 'n periode van 6 jaar vanaf 1948 tot 1954) het leerlingtalle in albei taalgroepe in vergelyking met die vorige tydperk noemenswaardig gegroei, 'n punt wat deur Behr & MacMillan (1971: 63) oor die algemeen vir die Unie bevestig is (vgl 6.1 hierbo). Die gemiddelde styging in hierdie tydperk vir Transvaal was 29.1%. Hiervan het die Engelsprekende leerlinge 'n vermeerdering van 30.4% (24 627) getoon, terwyl die Afrikaanssprekende leerlingtalle met 28.6% (52 335) gegroei het.

Ordonnansie nr 19 van 1949 het geldig gebly tot die Gekonsolideerde Onderwysordonnansie nr 29 van 1953 wat die volgende jaar in werking getree het. Die klousule wat onderrig van die moedertaal tot en met standerd agt vereis, is ook in die 1953-ordonnansie vervat. Dié Gekonsolideerde Onderwysordonnansie (nr 29 van 1953) het 'n verdere bepaling bevat, naamlik: indien die minderheidstaalgroep 100 leerlinge by 'n parallelmediumskool bereik, moes 'n aparte enkeltalige skool gestig word vir die minderheidsgroep mits die ouers dit verlang. Dié Ordonnansie het die einde van die sisteem van parallelmediumskole beteken. In gevalle waar die moedertaal van die leerling in dispuut was, het die Direkteur van Onderwys 'n keuse gedoen. Indien die ouers van die leerling betrokke, ontevrede was, kon hul verhoër tot die Administrateur rig wat die finale seggenskap gehad het (Behr 1978: 26). Die tweede taal moes in alle primêre skole vanaf die eerste graad, dit is die substanderds opwaarts, onderrig word. In die grade (vir die eerste twee jaar van onderrig) moes die aanleer van die tweede taal beperk wees tot resitasie en spraak. In standerd een kon 'n aanvang geneem word met lees en skryf in die tweede taal (Behr 1978: 26; vgl ook Barnard 1979: 154).

6.4 Natal

In Natal was Engels steeds die meer begunstigde taal as vak en as voertaal. Soos reeds aangedui (vgl 4.5 hierbo) het die provinsiale owerheid geen dwang uitgeoefen wat die voertaal betref nie. Die voertaal van elke leerling in elke staatskool vir wit leerlinge is die amptelike

taal wat die ouers as sodanig kies. Verder moes die minderheid op die primêre en die sekondêre skool, as hulle aantal onder vyftien leerlinge is, die voertaal van die meerderheid volg. Indien die ouers geen keuse uitoefen nie, moes die kind onderrig word in die taal wat hy die beste ken en verstaan. Wat die onderrig van tale self betref, moes elke leerling bo standard twee in alle staatskole vir wit en bruin mense in albei tale onderrig ontvang, met dien verstande dat in skole vir wit leerlinge minstens twee en 'n half uur en hoogstens vier uur per week aan die taal wat nie as voertaal gekies is nie, gewy word. Verder moes elke leerling minstens 'n halfuur en hoogstens een uur per week onderrig in ander vakke as die taal ontvang deur middel van die ander taal (Coetzee 1952: 100).

Die toepassing van Ordonnansie nr 23 van 1942 waarin neergelê is dat minstens 'n halfuur per dag vanaf standard twee deur medium van die tweede taal bestee word, het destyds kritiek opgelewer vanweë 'n skaarsheid aan geskikte onderwysers. Die kritiek het teen 1948 meer uitgesproke geword. Hierdie artikel (artikel 12(2)) van die Ordonnansie het vir die eerste maal van toepassing op middelbare klasse geword. In laasgenoemde gevalle was dit selde moontlik dat 'n ander deel van die leerplan vir die voorgeskrewe tydperk deur medium van die tweede taal gedoseer kon word sonder om eksamenvakke in die gedrang te bring. Die meeste sekondêre skole het as 'n groep minder welslae behaal as die primêre skole. Die uitwerking van artikel 12(2) is gedurende 1949 deeglik ondersoek. In 1949 is die mening uitgespreek dat die tweede taal beter geleer word wanneer dit in alledaagse sake gebesig word as wanneer dit as vak geleer moet word. Om hierdie rede is daar toe aanbevelings gedoen dat artikel 12(2) van Ordonnansie nr 23 so gewysig word dat dit die voordele van dubbelmediumonderwys behou en terselfdertyd die nadele (wat aan die lig gekom het) vermy (Coetzee 1958: 245).

Ten gevolge van hierdie aanbevelings is 'n Wysigingordonnansie (nr 10 van 1950) deur die Natalse Provinsiale Raad aangeneem. Die uitwerking hiervan was dat alle aangeleenthede ten opsigte van die gebruik van die tweede taal wat nie as voertaal gekies is nie, by wyse van die regulasies behandel moes word. Hierdie regulasies kom daarop neer dat addisionele tyd aan die onderrig van hierdie vak bestee moet word. Die manier waarop hierdie bykomende tyd aangewend

moet word, is ook voorgeskryf. Genoemde regulasies is in 1951 in werking gestel, en die gevolge sou gemonitor word (Coetzee 1958: 244, 245).

In 1950 het die Uitvoerende Komitee sy sienwyse omtrent die voertaalvraagstuk geformuleer. Die Komitee het in beginsel sy teenkating teen enige wysiging van die Ordonnansie betreffende die uitsluitlike gebruik van Engels of Afrikaans as voertaal op skool herbevestig. Met die oog op die versekering wat ten tye van hul oorname deur die staat in 1918 aan sekere Duitse skole gegee is, is besluit dat Duits nog aan sekere skole tot in standerd twee as voertaal gebruik en bo standerd drie as taal onderrig mag word, maar dat enige skool se reg in hierdie opsig sal verval wanneer Duitssprekende kinders minder as 33% van die aantal leerlinge op die rol is (Coetzee 1958: 246).

Die verpligte klousules wat gehandel het oor dubbelmedium is uit Ordonnansie nr 10 van 1950 gelaat en die gebruik van die tweede taal as medium is bepaal deur regulasies wat groter bewegingsvryheid verleen het aan skoolhoofde en ouers in individuele gevalle wat betref die medium (Malherbe 1977: 108).

6.5 Swart onderwys

Daar is reeds aangedui dat onderwys van swart mense (“Bantoe-onderwys”) in 1910 met Uniewording onder die beheer van provinsiale besture geplaas is en hoewel die Unieregering later die finansiering oorgeneem het, het die provinsiale regerings die beheer daarvoor behou tot 1953. Kontrole van swart onderwys was tot 1850 die uitsluitlike verantwoordelikheid van sendinggenootskappe, daarna tot 1925 sou kontrole deur sendinggenootskappe volg met gesamentlike erkenning en subsidiëring deur die owerhede; tussen 1926 en 1945 sou gesamentlike kontrole deur provinsiale besture en die Uniedepartement van Naturellesake volg; gesamentlike kontrole tussen 1946 en 1954 berus by die provinsiale regerings en die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Van Zyl 1972: 150).

Voor 1910 is nêrens eksplisiet uitgestippel wat die bedoeling van die outoriteite was met die onderwyssisteem van die swart kind nie. Bantoe-onderwys is as integrale deel van algemene “Bantoebeleid” geformuleer en onderwys is alleenlik beskou as van belang in soverre

dit die beleid bevorder. Nooit egter voor 1910 is die onderwys van die swart kind self as doel aangestip nie. Hoewel Bantoe-onderwys ná 1910 op 'n gesonder grondslag geplaas is, het die verskille in die provinsies voortgeduur en die onsekerheid omtrent die doelstellings was deel van die probleem/sisteen. In die dertigerjare was daar nog nie eksplisiete doelstellings met swart onderwys nie. Die Interdepartementele Komitee insake Bantoe-onderwys (Welsh-kommissie) (vgl 4.6 hierbo) in 1936 was verplig om die onduidelikheid hieromtrent as die vernaamste rede voor te hou waarom daar nie vinniger vordering in Bantoe-onderwys ná 1910 was nie. Daarby was die kompleksiteit van die saak 'n bydraende faktor vir die agterstand in Bantoe-onderwys omdat dit sowel 'n politieke as 'n ekonomiese probleem was (Van Zyl 1972: 108).

In die jare voor 1948 was die uitgangspunt van owerheidsweë af dat die swart kultuur hom by die Westerse ekonomiese en politieke sienswyse moes aanpas. Dit het in die onderwys gemanifesteer as 'n algemene gebrek aan differensiasie (bv leerplanne en skoolsisteen) tussen wat aan wit en aan swart leerlinge gegee is (Van Zyl 1972: 113, 114). Met die bewindsaanvaarding van die NP is die onsekerheid omtrent die doelstelling in Bantoe-onderwys uiteindelik opgeklar. Dit was vir die NP-regering duidelik dat die uitbreiding van Bantoe-onderwys op die Afrikaner (teenoor Afrikaanssprekende) se Christelike Nasionale Onderwysdenkrigting gebaseer moes word. Anders as in die sendingskole waarin 'n amptelike taal die swart moedertaal as onderwysmedium na die eerste drie of vier jaar vervang het en waar Engels oor die algemeen in die sekondêre skole as medium gebruik is (Horrel 1963: 41), propageer die CNO-gedagte die swart moedertaal as medium van onderrig in alle primêre en sekondêre skole. Volgens dié denkrigting van destyds (Van Zyl 1972: 121, 123, 130) “leer [...] Afrikaner Calvinisme God-geordende rasse-ongelykheid saam met die begrip van Blanke voogdyskap”. Hiervolgens sou die Westerse tipe onderwys wat deur kerkgenootskappe destyds vir swart skole ingevoer is, ongeskik wees vir die swart leerling. Hierdie opvatting het gelei tot die formulering van 'n afsonderlike program van Bantoe-onderwys en dit is gestuur langs die lyne van apartheid — die term wat gebruik is om etniese segregasie aan te dui (Van Zyl 1972: 117; vgl

ook Shingler 1973: 284). Ten einde dié doelstellings ten uitvoer te bring, moes Bantoe-onderwys deur die staat beheer en beplan word.

Buiten die uitbreiding en vestiging van die swart moedertaal het die missie van die Afrikaner ideoloë (reeds vanaf die dertigerjare) ook die vestiging van Afrikaans in swart onderwys insluit (Nel 1942: 92). Een van die eksponente van dié ideologiese doelstelling, prof B F Nel, het in 1942 die idee voorgestaan dat moedertaalonderrig nie alleen streng toegepas moet word in swart skole nie, maar dat Afrikaans (wat as taal in Afrika ontwikkel het en wat dus kultureel en ekonomies aangepas is by die behoeftes van die swart mense) die “tweede taal” van swart onderwys moet wees (Nel 1942: 107). Na die bewindsoorname van die NP-regering in 1948 het die FAK, wat volgens Hartshorne (1986: 89) noue bande gehad het met die Broederbond, op ’n volkskongres ’n beleid van die CNO geformuleer en wat deur die INCO (die Instituut vir Christelike-Nasionale Onderwys) aanvaar is. Artikel 15 van die verklaring wat handel oor swart onderwys het onder meer die volgende bevat:

[A]ny system of teaching and education of natives must be based on these same principles (trusteeship, no equality and segregation), [...] must be grounded in the life and worldview of the Whites, most especially those of the Boer nation as the senior white trustees of the native [...who] must be led to an independent acceptance of the Christian and National principles in our teaching [...] the mother tongue must be the basis of native education and teaching but the two official languages must be taught as subjects because they are official languages and [...] the keys to the cultural loans that are necessary to his own cultural progress (vgl ook Van Zyl 1972: 130; Shingler 1973: 278).

Binne ’n betreklike kort tyd het onderwysinstellings wat nie gesluit het gedurende die oorname van sendinggenootskappe deur die staat nie, onder die beheer, soos Hartshorne dit stel (1986: 90, 91) van “wit Afrikaner Nasionalistiese-beginsels” (CNO) gekom en het Afrikaans die dominante taal in swart onderwys geword, veral op die vlak van bestuur, kontrole en administrasie (vgl ook Van Zyl 1972: 135). Van owerheidsweë af was die besorgdheid aanvanklik tweërlei van aard: Eerstens moes die praktiese toepassing en die ontwikkeling van die swart moedertaal asook die gebruik van Afrikaans neerslag in die taalbeleid van die swart skole vind. Tweedens was die uitgangspunt dat die invloed van Engels wesentlik verminder moes word. Die

taalmedium aan swart onderwyskolleges het dus onder skoot gekom (Hartshorne 1986: 91) (vgl 6.7.2). Volgens Hartshorne

[t]he educational interests of the pupils were not regarded as paramount, but were subservient to ideological and political factors that were concerned with White interests and in particular the maintenance of Afrikaner Nationalists domination in the fields of politics and education.

Wanneer die tydperk 1910-1953 in oënskou geneem word, is heelwat gebreke in die swart onderwys opmerklik. Die staat, hoewel dit Bantoe-onderwys gesubsidieer het, het feitlik geen beheer daarvoor gehad nie; die provinsies, hoewel hulle die fondse uitgedeel het, het nie toegesien dat sendinggenootskappe die beste gebruik daarvan maak nie. Fondse wat voorsien is, was hoegenaamd nie toereikend nie en dit het beide die kwaliteit en kwantiteit van die swart onderwys gestrem. Die administrasie van Bantoe-onderwys was verdeel tussen die staat, provinsies, sendelinggenootskappe en die gemeenskappe self. As logiese uitvloeisel van die nuwe tydsgees en ten einde die verwarmering in Bantoe-onderwys uit die weg te ruim deur beginsels en doelstellings vir swart onderwys te formuleer, is die Kommissie op Bantoe-onderwys in 1949 ingestel onder voorsitteskap van dr W W M Eiselen (Van Zyl 1972: 69; vgl ook RGN 1981: 44; Malherb 1977: 545). Die belangrike Eiselen-verslag sou in die jare daarna die bloudruk vir swart onderwys vorm.

Die Eiselen-kommissie se mandaat was betekenisvol: die Kommissie moes uitsluitel gee oor “education for Natives as an independent race”, terwyl in ag geneem moet word “their inherent racial qualities, their distinctive characteristics and aptitude, and their needs under ever changing social conditions”. Dit is belangrik om daarop te let dat die Kommissie van die veronderstelling uitgegaan het dat daar onderskei moet word tussen swart en wit mense. Wat die taalaangeleentheid betref, dien die Eiselen-mandaat vermelding:

Literacy in a Bantu language both as a means of communication and of calculation, and as a vehicle for the preservation of pride in national traditions [...] Literacy in one, or preferably, both European official languages to serve as a means of communication with Europeans [...]” (Rose & Tunmer 1975: 244, 251; vgl ook Helm 1979: 184; Beh 1988: 32).

Dié Kommissie het vir twee jaar gesit (die verslag het in 1951 verskyn as *Report of the native education commission, 1949-1951* (UG 53/1951)). Meer as 500 individue en liggame is geraadpleeg, maar het eventueel, volgens Hartshorne (1986: 89) “it reported in terms of its own ideological stance and disregarded the weight of evidence from African witnesses”. Ter motivering van hierdie houding het die Kommissie self verklaar:

We realise that in this connection we will have to face grave difficulties and that the public opinion, especially among the Bantu, is to a large extent still unenlightened, and that it would consequently possibly be hostile to any drastic change in the use of the medium of instruction (Hartshorne 1986: 89).

Die hoofaanbevelings van die Eiselen-kommissie was die volgende:

- Alle onderwys sal deur medium van die moedertaal geskied vir die eerste vier jaar en hierdie beginsel sal jaarliks progressief uitgebrei moet word na die hele primêre skool.
- Om die probleme voortspruitend uit 'n gebrek aan wetenskaplike begrippe en 'n swak ontwikkelde numeriese sisteem in die Afrika-katale op te los, is terminologiekomitees aangestel wat handleidings vir onderwysers moes opstel. Daarna word moedertaalonderrig geleidelik ingestel in die sekondêre skool; waar onderwysers by sekondêre vakke, soos by geskiedenis (wat nie 'n omvangryke tegniese terminologie vereis nie), aangemoedig moes word om so spoedig moontlik 'n aanvang te maak met die gebruik van die moedertaal as medium by die onderwys van sodanige vakke.
- In onderwyskolleges moet die swart moedertaal as medium gebruik word vir vakke soos skoolorganisasie en -metode, kindersielkunde en daardie vakke wat deur middel van die moedertaal in die primêre skool onderrig word.
- Die eerste amptelike taal (die taal wat die meeste gebruik word in die omgewing van die skool) moet ingestel word in die tweede jaar van onderwys, as 'n vak en die tweede amptelike taal nie later as die vierde jaar nie. Die Eiselen-kommissie het nie bepaal watter van die twee amptelike tale vanaf die vyfde jaar as medium van onderrig gebruik moes word nie, maar in die praktyk is Engels oor die algemeen in die hoër klasse as medium en Afrikaans as vak aangewend (Helm 1979: 186; vgl ook Horrel 1963: 41).

- Een van die amptelike tale moet verpligte vakke wees in die sekondêre skool (met dieselfde vereistes as die wat van toepassing is vir wit leerlinge vir die tweede taal) en dat waar die tweede amptelike taal as keusevak gekies word, moet dit dieselfde status as die derde taal (Frans, Duits ens) geniet in die geval van wit leerlinge.
- Beide amptelike tale aan swart onderwyskolleges moet verpligtend wees (Hartshorne 1986: 90; vgl ook Helm 1979: 184-6; Behr & MacMillan 1971: 396-9, 410).

Aangesien die beginsel van moedertaalonderrig geleidelik uitgebrei word na standerds drie, vier, vyf en ses (soos die terminologie uitgebrei word) het die Eiselen-kommissie aanbeveel dat komitees aangestel word om terminologielyste saam te stel. Teen 1961 is hierdie terminologielyste in die sewe erkende Afrikatale vir al die vakke in die primêre skole voltooi (Behr & MacMillan 1971: 410; vgl ook Van Zyl 1971: 131, 132, 205; Horrel 1964: 68, 41; Van der Mescht 1965: 61-5). Van 1956 af is primêre skole in die groter stedelike gebiede op 'n etniese basis georganiseer om die verskillende taalgroepe te bedien (Horrel 1964: 60). Tot aan die einde van 1958 was alle standerd ses-vraestelle opgestel in albei amptelike tale en in die belangrikste Afrikatale. Vanaf 1959 moes die kandidate egter alle vraestelle, behalwe die in Afrikaans en Engels, in 'n Afrikataal beantwoord. Probleme in verband met terminologie het nog steeds die uitvoering van die moedertaalbeleid gestrem en die Departement het verskeie taalkommissies aangestel vir vakke in Xhosa, Zoeloe, Noord- en Suid-Sotho, Tswana, Tsonga en Venda. Twee verdere liggame, die Bantoe-taalraad en die Afdeling Taalnavorsing en -beplanning is in die lewe geroep om die uitbreiding en ontwikkeling van Afrikatale en die beskikbaarstelling van hand- en klaslesboeke in die Afrikatale ter wille te wees (Van der Mescht 1965: 256). Om moedertaalonderrig verder te vergemaklik, is uitgewers aangemoedig om handboeke vir alle primêre skoolvakke uit te gee in voorgemelde Afrikatale. In 1960 is 'n subsidieskema aangepak waarvolgens die Departement van Bantoe-onderwys onderneem het om 'n gewaarborgde kwota van goedgekeurde handboeke in Afrikatale van uitgewers aan te koop vir verspreiding onder skole en onderwysers. (Van Zyl 1972: 131, 132, 205, 206; vgl ook Behr & MacMillan 1971: 410; Helm 1979: 173).

Die Bantoe Onderwyswet nr 47 van 1953 het gestalte gegee aan die aanbevelings van die Eiselen-kommissie oor die toekomstige beheer van Bantoe-onderwys (Malherbe 1977: 548; vgl ook RGN 1981: 44, 45). Ten einde die oorskakelingsproses van beheer van die Provinsiale Administrasies na die Departement van Bantoe-onderwys (wat geresorteer het onder die destydse Departement van Bantoesake) te vergemaklik, is Bantoe-onderwys in 1954 as 'n subafdeling van die Departement van Naturellesake ingestel (Van Rensburg 1975: 7; vgl ook Malherbe 1977: 548; Rose & Tunmer 1975: 258; Van Zyl 1972: 145). Ten opsigte van Bantoe-onderwys is die Unie op 'n etniese basis in ses streke verdeel. Die Minister van Naturellesake het vanaf 1954 die omvangryke portefeulje, wat Naturellesake (Bantoesake) sowel as Bantoe-onderwys ingesluit het, behartig. Na die verkiesing van 1958 is die Departement van Naturellesake in twee volwaardige departemente verdeel, te wete die Departement van Bantoe-administrasie en Ontwikkeling, en die Departement van Bantoe-onderwys. Om kontinuïteit en onderlinge skakeling te behou, sou elke departement onafhanklike status hê, maar sou dieselfde minister albei portefeuljes behartig (Van Zyl 1972: 75-7). Na 1961, dit is na Republiekwording, is die "wit gebiede" volgens die provinsies vir administratiewe doeleindes in vier verdeel, terwyl agt aparte onderwysdepartemente geskep is vir elkeen van die "Bantoe tuislande" (Van Rensburg 1975: 7).

Met die implementering van Wet nr 47 van 1953 is in die leerplan vir die laer primêre skool bepaal dat alle onderrig van 1954 af in substanderd A tot standerd twee deur medium van die moedertaal (vgl 1 voorafgaande) moet wees en sonder uitsondering is skole verplig om die moedertaal klas vir klas uit te brei, beginnende met standerd drie in 1956 deur tot standerd ses in 1959 toe die standerd ses openbare eksamen vir die eerste keer in een van die swart moedertale (in plaas van Engels) geskryf is. Intussen moes die helfte van die vakke wat nie deur medium van die Afrikataal onderrig word nie, deur medium van Afrikaans en die ander helfte deur medium van Engels gegee word. Die twee amptelike tale word reeds in sub A bekendgestel, maar leesonderrig neem 'n aanvang in die tweede kwartaal in sub B en skriftelike werk word eers vanaf standerd een gedoen. Waar die onmiddellike strewe in die laer primêre skool is om die hoogs moontlike getal leerlinge te leer om hul moedertaal te lees en skryf en om 'n

elementêre kennis van rekenkunde en die amptelike tale te verkry, is die mikpunt in die hoër primêre skool om die leerlinge 'n meer gevorderde begrip van hierdie vakke te gee. Die twee amptelike tale word op gelyke basis aangebied (Van Zyl 1972: 205, 194, 197; Helm 1979: 175; Van der Mescht 1965: 252; Coetzee 1958: 437-42).

Die leerplan vir die junior sekondêre skool is in 1957 opgestel en het voorsiening gemaak vir 'n driejarige kursus (vorms 1-3). Die vasgestelde leerplan bevat onder andere Afrikaans, Engels en 'n Afrika-taal as eksamenvakke. Die vorm 2-3 kursus word in die volgende vakke aangebied, elk wat 'n leerling toegang bied tot die Senior-Sertifikaat-kursus. Dit sluit onder andere in 'n Afrikataal en die twee amptelike tale. Godsdiensoonderrig, liggaamlike opvoeding, musiek en sang moet deur medium van die moedertaal onderrig word en alle vakke wat nie deur die Afrikataal doseer word nie, moet om die helfte deur medium van Afrikaans en Engels onderrig word. Vir die Senior Sertifikaat-leerplan is 'n Afrikataal in die hoër graad en die twee amptelike tale in die laer of hoër graad verpligtend. Tot 1962 moes swart kandidate Engels of Afrikaans op hoër graad slaag om te kwalifiseer vir matrikulasie-vrystelling. Dit was eers van 1963 af wat vrystelling verleen kon word aan swart leerlinge, wat hulle in staat gestel het om toelating tot 'n universiteit te verkry as hulle 'n Afrikataal in die hoër graad slaag of beide amptelike tale in die hoër- of standaard (B-graad) (Van Zyl 1972: 199-201; vgl ook Horrel 1964: 78; Van der Mescht 1965: 253).

Dié nuutgeskepte sentrale staatsdepartement wat (volgens Wet nr 47 van 1953) kontrole van Bantoe-onderwys van die provinsies en die sendinggenootskappe oorgeneem het, het 'n streng nasionale beleid neergelê waar byna geen uitsonderings (soos in die verlede wel gebeur het) toegelaat sou word nie. Tot nadeel van die Unieregering in die algemeen en die swart onderwys in die besonder:

[a] new spirit of doctrinaire inflexibility had [...] entered into a domain which had been treated flexibly in the past, and continued to require to be able to respond flexibly to varying socio-linguistic situations (Hartshorne 1986: 91).

Dié standpunt van die owerheid soos in 1954 verwoord deur die toenmalige Minister van Naturellesake, dr H F Verwoerd, was dat daar die strengste toesig moet wees oor die volle toepassing van taalregu-

lasies (Van Zyl 1972: 139; vgl ook Behr 1978: 171). Die Departement het sy onderneming dat Afrikaans “sy regmatige plek” as onderwys-medium by die onderrig van swart mense sou inneem, gestand gedoen. Slegs by wyse van uitsondering, volgens Omsendbrief nr 31 van 1959, sou vrystelling verleen word om Afrikaans nie as medium aan skole te onderrig nie (Helm 1979: 175). Die rigiede houding in die toepassing van die taalregulasies het die regering duur te staan gekom toe meer as twintig jaar later ’n opstand uitbreek het in swart skole wat tot ernstige gevolge in die onderwys in besonder en in die politieke situasie in die algemeen gelei het.

As argument teen kritiek en ten uitvoering van die taalbesluite in swart skole, kon die Unieregering betoog dat artikel 137 van die Suid-Afrika-wet van 1909 vereis het dat die twee amptelike tale (Afrikaans en Engels) gelyke behandeling ontvang. Om Afrikaans in swart skole uit te bou en te beskerm, het die NP-regering tog nie in alle aspekte al die aanbevelings van die Eiselen-kommissie in taalonderwys so nageset nagevolg nie. So byvoorbeeld is sowel Afrikaans as Engels as verpligte vakke ingestel in die eerste jaar van skoolopleiding omdat die vrees bestaan het, dat indien die voorstelle van die Eiselen-verslag geïmplementeer word, Afrikaans deur onderwysers en gemeenskappe beskou kon word as die tweede amptelike taal en dit dus eers ingestel sou word in die vierde jaar van skoling. Sowel Afrikaans as Engels was verpligte vakke in die sekondêre skool omdat daar besef is dat, indien die voorstelle van die Eiselen-verslag nagevolg word, Engels eerder geneem sou word as vak en Afrikaans gedelegeer sou word tot die status van “derde taal”. Sowel Afrikaans as Engels moes as medium gebruik word wanneer moedertaalonderrig in die eerste jaar van die sekondêre skool geskied omdat die Unieregering besef het dat, indien daar ’n keuse tussen die twee tale bestaan, Engels nooit deur Afrikaans verplaas sou word nie (Hartshorne 1986: 91).

Alhoewel daar algemene ooreenstemming was dat die swart leerling sy onderwys ’n aanvang deur medium van sy moedertaal moet neem, was daar onenigheid oor die stadium waarop oorgeskakel moes word na die amptelike tale (Horrel 1964: 68). Swart mense het hulle, volgens Hartshorn (1986: 92) nooit vereenselwig met die uitbreiding van die swart moedertaal na standerd twee of die dubbelmediumbeleid in die sekondêre skool nie. Tog het die beginsel van moedertaalonder-

rig vanaf die twintigerjare in swart skole ondersteuning van kundiges, waaronder Edgar H Brookes en later H C M Fourie ontvang (Shingler 1973: 204, 258). Die verslag deur die United Nations Educational, Scientific, and Cultural Organization (Unesco) in die vyftigerjare het die beginsel op opvoedkundige gronde ondersteun. Unesco het verder betoog dat “the use of mother tongue be extended to as late a stage in education as possible” (Fourie 1980: 100). Alhoewel ’n beduidende aantal Derdewêreld nasies ook moedertaalonderrig ondersteun het (Chick *et al* 1986: 125), het die gebruik van die swart moedertaal (volgens die Uneso-verslag) tot die laatste stadium moontlik in die primêre swart skool, gelei tot teenstand, eerder op politieke as opvoedkundige beginsels. Daar is inderdaad daadwerklik gepoog om die gebruik van die swart moedertaal af te skaal net tot die eerste vier jaar of minder in die primêre skool van die swart leerling (Fourie 1980: 101). Tot 1976 was die kwessie van die gebruik van die swart moedertaal die vaandel waaronder opposisie-geledere teen Bantoe-onderwys hul geskaar het.

Dié verslag van die Verenigde Volke-organisasie (VVO) in 1953 het egter ook bevind dat die agterstand van ten minste twee jaar wat die swart leerling in dieselfde ouderdomsgroep teenoor die wit leerling op daardie stadium ondervind het, toe te skryf was aan die taalprobleem.

It must be borne in mind that when the young Bantus first attend primary school, they speak only their native language [...] In accordance with the methods and practice now accepted in all countries of the world, the language of instruction of these children in the South African schools is their mother-tongue. The time soon comes, when they must learn Afrikaans or English or even some rudiments of both. Even if these children have a gift for languages, [...] the great effort of memorizing and assimilating contributes in no small measure to their position [...] (Helm 1979: 191).

Die gelyktydige invoer en gebruik van Engels en Afrikaans as onderrigmedia, het in die praktyk beteken dat die swart kind reeds vanaf substanderd B en aan die begin van die sekondêre skoolfase naas die moedertaal met twee vreemdetaal-media gekonfronteer is met onderwysers wat in die meeste gevalle hierdie tale, veral Engels, nie behoorlik beheers het nie (Helm 1979: 175; vgl ook Horrel 1964: 64). Van verskeie kante is besware geopper teen die gebruik van ’n

Afrikataal as medium van onderrig bokant standerd twee-vlak. Die All-In-konferensie in 1956 het tot die slotsom geraak dat

[m]other-tongue instruction would have the effect of reducing the horizons of Africans, cramping them intellectually within the narrow bounds of tribal society and diminishing the opportunity of inter-communication between the African groups themselves and also with the wider world in general of which they form a part (Van Zyl 1972: vgl ook Horrel 1964: 68).

Twee jaar later het die Instituut vir Rasse-aangeleenthede sy besorgheid uitgespreek oor die vroeë invoering van beide amptelike tale in die swart skole, asook die gebruik van die moedertaal as medium deur die hele primêre skool (Horrel 1964: 65, 66). Daar was reeds ernstige onrus en demonstrasies oor die taalinstellings in die Transkei en ander gebiede voor en na Republiekwording in 1961 (Horrel 1964: 108). Aangesien die Cingokommissie (1963) wat taalomstandighede in die Transkei moes ondersoek, buite die bestek van dié ondersoek val, kan slegs vermeld word dat dit besware teen die gebruik van die Afrikataal as medium van onderrig in die primêre skool aangestip het (Van Zyl 1972: 241; vir 'n volledige uiteensetting van die Cingo-verslag vgl Van der Mescht 1965: 25972). Sedert 1963 is die owerhede van die selfregerende swart state (tuislande) in SA toegelaat om later elk sy eie voertaalbeleid vir primêre en sekondêre skole te implementeer (Helm 1979: 175).

In die praktyk is godsdiens en gesondheid deur middel van Zoeloe in Natal tot standerd vier onderrig. In Transvaal is hierdie twee vakke deur middel van die moedertaal bo standerd twee onderrig. In Natal, die Kaapprovinsie en Transvaal was die medium van onderrig in die hoër klasse oor die algemeen Engels, terwyl Afrikaans as 'n vak aangebied is. Die Vrystaatse Onderwysdepartement het die swart moedertaal as die medium van onderrig tot en met standerd vier gebruik en het sterk aanbeveel dat dit in standerd vyf en ses ook gebruik word. In hierdie hoër klasse is die helfte van die vakke wat nie deur die moedertaal onderrig is nie deur die medium van Engels onderrig en die ander helfte deur medium van Afrikaans (Horrel 1963: 41, 42).

Bruin- en Indiëronderwys is nie in dieselfde mate as swartonderwys herstruktureer nie. Daar was egter 'n betekenisvolle verskuiwing in die beleid van die medium van onderrig in "gekleurde" (bruin)

onderwys. In 1936 het 42 000 bruin leerlinge hul onderrig deur medium van Afrikaans ontvang, 16 5000 in Engels en 20 000 deur medium van beide tale. Sodat drie dekades later onder NP-regering, het die groot meerderheid bruin leerlinge hul onderrig deur medium van slegs Afrikaans ontvang, weinig deur Engels en amper geen leerlinge deur medium van beide amptelike tale nie (Malherbe 1977: 111). Anders as in swart onderwys waar die leerlinggetalle nie tred gehou het met die finansiële uitawes nie, is die finansiële insette vir bruin leerlinge aansienlik verhoog. Dit het die kwaliteit van bruin onderwys betekenisvol verbeter. Die leerlinggetalle in bruin skole het tussen 1946 en 1953 byvoorbeeld met 'n kwart vermeerder en die van die onderwysers met die helfte. Dié neiging is in skole vir Indiërs gedupliseer (Giliomee 2003: 510).

In die Kaapprovinsie was die meeste skole vir bruin mense nog deur die verskillende kerkgenootskappe bestuur. In dié provinsie, soos reeds vermeld, is bruin mense, Indiërs en Maleiers in dieselfde skole opgeneem. In 'n verslag van die M C Botha-kommissie van 1954 wat moes ondersoek instel na bruin onderwys, is onder andere aanbeveel dat “korreksies gedoen word van die voertaal van leerlinge waar dit verkeerd is”. In 1958 is die afdeling, Kleurlingsake tot 'n volwaardige Departement van Kleurlingsake, onder die Minister van Binne-landse Sake van die Unieregering omskep (Van Schalkwyk 1983: 140; vgl ook Coetzee 1958: 443, 445). Twee jaar na Republiekwording, in 1963, het die destydse Departement van Kleurlingsake van die regering van die RSA beheer oor alle onderwys vir bruin mense oorgeneem kragtens die Wet op Onderwys vir Kleurlinge, 1963 (Wet nr 47 van 1963) (RGN 1981: 39; vgl ook Du Toit 1975: 145). In die na-oorlogse jare het bruin onderwys wat gewoonlik in die Vrystaat gegroep is onder swart onderwys onder die Departement van Onderwys te staan gekom (Coetzee 1958: 446). Die Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie het in 1951 aanbeveel dat daar meer tyd vir bruin leerlinge ingeruim word in die skole om die taal as medium van onderrig en as vak op dieselfde standaard as wit leerlinge te bring (Provinsie Kaap die Goeie Hoop 1951: 356, 365).

Alhoewel dit die beleid van die Transvaalse Onderwysdepartement was om aparte skole te stig vir bruin mense en Indiërs, het dit in die praktyk moeilik geblyk (Coetzee 1958: 445). Die NP-regering het

nie tot dieselfde uiterstes gegaan om bruin en Indiër onderwys te her-skep nie. Daar was nogtans 'n duidelike verskuiwing in die beleid van die medium van onderrig in bruin skole. Teen 1936 is ongeveer 42 000 bruin leerlinge deur medium van Afrikaans onderrig, 16 500 deur medium van Engels en 20 000 in beide tale. In die eerste dekade van die Republiek was die meeste van die bruin leerlinge deur medium van Afrikaans onderrig, weinig deur medium van Engels en amper geen leerlinge deur albei mediums nie (Malherbe 1977: 111).

6.6 Opleiding van onderwysers

6.6.1 Wit onderwysers

Die gebrek aan wit onderwysers wat bekwaam was om albei amptelike tale te onderrig, het die dubbelmediumonderrig beleid wat deur die Parlement verorden is, moeilik gemaak om te implementeer (Malherbe 1977: 108). Die gebruik van die tweede taal as medium het nie net gaandeweg vanaf die veertigerjare in die geval van leerlinge nie, maar ook ten opsigte van onderwysers verswak (Coetzee 1952: 101). In die Kaapprovinsie is bevind dat die persentasie onderwysers wat taalbevoeg was om in beide amptelike tale op die hoër graad te onderrig, van 24% in 1947 verminder het tot 16% in 1953 (Malherbe 1970: 108). Volgens Ordonnansie nr 20 van 1956 (artikel 73(1)) moes sowel Afrikaans as Engels in die kursusse en eksamens vir algemene onderwysertifikate ingesluit word. Daar is 'n eksamen in 'n hoër graad, 'n toets in die onderrig van 'n klas in enige van die vakke van die primêre skoolkursus wat deur die Departement voorgeskryf is en 'n eksamen in 'n laer graad. Dié Ordonnansie bepaal dat elke onderwyskandidaat vir so 'n sertifikaat in beide amptelike tale slaag en in minstens een van genoemde tale in die hoër graad (artikel 73(2)). Volgens dié Ordonnansie is bepaal dat voorsiening vir die gebruik van beide amptelike tale as mediums van onderrig (artikel 75) aan elke opleidingskollege gemaak word (Provinsie Kaap die Goeie Hoop Provinsiale Raad 1956: 63). Teen 1957 was daar weinig verbetering in die tweetaligheidvaardigheid van onderwysers: 'n addisionele dosent aan elke onderwyskollege is toegestaan om deur meer intensiewe onderrig in die tweede taal en deur meer individuele aandag aan studente, te probeer om die peil van tweetaligheid te verbeter (Du Toit 1970: 128).

Onderwyskolleges het in opdrag van die Departement 'n dubbelmediumbeleid ingestel sodat die tweede taal nie net as vak nie, maar ook as onderrig- en kommunikasie-instrument kan dien (Malherbe 1977: 108).

In die Vrystaat was Afrikaans die enigste medium van onderrig aan wit onderwyskolleges en Engels is onderrig net as vak. In dié provinsie het slegs 5.8% van onderwysers wat Engels as vak doseer het Engels as moedertaal gehad en slegs 18.0% het Engels in die huis gehoor (Malherbe 1977: 117, 108).

Alle wit onderwysers in openbare skole in Transvaal moes volgens departementele eise 'n sertifikaat van tweetaligheid besit om die volle regte van 'n onderwyser te geniet (Coetzee 1952: 101). Uit 'n ondersoek van die Education Research Bureau in 1956 het dit nogtans geblyk dat in Transvaal die taalvermoë van onderwysers wat Engels doseer het, agteruit gegaan het. Dit kan, volgens Malherbe (1977: 118), toegeskryf word aan die feit dat die meeste van die onderwysers in eentalige skole geïsoleer was. Dit was veral die dosering van Engels wat hierdeur benadeel is. Uit elke honderd onderwysers wat Engels doseer, is bevind dat net 14.8% Engels as moedertaal het, terwyl onderwysers wat Afrikaans doseer, 70% Afrikaans as moedertaal gehad het (Malherbe 1977: 117). Vanaf die vyftigerjare sou tweetalige onderwysers met indienstreding 'n geldelike bonus toegeken word. Daar is reeds aangetoon dat die Uitvoerende Komitee van Transvaal tweetalige merietegevalle onder leerlinge geldelik aangespoor het om na standerd tien na 'n onderwyskollege te gaan (Coetzee 1952: 99; vgl ook Coetzee 1958: 318, 319; Malherbe 1977: 112; Pells 1954: 128).¹

In Natal weer het 49.6% Afrikaanssprekende onderwysers Afrikaans aan Engelssprekende leerlinge doseer. In hierdie provinsie was net 40% van onderwysers in die primêre skool in staat om vakke deur middel van beide mediums te onderrig (Malherbe 1977: 117). Die verpligte dubbelmedium-klausules wat uitgelaat is uit Ordonnansie nr 10 van 1950 was volgens Malherbe (1977: 108) verantwoordelik daarvoor dat die gebruik van die tweede taal (Afrikaans) as medium van onderrig gaandeweg in onderwyskolleges in Natal afgeneem het

1 Natal het reeds sedert die twintigerjare van dié metode gebruik gemaak (Malherbe 1977: 112, 108; vgl ook Pells 1954: 128).

in die vyftigerjare. Van 1951 af is verpligte parallelmediumklasse aan die Natalse Onderwyskollege ingestel terwyl suiwer Afrikaansmediumklasse twee jaar later in Durban se onderwyskollege ingestel is waarmee gehoop is om die tekort aan onderwysers van Afrikaans as tweede taal die hoof te bied (Coetzee 1958: 245, 246; vgl ook Malherbe 1977: 92, 96, 97). 'n Tweede onderwyskollege in Durban is in die laat vyftigerjare (1957) gestig met Afrikaans as medium van onderrig (Coetzee 1958: 242)

Onder die Unieregering het al meer Afrikaanssprekende onderwysers, veral vanaf die dertiger- tot die sestigerjare, stelselmatig die taak van die onderwys oorgeneem, 'n neiging wat in die jare daarna voortgeduur het. In 1963, twee jaar na Republiekwording, het Afrikaanssprekende onderwysers byvoorbeeld 74.1% van die onderwyserskorps uitgemaak. Op plattelandse skole was dit 91.4%, in dorpskole 86.1% en in stadskole 60,8%. Dit het die aanleer van die amptelike tale, en veral die agteruitgang van Engels, wesentlik beïnvloed (Malherbe 1977: 117-9).

6.6.2 Swart onderwysers

Daar is reeds aangedui (vgl 5.7.2) dat die Eiselen-kommissie onder andere aanbeveel het dat die staat alle verantwoordelikheid vir die opleiding van swart onderwysers oorneem. Volgens Wet nr 47 van 1953 sou dit ressorteer onder die Minister van Naturellesake, dr H F Verwoerd. Met die oornome van Bantoe-onderwys deur die staat, is alle opleidingsskole (kolleges), behalwe die inrigtings van die Rooms-Katolieke Kerk en die Sewendedag Adventiste, onder die sorg van die Departement van Bantoe-onderwys geplaas. Ander onderwyskolleges in "wit" gebiede is gesluit en heropen saam met nuwes onder hulle kontrole (Van Zyl 1972: 216; vgl ook Horrel 1964: 117).

Beide amptelike tale was verpligtend aan swart onderwyskolleges (Hartshorne 1986: 90), terwyl die helfte van die professionele vakke deur medium van Afrikaans en die ander helfte deur medium van Engels aangebied is. Ander vakke, byvoorbeeld metodiekvakke, is deur medium van die moedertaal gedoseer. Proeflesse wat deur leerlingonderwysers gegee is, moes in die betrokke Afrikataal waargeneem word ooreenkomstig die vereistes van die leerplanne vir die laer en hoër primêre skole. Waar hierdie beginsels weens gebrek aan taalbevoegde

personeel nie toegepas kan word nie, kan op aanbeveling van die Streekdirekteur toestemming van die Departement verkry word om daarvan af te wyk. Toestemming hiervoor word egter slegs toegestaan op voorwaarde dat die aanvaarde terminologie in die Afrikatale vir die bepaalde vak nietemin bestudeer word. Van wit personeellede aan swart opleidingskolleges is verwag dat hulle onderleg moes wees met die terminologielyste en sou poog om hulle gaandeweg te bekwaam vir die toepassing van onderrig deur die betrokke Afrikataal (Van der Mescht 1965: 253).

Die Bantoe Onderwyswet (nr 47 van 1953), wat gebaseer is op die aanbeveling van die Eiselen-kommissie, is streng toegepas. Die uitgangspunt van die Unieregering was dat dit nie net die swart moedertaal is wat ontwikkel moes word nie, maar dat Afrikaans tot sy reg moet kom en dat die invloed van Engels verminder moes word. Afrikaans as een van die amptelike tale sou voortaan sy regmatige plek in swart opleidingskolleges inneem, ook in die provinsies waar dit voorheen nie tot sy reg gekom het nie (Rose & Tunmer 1975: 262-4). Een van die eerste stappe wat geneem is, was die instelling van Afrikaans as 'n vak in die swart opleidingskolleges van Natal (waar dit voorheen nie die geval was nie) en instruksies dat dit verpligtend moet wees in die Kaapprovinsie (waar dit voorheen opsioneel was). Diensdoende onderwysers het opdrag gekry om binne vyf jaar Afrikaans onder die knie te kry, en spesiale onderwyskolleges is in Transkei gestig om intensiewe taalkursusse vir onderwysers aan te bied. Gaandeweg het die vernaamste onderwysinstellings wat voorheen aan die sendinggenootskappe behoort het en wat nie gesluit is tydens die oorgang na staatskontrole nie, volgens Hartshorne (1986: 90, 91) onder die beheer van wit Afrikaner Nasionalistiese beginsels en onderwysers gekom. Daardeur het Afrikaans spoedig die dominante taal in swart onderwys geword, veral op die vlak van bestuur, kontrole, administrasie en by die opleiding van onderwysers. Swart onderwysers wat gelykwaardige onderwys verlang het, het heftig gekant gebly teen die bevindinge van die Eiselen-kommissie en Wet nr 47 van 1953 (Rose & Tunmer 1975: 262-4).

Ordonnansie nr 20 van 1956 (artikel 137(1)) het bepaal dat sowel Afrikaans as Engels ingesluit word in die kursusse en eksamens vir algemene onderwysersertifikate vir bruin mense in die Kaapprovinsie.

Daar is in elk van die amptelike tale 'n eksamen in 'n hoër graad, 'n toets in die onderrig van 'n klas in enige van die vakke van die primêre skoolkursus en 'n eksamen in 'n laer graad. Elke onderwyskandidaat vir so 'n sertifikaat (artikel 137(2)) moet in albei amptelike tale slaag, en in minstens een van die genoemde tale in die hoër graad (Onderwysordonnansie 1956: 123). Teen 1958 het die opleiding van bruin onderwysers in die Kaapprovinsie geskied op sektariese onderwyskolleges wat 'n uitvloeisel was van sendingskole vir bruin mense. Engels en Afrikaans was verpligtend vir "Kleurlingonderwysertifikate". Transvaalse bruin onderwysers het (reeds sedert 1925) dieselfde eksamens, waarin beide amptelike tale vereis word en wat dieselfde kursus is wat deur die Onderwysdepartement van die Kaapprovinsie voorgeskryf is, gevolg (Coetzee 1958: 449, 445, 453; vgl ook Du Toit 1975: 144). In 1958 het die Professionele Eksamenkomitee die leerplanne in bruin onderwyskolleges hersien. Daar is besluit dat meer klem onder andere op kennis van die twee amptelike tale gelê moet word. Die nuwe leerplanne is vanaf 1959 verpligtend gemaak (Du Toit 1975: 145).

Slot

By die vasstelling van 'n taalbeleid in die algemeen, en in die skole in die besonder, mag die rol van nasionalisme nie uit die oog verloor word nie. Oor die rol van nasionalisme en ideologie by taalbeplanning laat die bekende Belgiese sosiolinguïst hom soos volg uit:

But nationalism itself often involves the ideological construction of 'language' as a central symbol of 'national identity'. Ethno-theories of language, sometimes forged or buried in language policies or strategies for using language in crucial public domains such as politics, education, the media, or the administration, can be discerned in the rhetoric of many nationalist movements (Blommaert 1997: 5).

'n Wydverspreide ideologie is die uitgangspunt dat 'n enkele identiteitsmerker bevorderlik is vir nasiebou, deur Blommaert & Verschuren (1998: 195) homogenisme genoem:

a view of society in which differences are seen as dangerous and centrifugal and in which the 'best' society is suggested to be one without intergroup differences.

Meermale is hierdie etniese teorieë van taal "homogeneties" van aard: hulle aanvaar dat die identiteit van groepe/mense sentreer in die feit dat hulle oor een taal beskik, een kultuur, een geskiedenis en dat hulle oor een stel gewoontes, waardes en tradisies beskik. 'n Ontleding van sulke etniese-teorieë kan die soms ingewikkelde interverhoudinge tussen die politieke behandeling van taalsake en die meer algemene politieke agendas verklaar, of dit nou verband hou met doeleindes vir nasiebou, demokratisering, of die meer prosaïese doelwitte van dominansie en kontrole (Blommaert 1997: 5).

Dat taalbeplanning in Suid-Afrika langs dieselfde lyne sou verloop, is te verwagte. Aanvanklik het Engelse imperialisme Engels bevoordeel en veral na die ABO het Afrikaner nasionalisme 'n belangrike rol in die vasstelling van 'n taalbeleid in die algemeen en in die besonder in die skole gespeel. Alhoewel die politieke dimensie van taalbeplanning waarskynlik 'n nuwe element in die diskoers van taalbeplanning is (Blommaert 1997: 5), kan dit nie in Suid-Afrika in die verlede (en ook huidig) buite rekening gelaat word nie. In die verlede het die tradisie van bestudering van taalbeplanning uitgegaan van die veronderstelling van politieke en ideologiese neutraliteit, deur rasionalisering en 'n oortuiging dat 'n objektiewe inventaris van taalkundige behoeftes, hulpbronne en moontlikhede die beste taalplan sal lewer. Die mislukking van rasioneel-ontwerpte taalplanne, die opbloeï van nasionalisme en identiteitspolitiek (wat gelei het tot 'n verhoogde sensitiwiteit vir "taalregte") en huidig die eksplisiete politieke taalagenda (van die ANC-regering) demonstreer hoe sekondêr suiwer wetenskaplike oorwegings as 'n bepalende faktor kan wees in die vasstelling van die mees geskikte sosiolinguistieke profiel vir 'n gemeenskap:

Language planning is, perhaps more than any other domain of present-day sociolinguistics, one field in which linguistics have to think and analyze politically (Blommaert 1997: 5, 6).

As gevolg van die klem in die twintigste eeu op universele mense-regte, het tale as 'n reg belangrik geword. Die probleem met hierdie paradigma is dat 'n reg slegs van waarde is as daar toeganklike en geredelike roetes is om dit af te dwing. Die reg van minderheids-groepe word verder deur die dominante groep as 'n duur en lastige probleem beskou. Derhalwe voel die dominante groepe dikwels dat dit nie in hulle belang is om aan die taalregte van die minder magtiges daadwerklike gestalte te gee nie. In die praktyk beteken dit dat slegs die magtige minderhede daarin slaag om hul taalregte te bekom en te beskerm (Crawhall 2000: 16):

Indien die houding is dat eentaligheid 'n gemeenskaplike identiteit skep en kan verenig, dan volg dit dat meertaligheid onderskeid skep en verdeel. Meertaligheid word derhalwe as 'n probleem beskou (Lubbe 2002: 10).

Die regteparadigma kan dan daartoe neig om die magtiges eerder as die weerloses te beskerm indien daar geen daadwerklike maatreëls is

om gelykheid af te dwing nie. Indien tale as 'n hulpbron gesien word, dan sal die regering waardering hê vir en verryk voel deur die bydraes wat die verskillende tale (en idees) tot nasionale ontwikkeling bied (Crawhall 2000: 16,17).

In 'n waardebepaling van die taalbesluite in wit skole vir die periode tot 1961, val enkele fases uiteen. Aanvanklik in die Hollandse tyd, vir anderhalwe eeu lank, was daar slegs Hollandse enkelmediumskole aan die Kaap, met Hollands as uitsluitlike voertaal. Die koms van die Engelse het 'n Engelse inhoud en taal aan die onderwys gegee waar Hollandse enkelmediumskole hoofsaaklik met Engelse enkelmediumskole vervang is. Daarmee het die reaksie gekom van Hollandssprekende kant en die stryd om herowering van verlore taalregte. Taal-as-probleem is gewoonlik as 'n twintigste-eeuse verskynsel na koloniale oorheersing beskou (Crawhall 2000: 16), maar in Suid-Afrika het taal reeds aan die begin van die negentiende eeu as 'n probleem gemanifesteer. Aanvanklik het die stryd gegaan om die erkenning en insluiting van Hollands as vak op die Engelse skole; gevolg deur die stryd om toelating van Hollands as voertaal by die primêre en die erkenning daarvan in die middelbare onderwys.

Dat die verskil in status van die betrokke tale neerslag gevind het in taalwetgewing kan gepeil word uit die anomalie wat in die Kaapkolonie ontwikkel het onder Engelse oorheersing, deurdat, alhoewel Engels die minderheidstaal in die Kaapkolonie was, dit nogtans die H-variëteit of hoër status in die diglossiatoestand beklee het. Hollands, die meerderheidstaal, is spoedig verdring as H-variëteit deur Engels en het behalwe in die kerk, die meeste van die H-funksies verloor. Alhoewel Hollands in verhouding met Engels die laer status of L-variëteit was, was dit in verhouding met Afrikaans, die spreektaal, die H-variëteit. Afrikaans het as die L-variëteit gefunksioneer. Diglossiaatagebruik behels naamlik die gebruik van twee tale langs mekaar in 'n hiërargiese posisie wat strek van hoë (H) waarde tot lae (L) waarde. Diglossia versterk sosiale onderskeidings. Die H-variëteit behels gewoonlik die meer formele, die taal wat gebruik word in die onderwys en wat geassosieer word met eeu-oue letterkundige prestasies van hoogstaande waarde, die taal van die regering, magselite, die staat of gemeenskap. Teenoor die H-variëteit staan die L-variëteit: Afrikaans. Die L-variëteit word eerste as moedertaal aangeleer, terwyl

die H-variëteit deur skoling aangeleer word. Die L-variëteit besit minder prestigewaarde, volgens Shiffman (1997: 207) “to be less worthy, corrupt, ‘broken’, vulgar, undignified”, gebesig deur die minder geleerde (Shiffman 1997: 205-207). Al het Hollands nie noodwendig in die Boererepublieke gedy nie, het dit funksies en status verkry (die H-variëteit van diglossia) wat dit nooit in die Britse kolonies verwerf het nie. Afrikaans sou die L-variëteit bly, selfs nadat Hollands naas Engels amptelike erkenning in die Unie Grondwet van 1909 verkry het. Afrikaans sou vir enkele jare die L-variëteit bly, sonder ’n noemenswaardige letterkunde (“the literary harvest was [...] meager” (Giliomee 2003: 399), aanvanklik sonder taalreëls en status, selfs nadat dit amptelike status verkry het (vgl Giliomee, 2003: 368). Met die vertaling van die Bybel in Afrikaans in die vroeë dertigerjare (Giliomee 2003: 429) en die ontwikkeling van ’n betekenisvolle letterkunde, asook erkenning op alle vlakke van die Suid-Afrikaanse samelewing, het Afrikaans die H-status bereik.

Vanaf 1910 (tot met die eerste demokraties verkose regering) is die onderrigbenadering wat vir sowel Afrikaans- as Engelssprekende leerlinge (bruin en Indiër leerlinge ingesluit) gevolg is, die van toegevoegde (*additive*) tweetaligheid. Die moedertaal het as basis gedien gedurende die leerling se skoolloopbaan terwyl die tweede taal so vroeg as moontlik as vak ingevoer is, en in sommige gevalle ook as tweede taal (*Informa* 2001). Na die Uniale onderwysverslag van 1911 en die provinsiale wetgewings van 1912, het gesamentlike parallel-medium- en dubbelmediumskole ontstaan en ontwikkel naas die bestaande enkelmedium Engelse skole. Van die drie stelsels in swang destyds (enkel-, parallel-, en dubbelmediumskole) het die stryd hoofsaaklik tussen eersgenoemde twee gegaan en is dubbelmediumonderwys, selfs van Engelse kant allerweë as die onwenslikste beskou.

Die maatreëls wat hierdie eerste Unieregering en dié daarna, ingestel het tot verpligte tweetaligheid en moedertaalonderwys, is konsekwent in die jare daarna van Engelssprekende kant af teengestaan. Tydens die laat twintigerjare en daarna het die erkenning van Afrikaans as amptelike taal die posisie van moedertaalonderrig van Afrikaanssprekende leerlinge (in vergelyking met die jare net na Uniewording toe die meerderheid van leerlinge hul skoling deur Engelsmedium ontvang het) grootliks verbeter. Tog het die Afrikaansspre-

kende kind nog nie dieselfde taalvoorregte as sy Engelssprekende medeleerling geniet nie, hoofsaaklik vanweë Afrikaanssprekende ouers se gebruik om eerder Engels as medium van onderrig vir hul kind te kies. Die Onderwyskonferensie van 1910 en die Onderwysverslag van 1911 het voorsiening gemaak vir die reg van die ouer om die voertaal van sy kind bo standaard vier (later standaard ses) te kies, sowel as vir die uitsluitlike onderwys deur een van die amptelike tale, dus ook vir aparte enkelmediumskole. Die ouer kon ook 'n keuse uitoefen oor die verskillende vakke wat deur die amptelike tale in elke standaard onderrig sou word. Die seggenskap van die ouer het dus 'n belangrike rol gespeel in die aantal skole van die verskillende taalgroepe, die hoeveelheid leerlinge in elkeen, die keuse van enkel-, dubbel- of parallelmediumskole en veral in die groei al dan nie van enkelmediumskole. Ouerseggenskap het ook 'n invloed uitgeoefen op die bepaling van die taalwetgewing en -beleid. Dit was dus ter sake van watter bevolkings- en taalgroep die ouer afkomstig is, die ideologiese denkraamwerk waarbinne hy funksioneer en deurdat 'n groot deel van die Afrikaanssprekende ouers meer beroepsmoontlikhede vir hul kinders in die Engelse hoofstroom voorsien het. Die probleem van diesulkes was dat hulle nie die waarde van moedertaalonderrig begryp het nie, nie 'n onderskeid kon tref tussen die voertaal en die taal as vak nie, en onverskillig gestaan het teenoor die taal en eerder die keuse aan die skoolhoof oorgelaat het. Dit was vir die Engelssprekende voordelig dat daar nie aan die reg van die ouerkeuse gepeuter is nie en vir die Afrikaanssprekende imperatief dat dié ouers gedwing word om hul kind na 'n Afrikaansmediumskool te stuur. Die ouerkeuse is dus deur albei taalgroepe aangewend om bepaalde (ideologiese) doelwitte te bereik en die opeenvolgende regerings wat aan bewind gekom het, moes deeglik hiermee rekening hou. 'n Groot persentasie Afrikaanssprekende leerlinge het byvoorbeeld in Natal, waar die keuse van die medium van onderrig in elke standaard berus het by ouers, hul onderrig deur medium van Engels ontvang. Aan die begin van die veertigerjare was daar slegs twee sekondêre skole in Natal met Afrikaans as voertaal.

'n Aantal onderwyskommissies sowel in Natal as in ander provinsies (byvoorbeeld die Cilliers-komitee van 1927 van die Kaapprovinsie) het die reg van die ouer om 'n keuse te doen, ondersoek. In Transvaal

byvoorbeeld, was die enigste funksie van die ouer (indien daar twyfel daaroor bestaan het) om oortuigend bewys te kon lewer wat die moedertaal van die kind is. Hier het die De Bruyn-hofsaak in 1933 ten gunste van die ouerverklaring beslis. Die Transvaalse Onderwysdepartement het daarop wetgewing uitgevaardig (Bekker-ordonnansie van 1934) wat die reg van die ouer beperk het. Dit het tot groot ontevredenheid onder Engelssprekende ouers gelei. Die Afrikaanssprekende enkelmediumskole het aansienlik as gevolg van die beperking (van die ouer om die voertaal te kies) nie net in Transvaal nie, maar ook in die ander provinsies gegroei (Coetzee 1958: 299). Dié gunstige Afrikaanssprekende posisie in die primêre skool (tot standerd vier) is egter nie in die sekondêre skool gehandhaaf nie. As 'n vergelyking getref word van die 1937-syfers in Transvaal, blyk dit dat Engelsmedium deurgaans meer as Afrikaansmedium onderwys in sekondêre skole verkies is. Twee maal soveel leerlinge het hul onderrig deur medium van Engels in standerd tien ontvang as deur medium van Afrikaans. Aangesien die Afrikaanssprekende groter as die Engelssprekende bevolking was, moet die gunstige posisie van Engels in die hoër klasse hoofsaaklik aan die keuse van die ouer, wat die voertaalreëlings ontduik het, toegeskryf word (Basson 1944: 81-3). Die skole sou natuurlik tot die enkelmediumskool ontwikkel het, as die kwessie nie gedurende die Tweede Wêreldoorlog in die partypolitieke arena beland het nie.

Volgens sommige opvoeders het Afrikaanssprekende leerlinge tot omstreeks 1920 skade gely omdat hul in twee vreemde mediums onderrig moes ontvang (swak eksamenuitslae in Hollands het dit bevestig). Met die invoer van Afrikaans het die toestand onmiddellik vir beide Afrikaans- en Engelssprekende leerlinge verbeter soos geblyk het uit inspektorsverslae in 1922 en daarna. Engels het hierna gaandeweg sy byna monopolistiese posisie na standerd vier in die skole begin verloor totdat dit later uitgewis is. 'n Toenemende Afrikaanse gees en rigting, veral na die NP-regering aan bewind gekom het in 1924, het sy invloed op die onderwys laat geld. Met die erkenning van Afrikaans (in plaas van Hollands) as amptelike taal volg die erkenning en toelating van Afrikaans as medium en as vak in skole en hoërvlakonderwys. Die regering het daadwerklike stappe tot praktiese uitbreiding en handhawing van moedertaalonderwys en Afrikaanse enkelmediumskole geneem. Die opkoms van die enkeltalige skool het tweetalige

onderwys ondermyn. Sowel Afrikaans as Engels is toe as hoofale in die onderwys gevestig ('n feit wat geldend was tot 1961, die tydperk wat ondersoek is).

In die dertigerjare is die bewering dat Afrikaanssprekende leerlinge al hoe meer eentalig, en Engelssprekende leerlinge al hoe meer tweetalig word, bevraagteken: eksamenuitslae het die teendeel bewys. Volgens Coetzee (1958: 178) was die Afrikaanssprekende leerlinge eerder geneig om meer tweetalig te word. Terwyl die bevolking al hoe meer tweetalig geword het (bv van 43% in 1918 tot 66% in 1935), het die kwaliteit en standaard van tweetaligheid in beroepe waar dit belangrik gegag is, volgens Malherbe (1977: 91) afgeneem.

Gedurende die Tweede Wêreldoorlog het die medium van onder- rig in wit skole egter in die partypolitiek beland en het opvoedkun- dige beginsels en lewensbeskoulike eienskappe dikwels agterweë ge- bly. Die verstedeliking van die Afrikaanssprekende na die oorlog het 'n merkbare invloed op die skoolvraagstuk uitgeoefen en het die stig- ting en uitbreiding van Afrikaansmediumskole verhaas met die ge- paardgaande verandering in die skoolstruktuur. Ten spyte daarvan dat die Afrikanerement die meerderheid van die wit bevolking uit- gemaak het, het dié bevolkingsgroep om verskillende redes, veral wat die taal betref, verontreg gevoel. As minderheid in 'n transnasionale wêreld van “English linguistic imperialism”— 'n term wat nog nie bestaan het nie, maar relevant genoeg was) (Phillipson 2002: 91) het hulle uit 'n taalsosiologiese standpunt gemeen, dat die skoolstelsel 'n klein taal kan bevorder deur die toepassing van twee beginsels, naamlik onderwys deur medium van die moedertaal en die invoering van en- kelmediumskole (Steyn 1980: 422). Toe verpligte moedertaalonder- wys en daarmee ook Afrikaansmediumskole drasties vermeerder het, het die Engelssprekende hulle beroep op die reeds beskrewe beginsel van die reg van die ouer om 'n keuse uit te oefen. Die agitatie teen die enkelmediumskole het die Afrikaanssprekende vertolk as 'n aan- tastig van sy volkswese. In die diepste wese was dit 'n stryd tussen twee nasionalismes. Die VP-siening van een nasieskap het gestalte gevind in die promovering van tweetalige skole. In hierdie verbete stryd was die skool 'n belangrike skakel en een van die vernaamste middele waardeur albei bevolkingsgroepe getrag het om hul ideale te verwesentlik.

Die nuwe NP-regering sou sy stempel na 1948 op die taalbeleid van sowel wit as swart onderwys afdruk. Die verskillende onderwysbenaderings wat vanaf 1953 by onderskeidelik wit en swart skole gevolg is, is volgens Du Plessis “aan die hart van die probleem waarmee Suid-Afrikaners vandag nog worstel” (*Informa* 2001). Die agtergrond van die Afrikaanse moedertaalskole (enkelmediumskole met die moedertaal as onderrigmedium) kan volgens die Afrikaanssprekende se houding opgesom word met ’n gedwonge noodsaak vanweë ’n bedreiging en diskriminasie jeens Afrikaans in die bestaande skole (Steyn 1980: 208). Die vermeende bedreiging jeens Afrikaans was ook omdat die Afrikaanssprekende, volgens Giliomee (2003: 420), “never experienced the luxury of ‘safety in numbers’”. Die beginsel van aparte Afrikaans- en Engelssprekende skole het NP-beleid geword (Behr 1978:26). Tweektaligheid is wenslik geag, maar is nie meer as die primêre doel van die onderwys beskou nie (Rose & Tunmer 1975: 187). Dat die nuwe regering na 1948 nie werklik ernstig was om tweektaligheid uit te bou nie, blyk uit die feit dat daar nie vir die uitslae van die taaleksperiment om dubbelmediumonderwys wat in die veertigerjare in die Kaapprovinsie ingestel is, gewag is nie. Dit is sonder meer afgelas (Malherbe 1977: 99).

Die taal wat volgens Crowthall (2000: 16) gewoonlik die politieke bestel oorheers, is dié taal wat bevoordeel word ten koste van die ander. As minderheidstaal is Afrikaans se taalregte te midde van “English linguistic imperialism” beter as enige ander taal beskerm. Die verpligte gebruik van die moedertaal as uitsluitlike medium tot en met standerd agt in al die provinsies behalwe Natal (waar die ouers steeds die reg gehad het om ’n keuse uit te oefen) is uitgebrei. Die neiging tot eentaligheid (veral wat Afrikaans betref) in die sekondêre skool en die verskuiwing van medium van gebruik op sekondêre skoolvlak na eentalige medium, kan gepeil word uit die volgende vergelyking van die persentasies vir 1932 met 1958 wat ook al vroeë aangehaal is (vgl 6.1 hierbo):

Truter/Taalbeleid in die onderwys

Jaar	Slegs Engels	Slegs Afrikaans	Engels en Afrikaans	Totaal
%	%	%	%	
1932	51.2	28.2	20.6	100
1958	34.8	62.4	2.8	100

(Malherbe 1977: 110).

Terwyl Engels in die verlede die dominante medium op sekondêre skoolvlak was, het Afrikaans nou die dominante medium geword, hoofsaaklik ten koste van die dubbelmedium. Sedert 1958 het die neiging voortgeduur. Die tweetaligheidsmedium het gaandeweg gedaal en is deur regeringsregulasies in 1970 feitlik uitgewis (Malherbe 1977: 110). Dertien jaar nadat die NP aan bewind gekom het, dit wil sê in 1967, het 'n ondersoek deur die Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing getoon dat uit die totale aantal standerd agt-leerlinge, 59% hul onderrig deur medium van Afrikaans ontvang het, 37% deur medium van Engels, en 4% deur beide taalmediums. Op standerd 6-vlak het slegs 2% onderrig deur beide taalmediums ontvang (Malherbe 1977: 110). Drie jaar later (1970-sensus) het minder as 1% moedertaalsprekers van beide Afrikaans en Engels hul onderrig deur beide mediums ontvang, 79% slegs deur Engels, en 20% slegs deur die medium van Afrikaans (Malherbe 1977: 111).

Die gevolg van dié eksklusiewe moedertaalbeleid was dat die tweede taal vir baie leerlinge die status verkry het van 'n vreemde taal, soos bevestig in jaarverslae van onderwysdepartemente en latere ondersoeke in die vyftigerjare. Terwyl die kwaliteit van veral Engels agteruit gegaan, veral op sekondêre skoolvlak (soos bewys is deur Public Service Entrance Examinations van 1953), het die van Afrikaans verbeter soos bevestig is deur die ondersoeke van die Education Research Bureau van die Transvaalse Onderwysdepartement. 'n Vergelyking van die uitslae van die gestandaardiseerde toetse in Engels en Afrikaans vir die jaar 1938, met dié van 1948 en 1956, het die neiging bevestig (Malherbe 1977: 114).

Teenstanders van 'n eksklusiewe moedertaalbeleid, het verwys na die oorsig volgens die 12-punt Hofmann-skaal wat deur die Bureau of Educational and Social Research in die vroeë veertigerjare gedoen is (vgl 5.1 hierbo), wat getoon het dat indien die huistaal- (moedertaal-) beginsel toegepas sou word in al die gevalle, dit logies sou wees

om kinders uit tweetalige huise van die begin af deur middel van beide mediums te laat onderrig. Volgens Malherbe (1977: 58, 60) het dit in elk geval getoon hoe onrealisties en kunsmatig die NP-regering te werk gegaan het om die twee taalgroepe te skei in Afrikaanssprekende en Engelssprekende kinders “on a hard-and-fast, all-or-none home-language basis”. In hierdie geval kon die keuse van die ouer die deurslaggewende rol gespeel het sonder negatiewe gevolge vir die leerling. Die tweetaligheidsgesindheid wat die basis gevorm het van die beleid van generaals Hertzog en Smuts tydens selfregering in die Oranjerivierkolonie en Transvaal, het nie weer, volgens hierdie siening geseëvier nie.

’n Groot oorsaak van die afname van tweetaligheid onder leerlinge, is dat onderwysers se tweetaligheidsvaardigheid in sowel die primêre as in die sekondêre skool verminder het, hoofsaaklik vanweë enkelmediumskole en enkelmediumonderwyskolleges. As gevolg van die Engelsgeoriënteerde onderwys in die Kaapkolonie waar die meeste van die onderwysers aanvanklik hul opleiding ontvang het, was die Engelse onderwysers in ’n oorheersende posisie na Uniewording. In 1916 was uit ’n totaal van 4 868 onderwysers net 65.4% bekwaam om tweetalige onderwys te gee. Daar is toe afgesien daarvan om Engelssprekende onderwysers vanuit die Britse Ryk in te voer, en tweetalige onderwysers is deur verskeie maatreëls bevoordeel terwyl hul tweetaligheidvereistes voortdurend verbeter is. Die vermeerdering van enkeltalige skole vanaf die laat twintigerjare het die tweetaligheidsvermoë van onderwysers en dus die kwaliteit van taalonderrig in die skole nadelig beïnvloed (Basson 1944: 63). In Natal was net 40% van primêre skool onderwysers in die veertigerjare en daarna in staat om tweetalige onderrig te kon gee. In die Kaapprovinsie is byvoorbeeld bevind dat die persentasie onderwysers wat tweetaligheidsbevoeg was om in die hoër graad onderrig te gee, afgeneem het van 24% in 1947 tot 16% in 1953 (Malherbe 1977: 107, 108). Dit was onder andere as gevolg van die feit dat die akademiese skoling van Afrikaans onderwysers hoër was as dié van Engels onderwysers. Daarbenewens het die getal onderwysers wat Afrikaans as moedertaal gehad het (en wat onder andere ook Engels as eerste taal moes onderrig), dramaties gestyg tussen die dertiger- en die sestigerjare. In 1963 byvoorbeeld, twee jaar na Republiekwording, het 86.1% van onderwysers in dorpskole, 60,8% in stadskole en

91.4% op plattelandse skole Afrikaans as moedertaal gehad (Malherbe 1977: 116).

In 'n waardebeepaling van swart onderwys in die periode tot 1961, wys Mathonsi (1988: 11), 'n swart opvoedkundige wat Senior Sertifikaat-uitslae van swart leerlinge ontleed het, daarop dat

[a]ny discussion of education in South Africa, particularly education available to the black section of the population, must be presented against the background of conditions and attitudes which are not immediately educational.

Die implikasie is dat omstandighede en gesindhede buite die opvoeding, byvoorbeeld die politiek, 'n impak gehad het op swart onderwys. Politiek was onlosmaaklik deel van swart onderwys in SA, veral vanaf die dertigerjare, en is deur verskillende rolspelers aangewend ten einde ideologiese punte aan te teken. Selfs besluite wat swart onderwys ter wille gestrek het (soos moedertaalonderwys) is onder verdenking geplaas. Dat die taalbelange van die meerderheid Suid-Afrikaners (lees swart mense) nie in berekening gebring is by die Nasionale Konvensie in 1909 nie, getuig van die volgende feit:

For the greater part of the period the interests and wishes of the users of African education (parents, teachers, pupils) were subordinated to the political purposes and ideologies of White groupings: the conflicts between these groupings were to spil over into African education and in particular found expression in the language policies laid down from time to time (Hartshorne 1986: 85).

Hierdie houding het groot implikasies vir swart onderwys ingehou. Vir die volgende 30 jaar was die rol van die twee amptelike tale in swart onderwys (Afrikaans eers vanaf die dertigerjare in die OVS en Transvaal) die oorheersende faktor. Reeds voor die aanvang van NP-regering in 1948 was daar teenstand teen Bantoe-onderwys. Tot 1936 toe swartes van die gemeenskaplike kieserslys van die Kaapprovinsie geskrap is, was die invloed van swart politieke bewegings, insluitende die ANC, relatief onbenullig. Tydens die veertigerjare het swart onderwys meer geradikaliseerd geraak met die stigting van onder andere die African Education Movement (Mathonsi 1988: 12). Dit was egter veral die kontroversiële Bantoe Onderwyswet (Wet nr 47) van 1953 wat nie alleen twee aparte (wit en swart) onderwyssteme, verskans het nie, maar ook die swart bewegings verenig het in

hul opposisie teen onderwyswetgewing wat namens hulle geneem is. Dit is ironies dat in die vroeë vyftigerjare, toe nie alleen Unesco die gebruik van die moedertaal sterk voorgestaan het nie (Steyn 1980: 422), maar toe die swart moedertaal as 'n medium van onderrig vir die eerste keer in die geskiedenis van swart onderwys deur dié Wet verskansing geniet het, die weerstand teen die gebruik van die swart moedertaal ernstig gestigmatiseerd geraak het. Dit was onder andere as gevolg van die assosiasie met Bantoe-onderwys. "Bantu Education", het 'n swart opvoedkundige beweer,

can be viewed historically as a subtle emerging ideological state apparatus willfully used to indoctrinate Africans from the cradle to the grave to accept and acquiesce to an inferior station (Mathonsi 1988: 11).

Die persepsie onder die swart geradikaliseerde intelligentsia en ander was dat swart onderwys deur wit mense gebruik is as 'n middel tot onmagtiging. Swart mense sou gevolglik nie geneig wees om die positiewe besluite, byvoorbeeld die gebruik van die swart moedertaal, sonder meer te aanvaar nie. Die klem op verskillende etnisiteite (Bantoe-kulture) deur moedertaalonderrig, is beskou as 'n verdeel-en-heersbeleid eerder as 'n eerlike poging om swart kulture uit te bou (Giliomee 2003: 510).

Verdere gebreke in Bantoe-onderwys tussen die jare 1910 en 1953 was dat die staat, hoewel dit Bantoe-onderwys gesubsidieer het, min beheer daarvoor gehad het. Die administrasie van Bantoe-onderwys was verdeel tussen die staat, provinsies, sendinggenootskappe en die gemeenskappe self. Die provinsies, elk met afsonderlike wetgewende magte, het afsonderlik opgetree sonder om mekaar onderling te raadpleeg. Die Minister van Naturellesake het destyds oor geen mag beskik waarvolgens hy 'n nasionale onderwysbeleid kon formuleer en toesien dat die sendinggenootskappe die fondse wat hulle van die provinsies ontvang het, oordeelkundig aanwend nie. Fondse wat voorsien is, was buitendien ontoereikend en dié feit het die kwantiteit en die kwaliteit van swart onderwys verder gestrem. In wese het die sendinggenootskappe steeds die swart onderwys beheer tot die Bantoe Onderwyswet van 1953, toe dit nasionaal op 'n vaste basis geplaas is (Van Zyl 1972: 69, vgl ook RGN 1981: 44; Malherbe 1977: 545).

Swart skole in SA het gedurende die Unieregering (en later) die minder suksesvolle beleid van afnemende (subtractive) tweetaligheidsbenadering gevolg. Met ander woorde, daar is wel begin met die onderrig van die swart moedertaal, maar moedertaalonderrig is mettertyd deur Engels as medium van onderrig vervang, terwyl die moedertaal nie meer gebruik word nie. Dit is verder ironies dat toe die NP-regering die meer suksesvolle beleid van toegevoegde (additive) tweetaligheidsbenadering in swart onderwys gevolg het na die implementering van Wet nr 47 van 1953 (dit is die moedertaal word as basis vir die leerling se skoolloopbaan gebruik en die tweede taal word so vroeg as moontlik, in ieder geval vanaf die tweede skooljaar, as vak ingevoer, en in sommige gevalle ook as tweede voertaal) dit min aanvaarding in swart geleedere geniet het. Gedurende hierdie periode was die gebruik van moedertaalonderrig solank as moontlik verpligtend; dit was die eerste keer in die geskiedenis van swart onderwys in Afrika dat die moedertaal formeel as onderrigmedium gebruik is (*Informa* 2001; vgl ook García 1997: 408).

Uit 'n ontleding van Senior Sertifikaat-uitslae van swart leerlinge het 'n verdere probleem in swart onderwys geblyk: die aanleer van drie tale in die swart skoolsisteem in die jare na die implementering van die 1953-Wet (Mathonsi 1988: 15):

The children who manage to get to school start late and drop out early. The children who battle through to secondary school are confronted with the task not only of learning three languages, but also learning in three languages (until 1976) (Mathonsi 1988: 17).

Slegs 3% van swart leerlinge het teen 1952 post-primêre onderwys ontvang en slegs 8 488 swart mense het oor 'n Senior Sertifikaat-kwalifikasie beskik — een-vyfde van die wit matriekleerlinge elke jaar. Tot so laat as 1947 was daar byvoorbeeld net vier sekondêre skole vir bruin leerlinge terwyl slegs 182 kandidate gekwalifiseer het vir die Senior Sertifikaat-eksamen (Giliomee, 2003: 507). In 1959 byvoorbeeld het net 75 of 11.9% swart leerlinge (6.8% met matriekvrystelling) uit 626 leerlinge wat die Senior Sertifikaat-eksamen geskryf het, geslaag — 'n totaal dus van 18.7% (vir 'n uiteensetting van die resultate, vgl Mathonsi 1988).

In SA was die ideologiese weerstand teen Afrikaans 'n verdere versterkende stimulus vir die voorkeur wat swart mense aan Engels ver-

leen het (Hartshorne 1986: 86). Opvoeding onder die swart mense deur medium van 'n moedertaal is nie as 'n instrument vir die behoud van identiteit, godsdiens en taal (soos by die Afrikaner) beskou nie, maar Engels is eerder beskou:

as providing a language of global pre-eminence, as a means of participating in the structure which had been imposed upon them and of obtaining familiarity and ideas, skills and techniques which were the source of wealth and power (Shingler 1974: 54).

'n Swart intellektueel wat Engels benader het uit 'n breë perspektief, het in 1936 gemeld dat 'n swart Suid-Afrikaner, ontstoke van politieke mag en met min ruimte vir sukses, een moontlikheid gelaat is om te presteer:

to demonstrate their equality by achieving equality on the European's own ground [...] That is why we strenuously oppose any sort of differentiated education and, in this case, anything that will handicap our children in their ability to speak and write English, the most important subject in their curriculum (Shingler 1974: 287).

Die sosiolinguïste A A en A M Mazrui (1998: 8) maak die volgende bewering:

If Black South Africans are like other Blacks on the continent, they are really defending racial dignity rather than linguistic parity or linguistic autonomy. Language becomes just another aspect of the defence of the race [...] The defence of the Black race requires a multi-faceted agenda, including language [...] But the focus for Blacks is racial dignity rather than linguistic aspirations.

Die Soweto-opstande van 1976 het nie alleen gelei tot die skraping van Afrikaans as onderwysmedium nie, maar ook die verpligte gebruik van die swart moedertaal as 'n medium in swart onderwys (Du Plessis 2001: 11, 13).

Die Bantoe Onderwyswet van 1953 het nie daarin geslaag om die opvoeding in Suid-Afrika te integreer nie. Inteendeel, dit het eerder daarin geslaag om twee heeltemal aparte opvoedkundige sisteme, een vir wit leerlinge en 'n aparte een vir swart leerlinge, daar te stel. Dit het volgens Behr (1978: 26) uiteindelik 'n digotomie tot gevolg gehad van twee aparte kulture wat apart gefunksioneer het van die kindertuin tot die universiteit. Dit was ook die geval in die taalbeleid want daar is die voorgemelde aparte sisteem in die taalbeleid vir wit en

swart mense voortgesit. Dit het aanleiding gegee tot twee tipes tweetaligheidsoopvoeding, dit is 'n tweestroom benadering tot tweetaligheid, wat die Suid-Afrikaanse sisteem tot vandag kenmerk (Du Plessis 2001: 10).

'n Vergelyking met wit onderwys toon dat dit eintlik net die wit skole (en tot 'n mate die bruin en Indiërskole) was wat tot tweetaligheid bygedra het gedurende die Unieregering en daarna. Die ironie was dat swart skole onmagtig was om leerlinge op te lewer wat taalvaardig genoeg in hulle moedertaal was om 'n betekenisvolle bydrae te kon lewer tot die opbou van die latere "tuislande" of "Bantustans". Die swart skole kon nie tweetalige (Afrikataal/Engels) leerlinge oplewer van dieselfde gehalte as die tweetalige (Afrikaans/Engels) leerlinge van die wit skole nie (Du Plessis 2001: 13).

Hierdie studie het taalwetgewing tot 1961, met Republiekwording, nagegaan. Na 1961 is met taalwetgewing voortgegaan en staan dit weer eens in die brandpunt.

Bibliografie

- AUCAMP A J
1926. *Bilingual education and nationalism with special reference to South Africa*. Pretoria: Van Schaik.
- BARNARD S S
1979. *Blanke onderwys in Transvaal: 'n histories-pedagogiese perspektief*. Durban: Butterworths.
- BASSON M A
1944. *Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- BEHR A L
1978. *New perspectives in South African education*. Durban: Butterworths.
1988. *Education in South African origins, issues and trends: 1652-1988*. Pretoria: Academica.
- BEHR A L (red)
1980. *Onderwyspraktyk in die lig van onderwysbeleid — 'n evaluering*. Referate gelewer by die Agtiende Kongres van die Suid-Afrikaanse Vereniging vir die Bevordering van die Opvoedkunde. Durban 15-17 Januarie 1980. [sn]: Departement van Nasionale Opvoeding.
- BEHR A L & R G MACMILLAN
1971. *Education in South Africa*. Pretoria: Van Schaik.
- BEYLEFELD M H
1986. 'n Histories-opvoedkundige ondersoek na die opvoeding van die Afrikanerkind binne kultuurverband in Natal. Ongepubl MED-verhandeling. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.
- BLOMMAERT J
1997. Introduction Language and politics, language politics and political linguistics. Blommaert & Bulcaen (eds) 1997: 1-8.
- BLOMMAERT J & C BULCAEN (eds)
1997. *Political linguistics*. Amsterdam: John Benjamins.
- BLOMMAERT J & J VERSCHUREN
1998. The role of language in European nationalist ideologies. Schieffelin *et al* (eds) 1998: 189-210.
- BOT A K
1936. *Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836-1936*. Pretoria: Staatsdrukker.
1951. *Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal 1836-1951*. Pretoria: Staatsdrukker.
- BOTES E
1941. *Die taalmediumvraagstuk*. Johannesburg: Voortrekkerpers.
- BOTHA L N
1945. *Die stryd om moedertaalonderwys in Natal*. Johannesburg: FAK.
- BROODRYK M
1994. Die provinsiale verkiesing van 1942: Die dubbelmedium-onderwysverkiesing. *Joernaal vir Eietydse Geskiedenis* 19(3): 129-51.
- CHICK K & M SENEQUE
1986. The role of the applied linguist in language planning: the medium of instruction problem in Kwazulu/Natal. Young (ed) 1986: 120-35.

CILLIERS D H

1953. *Die stryd van die Afrikaanssprekende in Kaapland om sy eie skool (1652-1939)*. Kaapstad: A A Balkema.

COETZEE J C

1941. *Onderwys in Transvaal 1838-1937*. Pretoria: Van Schaik.

1952. Die taalvraagstuk in die skool sinds 31 Mei 1910. *Hertzog-annale van die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns* 1(1) Oktober: 81-101.

1958. *Onderwys in Suid-Afrika 1652-1960*. Pretoria: Van Schaik.

COETZEE J C, P S DU TOIT,
M C E VAN SCHOOR, B R BOYS &
A L BEHR

1958. *Onderwys in Suid-Afrika*. Pretoria: Van Schaik.

COULMAS F (ed)

1997. *The handbook of sociolinguistics*. Oxford: Blackwell.

CRAWHALL N

2000. Taalbeleid in Suid-Afrika — die hede en verlede. *Taalregte vir gemarginaliseerde taalgemeenskappe in Suid-Afrika*. 'n Handleiding. Rondebosch: Suid-Afrikaanse San Instituut: 1-35.

DEGENAAR J J

2000. Kultuurimperialism: 'n bedreiging vir 'n pluraliteit van kulture en tale. *Zuid-Afrika* 77(7/8), Juli/Augustus: 93.

DEPARTMENT OF PUBLIC EDUCATION,
CAPE OF GOOD HOPE

1951. *Report on the experiment involving the second language as a medium of instruction*. Cape Town: State Printer.

DU PLESSIS L T

2001. Bilingual education in South Africa. Unpubl manuscript.

DU PLESSIS W S

1966. Die Christelik-Nasionale Onderwysgedagte met spesiale verwysing na Suid-Afrika. Ongepubl MEd-verhandeling. Stellenbosch: Universiteit van Stellenbosch.

DU PREEZ VAN WYK A H

1947. *Die invloed van die Engelse skoolwese op die Kaapse skoolwese, 1806-1915*. Pretoria: Van Schaik.

DU TOIT P S

1970. *Onderwys in Kaapland*. 'n Historiese oorsig 1652-1969. Pretoria: Van Schaik.

1979. *Onderwys in Kaapland 1652-1975*. 'n Historiese oorsig. Pretoria: Van Schaik.

FEBRUARY V (red)

1994. *Taal en identiteit: Afrikaans en Nederlands*. Kaapstad: Tafelberg.

FERREIRA D M

2002. Terminologiebestuur in Suid-Afrika met spesifieke verwysing na die posisie van histories ingekorte tale. Ongepubl DPhil-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Vrystaat.

FISHMAN J A (ed)

1972. *Advances in the sociology of language*, 2. The Hague: Mouton.

FOURIE A B

1980. A re-evaluation of the principle of mother tongue instruction in educational practice. Behr (red) 1980: 96-107.

GARCIA O

1997. Biligual education. Coulmas (ed) 1997: 405-20.

GILIOME E H

2003. *The Afrikaners*. Cape Town: Tafelberg.

HARTSHORNE K B

1986. Language policy in African education in South Africa 1910-1985, with special reference to the issue of medium of instruction. Young (ed) 1986: 82-106.

HAUPTFLEISCH T

1975. *Research into the position of the official languages in the educational system of whites in South Africa: A literature survey*. Pretoria: HSRC.

HELM C A G

1979. Die moedertaal as onderrig-medium in die onderwys van die swart volke van Afrika en die Republiek van Suid-Afrika. Ongepubl DEd-proefskrif. Bloemfontein: Universiteit van die Oranje-Vrystaat.

HEYNS A M

1984. Kultuur en onderwysstelsel met besondere verwysing na die onderwysvoorsiening in die Republiek van Suid-Afrika. Ongepubl DEd-proefskrif. Potchefstroom: PU vir CHO.

HORREL M

1963. *African education some origins, and development until 1953*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

1964. *A decade of Bantu education*. Johannesburg: South African Institute of Race Relations.

INFORMA

2001. 6(11) 7 Desember: 5.

KAPP P

2002. Skippers of skipbreukelinge? D F Malherbe se betekenis vir Afrikaanse kultuurontwikkeling in 'n vergelykende perspektief met twee tydgenootlike gebore Vrystaters. D F Malherbe-gedenklesing nr 21 *Acta Varia* 2002(1): 1-40.

KELMAN H C

1972. Language as an aid and barrier to involvement in the national system. Fishman (ed) 1972: 185-212.

LORAM C T

1917. *The education of the South African native*. London: Longmans Green.

LUBBE H J

2003. Ideologie en meertalige onderwysbeleid. *Tydskrif vir Christelike Wetenskap*: 115-36.

MALHERBE E G

1925. *Education in South Africa (1652-1922)*. Pretoria: Van Schaik.

1943. *Die tweetalige skool*. Johannesburg: Rostra Drukkers.

1977. *Education in South Africa*, 2. Cape Town: Juta.

MATHONSI E N

1988. *Black matriculation results: a mechanism of social control*. Braamfontein: Skotaville.

MAZRUI A A & A M MAZRUI

1998. *The power of Babel: language and governance in the African experience*. Oxford: James Currey.

MCKAY S L & S C WONG (eds)

1988. *Language diversity — problem or resource*. Cambridge: Newbury.

MCKERRON M E

1934. *A history of education in South Africa (1652-1932)*. Pretoria: Van Schaik.

MEYER P J

1945. *Moedertaal en tweetaligheid*. Stellenbosch: Pro Ecclesia Boekhandel.

MOLEWIJK G C

1992. *Spellingverandering van zin naar onzin (1200-beden)*. s'Gravenhage: SDU Uitgeverij.

NAUDE P S

1950. Indiërs en Indiër-onderwys in Natal en Transvaal. 'n Historiese kritiese studie: 1860-1940. Ongepubl DED-proefskrif. Potchefstroom: PU vir CHO.

NEL B F

1942. *Naturelle-opvoeding en -onderwys*. Deel 1. Bloemfontein: Nasionale Pers Beperk.

ORANJE-VRYSTAAT PROVINSIALE RAAD.

1954. *Die Ordonnansie op Onderwys 1954. Ordonnansie nr 16 van 1954*. [sn: waarskynlik Staatsdrukker].

PELLS E G

[sa 1954?]. *300 years of education in South Africa*. Cape Town: Juta.

PHILLIPSON R

2002. English in die new world order: variations on a theme of linguistic imperialism and 'world' English. Ricento (ed) 2002: 87-106.

PIENAAR J J

1962. 'n Vergelykende studie van die De Villiers- en Barry-onderwyskommissierapporte van 1879 en 1891 onderskeidelik oor die taalonderwys van Engels en Hollands in die Kaapkolonie. Ongepubl MEd-verhandeling. Potchefstroom: PU vir CHO.

PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP

1927. *Verslag van die Adviserende Komitee insake Onderwys 1927*. Kaapstad: Cape Times Drukkers.

PROVINSIE DIE KAAP DIE GOEIE HOOP PROVINSIALE RAAD

1956. *Onderwysordonnansie 1956*. Kaapstad: Staatsdrukker.

PROVINSIE ORANJE-VRYSTAAT

1951. *Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie 1951*. [sn: waarskynlik Staatsdrukker].

RAAD VIR GEESTESWETENSKAPLIKE NAVORSING (RGN)

1981. *RGN-ondersoek na die onderwys. Werkkomitee. Verslag van die Werkkomitee: Tale en taalonderrig*. Pretoria: Raad vir Geesteswetenskaplike Navorsing.

REPORT ON THE NATIVE EDUCATION
COMMISSION 1949-1951

(UG 53/1951). Pretoria: Govern-
ment Printers.

RICENTO T (ed)

2002. *Ideology, politics and lan-
guage policies. Focus on English*, 6.
Amsterdam: John Benjamins.

ROSE B & R TUNMER

1975. *Documents in South African
education*. Johannesburg: A D Donker.

RSA

1910. Buitengewone Staatskoerant
31 Mei 1910. Pretoria: Staatsdrukker.

1925. Buitengewone Staatskoerant,
nr 1477 van 27 Mei 1925. Pretoria:
Staatsdrukker.

RUÍZ R

1988. Orientations in language
planning. McKay & Wong (eds)
1988: 3-25.

RYKSTENTOONSTELLING

JOHANNESBURG

1936. *Onderwys in die Unie van
Suid-Afrika*. Pretoria: Staatsdrukker.

SCHIEFFELIN B B, K A WOOLARD &
P V KROSKRITY (eds)

1998. *Language ideologies — practice
and theory*. Oxford: Oxford Univer-
sity Press.

SCHIFFMAN H F

1997. Diglossia as a sociolinguistic
situation. Coulmas (ed) 1997: 204-
16.

SCHOLTZ G D

1979a. *Die ontwikkeling van die poli-
tieke denke van die Afrikaner. Deel VI
1910-1924*. Johannesburg: Perskor.

1979b. *Die ontwikkeling van die
politieke denke van die Afrikaner. Deel
VII 1924-1939*. Johannesburg:
Perskor.

1984. *Die ontwikkeling van die poli-
tieke denke van die Afrikaner. Deel
VIII 1939-1948*. Johannesburg:
Perskor.

SHINGLER J

1973. *Education and political order
in South Africa, 1902-1961*.
Michigan: Ann Arbor.

SKUTNABB-KANGAS T

1995. Introduction. *European
Studies on Multilingualism* 4: 7-20.

SNYMAN J J

1951. 'n Histories-kritiese studie
van die Smuts-onderwyswet van
1907. Ongepubl DED-proefskrif.
Potchefstroom: PU vir CHO.

STEENKAMP L S

1941. *Onderwys vir blankes in Natal
1824-1940*. Pretoria: Van Schaik.

STEYN J C

1980. *Tuiste in eie taal*. Kaapstad:
Tafelberg.

1991. Afrikanernasionalisme en
Engels — 'n kortstondige beleids-
afwyking en die agtergrond daar-
van. *Historia* 36(1): 73-87.

1993. Taalideologie en taalbeleid
in die Suid-Afrikaanse geskiedenis
— oorwegings in die ampstaalde-
bat? *Acta Academica Supplementum*
1993: 1. Bloemfontein: Universi-
teit van die Oranje-Vrystaat.

SUID-AFRIKA (UNIE)

1936. *Verslag van die interdepartementele kommissie insake Naturelle-
onderwys, 1935-1936.* (UG 29/1936).
Pretoria: Staatsdrukker [Welsh-
verslag].

VAN DER MERWE H J J M

1971. *Vroeë Afrikaanse woordelyste.*
Pretoria: Van Schaik.

VAN DER MESCHT A J B

1965. Bantoe-onderwys sedert die
Wet op Bantoe-onderwys, 1953.
Ongepubl MED-verhandeling.
Stellenbosch: Universiteit van
Stellenbosch.

VAN RENSBURG F A J

1975. *Trends in Bantu education in
the Republic of South Africa.* Pretoria:
Human Sciences Research Council.

VAN RHEEDEN H

1995. Het Petjo van Batavia.
Onstaan en struktuur van de taal
van de Indo's. Universiteit van
Amsterdam. *Publicaties van het
Insituut voor Algemene Taalwetenschap*
64.

VAN SCHALKWYK M J

1983. Die onderwys van die Bruin
Suid-Afrikaanse bevolkingsgroep
in politieke konteks. Ongepubl
DEd-proefskrif. Bloemfontein:
Universiteit van die Oranje-
Vrystaat.

VAN WYK G J, A E CLOETE,

A JORDAAN et al (reds)

2002. *Etimologie-woordeboek vir Afri-
kaans* (Eerste fase). Stellenbosch:
WAT Trust.

VAN ZYL A P

1972. Die geskiedenis, doelstel-
linge en organisasie van georgani-
seerde Bantoe-onderwys op skool-
vlak in Suid-Afrika sedert 1910.
Ongepubl MED-verhandeling.
Bloemfontein: Universiteit van die
Oranje-Vrystaat.

WELSH-VERSLAG

1936. Sien Suid-Afrika (Unie).

WILLEMSE H

1994. Ons het lang genoeg gekruip
net soes gedierte na die wit man.
Februari (red) 1994: 149-63.

YOUNG D (ed)

1986. *Language: planning and
medium in education.* Rondebosch:
The Language Education Unit and
SAALA.

ZIETSMAN P H

1992. *Die taal is gans die volk.
Woelinge en dryfvere in die stryd om
die Afrikaner se taal.* Pretoria:
Universiteit van Pretoria.

Summary

The development of language policy in the South African educational system, from 1652 to 1961, with special reference to the Union Government period

The notion that multilingualism could be a problem took root globally in the twentieth century after the demise of colonial domination. At the beginning of the nineteenth century, however, multilingualism was already viewed as problematic in South Africa. This monograph researches language policy in South African schools over a period of more than three centuries (from 1652 to 1961) focusing on the Union Government period (1910-1961).

After more than a century of single-medium education, Dutch schools in the Cape were largely replaced by schools with English as the sole language of instruction when the colony was annexed by the British. As time went by, Dutch enjoyed a status and function that was forbidden in the British colonies in the two Boer republics. Cataclysmic events such as the Anglo-Boer War (1899-1902) influenced the decisions of the law-makers at the National Convention in 1909 and the language legislation of the Union Government.

Under the Union Government language planning in the white and black school systems, which functioned separately, centred mainly on the status of Afrikaans and English. At first English imperialism benefited the English language, especially after the War, but the recognition of Afrikaans in the next decade contributed greatly to the establishment of a new language policy with particular application to the school system. Under the Union Government, the language that benefited most was usually the one dominating the political order, to the detriment of the other language. Afrikaans fought an uphill battle for equal recognition in the school system against "English linguistic imperialism".

After the Union Education Report of 1911 and the provincial legislation of 1912, combined parallel- and dual-medium schools developed side-by-side with English-medium schools. The implementation of language policy in schools developed along different lines in each of the four provinces. With the recognition of Afrikaans as an official language, the position of mother-tongue Afrikaans-speaking pupils improved. The parental option to choose their children's language of instruction was used by both Afrikaans- and English-speaking parents to score political (ideological) points in the ensuing years. Afrikaans was patronised and advanced by various National Party governments, which implemented two principles: mother-tongue education and single-medium schools. Afrikaans thus became the dominant medium of instruction at the secondary-school level. As a result, bilingualism among both teachers and pupils decreased.

For the greater part of the Union Government period, the interests and wishes of African (black) education were subordinated to the political purposes and ideologies of white groups. The conflicts between Afrikaans- and English-speakers were to spill over into African education and find expression particularly in the language policies of the various governments. Even before the National Party came to power in 1948, there was strong opposition to Bantu Education. The implementation of the Bantu Education Act (Act no 47 of 1953) not only entrenched the two separate education

systems (white and black), but also united the black movements against the government which was taking decisions on their behalf. The emphasis placed on different ethnicities (Bantu cultures) by means of the implementation of mother-tongue education was viewed as a divide-and-rule policy rather than as an honest attempt to promote the various black cultures. Ideological resistance to Afrikaans was a strong reason for the preference blacks gave to English. Black schools were unable to produce bilingual (African language/English) pupils of the same calibre as the bilingual (Afrikaans/English) pupils of white schools.